

**Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel - 'n
Kritiese ontleding en alternatiewe**

PJ GROENEWALD

Studentenommer: 10247696

Proefskrif voorgelê vir die graad *Philosophiae Doctor* in Politieke
Studies aan die Potchefstroomkampus van die
Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof A Duvenhage

April 2013

OPSOMMING

Die Republiek van Suid-Afrika het in 1994 'n nuwe grondwetlike bedeling betree. As deel van hierdie nuwe grondwetlike bedeling is 'n nuwe kiesstelsel, naamlik die geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel aanvaar. Hierdie kiesstelsel is aanvaar vir verkiesings op nasionale vlak van verteenwoordigers vir die Nasionale Vergadering en hou bepaalde voor- en nadele in. Sommige politieke wetenskaplikes, politieke partye en meningsvormers is van mening dat hierdie kiesstelsel meebring dat daar gebrekkige kontak is tussen die verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering (parlement) en die kiesers. Die kritici is ook van mening dat partyleiers te veel mag binne hierdie kiesstelsel verkry deurdat die partye die kandidate op kandidaatlyste aanwys. In verkiesings stem kiesers vir bepaalde politieke partye en het dus nie 'n keuse ten opsigte van wie hulle verteenwoordigers is nie. Die gevolg is dat Suid-Afrika aan die verteenwoordigende aspek van demokrasie voldoen, maar in gebreke bly wat betref verantwoording deur verteenwoordigers aan die kiesers. Die legitimititeit van die parlement word ook hierdeur aangetas.

Die doel van hierdie studie is om die Suid-Afrikaanse kiesstelsel te ontleed en die funksionering daarvan op nasionale vlak te ondersoek. In die ontleding word bepaal in watter mate die Suid-Afrikaanse kiesstelsel aan die kriteria voldoen wat gestel word vir 'n kiesstelsel om legitimititeit aan die parlement en 'n volhoubaar verteenwoordigende demokrasie en verantwoordbare regering op die langtermyn in Suid-Afrika te verseker. Hierdie ontleding en beoordeling is aangewend om te bepaal of die bestaande geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika is, en indien nie, 'n alternatiewe kiesstelsel vir Suid-Afrika te identifiseer en te ontleed. Die studie behels 'n literatuuroorsig-ontleding van kiesstelsels.

Uit die studie blyk dit dat moderne demokrasieë 'n wye verskeidenheid verskillende kiesstelsels toepas. Eenstemmigheid bestaan dat daar nie 'n enkele beste kiesstelsel is wat deur alle state toegepas kan word nie, omdat elke staat sy eiesoortige omstandighede het en 'n kiesstelsel se werking en uitkomst hierdeur geraak word. In

hierdie studie word twaalf verskillende kiesstelsels geïdentifiseer met bepaalde voor- en nadele. Kriteria is gestel waaraan kiesstelsels moet voldoen om demokrasie te bevorder en legitimiteit aan die parlement te verseker. Hierdie kriteria behels dat kiesstelsels breë verteenwoordiging, toeganklike en betekenisvolle verkiesings, versoening, stabiele en effektiewe regering, verantwoordbaarheid van die regering, verantwoording van verteenwoordigers, bevordering van politieke partye, opposisie en oorsig, volhoubaarheid van die verkiesingsproses en internasionale standaarde moet bevorder en verseker.

Genoemde kriteria is in prioriteitsvolgorde geplaas in volgorde van belangrikheid in die huidige Suid-Afrikaanse omstandighede. Hiervolgens is 'n evalueringsmodel opgestel wat gekwantifiseer is ten einde die voldoening van elke kiesstelsel aan die vereiste en prioriteitsvolgorde te verreken. In die bepaling van die prioriteitsvolgorde van die vereistes in die kriteria is die historiese omstandighede van Suid-Afrika van verdeeldheid, konflik, rassehaat, opstande en agterdog tussen rasse onderling verreken.

In die toepassing van die evalueringsmodel op die twaalf verskillende kiesstelsels is bevind dat die huidige geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel, die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika is, en ook behou moet word.

Ten opsigte van die kritiek teen die huidige kiesstelsel is die gevolgtrekking dat kiesstelsels nie die mate van verantwoording van verteenwoordigers kan verseker nie. Dit word verseker deur die interne reëls en dissipline van die verteenwoordigers se politieke partye. Kiesstelsels se bydrae tot verantwoording deur verteenwoordigers is om te verseker dat kiesers by 'n volgende verkiesing 'n keuse het tussen meer as een kandidaat of politieke party. Dit is ook nie kiesstelsels wat kandidate in 'n verkiesing aanwys nie, maar die onderskeie politieke partye. In enige aanwysing van kandidate sal die leierskap en partyburokrasie 'n bepaalde rol speel, ongeag die tipe kiesstelsel.

Sleutelterme: Suid-Afrikaanse kiesstelsel, kiesstelsels, demokrasie, verteenwoordigende demokrasie, liberalisme, meerderheidkiesstelsels, gemengde kiesstelsels, proporsioneel kiesstelsels, stemreg, verkiesings, verantwoording.

ABSTRACT

The South African national electoral system – a critical analysis and alternatives

The Republic of South Africa entered into a new constitutional dispensation in 1994. As part of this new constitutional dispensation, a new electoral system, i.e. the closed-list proportional representative electoral system, was adopted. This electoral system was accepted for elections on a national level of representatives for the National Assembly and has certain advantages and disadvantages. Some political scientists, political parties and opinion formers are of the opinion that this electoral system brings about poor contact between the representatives in the National Assembly (Parliament) and the voters. Critics are also of the opinion that party leaders obtain too much power within this electoral system, in that the parties appoint candidates to the candidate lists. In elections, voters vote for specific political parties and therefore do not have a choice with regard to who their representatives are. The result is that South Africa adheres to the representative aspect of democracy, but is lacking with regard to the accounting of representatives to voters. The legitimacy of Parliament is impaired by this defect.

The aim of this study is to provide a critical analysis and investigate alternative frameworks of the South African electoral system and its functioning on a national level. In the analysis it is determined to what extent the South African electoral system meets the criteria set for an electoral system to ensure the legitimacy of Parliament, a sustainable representative democracy and an accountable government in the long term in the country. This analysis and evaluation was used to determine whether the existing closed-list proportional representative electoral system is the most suitable electoral system for South Africa and, if not, to identify and analyse an alternative electoral system for South Africa. The analysis entails a literature overview analysis of electoral systems.

From the study it appears that modern democracies use a wide variety of different electoral systems. There is consensus that no single best electoral system exists which

could be used by all countries, since every country has its distinctive circumstances and an electoral system's functioning and outcomes are affected by it. In this study, twelve different electoral systems are identified with specific advantages and disadvantages. Criteria were set with which electoral systems had to comply in order to promote democracy and ensure the legitimacy of Parliament. These criteria require that electoral systems have to promote and ensure broad representation, accessible and meaningful elections, reconciliation, stable and effective government, accountability of government, accountability of representatives, promotion of political parties, opposition and oversight, sustainability of the electoral process, and international standards.

The listed criteria were placed in order of priority according to those which are the most important in the current South African circumstances. In accordance with this, an evaluation model was drawn up which was quantified in order to calculate the extent to which every electoral system met the requirements and priority order. In determining the order of priority of the requirements in the criteria, the historical circumstances of South Africa, of discord, conflict, racial hatred, riots and suspicion between races, were taken into account.

When applying the evaluation model to the twelve different electoral systems, it was found that the current closed-list proportional representative electoral system is the most suitable electoral system for South Africa and should be retained.

In terms of the criticism of the current electoral system, the conclusion drawn is that electoral systems cannot ensure the measure of accountability of representatives. It is ensured by the internal rules and discipline of the political parties they represent. The contribution of electoral systems to the accountability of representatives is to ensure that voters have a choice between more than one candidate, or more than one political party at a following election. Furthermore, electoral systems also do not appoint candidates in an election; the respective political parties appoint them. In any appointment of candidates, the leadership and party bureaucracy will play a specific role, regardless of the type of electoral system.

Key Terminology: South African electoral system, electoral systems, democracy, representative democracy, liberalism, majority electoral system, mixed electoral systems, proportional electoral systems, right to vote/suffrage, elections, accountability.

VOORWOORD

“Aan my Hemelse Vader kom toe al die eer en die lof.”

Graag gee ek ook erkenning aan die volgende persone vir die ondersteunende rol wat elkeen gespeel het om hierdie studie moontlik te maak:

- Aan my promotor, prof André Duvenhage, vir sy leiding, advies en ondersteuning.
- Aan my vrou, Hedwig, vir haar sorg, geduld en ondersteuning.
- Aan Thomas Schumann by die biblioteek van die Parlement, en Marieta Buys by die Ferdinand Postma Biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, wat geen moeite ontsien het om inligtingsbronne te verskaf nie.
- Aan elkeen wat belanggestel het in die vordering en op die een of ander wyse 'n bydrae ter ondersteuning gelewer het ter voltooiing van hierdie studie.

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN FIGURE.....	xv
LYS VAN TABELLE.....	xv
LYS VAN AFKORTINGS.....	xvii
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 ALGEMENE ORIËTERING EN MOTIVERING.....	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	4
1.3 DOELSTELLING.....	10
1.4 SENTRALE TEORETIESE STELLING.....	11
1.5 BYDRAE VAN DIE STUDIE.....	12
1.6 METODOLOGIE.....	12
1.6.1 Literatuurstudie.....	14
1.7 UITLEG EN HOOFSTUKINDELING.....	15
HOOFSTUK 2: VERTEENWOORDIGENDE DEMOKRASIE EN KIESSTELSELS: 'N KONSEPTUALISERING EN KONTEKSTUALISERING	17
2.1 INLEIDING	17
2.2 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN KLASSIEKE DEMOKRASIE	18
2.3 DIE LIBERALISME.....	22
2.3.1 Filosofiese vertrekpunte van die liberalisme	24
2.3.1.1 <i>Individualisme</i>	24
2.3.1.2 <i>Vryheid</i>	24
2.3.1.3 <i>Natuur teenoor Bonatuur</i>	25
2.3.1.4 <i>Rasionele denke en die bestaan van menslike rede</i>	26
2.3.1.5 <i>Gelykheid</i>	26
2.3.1.6 <i>Verdraagsaamheid</i>	27
2.3.1.7 <i>Instemming</i>	27
2.3.1.8 <i>Konstitusionalisme</i>	28
2.3.2 Politieke Liberalisme.....	29
2.3.3 Die Liberale Demokrasie	34

2.3.3.1	<i>Populêre Soewereiniteit</i>	35
2.3.3.2	<i>Politiese gelykheid</i>	35
2.3.3.3	<i>Populêre Verantwoording</i>	37
2.3.3.4	<i>Meerderheidsregering</i>	37
2.4	DIE ONTWIKKELING VAN DIE MODERNE DEMOKRASIE	39
2.5	'N TIPOLOGIE VAN DEMOKRASIEË	42
2.5.1	Direkte of Deelnemende Demokrasie.....	43
2.5.2	Indirekte of Verteenwoordigende Demokrasie	45
2.5.3	Eenparty-Demokrasie.....	46
2.6	DIE LIBERALE OF VERTEENWOORDIGENDE DEMOKRASIE	49
2.6.1	'n Konseptualisering van die Begrip Liberale of Verteenwoordigende Demokrasie	49
2.6.2	Kenmerke en Eienskappe van Verteenwoordigende Demokrasie	51
2.6.2.1	<i>Verantwoording deur die Regering</i>	51
2.6.2.2	<i>Politiese Mededinging</i>	51
2.6.2.3	<i>Afwisseling van regering</i>	52
2.6.2.4	<i>Verteenwoordigers moet onseker wees van herverkiesing</i>	52
2.6.2.5	<i>Populêre verteenwoordiging</i>	52
2.6.2.6	<i>Meerderheidsbesluite</i>	53
2.6.2.7	<i>Meningsverskil en burgerlike ongehoorsaamheid</i>	53
2.6.2.8	<i>Politiese gelykheid</i>	53
2.6.2.9	<i>Gereelde raadpleging</i>	54
2.6.2.10	<i>Vrye media</i>	54
2.7	VERKIESINGS EN KIESSTELSELS	56
2.7.1	Funksies van verkiesings	57
2.7.2	Kriteria vir Demokratiese Verkiesings.....	59
2.7.3	Kiesstelsels binne 'n Verteenwoordigende Demokrasie	64
2.8	SAMEVATTING	66
HOOFSTUK 3: KIESSTELSELS: TIPOLOGIE EN WERKING		69
3.1	INLEIDING	69
3.2	'N KONSEPTUALISERING VAN KIESSTELSELS	70
3.3	'N TIPOLOGIE VAN KIESSTELSELS	74
3.3.1	Bogdanor se indeling van kiesstelsels.....	74

3.3.2	Gallagher en Mitchell se indeling van kiesstelsels	77
3.3.3	Reynolds (Reilly en Ellis) se indeling van kiesstelsels.....	80
3.4	DIE WERKING EN GEVOLGE VAN VERSKILLENDE KIESSTELSELS	86
3.4.1	Meerderheidkiesstelsels	87
3.4.1.1	<i>Die wenner-vat-alles-kiesstelsel.....</i>	87
3.4.1.2	<i>Die blokstem-kiesstelsel.....</i>	92
3.4.1.3	<i>Die partyblokstem-kiesstelsel.....</i>	94
3.4.1.4	<i>Die alternatiewestem-kiesstelsel.....</i>	95
3.4.1.5	<i>Die tweerondte-kiesstelsel.....</i>	97
3.4.2	Proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels.....	99
3.4.2.1	<i>Voordele van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel.....</i>	104
3.4.2.2	<i>Nadele van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel.....</i>	106
3.4.2.3	<i>Die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel.....</i>	107
3.4.2.4	<i>Die enkeloordraagbare stem</i>	109
3.4.3	Gemengde kiesstelsels.....	112
3.4.3.1	<i>Gemengdelid- proporsionele kiesstelsel.....</i>	113
3.4.3.2	<i>Parallele kiesstelsels.....</i>	116
3.4.4	Ander kiesstelsels	117
3.4.4.1	<i>Die enkel nie-oordraagbarestem-kiesstelsel.....</i>	117
3.4.4.2	<i>Die beperktestem-kiesstelsel.....</i>	119
3.4.4.3	<i>Die Borda-telkiesstelsel.....</i>	119
3.5	SAMEVATTING	120
 HOOFSTUK 4: DIE IDEALE KIESSTELSEL – NORMATIEWE PERSPEKTIEWE ...		125
4.1	INLEIDING	125
4.2	DIE BELANGRIKHEID VAN KIESSTELSELS.....	126
4.2.1	Kiesstelsels en partystelsels	127
4.2.2	Kiesstelsels en konflikbestuur.....	128
4.2.3	Psigologiese aspekte van kiesstelsels	128
4.2.4	Kiesstelsels en bevolkingsamestellings	129
4.2.5	Kiesstelsels in 'n demokratiese raamwerk.....	130
4.3	DEMOKRATIESE KIESSTELSELS	131
4.3.1	Kriteria vir demokratiese kiesstelsels.....	132
4.3.1.1	<i>Laski se kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel</i>	132

4.3.1.2	<i>Pickles se kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel</i>	133
4.4	KRITERIA (NORME EN VEREISTES) VIR 'N GOEIE KIESSTELSEL	136
4.4.1	Breë verteenwoordiging as norm	138
4.4.2	Toeganklike en betekenisvolle verkiesings as norm	138
4.4.3	Aanmoediging tot versoening as norm	139
4.4.4	Stabiliteit en effektiewe regering as norm	140
4.4.5	Verantwoording van die regering as norm	141
4.4.6	Verantwoording van verteenwoordigers as norm	142
4.4.7	Die bevordering en aanmoediging van politieke partye tot deelname, as norm	145
4.4.8	Die bevordering en versterking van wetgewende opposisie en oorsig, as norm	146
4.4.9	'n Volhoubare verkiesingsproses, as norm	147
4.4.10	Internasionale standaarde en norme	148
4.5	DIE IDEALE KIESSTELSEL	148
4.6	SAMEVATTING	149
HOOFSTUK 5: DIE SUID-AFRIKAANSE KIESSTELSEL – 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF (1910–2012)		153
5.1	INLEIDING	153
5.2	DIE NASIONALE KONVENSIE EN UNIEGRONDWET VAN 1910	155
5.2.1	Die eerste verkiesing volgens die 1910-Grondwet.....	161
5.2.2	Verdere verkiesings onder die 1910-Grondwet tot voor 1948.....	163
5.2.3	Die 1948-verkiesing – segregasie en apartheid	166
5.2.4	Die Kleurlingvraagstuk en stemreg	172
5.3	REPUBLIEKWORDING EN DIE 1961-GRONDWET	174
5.4	DIE 1983-GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA	179
5.5	DIE 1993- TUSSENTYDSE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA	184
5.5.1	Advies oor 'n nuwe kiesstelsel vir Suid-Afrika.....	184
5.5.2	Voorkeure van Suid-Afrikaanse politieke partye	186
5.5.3	Die kiesstelsel ingevolge die 1993- Tussentydse Grondwet	190
5.6	DIE 1996-GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA	191
5.6.1	Beginsels en vereistes vir die kiesstelsel volgens die Grondwet (1996)	194
5.6.2	Die huidige kiesstelsel in Suid-Afrika.....	195

5.7	HERVORMING VAN DIE KIESSTELSEL	197
5.8	SAMEVATTING	199
HOOFSTUK 6: DIE SUID-AFRIKAANSE KIESSTELSEL – ‘N REKONSTRUKSIE EN TOEPASSING		203
6.1	INLEIDING	203
6.2	DIE SUID-AFRIKAANSE KIESSTELSEL	204
6.2.1	Grondwetlike bepalings en vereistes vir die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel	205
6.2.2	Die kiesstelsel vir die Nasionale Vergadering: beginsels en vereistes	207
6.2.3	Die kiesstelsel vir verkiesing van die Nasionale Vergadering	208
6.2.3.1	<i>Die kiesformule vir setels vir streeklyste</i>	209
6.2.3.2	<i>Kiesformule vir setels vir die nasionale lys</i>	210
6.2.3.3	<i>Verbeuring van setels deur partye</i>	211
6.2.3.4	<i>Partye se keuse van een of twee lys</i>	212
6.2.3.5	<i>Aanwysing van verteenwoordigers</i>	213
6.3	DIE INSTELLING EN FUNKSIES VAN DIE VERKIESINGSKOMMISSIE	214
6.4	TOEPASSING VAN DIE KIESSTELSEL OP DIE NASIONALE VERKIESINGS VAN 2004 EN 2009	216
6.4.1	Toepassing van die kiesstelsel op die nasionale verkiesing van 2004	217
6.4.2	Toepassing van die kiesstelsel op die nasionale verkiesing van 2009	226
6.5	SAMEVATTING	236
HOOFSTUK 7: DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE KIESSTELSEL – ‘N KRITIESE BESKOUIING, EVALUERING EN ALTERNATIEWE RAAMWERKE		238
7.1	INLEIDING	238
7.2	VERTEENWOORDIGENDE DEMOKRASIE VERKIESINGS EN DIE KIESSTELSEL IN SUID-AFRIKA – DEMOKRATIESE VEREISTES	240
7.2.1	Verteenwoordigende Demokrasie in Suid-Afrika – Demokratiese Vereistes	240
7.2.1.1	<i>Kriteria vir ‘n Verteenwoordigende Demokrasie in Suid-Afrika – Toepassing en Evaluering</i>	241
7.2.2	Verkiesings in Suid-Afrika – Kriteria vir Demokratiese Verkiesings	244
7.2.2.1	<i>Kriteria vir Demokratiese Verkiesings in Suid-Afrika – Toepassing en Evaluering</i>	244
7.2.3	Kiesstelsel in Suid-Afrika – Kriteria vir Demokratiese Kiesstelsels	248

7.2.3.1	<i>Tipologie van kiesstelsels – Suid-Afrika se kiesstelsel</i>	249
7.2.3.2	<i>Kriteria vir Demokratiese Kiesstelsels in Suid-Afrika – Toepassing en Evaluering</i>	250
7.2.3.3	<i>Kiesstelsel in Suid-Afrika: toepassing en evaluering van die kriteria vir 'n goeie kiesstelsel</i>	254
7.3	DIE SUID-AFRIKAANSE KIESSTELSEL – EVALUASIE EN ALTERNATIEWE	269
7.3.1	Prioritisering Ooreenkomstig Vereistes en Eiesoortige Omstandighede	270
7.3.2	Evaluering van verskillende kiesstelsels aan die prioriteitsvolgorde	278
7.3.2.1	<i>Meerderheidkiesstelsels – 'n Beoordeling</i>	279
7.3.2.2	<i>Proporsionele Kiesstelsels – 'n Beoordeling</i>	284
7.3.2.3	<i>Gemengde Kiesstelsels – 'n Beoordeling</i>	289
7.3.3	'n Kiesstelsel vir Suid-Afrika.....	292
7.4	SAMEVATTING	294
HOOFSTUK 8: SLOTHOOFSTUK		297
BYLAAG A: VERKIESINGSUITSLAE OP NASIONALE VLAK VAN 1910 TOT 2009 IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA		308
BYLAAG B : VERKIESINGSUITSLAE OP NASIONALE VLAK VAN 1960 TOT 1981 IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA		316
BYLAAG C : VERKIESINGSUITSLAE OP NASIONALE VLAK VAN 1984 TOT 1989 IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA		320
BYLAAG D : VERKIESINGSUITSLAE OP NASIONALE VLAK VAN 1994 TOT 2009 IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA		324
BYLAAG E : NATIONAL ASSEMBLY PARLIAMENTARY PROGAMME		327
BIBLIOGRAFIE		331

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Die samestelling van 'n parlementêre stelsel	6
Figuur 2: Die kategorieë kiesstelsels	9
Figuur 3: 'n Tipologie van demokrasie volgens die demokratiese element van "politieke deelname"	48
Figuur 4: Werking van 'n verteenwoordigende demokrasie	55
Figuur 5: Die werking van die kiesstelsel binne die raamwerk van die verteenwoordigende demokrasie	65
Figuur 6: Veranderlikes binne 'n kiesstelsel.....	73
Figuur 7: Indeling van kiesstelsels volgens Bogdanor	77
Figuur 8: Kategorieë- en spesifieke tipes kiesstelsels volgens Gallagher & Mitchell.....	79
Figuur 9: Die kategorieë volgens Reynolds, Reilly en Ellis	82
Figuur 10: Die kategorieë volgens Reynolds, Reilly en Ellis	122
Figuur 11: Die driekamer-parlement ingevolge die 1983-Grondwet.....	182
Figuur 12: Indiening van kandidaatlyste deur politieke partye vir die Nasionale Vergadering - keuse A of keuse B.....	209

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Regeringsvorme volgens Aristoteles.....	19
Tabel 2: Indeling en eienskappe van demokrasie volgens deelname	66
Tabel 3: Die breë families kiesstelsels volgens Reynolds, Reilly en Ellis	82
Tabel 4: Toedeling van setels volgens die Hare-metode	102
Tabel 5: Setel toedeling volgens die D'Hondt, Saint-Lagüe en aangepaste Saint Lagüe metodes	103
Tabel 6: State wat die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel gebruik	114
Tabel 7: Voor- en nadele van vyf kiesstelsels gebaseer op hulle interne werking	123
Tabel 8: Kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel volgens Laski en Pickles	135
Tabel 9: Kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel waardeur bepaalde kenmerke van verteenwoordigende demokrasie bevorder word.....	136
Tabel 10: Potensiële koste en administratiewe implikasies van twaalf kiesstelsels.....	147
Tabel 11: Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1910.....	162
Tabel 12: Partye en uitgebragte stemme in Suid Afrika - 1910.....	162
Tabel 13: Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels - 1948.....	170
Tabel 14: Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika - 1948.....	170
Tabel 15: Aantal kiesers wat in 2004 per streek gestem het	218
Tabel 16: Getal setels gereserveer vir elke streek vir die Nasionale Vergadering in 2004	218
Tabel 17: Stem-kwota per streek in 2004	219
Tabel 18: Kwotas per streek met 100% stempersentasie	220
Tabel 19: Setels uit streeklyste vir die Nasionale Vergadering vir die ANC	221
Tabel 20: Setels uit streeklyste vir die Nasionale Vergadering vir die DA	221
Tabel 21: Setels uit streeklyste vir die Nasionale Vergadering vir die IVP	221
Tabel 22: Tabel met toepassing van kwota	223

Tabel 23: Finale toekenning van setels vir partye vir die Nasionale Vergadering	224
Tabel 24: Aantal kiesers wat per streek gestem het	226
Tabel 25: Getal setels gereserveer vir elke streek vir die Nasionale Vergadering.....	227
Tabel 26: Stem-kwota per streek.....	228
Tabel 27: Seteltoedeling aan partye in die Vrystaat provinsie.....	228
Tabel 28: Finale toedeling van setels aan partye in al die provinsies (2009).....	230
Tabel 29: Toekenning van setels aan partye uit nasionale lyste vir die nasionale verskiesing van 2009.....	231
Tabel 30: Getal setels toegedeel aan die DA uit elke streek (2009).....	232
Tabel 31: Berekening van oorblywende setels aan streke vir aanwysing van verdere kandidate uit streeklyste.....	233
Tabel 32: Getal setels gereserveer vir elke streek vir die nasionale vergadering vir die verkiesings van 2004 en 2009	255
Tabel 33: Ouderdom en geslag van kandidate van politieke partye in die 2009- verkiesing.....	257
Tabel 34: Kwantifisering van potensiële koste en adminstratiewe ingewikkeldheid van die twaalf kiesstelsels	268
Tabel 35: Voorbeeld van Evalueringsmodel	279
Tabel 36: Beoordeling van die meerderheidkiesstelsels teenoor die prioriteitvolgorde vir Suid-Afrika.....	284
Tabel 37: Beoordeling van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels aan die prioriteitsvolgorde vir Suid-Afrika.....	289
Tabel 38: Beoordeling van die gemengde kiesstelsels aan die prioriteitsvolgorde vir Suid-Afrika.....	291
Tabel 39: Evalueringstabel om die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal	293

LYS VAN AFKORTINGS

ACDP	African Christian Democratic Party
ANC	African National Congress
APC	African People's Convention
AZAPO	Azanian People's Organisation
COPE	Congress of the People
DP	Demokratiese Party
ETT	Electoral Task Team
GLP	Gemengde-lid proporsionele kiesstelsel
HNP	Herstigte Nasionale Party
IDASA	Institute for a Democratic Alternative in South Africa
IPU	Inter-Parliamentary Union
IVP	Inkatha Vryheidsparty
LP	Lid van die Parlement
LV	Lid van die Volksraad
MF	Minority Front
NP	Nasionale Party
NRP	Nuwe Republiek Party
PAC	Pan-Africanist Congress
PQ	Parti Québécois
SAOG	Suidelike Afrika Ontwikkelingsgemeenskap
UCDP	United Christian Democratic Party
UDM	United Democratic Movement
v.C.	voor Christus
VF	Vryheidsfront
VF Plus	Vryheidsfront Plus
VK	Verkiesingskommissie
VN	Verenigde Nasies
VNR	Verteenwoordigende Naturelleraad
VSA	Verenigde State van Amerika

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1. ALGEMENE ORIËTERING EN MOTIVERING

Histories het daar verskeie kiesstelsels binne die groter raamwerk van demokratiese stelsels ontwikkel om eiesoortige behoeftes en omstandighede van state te akkommodeer. Die teorie en praktyk van kiesstelsels weerspieël daarom 'n diversiteit en geen konsensus bestaan onder akademici en politici oor wat die ideale kiesstelsel is nie. In Suid-Afrika het die debat in politieke en akademiese kringe onlangs weereens momentum gekry deur die bestaande kiesstelsel te kritiseer en was daar selfs versoeke vir 'n alternatiewe kiesstelsel.

Die regerende African National Congress- (ANC) party het by hulle 52ste Nasionale Kongres in Desember 2007 te Polokwane 'n resoluëie aanvaar wat daarop gemik is om die bestaande geslotelys- proporsionele kiesstelsel in Suid-Afrika te behou en te versterk en die skakel tussen kiesers en die openbare verteenwoordigers sterker uit te bou (ANC, 2007). Dr Van Zyl Slabbert, voorsitter van die kiesstelseltaakspan, beter bekend as die Electoral Task Team (ETT), wat die kiesstelsel in Suid-Afrika in 2002 moes ondersoek, is van mening dat 'n geslotelys- proporsionele kiesstelsel voldoen aan die vereistes van regverdigheid en inklusiwiteit, maar dat dit ver tekort skiet ten opsigte van verantwoording omdat daar nie kiesafdelings is waar kandidate hulle beskikbaar stel nie. Kiesers het dus nie 'n verteenwoordiger by wie hulle hul politieke griewe kan lug nie. Daar is nie kontak tussen die verteenwoordigers en die kiesers nie, en derhalwe ook nie verantwoording aan en aanspreeklikheid teenoor die kiesers nie (Slabbert, 2008:8). Slabbert (2006:42) is met bogenoemde as vertrekpunt ten gunste van 'n gemengde of semiproporsionele kiesstelsel, wat deels proporsioneel en deels uit kiesafdelings bestaan om groter verantwoording aan en aanspreeklikheid by parlamentslede (LP's) teenoor kiesers te verseker.

Harold Pakendorf (2008:4), 'n politieke ontleder, se standpunt is dat die huidige proporsionele kiesstelsel die voordeel inhou dat dit regverdige uitslae tot gevolg het volgens die persentasie stemme wat in 'n verkiesing verkry is en aan verskeie

Hoofstuk 1: Inleiding

belangegroep geleentheid gee om deel van die politieke stelsel te wees. Die vorige kiesafdelingstelsel het die voordeel ingehou dat die kieser geweet het wie sy/haar LP is, maar die nadeel daarvan was dat uitslae telkens disproportioneel was. 'n Voorbeeld is die Nasionale Party (NP) wat in 1948 aan bewind gekom het met die meerderheid lede in die Volksraad (LV's), maar 'n minderheid stemme van die kiesers. Eers tien jaar later het die regerende NP ook die meerderheid kiesers se steun gekry. Volgens Pakendorf moet die kiesafdelingstelsel voorkom word, maar die huidige proporsionele stelsel verbeter word om skakeling tussen verteenwoordigers (LP's) en kiesers te bevorder. 'n Wegbreekgroep van die ANC, die Congress of the People (COPE), onder leiding van Mosiuoa Lekota, se standpunt is dat die kiesstelsel weer op 'n kiesafdeling-grondslag moet werk ten einde partyleiers se mag te verminder. By die Nasionale Konvensie van die party in November 2008 in Sandton is die doelwit gestel dat die bestaande proporsionele kiesstelsel hervorm moet word tot 'n kiesafdelingstelsel. Die akademikus en aktivis, dr. Mamphela Ramphele het 'n politieke platform, Agang, gestig met die doel om aan die nasionale verkiesing van 2014 deel te neem. Sy het verklaar dat die hervorming van die kiesstelsel 'n eerste prioriteit sal wees (Claasen, 2013). Die DA (Demokratiese Alliansie) het in Maart 2013 'n privaatlid wetsontwerp by die Nasionale Vergadering ingedien om die bestaande kiesstelsels te wysig (DA, 2013). Daar is dus meningsverskille of die bestaande proporsionele kiesstelsel die ideale kiesstelsel vir Suid-Afrika is en of veranderinge daaraan nodig is.

Soos afgelei uit bogenoemde perspektiewe blyk dit dat verskillende kiesstelsels oor verskillende voor- en nadele beskik. 'n Nadeel van die kiesafdelingkiesstelsel is dat partyverteenvoording in 'n wetgewende liggaam (bv. parlement) nie altyd die werklike voorkeure van die meerderheid kiesers van die bevolking weerspieël nie. 'n LP of party kan verkies word deur 'n minderheid van die totale aantal uitgebragte stemme in 'n kiesafdeling en is 'n vorm van disproportionaliteit. Op 30 November 1998 het die Parti Québécois (PQ) byvoorbeeld die verkiesing in Quebec gewen met 60,5% van die setels in die Quebec Nasionale Vergadering, maar het slegs 42,7% van die stemme gekry. Die opposisieparty, die Liberale Party, het meer stemme as die PQ gekry, naamlik 43,7%, maar hulle het slegs 38,7% van die setels gekry (Knight, 1999:3). Gewoonlik kan net

Hoofstuk 1: Inleiding

een kandidaat in 'n kiesafdeling wen, wat beteken die stemme vir die verslane kandidate is gemors en tel nie. Regerende politieke partye kan ook maklik knoei met die afbakening van die grense van kiesafdelings om hulleself te bevoordeel. 'n Voordeel van die kiesafdelingstelsel is egter dat die tradisionele skakel tussen die LP en die kiesers behoue bly, want die verteenwoordiger voel afhanklik van die kiesers om herkies te word (Devenish, 1998:112-114).

Die proporsionele kiesstelsel het op sy beurt die voordeel dat partyverteenvoordinging ooreenstem met die persentasie van die stemme wat elke party behaal het. Sou 'n party 10% van die stemme kry, kry die betrokke party 10% van die setels in die parlement. 'n Stem van 'n kieser word sodoende nie gemors nie en elke stem tel, wat 'n meer akkurate weerspieëling van die wil van die kiesers in die parlement is en nie minderheidsgroepe uitsluit nie (Reding, 1995:18). 'n Nadeel van die lys proporsionele kiesstelsel is dat die kandidatelys saamgestel word deur die party en nie die kiesers nie. Omdat die lys deur die party saamgestel word, voel LP's dat hulle meer afhanklik van en verantwoordbaar aan die party is as aan die kiesers om herkies te word (Matlosa, 2002:53).

Suid-Afrika het met uniewording in 1910 die Britse kiesafdeling, oftewel "wenner-vat-alles"-kiesstelsel aanvaar (Faure & Venter, 2002:131). Hierdie kiesstelsel is behou totdat Suid-Afrika in 1994 'n politieke transisie ondergaan het met onder andere die verandering na 'n lysproporsionele kiesstelsel (EISA, 2007). In die onderhandelinge tussen die NP en die ANC was die kiesstelsel wat ingestel moes word een van die meganismes wat moes geld om te verseker dat Suid-Afrika op die langtermyn 'n volhoubare demokrasie sou hê. Die ANC het die kiesafdeling-kiesstelsel verwerp weens die potensiële probleme van knoeiery met die afbakening van kiesafdelings (Pottie, 2001:29-30). Die ANC se siening was dat die proporsionele kiesstelsel 'n akkurater weerspieëling van die gewildheid van politieke partye sou weergee en dat dit die tyd, koste en beskuldigings van bevoordeling in die proses van afbakening van kiesafdelings sou uitskakel. Die ANC erken egter dat wanneer 'n proporsionele kiesstelsel slegs op 'n nasionale partylys gebaseer is, partyburokrasie bevoordeel word en dat te veel mag in

die hande van die partyleiers geplaas word, met min direkte aanspreeklikheid van die LP's teenoor die kiesers. Om hierdie tekortkominge te oorbrug was die ANC ten gunste van 'n nasionale lys in kombinasie met 'n streekslys, wat behels het dat 200 uit die 400 lede van die Nasionale Vergadering genomineer word uit 'n nasionale lys en die ander 200 lede uit 'n streekslys. Die streekslys van die ANC word saamgestel deur die partystrukture in die bepaalde streek en verkies op grond van proporsionaliteit (ANC, 1991).

Binne die groter raamwerk van demokratiese stelsels het ook Suid-Afrika sy eiesoortige behoeftes en omstandighede wat in 'n kiesstelsel geakkommodeer moet word. Die proporsionele kiesstelsel is voorgestaan as gevolg van die inklusiewe en meer verteenwoordigende aard daarvan omdat dit meer gepas was vir Suid-Afrika, wat deur ras en etnisiteit verdeel was (James & Hadland, 2002:20). 'n Nadeel van die bestaande proporsionele kiesstelsel is dat dit minder verantwoording daarstel omdat verteenwoordigers minder verantwoordbaar aan en aanspreeklik teenoor kiesers is. Die vraag is egter of 'n verandering of 'n ander kiesstelsel beter aan Suid-Afrika se eiesoortige behoeftes en omstandighede kan voldoen wat tot voordeel van Suid-Afrika sal strek?

1.2. PROBLEEMSTELLING

Daar word in die literatuur tussen verskeie vorme van demokrasie onderskei, o.a. direkte of deelnemende demokrasie, pluralistiese demokrasie en verteenwoordigende demokrasie. Direkte of deelnemende demokrasie behels 'n stelsel van besluitneming oor openbare sake waarin die burgers direk betrokke is. Pluralistiese demokrasie behels 'n regering waarin werklike mag besit word deur 'n verskeidenheid groepe en instellings wat, deur ooreenkoms, van tyd tot tyd verenig om die belange van die burgers wat hulle verteenwoordig, te bevorder. 'n Nadeel van hierdie stelsel is dat die groepe en instellings dikwels nie verenig nie wat die stelsel verhoed om nuwe uitdagings te hanteer (Shafritz *et al.*, 1993:208). Verteenwoordigende demokrasie is 'n stelsel van regering waarin gekose lede onderneem om die belange en sieninge van die

Hoofstuk 1: Inleiding


burgers binne die raamwerk van 'n regstaat ("rule of law") te verteenwoordig. Verteenwoordigende demokrasie beteken dat besluite wat 'n gemeenskap raak, nie deur die gemeenskap as 'n geheel geneem word nie, maar deur 'n groep burgers wat deur die gemeenskap verkies is vir hierdie spesifieke doel. In die nasionale politiek neem verteenwoordigende demokrasie die vorm aan van verkiesings tot parlemente, kongresse of soortgelyke wetgewende liggame (OCPW, 1993:220). 'n Verteenwoordigende demokrasie is 'n regering waar die burgers regeer deur gekose verteenwoordigers wat periodiek herkies word om hulle aanspreeklik teenoor die burgers te hou. Suid-Afrika kan in hierdie opsig as 'n verteenwoordigende demokrasie geklassifiseer word (DTCWP, 1993:208).

Hoewel demokrasieë as regeringstelsel aan verskeie noodsaaklike vereistes moet voldoen, byvoorbeeld grondwetlike regering, burgervryhede, die skeiding van staatsmagte, beperkte regering, verteenwoordigende regering en verantwoordbare regering, val die klem wat hierdie tema betref veral op laasgenoemde twee sake. Dit gaan daaroor om beide verteenwoordigende en verantwoordbare regering binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel te optimaliseer. Die probleem kan so voorgestel word: Eerstens moet daar algemene stemreg wees en politieke partye moet vry en regverdig in korrupsievrye verkiesings kan organiseer. Verkiesings moet ook met gereelde intervalle plaasvind. Tweedens moet dit voorsiening maak vir metodes om te verseker dat die gekose verteenwoordigers inderdaad doen wat die kiesers van hulle verwag om te doen, en indien nie, dat die verteenwoordigers vervang kan word, selfs tussen verkiesings. Hierdeur verkry burgers verteenwoordiging in die regering (Pickles, 1970:13).

'n Regeringstelsel dui op die aard en verhouding van die uitvoerende, wetgewende en regterlike gesag in 'n politieke stelsel (Bekker, 1994:135-139). Regeringstelsels kan ingedeel word in 'n presidensiële, parlementêre of gemengde regeringstelsel (UNDP, 2003:1). Die kernverskil en die aard van die drie regeringstelsels is geleë in die skeiding van magte (Kotzé & Van Wyk, 1986:154).

'n Parlementêre regeringstelsel, soos in Suid-Afrika, is 'n stelsel van regering waarin die uitvoerende gesag (die kabinet) verantwoordelik is aan die parlement, wat deur 'n verkiesing saamgestel word (Robertson, 1985:249). Die lede van die kabinet bly lede van die wetgewende gesag, maar is as kabinet aan die wetgewende gesag verantwoordelik (Bekker, 1994:93) (sien Figuur 1).

Figuur 1: Die samestelling van 'n parlementêre stelsel



Bron: Bekker, 1994:93

In 'n verteenwoordigende demokrasie word politieke deelname deur die kiesers verseker deur verkiesings te hou om die wetgewende liggaam saam te stel (Bekker, 1994:135-139). Enige verteenwoordigende demokrasie moet 'n kiesstelsel hê om sy verteenwoordigers vir die wetgewende liggaam aan te wys. 'n Kiesstelsel is die meganisme binne 'n regeringstelsel wat toegepas word om die aantal stemme wat in 'n verkiesing uitgebring is volgens 'n bepaalde formule in setels¹ om te skakel. Politieke verteenwoordigers wat in die verkiesing gewen het, is geregtig op 'n setel en verkry sitting in 'n wetgewende liggaam (Beetham, 2006:13). In die omskakeling van die aantal stemme wat in 'n verkiesing na die aantal setels in die wetgewende liggaam uitgebring

¹ 'n Setel is die benaming wat gebruik word om aan te dui dat 'n politieke verteenwoordiger 'n sitplek in 'n wetgewende liggaam het.

Hoofstuk 1: Inleiding

is, bepaal die tipe kiesstelsel effektief wie word verkies en watter party die politieke mag verkry. Die tipe kiesstelsel en die gevolge lewer 'n groot bydrae tot ander strukture binne en buite die parlementêre regeringstelsel en maak deel uit van die breër demokratiese raamwerk binne 'n verteenwoordigende demokrasie. Sommige kiesstelsels bevorder en dwing selfs die vorming van politieke partye af, terwyl ander slegs individuele kandidate erken. Verskillende kiesstelsels kan spanning en konflik in die samelewing vererger of verminder. Die keuse van 'n kiesstelsel is dus een van die belangrikste institusionele besluite vir die funksionering van verteenwoordigende demokrasie (Newman & Bennett, 2006:7-9).

Politieke wetenskaplikes is dit met mekaar eens dat daar nie noodwendig 'n "beste" kiesstelsel bestaan nie en dat alle kiesstelsels beide sterk en swak punte het (APH, 2006). 'n Goeie kiesstelsel wat legitimiteit aan 'n parlement wil verleen om aan demokratiese vereistes te voldoen behoort egter aan sekere minimum vereistes te beantwoord. Volgens Reynolds en Reilly (2005:9-14) behoort 'n goeie kiesstelsel minstens aan die volgende minimum vereistes (kriteria) te voldoen. Dit moet:

- voorsiening maak vir breë verteenwoordiging (die gemeenskapsdiversiteit van die bevolking moet weerspieël word met betrekking tot geslag, taal, geloof en etnisiteit);
- toeganklik wees om betekenisvolle verkiesings te verseker (eenvoud en kiesergeletterdheid moet in ag geneem word);
- voorsiening maak vir die voordele van versoening (inklusief, minderhede insluit);
- bydra tot die fasilitering van 'n stabiele en effektiewe regering (gee groter legitimiteit);
- verantwoording van die regering verseker;
- verantwoording van individuele verteenwoordigers verseker;
- die bevordering van politieke partye aanmoedig (veelpartye);
- die bevordering van wetgewende opposisie en oorsig versterk;
- die volhoubaarheid van die verkiesingsproses in ag neem (bv. koste); en
- internasionale standaarde in ag neem.

Om die geskikste kiesstelsel vir 'n staat te kies moet bogenoemde vereistes in prioriteitvolgorde geplaas word van die belangrikste tot die mins belangrike. Die prioriteitvolgorde sal bepaal wat bereik wil word, wat voorkom wil word, en in die breë, hoe 'n mens wil hê die wetgewende en uitvoerende gesag daar moet uitsien. Daarna moet geoordeel word watter kiesstelsel of kombinasie van kiesstelsels maksimaal aan die vereistes kan voldoen. Die probleem is om 'n kiesstelsel te ontwikkel wat aan die eiesoortige behoeftes van en omstandighede in Suid-Afrika voldoen en wat steeds maksimaal aan die vereistes van 'n verteenwoordigende sowel as verantwoordbare regering voldoen.

Verskeie teorieë ten opsigte van kiesstelsels het ontwikkel wat poog om hierdie praktyk binne 'n demokratiese konteks te beskryf en te verklaar. Volgens Reynolds en Reilly (2005:3) word verskeie tipes kiesstelsels toegepas, wat hoofsaaklik in drie hoofkategorieë ingedeel word, naamlik 'n meerderheids-, 'n proporsionele en 'n semiproporsionele (gemengde) kiesstelsel. Binne hierdie hoofkategorieë bestaan daar nege subkategorieë. Daar bestaan ook 'n kategorie van ander kiesstelsels. Die indeling is soos volg:

1. Meerderheidskiesstelsel

- Die “wenner-vat-alles” / eerste-verby-wenpaal (WVA) [*FPTP*].
- Die blokstem (BS) [*BV*].
- Die partyblokstem (PBS) [*PBV*].
- Die alternatiewe stem (AS) [*AV*].
- Die tweeronde-stelsel (TRS) [*TRS*].

2. Proporsionele kiesstelsel

- Die lysproporsionele stelsel (LysP) [*ListP*].
- Die enkeloordraagbare stem (EOS) [*STV*].

3. Semiproporsionele kiesstelsel (gemengde)

- Die parallelle stelsel (PS) [*PS*].


- Die gemengdelid- proporsionele stelsel (GLP) [MMP].

4. Ander (addisionele) kiesstelsels

- Die enkel nie-oordraagbare stem (ENOS) [SNTV].
- Die beperkte stem (BepS) [LV].
- Die Borda-telstem (BT) [BC].

Die verskillende kiesstelsels kan skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 2: Die kategorieë kiesstelsels



Bron: Reynolds & Reilly (2005:28)

Verskillende kiesstelsels het bepaalde uitkomst en 'n sekere invloed op die demokratiese stelsel van 'n staat. Kiesstelsels definieer en struktureer die reëls van die politieke spel, dit help bepaal wie verkies word, hoe 'n verkiesingsveldtog gevoer word, wat die rol van politieke partye is, en wie regeer. In feitlik alle gevalle het die keuse van 'n bepaalde kiesstelsel 'n diepgaande effek op die politieke toekoms van 'n staat (IDEA, 2005).

Die kiesstelsel is een van die meganismes wat 'n volhoubare verteenwoordigende demokrasie op die lang termyn in Suid-Afrika moet verseker (Pottie, 2001:29-30). Tans

is dit die lysproporsionele kiesstelsel wat in die 1994-, 1999-, 2004- en 2009- algemene nasionale en provinsiale verkiesings toegepas is. Politieke ontleders soos dr Frederik van Zyl Slabbert en politieke partye soos COPE is van mening dat die proporsionele kiesstelsel verander moet word weens die tekortkoming dat daar nie kontak is tussen die verteenwoordigers (LP's) en die kiesers nie, en dat daar daarom ook nie verantwoording aan en aanspreeklikheid teenoor die kiesers is nie. Volgens hulle gee die proporsionele kiesstelsel partyeiers te veel mag en het kiesers nie 'n keuse wie hulle verteenwoordigers moet wees nie – 'n situasie wat afbreuk doen aan die legitimiteit van die parlement. Die debat in Suid-Afrika is dat die bestaande lysproporsionele kiesstelsel die beste keuse was vir die oorgang na 'n nuwe demokrasie, maar dat die tyd nou aangebreek het vir die hervorming van die kiesstelsel, aangesien die bestaande kiesstelsel gebrek aan 'n verantwoordbare regering openbaar (Faure & Venter, 2002:132). Deur verskeie teorieë aan te wend ten opsigte van kiesstelsels wat ontwikkel is, en wat poog om hierdie praktyk binne 'n demokratiese konteks te beskryf en te verklaar moet ander opsies ondersoek word om 'n alternatiewe raamwerk te ontwikkel. Die opsies moet aan die eiesoortige behoeftes van en omstandighede in Suid-Afrika, en maksimaal aan die vereistes van 'n verteenwoordigende demokrasie sowel as verantwoordbare regering, voldoen.

1.3. DOELSTELLING

Suid-Afrika het drie vlakke van regering, naamlik plaaslik, provinsiaal en nasionaal met 'n bepaalde kiesstelsel vir elke vlak. Die doelstelling van hierdie studie is om die Suid-Afrikaanse kiesstelsel en sy funksionering op nasionale vlak krities te ontleed. Die doel van die ontleding is om te bepaal of die kiesstelsel aan die vereistes (kriteria) vir 'n goeie kiesstelsel voldoen wat legitimiteit aan die parlement sal verleen, en sal help om 'n volhoubaar verteenwoordigende demokrasie en verantwoordbare regering op die langtermyn in Suid-Afrika te verseker. Hierdie kritiese ontleding en beoordeling sal uitloop op die wenslikheid al dan nie, en indien wel, op die identifisering en ontleding van 'n alternatiewe kiesstelsel vir Suid-Afrika. Dit is natuurlik as die studie die noodsaaklikheid van verandering van die kiesstelsel wetenskaplik kan motiveer.

Laasgenoemde kan beskou word as 'n vorm van teoriebou om met die aanwending van teorieë ten opsigte van kiesstelsels 'n alternatiewe kiesstelsel te motiveer en te bevestig.

Om hierdie oorhoofse doelstelling te bereik word die volgende in die vooruitsig gestel:

- Om die politieke transisie na 1994 in Suid-Afrika en die kiesstelsel wat in die nasionale verkiesings van 1994, 1999, 2004 en 2009 toegepas is binne die Suid-Afrikaanse demokratiseringsproses te kontekstualiseer. Daar sal bepaal word in watter mate die nuwe kiesstelsel en die toepassing daarvan beslag gegee het aan demokratiese praktyke.
- Om kiesstelsels te identifiseer en te analiseer binne die groter raamwerk en die begrippe *demokrasie*, *verteenwoordigende demokrasie* en *verantwoordings van die regering* te omskryf en te definieer. Omdat 'n bepaalde kiesstelsel 'n invloed het op die legitimiteit van 'n parlement en die mate waarin dit demokraties is of nie, sal klem geplaas word op die tipologie van kiesstelsels met deeglike identifisering, ontleding en evaluering van die dinamika daarvan binne 'n verteenwoordigende demokrasie, sowel as die vereistes waaraan 'n goeie kiesstelsel moet voldoen.
- Om die Suid-Afrikaanse kiesstelsel binne die tipologie van kiesstelsels aan die hand van 'n metaraamwerk te definieer en te omskryf binne die bepalinge van die Grondwet, en die rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel deur middel van identifisering, ontleding en evaluering van die vereistes van 'n goeie kiesstelsel.
- Die wenslikheid al dan nie, en indien wel, die identifisering van 'n alternatiewe kiesstelsel vir toepassing in Suid-Afrika.

1.4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die lysproporsionele kiesstelsel in Suid-Afrika bring mee dat daar gebrekkige kontak is tussen die verteenwoordigers (LP's) en die kiesers en dat daar nie altyd voldoende verantwoording aan en aanspreeklikheid teenoor die kiesers is nie. Dit het tot gevolg dat Suid-Afrika sterk is op die verteenwoordigende aspek van die demokrasie, maar swak is op verantwoordbare regering. Daar moet gefokus word op groter

verantwoording binne die kiesstelsel sonder om afbreuk aan regverdigte verteenwoordiging te doen. Partyleiers het te veel mag en kiesers het nie 'n keuse wie hulle verteenwoordigers moet wees nie. Hierdie toedrag van sake doen afbreuk aan die legitimiteit van die parlement soos vereis word in 'n verteenwoordigende demokrasie.

1.5. BYDRAE VAN DIE STUDIE

Hierdie studie sal poog om, met as fokus 'n kiesstelsel vir Suid-Afrika op nasionale vlak, 'n bydrae te lewer ten opsigte van groter duidelikheid oor die mate waarin die nuwe lysproporsionele kiesstelsel en die toepassing daarvan beslag gegee het aan demokratiese praktyke in Suid-Afrika. Gegrand op navorsing met 'n teoretiese strekking waardeur die begrippe *demokrasie*, *verteenwoordigende demokrasie* en *verantwoording van regering* omskryf en gedefinieer is, en die tipologie van kiesstelsels met deeglike identifisering, ontleding en evaluering van die dinamika daarvan binne 'n verteenwoordigende demokrasie, sowel as die vereistes waaraan 'n goeie kiesstelsel moet voldoen, sal die Suid-Afrikaanse kiesstelsel aan die hand van 'n metaraamwerk binne die bepalings van die Grondwet gedefinieer, geëvalueer en omskryf word. Hieruit sal, op wetenskaplike gronde, die wenslikheid, al dan nie, en indien wel, 'n alternatiewe kiesstelsel vir toepassing in Suid-Afrika voorgestel word om leiding te gee ten opsigte van die huidige debat oor 'n toepaslike kiesstelsel in Suid-Afrika op nasionale vlak.

1.6. METODOLOGIE

Die metodologie behels 'n literatuurstudie van beskikbare vakwetenskaplike literatuur, met kiesstelsels as fokus. Sleutelbronne wat gebruik sal word, is Bogdanor se *The Blackwell Encyclopedia of Political Institutions*, Lipset se *The encyclopedia of democracy* en Reynolds, Reilly en Ellis se *Electoral system design: The new international IDEA handbook*.

Die studie is hoofsaaklik kwalitatief van aard, waardeur die begrippe *demokrasie*, *verteenwoordigende demokrasie* en *verantwoording van regering* omskryf en

Hoofstuk 1: Inleiding

gedefinieer sal word om riglyne neer te lê vir die studie en die toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks. Klem sal gelê word op die omskrywing en definiëring van kiesstelsels, met 'n deeglike ontleding van die dinamika daarvan binne 'n verteenwoordigende demokrasie. Klem sal ook gelê word op die vereiste van verantwoording deur en aanspreeklikheid van die verteenwoordigers. Deur die relevante bronne te analiseer sal 'n deduktiewe benadering gevolg word waardeur kwalitatiewe kriteria neergelê sal word wat sal dien as vereistes waaraan 'n goeie kiesstelsel moet voldoen.

Die omskrywing en definiëring van genoemde begrippe asook die kriteria sal van toepassing gemaak word op die Suid-Afrikaanse konteks. Die studie het ook 'n kwantitatiewe komponent deurdat statistiek van die uitslae van die nasionale verkiesings van 1994, 1999, 2004 en 2009 toepassing sal vind in vergelykende modelle van kiesstelsels ten einde die effek daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks te bepaal.

Die kriteria (breë verteenwoordiging, toeganklikheid en betekenisvolheid, versoening, stabiele en effektiewe regering, verantwoording deur regering, verantwoording deur verteenwoordigers, bevordering van meer politieke partye, versterking van opposisie en oorsig, volhoubaarheid en internasionale standaarde) wat gestel word vir 'n goeie kiesstelsel om legitimiteit aan 'n parlement te verleen, sal omskep word in 'n evalueringsmodel vir kiesstelsels. Hierdie evalueringsmodel sal behels dat genoemde kriteria in prioriteitsvolgorde geplaas word om die eiesoortige Suid-Afrikaanse omstandighede te verreken. Na die prioritisering sal 'n kiesstelsel geëvalueer kan word aan elke vereiste (kriterium) deur te bepaal of die betrokke kiesstelsel swak, matig of goed aan die vereiste voldoen. Deur kwantifisering van swak, matig en goed sal 'n numeriese waarde in die evalueringsproses aan elke kiesstelsel toegeken kan word. Die evalueringsmodel sal toepassing vind in die verskillende geïdentifiseerde kiesstelsels.

Vanuit die toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks sal 'n kritiese analise en beoordeling van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel op 'n wetenskaplike basis gemaak word. Hierdie kritiese analise en beoordeling sal uitloop op die wenslikheid, al dan nie, en indien wel die identifisering en ontleding van 'n alternatiewe kiesstelsel vir Suid-Afrika. Laasgenoemde kan beskou word as 'n vorm van teoriebou om met die aanwending van teorieë ten opsigte van kiesstelsels 'n alternatiewe kiesstelsel, indien wenslik, te motiveer en te bevestig.

1.6.1. Literatuurstudie

Primêre bronne in die literatuur is verkry by verskillende biblioteke, waaronder die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit se PUK-kampus. Verskeie ander publikasies is verkrygbaar in die volgende databasisse:

ISAP – INDEX TO SOUTH AFRICAN PERIODICALS

NELM – CRITICAL WORKS

Databox: Newspaper Source

Die Parlementêre Biblioteek in Kaapstad, waar meer as 60 publikasies opgespoor is, is ook benut. Die databasis wat gebruik word, is DB/Text *WebPublisher*, verskaf deur INMAGIC.

Verskeie nie-regeringsorganisasies, soos die Konrad-Adenauer-Stiftung, Helen Suzmanstigting en IDASA hou gereeld konferensies en werksinkels waar referate gelewer en gepubliseer word. Hierdie referate sal ook geraadpleeg word. Standpunte en besluite van politieke partye soos weergegee in hulle publikasies oor die onderwerp sal ook geraadpleeg word.

1.7. UITLEG EN HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 is 'n inleidende hoofstuk, waarin die algemene oriëntering, probleemstelling, doelstellings en metodologie van die studie omskryf word.

Hoofstuk 2 handel oor demokrasie en kiesstelsels. 'n Omskrywing en definiëring van die begrippe *demokrasie*, *pluralistiese demokrasie*, *verteenwoordigende demokrasie* en die *funksionering binne 'n regeringstelsel* word gedoen aan die hand van bestaande literatuur. Die plek van die kiesstelsel in die politieke stelsel en dinamika van verskillende kiesstelsels binne 'n verteenwoordigende demokrasie sal omskryf en ontleed word.

Hoofstuk 3 behels die tipologie van kiesstelsels met deeglike ontleding, interpretering en evaluering van verskillende kiesstelsels. Die eiesoortige werking en gevolge van elk van die verskillende kiesstelsels word ontleed om sodoende te bepaal wat die voor- en nadele van elke betrokke kiesstelsel is. Hierdie ontleding vind toepassing in die volgende hoofstuk ter bepaling van 'n raamwerk van wat die norme en vereistes van 'n goeie demokratiese kiesstelsel behoort te wees.

In Hoofstuk 4 word 'n teoretiese raamwerk, met bepaalde norme en vereistes waaraan 'n kiesstelsel moet voldoen om 'n legitieme en demokratiese parlement te verseker, opgestel. Binne hierdie teoretiese raamwerk van norme word die vereiste van aanspreeklikheid van of verantwoording deur die verteenwoordigers teenoor kiesers ook ontleed.

Hoofstuk 5 kontekstualiseer die demokratisering in Suid-Afrika en handel oor die historiese prosesse wat aanleiding gegee het tot die bestaande kiesstelsel. Aandag word geskenk aan die redes vir die keuse en aanvaarding van die bepaalde kiesstelsel, veral soos beredeneer deur die regerende ANC. Die standpunte van politieke kenners en partye ten opsigte van die bestaande kiesstelsel word ook hier aan die orde gestel.

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 6 behels die rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel en is gemoeid met die definiëring en omskrywing van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel soos in die Grondwet van Suid-Afrika uiteengesit. Daar word bepaal aan watter vereistes die kiesstelsel moet voldoen om binne die bepalings van die Grondwet te wees. Die funksionering van die bestaande kiesstelsel word ook ontleed en geëvalueer aan die hand van die norme en vereistes binne die teoretiese raamwerk wat vir 'n goeie kiesstelsel gestel word. Die statistiek van die uitslae van die 2004- en 2009- nasionale verkiesings vind toepassing in die evaluering. Hierdeur sal sterk punte asook probleme en tekortkominge van die bestaande kiesstelsel geïdentifiseer en ontleed word.

Hoofstuk 7 handel oor die kritiese beskouing en evaluering van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel alternatiewe raamwerke vir die bestaande kiesstelsel in Suid-Afrika. Die bestaande en alternatiewe raamwerke word voorgestel aan die hand van die norme en vereistes binne die teoretiese raamwerk vir 'n goeie kiesstelsel, met inagneming van die besondere omstandighede van Suid-Afrika en die voldoening aan die vereistes van 'n verteenwoordigende demokrasie.

Hoofstuk 8 is die slothoofstuk en sal 'n samevatting/gevolgtrekking van die studie aanbied. Uitsluitel oor die wenslikheid, al dan nie, van 'n alternatiewe kiesstelsel vir Suid-Afrika sal gegee word.

HOOFSTUK 2: VERTEENWOORDIGENDE DEMOKRASIE EN KIESSTELSELS: 'N KONSEPTUALISERING EN KONTEKSTUALISERING

2.1 INLEIDING

Die ontwikkeling van demokrasie en die betekenis daarvan het begin in die Antieke Griekse tydperk van Aristoteles, maar oor 'n tydperk van eeue het die begrip verskillende betekenis aangeeem weens verskillende historiese kontekste en ideale wat hieraan verbind is. Oor hierdie tydperk het die Westerse beskawing Christelikheid, humanisme en liberalisme ervaar wat 'n bepaalde invloed gehad het op die betekenis en konseptualisering van demokrasie. Wat die Grieke onder demokrasie nagestreef het, verskil van die moderne strewes. Filosofe en politieke wetenskaplikes interpreteer die begrip demokrasie tot waar dit ontwikkel het in die moderne hedendaagse demokrasie. Hierdeur is verskillende vorme van demokrasie, elk met eie onderskeidende eienskappe, gedefinieer. Een van die vorme is die liberale of verteenwoordigende demokrasie waarin, verkiesings en kiesstelsels 'n belangrike rol vervul, en word aan die orde gestel.

Hierdie hoofstuk is belangrik omdat 'n bepaalde begrip nodig is van demokrasie en kiesstelsels en die funksionering van die kiesstelsel binne 'n demokrasie. Die fokus van die hoofstuk sal verkiesings in 'n verteenwoordigende demokrasie wees en die rol wat kiesstelsels vervul om aan verteenwoordiging beslag te gee.

Die oorhoofse doelstelling in hierdie hoofstuk is dus om die begrippe demokrasie en kiesstelsels te kontekstualiseer asook te konseptualiseer. Dit word bereik deur 'n teoretiese ontleding en omskrywing van demokrasie, waarna verskillende vorme van demokrasie bespreek word. Die aspek van verteenwoordiging binne verteenwoordigende demokrasie en die belangrikheid van verkiesings en die kiesstelsel staan sentraal binne hierdie hoofstuk.

Die metodologie van die hoofstuk behels 'n literatuurstudie van toepaslike vakwetenskaplike literatuur met demokrasie en kiesstelsels as spesifieke fokus. Verskeie publikasies van filosowe soos Locke en Montesquieu en politieke wetenskaplikes soos Schumpeter, Sartori, Huntington, Held en andere word in die studie geraadpleeg.

Die uitleg van hierdie hoofstuk behels die historiese ontwikkeling van die klassieke demokrasie as vertrekpunt. Die liberalisme aan die hand van die filosofiese vertrekpunte daarvan en die ontwikkeling van politieke liberalisme en die liberale demokrasie sal dan aan die orde kom. Die ontwikkeling van die moderne demokrasie en 'n tipologie van demokrasieë word gestel, waarna die liberale of verteenwoordigende demokrasie bespreek word. Die begrippe *liberale* of *verteenwoordigende demokrasie* word gekonseptualiseer en die kenmerke en eienskappe daarvan word aangedui. Laastens word verkiesings en kiesstelsels bespreek met betrekking tot die funksies van verkiesings, die kriteria vir demokratiese verkiesings en laastens kiesstelsels binne die raamwerk van 'n verteenwoordigende demokrasie.

2.2 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN KLASSIEKE DEMOKRASIE

Die begrip demokrasie is afkomstig van die Griekse woord *dēmokratia* met die kernbetekenis van *dēmos* (die mense) en *kratos* (regeer). Demokrasie verwys na 'n vorm van owerheid waar, in teenstelling met monargieë en aristokrasieë, die burgers (mense) regeer. Dit behels 'n staat waar die een of ander vorm van politieke gelykheid tussen die burgers bestaan (OCPW, 1993:220).

Enige bespreking van die demokrasie begin onvermydelik by die politieke stelsels van die Antieke Griekse stadstate. Die ontwikkeling van die politieke praktyke en denke van hierdie stadstate, waarvan Sparta en Athene die bekendste was, strek nagenoeg van 700 v.C. tot en met die dood van Aristoteles in 322 v.C. In genoemde tydperk het 'n unieke politieke stelsel ontwikkel wat die eerste was om die titel demokrasie te dra. Die Griekse generaal Pericles van Athene het in 'n toespraak in 431 v.C. hierdie stelsel so

omskryf: 'Our constitution is named a democracy, because it is in the hands not of the few, but of the many.' (Du Toit, 1987:37.)

Aristoteles het 'n indeling van politieke stelsels gemaak wat gebaseer was op sy analise van die 158 Griekse stadstate wat toe bestaan het. Hierdie stelsel het die denke rakende die onderwerp byna 2 500 jaar lank oorheers. Aristoteles se uitgangspunt was dat regerings geklassifiseer kon word op die basis van twee vrae, naamlik 'wie regeer' en 'wie word bevoordeel deur die regeer'. Volgens hom kon die regering in die hande geplaas word van 'n individu, 'n groep, of die massas. In elkeen van die gevalle kon die regering opgetree het in eie belang as regeerders of tot voordeel van die hele gemeenskap. Hieruit het hy ses vorme van regering geïdentifiseer soos voorgestel in Tabel 1 (Heywood, 2007:27):

Tabel 1: Regeringsvorme volgens Aristoteles

		WIE REGEER?		
		INDIVIDU	GROEP	DIE MASSA
WIE WORD BEVOORDEEL?	REGEERDERS	TIRANNIE	OLIGARGIE	DEMOKRASIE
	ALMAL	MONARGIE	ARISTOKRASIE	POLITI ("Polity")

Aristoteles se doel was om vorme van regering op normatiewe gronde te evalueer in die hoop om die ideale regeringsvorm te identifiseer. Sy siening was dat tirannie, oligargie en demokrasie vorme van regering is waarin 'n enkele persoon, 'n groep en die massa, respektiewelik regeer het in hulle eie belang en daarom ten koste van ander. Daarenteen was monargie, aristokrasie en politi² eerder verkies omdat die individu, die groep en die massa in hierdie afsonderlike vorme van regering in almal se belang regeer. Tirannie was vir Aristoteles die slegste vorm van regering omdat dit burgers gereduseer het tot slawe. Monargie en aristokrasie was op hul beurt onprakties want dit was gebaseer op 'n tipe Goddelike bereidheid om die goeie van die gemeenskap te benut tot eie voordeel van die regeerders. Aristoteles het die politi ("polity") as

² Die woord *politi* word gebruik want *politi* is 'n bepaalde regime en *politeia* behels in die algemene sin burgerskap (Simpson, 2002:155).

regeringsvorm as die mees praktiese beskou want dit was 'n regering deur die massa in belang van almal. Aristoteles was egter ten gunste van 'n gemengde regering wat elemente van sowel demokrasie as aristokrasie bevat het en waardeur die regering in die hande van die middelklas gelaat is wat nie ryk of arm was nie (Heywood, 2007:28). Aristoteles se ideale politieke stelsel, naamlik demokrasie, het die beste uitdrukking gevind in sy werke waarvan die basiese vertrekpunt die oortuiging was '*that a state ought to be a relation between free citizens morally equal, conducting itself according to law and resting upon discussion rather than force*' (Du Toit, 1987:38).

Aristoteles se stelsel is later verder ontwikkel deur politieke filosowe soos Thomas Hobbes³ en Jean Bodin.⁴ Hulle het die beginsel van soewereiniteit beskou as die basis van alle regimes. Hierdie beginsel was later hersien deur liberaliste soos John Locke⁵ en Montesquieu⁶ wat grondwetlike regerings gepropageer het. Locke se argument was dat soewereiniteit in die burgers geleë was en nie in die monargie nie. Hy het 'n stelsel van beperkte regering gepropageer ter beskerming van natuurlike regte soos die reg op lewe, vryheid en eiendom. Montesquieu het gepoog om 'n wetenskaplike studie van die sosiale samelewing te ontwikkel om grondwetlike omstandighede te bepaal wat die individu se vryheid die beste sal beskerm. Hy het 'n stelsel met kontroles en beperkings in die vorm van die skeiding van magte tussen die uitvoerende, wetgewende en regsprekende instellings voorgestel. Hierdie beginsel was opgeneem in die Grondwet (1787) van die VSA en is later as een van die eienskappe van 'n liberaal demokratiese regering beskou (Heywood, 2007:28).

Die revolusie van 1688 het die parlement in Engeland as die oppergesag gevestig en Locke het verklaar dat die mag aan die burgers behoort. In 1689 het die parlement die

³ Thomas Hobbes (1588-1679) was 'n Britse filosoof wat die beste onthou word vir sy politieke denke wat veral om die probleem van die sosiale en politieke orde gesentreer het wat steeds relevant is in die kontemporêre politiek (Web: <http://www.iep.utm.edu/hobmoral/>).

⁴ Jean Bodin (1530-1596) was 'n Franse juris en politieke filosoof, lid van die Franse parlement en professor in die regte in Toulouse. Hy is veral bekend vir sy teorie van soewereiniteit (Web: http://en.wikipedia.org/wiki/Jean_Bodin).

⁵ John Locke (1632-1704) was 'n Britse filosoof en politikus. Hy was een van die belangrike denkers in die ontwikkeling van klassieke liberalisme (Heywood, 2007:47).

⁶ Montesquieu, Charles-Louis de Secondat (1689-1755) was 'n Franse filosoof wat veral bekend was vir sy liberale politieke teorie en die beginsel van die skeiding van magte (Web: <http://plato.stanford.edu/entries/montesquieu/>).

Akte van Menseregte goedgekeur wat burgers se basiese menseregte verseker het (Carroll, 1996:1-5).

In die laat-agtiende eeu en verder het hierdie klassieke indeling van regerings deur Aristoteles meer in onbruik verval weens die ontwikkeling van moderne staatsvorme. Die Republikenisme wat in die VSA na die Amerikaanse Onafhanklikheidsoorlog van 1775-1783 gevorm is, die demokratiese radikalisme wat ontbrand het in Frankryk deur die Franse revolusie in 1789, en die vorm van parlementêre regerings wat geleidelik ontwaak het in Engeland, het elkeen op verskillende wyses politieke realiteite geskep wat wesenlik meer kompleks was as wat die vroeëre vaders van die demokrasie kon voorsien. Tradisionele stelsels van indelings is vervang deur die toenemende klem op grondwetlike en institusionele eienskappe van politieke regering. In talle opsigte was voortgebou op Montesquieu se werk deurdat spesifieke aandag geskenk is aan die verhouding tussen verskillende vertakings van die regering. Hierdeur is monargieë onderskei van republieke, parlementêre stelsels is onderskei van presidensiële stelsels en unitêre stelsels is weer onderskei van federale stelsels (Heywood, 2007:28-29).

Vir die Antieke Grieke het die ideaal van demokrasie om burgerskap (hoe beperk en eksklusief dit ook al was) en openbare deelname gesentreer. Die ideale politieke stelsel, naamlik demokrasie, was een waarin alle burgers 'n gelyke kans gehad het om, ongeag sosiale, ekonomiese of statusverskille, saam in openbare optrede (stadsvergaderings) by te dra tot die bevordering van die algemene welsyn van die stadstaat en sy burgers. Hierdie ideaal van die Antieke Grieke het deel gebly van die Westerse politieke denke en is van die sewentiende eeu af weer deur die liberale denkers geherinterpreteer, en vorm die basis vir die definiëring van die liberale en moderne demokrasie (Du Toit, 1987:38).

Ten einde 'n beter begrip te verkry van die liberale denkers se herinterpretering van die ideaal van demokrasie word die filosofiese vertrekpunte van die liberalisme vervolgens bespreek.

2.3 DIE LIBERALISME

Die formulering van die filosofiese, sosiale en politieke denke van die klassiek-liberale denkskool het plaasgevind in 'n era van die Westerse politieke denke wat as die begin van die era van ideologie bekend staan. Die begin van hierdie era word gekoppel aan die jaar 1776, die jaar van die Amerikaanse Verklaring van Onafhanklikheid, asook die jaar waarin Adam Smith se boek, *The wealth of nations*, gepubliseer is (Kramnick & Watkins, 1979:8). Daar bestaan verskille oor hierdie vertrekdatum, maar daar is wye konsensus dat ideologieë moderne verskynsels is wat nie kenmerkend is van Westerse politieke denke voor die Franse Revolusie nie (Mullins, 1966:503). Die denkverskille tussen die Antieke Griekse demokrate en die moderne liberale demokrate is onder meer geleë in die feit dat liberale denke grootliks as ideologie omskryf en aangewend is (Du Toit, 1987:38-39).

Enige bespreking van politieke ideologieë begin by liberalisme. Liberalisme is afkomstig van die Latynse woord *liber* wat vry beteken (Roskin *et al.*, 2012:42). Die liberalisme bind verskillende waardes en sienings saam. Eiesoortige liberale teorieë en beginsels het geleidelik oor die afgelope 300 jaar ontwikkel. Liberalisme was die produk van die verval van feodalisme. Met die opkoms van die arbeiders en die middelklas is die feodalisme vervang deur die groei van 'n markgeoriënteerde en kapitalistiese samelewing met 'n nuwe klassestruktuur (Foley, 2009:8). Liberalisme is deur die geskiedenis op verskillende wyses geïnterpreteer en word volgens Krieger (1993:538) deur die wêreld beskou as 'n ideologie.

'n Ideologie begin met 'n oortuiging of geloof dat dinge in die lewe beter kan wees en is 'n plan om die samelewing te verbeter. Politieke ideologieë is nie politieke wetenskap nie, maar is ondernemings deur individue en/of groepe om politieke stelsels te verander. Ideologieë in die politiek is die samebindende krag wat bewegings, partye en revolusionêre groepe intern bind. Om 'n stryd te kan voer en opofferings te kan maak vir bepaalde sienings en oortuigings, vereis ideologiese motivering (Roskin *et al.*, 2012:39). Volgens Du Toit (1987:39) is 'n ideologie 'n stel idees wat mense motiveer om hul

samelewing om te skep, of te herskep tot iets beters. Die eerste politieke beweging wat sy naam direk aan liberalisme gekoppel het, was die 'Liberales' wat van 1812 tot 1820 staatkundige demokratisering in Spanje bepleit het (Du Toit, 1987:39). In die bespreking van ideologieë en die politiek is ideologieë volgens Seliger (1976:102) assimetriese strukture waarvan sommige beginsels bevorder word deur meer as een ideologie. Dieselfde geld vir die praktiese politiek, want beginsels en menings wat gehandhaaf en geregverdig word deur meer as een ideologie, seëvier op die einde. Die gevolg is nie dat party politiek nie ideologies of minder ideologies word nie, maar wel multi-ideologies. Wanneer politieke partye beleid bepaal om vraagstukke op te los of te vermy, is ideologie altyd teenwoordig. Die kern van die politiek is dat besluite gebaseer word op bepaalde beginsels (ideologies), en steun word gewerf vir verskillende standpunte (Seliger, 1976:105). Veral wanneer nuwe wette gemaak word sentreer die debatte gewoonlik rondom die regte van die individu of burgers wat daardeur geraak kan word. Politieke partye bepaal of nuwe wette in ooreenstemming is met hulle beginsels en beleidstandpunte alvorens die wette ondersteun word of nie (Robertson, 1925:33-34).

Gesien vanuit 'n sosiaal-wetenskaplike perspektief is 'n ideologie 'n stel samebindende sienings of beskouings (idees) wat die basis vorm vir georganiseerde politieke optredes. Hierdie politieke optredes sluit aksies in met die bedoeling om die bestaande orde of bewind te handhaaf, te verander of omver te werp. Ideologieë bestaan uit die volgende drie komponente, naamlik: (a) 'n weergawe van die bestaande orde, gewoonlik in die vorm van 'n "wêreldsiening", (b) 'n model van die verlangde (ideale) toekoms, 'n visie van die goeie samelewing, en (c) die uiteensetting van hoe politieke verandering teweeg gebring kan word. Ideologieë is nie rigiede, gekompartementeerde en geseëde stelsels van denke nie, maar eerder vloeibare idees wat ten opsigte van verskeie standpunte of aspekte met mekaar oorvleuel. Die oorvleueling van ideologieë op teoretiese vlak en die praktyk is onafwendbaar. Op fundamentele vlak kom ideologieë ooreen met filosofieë (soos bv. die filosofiese vertrekpunte van die liberalisme), en op werkende vlak neem dit die vorm van 'n breë politieke beweging aan (Seliger, 1976:108-109).

2.3.1 Filosofiese vertrekpunte van die liberalisme

Op die fundamentele vlak is die ideologie van liberalisme gebaseer op bepaalde grondbeginsels. Hierdie grondbeginsels vorm die filosofiese vertrekpunte van liberalisme, naamlik individualisme, vryheid, natuur teenoor bonatuur, rasonele denke en die bestaan van menslike rede, gelykheid, verdraagsaamheid, instemming, en konstitusionalisme, wat vervolgens meer indringend verklaar word:

2.3.1.1 Individualisme

Individualisme is die kernbeginsel van die liberale ideologie. Dit behels dat die menslike individu voorop gestel word en belangriker is as sosiale groepe of gemeenskapsinstellings. Individue is dus belangriker as groepe. Menslike wesens word beskou as individue, wat beteken dat hulle gelyk is, en dat elkeen verskillende, unieke eienskappe en eie identiteite het. Met hierdie kernbeginsel is die doel van liberalisme die skep van 'n gemeenskap waarin die individu kan floreer en ontwikkel, en waar elkeen, volgens eie definisie, 'die goeie' kan najaag na die beste van elkeen se vermoë (Heywood, 2007:45-46). Die uitgangspunt is dat die mens inherent goed is en nie sleg en boos nie, en daarom wil elke individu die beste nastreef. Schapiro (1958:12) stel dit soos volg:

“Man, according to liberalism, is born ignorant, not wicked.”

Dit beteken die individu beskik oor die aard om die doelwitte van vrede, vryheid, regverdigheid en die goeie na te streef om 'n 'goeie samelewing' te skep (Burnham, 1964:50).

2.3.1.2 Vryheid

Voortspruitend uit die individualisme is individuele vryheid, oftewel vryheid, die kernwaarde van liberalisme, en dit geniet voorrang bo gelykheid, die reg of die owerheid. Dit is 'n natuurlike uitvloeisel van die beskouing van die individu as die

belangrikste en die drang om te verseker dat elke persoon kan optree na willekeur en eie goeddunke. Individuele vryheid op byvoorbeeld ekonomiese vlak behels die vryheid om handel te kan dryf, om jou dienste aan te bied op die basis van individuele onderhandeling, vryheid van kontraksluiting en die vryheid van ondernemingskap. Die individu is dus vry om sy of haar eie bronne te gebruik om 'n bestaan te voer volgens elkeen se onderhandelingsvermoë (Seliger, 1968:163). Liberaliste besef dat die vryheid van een individu die vryheid van 'n ander individu kan bedreig en verkondig daarom 'vryheid onder die reg'. Liberaliste onderskryf die ideaal dat individue die grootste moontlike vryheid moet kan hê, maar in ooreenstemming hiermee, dat almal soortgelyke vryhede kan hê (Heywood, 2007:46). Pennock (1950:77-78) stel dit as volg:

“It is obvious that each individual’s liberty must be subject to all sorts of restrictions both in favour of the liberty of others and on behalf of other interest.”

2.3.1.3 Natuur teenoor Bonatuur

Teosentrisme, waar 'n bepaalde Christelike godsdiensoeskouing die grondslag vir alle sosiale strukture en praktyke gevorm het, was 'n dominante wêreldbeskouing in Europa. Die teosentriese uitgangspunt stel Bluhm (1974:30) soos volg:

“God was seen as the author of all things in the world, both animate and inanimate, and His will and reason were therefore authority in all matters. Disputes about truth, about causality, about legitimacy of political authority were always referred in the last analysis to God. The chief medieval conception of authority was therefore the sovereignty of God.”

Hierdie uitgangspunt het die grondslag gevorm vir die opvatting dat elke koning se heerskappy gelegitimeer word deur 'n Godgegewe sanksie. Die liberalisme erken egter 'n ander bron van politieke gesag en beskou die natuur, eerder as die bonatuurlike, as die bron van politieke legitimititeit. Die natuurstaat word in die liberalisme beskou as die ideaal of voorbeeld wat nagestreef behoort te word. Die inhoud van die natuurreg is nie

sonder meer beskou as 'n weerspieëling van die Goddelike Wil, en dus die uitsluitlike funksie van die kerk nie, maar dat dit in beginsel toeganklik is vir enige persoon wat dit deur rasonale analise en logiese beredenering probeer ontleed (Du Toit, 1987:41).

2.3.1.4 Rasionele denke en die bestaan van menslike rede

Liberaliste glo in 'n rasonale samestelling van die wêreld wat ontdek kan word deur menslike beredenering en kritiese ondersoek. Die rasonele denkvermoë van die mens, eerder as sy geloof, was die sleutel tot sosiale en politieke vooruitgang (Du Toit, 1987:41). Hierdeur word die geneigdheid dat individue hulle vertrou in ander individue plaas om namens hulle besluite te neem, voorkom. Dit moedig ook liberaliste aan om te glo in vooruitgang en die vermoë van die mens om verskille te besleg deur debat en argumentering, eerder as deur bloedvergieting en oorlog (Burnham, 1964:53-56). Liberalisme was 'n opstand teen leerstellinge (dogma) en die gesag van die kerk as die algemene beskermheer van die geloofsleer. Dit het begin met die stelling dat die individu die reg het om deur beredenering leerstellinge te bevraagteken. Liberaliste glo dat beredenering alles kan verduidelik deur die bestaan van rede. Dit beteken dat niks as waar aanvaar kan word wat nie bewys of gestaaf kan word deur die natuurwette nie. Die natuurwette word ontdek deur beredenering en die toepassing van die wetenskap. Die waarheid word uiteindelik verkry deur die grootste moontlike hoeveelheid verskillende menings wat beredeneer of geargumenteer word. Hieruit ontstaan byvoorbeeld die reg op die vryheid van spraak (Pennock, 1950:10). Die reg op vrye denke en meningsuiting is vir die liberaliste van die hoogste belang, aangesien dit as die belangrikste voorvereiste vir die ontplooiing van die mens se rasonele denkvermoë is (Du Toit, 1987:44).

2.3.1.5 Gelykheid

Die erkenning van individualisme het tot gevolg dat geglo word in fundamentele gelykheid, wat beteken dat alle individue met gelyke waarde gebore word. Dit word weerspieël in die liberale verbintenis tot gelyke regte en dit waarop 'n mens geregtig is. Hierdie gelyke regte word gevind in juridiese gelykheid van 'gelykheid voor die reg' en

politieke gelykheid van 'een mens, een stem met een waarde' (Heywood, 2007:46). Die gelykheid van regte beteken wel dat elkeen geregtig is op gelykheid van lewe en vryheid, maar beteken nie dat 'n persoon sy vryheid ontnem mag word nie. 'n Voorbeeld is die misdadiger in die gevangenis. Met 'gelykheid' word meestal bedoel die gelykheid van geleenthede teenoor absolute gelykheid (Pennock, 1950:81). Liberaliste erken dat nie almal oor dieselfde kwaliteite, intellek en vermoëns beskik nie, en aanvaar die 'gelykheid van geleenthede' en ondersteun daardeur die beginsel van meritokrasie⁷ (Seliger, 1968:49-52).

2.3.1.6 Verdraagsaamheid

Liberaliste glo dat verdraagsaamheid 'n waarborg is vir individuele vryheid en ook 'n metode is van sosiale verryking. Verdraagsaamheid is die bereidwilligheid van mense om ander toe te laat om te dink, praat en op te tree op wyses waarvan jy mag verskil. Liberaliste beskou pluralisme in die vorm van morele, kulturele en politieke verskeidenheid as positief. Dit bevorder debat en intellektuele ontwikkeling deur te verseker dat alle standpunte getoets kan word (Heywood, 2007:46). Indien verdraagsaamheid nie bestaan nie, word dit nodig om te besluit watter standpunte toelaatbaar is en watter nie, en sal 'n persoon of groep aangewys moet word wat onfeilbare kennis het van die waarheid en die goeie en word die individu sy denke ontnem (Koerner, 1985:158). Liberaliste is van mening dat daar 'n natuurlike harmonie bestaan tussen teenoorgestelde standpunte en belange en verwerp die idee van onversoenbaarheid (Heywood, 2007:46).

2.3.1.7 Instemming

Die liberale beskouing is dat gesag en sosiale verhoudings altyd gebaseer behoort te wees op instemming of vrywillige ooreenkoms. Die regering moet daarom gebaseer wees op die 'instemming van die wat regeer word'. Instemming is die doktrine wat

⁷ 'n Meritokrasie beteken om regeer te word deur die talentvolles. Die beginsel is dat beloning en posisies gegee en gevul word op die basis van bevoegdheid (Heywood, 2007:46).

liberaliste aanspoor om ten gunste van verteenwoordiging en demokrasie te wees (Seliger, 1968:70). Selfs sosiale verenigings of sportklubs word gevorm deur ooreenkomste met die instemming van individue wat hulle eiebelang bevorder. Hieruit ontstaan gesag van grondvlak na bo en is gevestig op legitimiteit (Heywood, 2007:46).

2.3.1.8 Konstitusionalisme

Liberaliste erken regerings as 'n noodsaaklike waarborg vir orde en stabiliteit in die samelewing. Vir hulle is daar egter die gevaar dat die regering 'n tirannie teen die individu kan word, en glo daarom in beperkte regering. Beperkte regering word bereik deur die fragmentering van regeringsgesag en die aanvaarding van 'n geskrewe Grondwet (Konstitusie) met 'n akte van menseregte wat die verhouding tussen die staat en die individu reël (Seliger, 1968:328-330).

Gesien vanuit hierdie filosofiese vertrekpunte op fundamentele vlak het liberalisme tot uiting gekom op die werkende vlak as 'n opstand teen die dogma (leerstelling) en gesag van die kerk as die bewaarder van dogmatiese geloof. In baie gevalle het dit gelei tot opstand teen alle geloof in die bonatuurlike. Dit het begin by die stelling dat die individu die reg het om, deur rasionele denke en rede, 'gedwonge geloof' te kan bevraagteken. Hierdeur is aanvaar dat alles verduidelik kan word deur rede (rasionele denke) en dat niks as die waarheid aanvaar kan word indien dit nie deur wetenskaplike metodes deur natuurwette bewys kan word nie (Pennock, 1950:10).

Ten spyte van die enkelterm 'liberalisme' het dit histories ontwikkel in twee vertakkings bekend as ekonomiese en politieke liberalisme (Hardin, 1999:41). Aan die ekonomiese kant was die liberalisme 'n opstand teen die uitgebreide netwerk van ekonomiese beperkinge en bevoorregting van die Middeleeuse leenstelsel, bekend as die feodalisme. Die filosofiese vertrekpunt was weereens individuele vryheid wat op werkende vlak die vryheid om handel te dryf, vryheid van beweging om jou dienste aan te bied op die basis van individuele onderhandeling, vryheid van ooreenkomste sluit en die vryheid van ondernemerskap, behels het (Pennock, 1950:11).

Vir hierdie studie is die politieke liberalisme primêr van belang en word dit vervolgens meer omvattend bespreek.

2.3.2 Politieke Liberalisme

Politiese liberalisme het begin in die sewentiende eeu in 'n poging om 'n sekulêre staat te vestig waarin godsdiensverskille verdra kon word. Dit het ook ontstaan as teenvoeter vir 'n universele geloofsbeskouing waarvan die voorstanders bereid was om dit selfs met geweld af te dwing (Hardin, 1999:41-42).

Die grondbeginsels (filosofiese vertrekpunte / elemente) van die liberalisme wat die basis vorm van die politieke liberalisme bestaan uit die belangrike samestellende elemente van vryheid en gelykheid, natuurlike regte, konstitusionalisme en instemming. Hierdie beginsels is aanvaar as die vanselfsprekende uitvloeisels ter erkenning van die individualisme. Gesamentlik kan die beginsels beskou word as die leer van beperkte regering (Pennock, 1950:13-14).

Een vertrekpunt vir liberaliste wat die korrupte monargieë van die feodale Europese samelewings wou vervang met 'n beter politieke stelsel, was om aan te dring op die herstel van die natuurlike regte van die mens. Ten opsigte van wat natuurlike regte behels, is die uiteensetting van John Locke die bekendste en dit het 'n groot invloed op die liberale ideologie gehad. Locke redeneer hoe die natuurstaat behoort te lyk, hoe die politieke stelsel moet funksioneer om nie natuurlike regte te skend nie, en wat die burgers kan doen indien die natuurlike regte wel geskend word. Locke se tese is die bron van sekere aanvaarde liberale regeringsbeginsels (Seliger, 1968:121-123). Hierdie beginsels is kortliks soos volg:

- i. Geen regering kan as legitiem beskou word nie, tensy dit regeer met die vrywillige instemming en toestemming van die burgers.
- ii. Die natuurlike regte van die individu moet teen arbitrêre optrede van die regering beskerm word.

- iii. Regerings moet by wyse van gereelde verkiesings verantwoording doen vir hulle optrede teenoor die burgers (Du Toit, 1987:46-47).
- iv. Regerings wat outoritêr optree deur individue se natuurlike regte te skend, of weier om algemene verkiesings te hou, mag deur 'n gewapende opstand omvergewerp word (Manning, 1976:63-65).

Wat presies die liberale denkskool beskou het as natuurlike regte het in beginsel op twee aspekte neergekom – eerstens die vryheid van die individu en tweedens die onderlinge gelykheid van individue. Locke het individuele vryheid beklemtoon, en natuurlike regte omskryf as '*life, liberty and property*' (Du Toit, 1987:47).

In die sewentiende en agtiende eeu is spesifieke vryhede of natuurlike regte waarop aangedring is, in verskeie 'akte van regte' in grondwetlike (konstitusionele) vorm deur state opgeneem. Die opstellers van die Amerikaanse Verklaring van Onafhanklikheid van 4 Julie 1776 het die onvervreembare regte van die individu beskryf as '*life, liberty and the pursuit of happiness*'. Hierdie spesifieke vryhede of natuurlike regte het behels dat sekere beperkings op die regering geplaas word en dat kontrole uitgeoefen word om te voorkom dat politieke mag misbruik word (Pennock, 1950:14-15). Bentham het egter die Amerikaanse Verklaring van Onafhanklikheid as 'n kookpot van verwarring en absurditeit beskou. Hy het nie aanvaar dat alle mense vry gebore is nie. Volgens hom was regte afgelei, want elke reg voorveronderstel 'n goedkeuring deur die gesag van die staat. Bentham se standpunt was dat die staat gelei moet word deur die belange van die grootste deel van die burgers, en nie deur die belange van sekere dele van die gemeenskap nie. Sy uitgangspunt was dat elke persoon moet tel as een, en nie meer as een nie. Hierdeur is die demokratiese basis van die filosofie van die utilitarisme gevorm wat later ontwikkel is deur James Mill en J. S. Mill (Bramsted & Melhuish, 1978:243).

Die regte wat beperkings geplaas het op die invloedssfeer van die regering was: (i) die reg op vryheid van geloofsoortuiging, (ii) die reg op die vryheid van spraak, die media en die vryheid om in die openbaar te kan vergader, (iii) die reg om petisies op te stel

waardeer griewe onder die loep geneem moet word, en (iv) die reg om eiendom te mag besit en om beskerm te word in die gebruik of verhandeling daarvan (Pennock, 1950:14).

Sekere regte het beperkings op die regering geplaas in die vorm van kontrole oor hoe die regering mag optree. Die belangrikste hiervan, hoewel eerder 'n breë beginsel as 'n spesifieke natuurlike reg, was regsoewereiniteit (*'rule of law'*). Hierdie beginsel het in die breë behels dat die regering optrede van die burgers sou reguleer deur wette wat: (i) algemeen geld, (ii) wat aan almal bekend is, (iii) wat onpartydig toegepas word, en (iv) nie terugwerkend is nie. Die beginsel van regsoewereiniteit was verder ondersteun deur spesifieke waarborge van regte soos die reg op: (i) 'n vinnige en regverdige verhoor, (ii) verhoor deur 'n jurie, en (iii) regverdige administratiewe prosedures wat op eiendom van toepassing is (Pennock, 1950:15).

Hoewel die uitoefening van bogenoemde regte beperkings geplaas het op die invloedseer van die regering en kontroles oor hoe die regering mag optree, het 'n verdere beginsel, die beginsel van die 'skeiding van magte', of die sogenaamde driedelingsleer, voorkom dat regerings hulle mag misbruik. Montesquieu het onderskeid getref tussen die uitvoerende, wetgewende en regsprekende gesag. Hy was van mening dat vryheid nie moontlik was sonder die skeiding van hierdie magte nie. In sy bekende *The Spirit of Laws* stel hy dit soos volg:

"There would be no liberty worth its name were the same man or the same body, whether from the nobles or of the people, to exercise those three powers, that of enacting laws, that of executing public resolutions, and of trying the causes of individuals." (Held, 2006:67.)

Montesquieu het die uitvoerende gesag gesien in die hande van die monargie. Volgens hom was beslissende leierskap, die skep van beleid, die effektiewe administrasie van die reg en die vermoë om duidelike politieke prioriteite volhoubaar te maak tekens van 'n goeie uitvoerende gesag (Held, 2006:68).

Hy was ook van mening dat die magte van die monargie deur wette beperk moet word. Die wetgewende gesag moet nie net die mag hê om beleid te oorweeg en wette te wysig nie, maar moet ook die reg hê om die uitvoerende gesag aanspreeklik en verantwoordbaar te hou vir onwettige optredes. Die wetgewende gesag moet die uitvoerende gesag se magte verder beperk deur fiskale beheer te hê oor die staat se fiskus, indien nodig moet dit die weermag kan ontbind of te kan beheer deur 'n jaarlikse begroting. Montesquieu het die wetgewende gesag verder in twee rade (huise) verdeel – een vir die edeles (titel verkry deur geboorte) en die ander vir die verteenwoordigers van die burgers. Hierdie verteenwoordigers is periodiek gekose lede van uitnemendheid wat dien as trustees van die kiesers se belange (simpatiek teenoor die kiesers, maar nie verantwoordbaar aan hulle nie). Die werking tussen die twee rade is dat die edeles ('nobles') die reg behou om wetgewing te verwerp, terwyl die verteenwoordigers ('commons') die mag het om wette te inisieer (Held, 2006:68).

Volgens Montesquieu moet die regsprekende gesag afsonderlik van hierdie twee liggame (uitvoerend en wetgewend) funksioneer. Locke het hiervan verskil en was van mening dat die regsprekende gesag 'n arm van die uitvoerende gesag moet wees, maar vir Montesquieu was die onafhanklikheid van die regsprekende gesag noodsaaklik vir die beskerming van die regte van individue. Sonder 'n onafhanklike regbank sou die burgers te doen kry met die mag van 'n gekombineerde aanklaer, regter en jurie waardeur die regte van die individue nie gewaarborg sou kon word nie. Die skeiding van staatsmagte was vir Montesquieu die bevordering van die reg op vryheid (Held, 2006:68).

Die pleitbesorgers van die politieke liberalisme was dit eens dat al die instrumente wat beperkinge op die gesag van die regering plaas, opgeneem moet word in die vorm van 'n geskrewe grondwet. Hoewel die idee van 'n geskrewe grondwet in Engeland ontstaan het, was dit destyds net in die VSA (Verenigde State van Amerika) waar die grondwet die gesag verkry het as hoogste wet en wat afdwingbaar was op alle instellings van die regering (Pennock, 1950:15-16). Die begrip "grondwet" (konstitusie) het in die Antieke Griekse tyd 'n breë betekenis gehad en 'n konstitusie (*politeia*) was enige vorm van

regering. In die moderne tyd het die term 'n eng betekenis en daar is bepaal dat dit 'n geskrewe dokument moet wees en deur die bevoegde wetgewende liggame aanvaar moet word (Hagopian, 1978:44-45).

Die laaste belangrike samestellende deel van die politieke liberalisme, die beginsel van instemmende regering, het gaandeweg ontwikkel. Soos reeds gemeld was een van Locke se liberale regeringsbeginsels die reg van die burgers om regerings, wat outoritêr optree en individue se natuurlike regte skend, met geweld omver te werp. Daar is aanvaar dat instemming stilswyend gegee is deur die burgers, maar indien die regering die voorwaardes van die instemming verbreek, het die burgers die reg op opstand gehad. Meer ordelike sanksie vir die beginsel van instemming is geleidelik ontwikkel in die vorm van instellings van verteenwoordigende regering. Die reg van die parlement as die enigste wetmakende liggaam en die enigste instelling wat belastings mag hef, is suksesvol gehandhaaf. Die reg van gewelddadige omverwerping van die regering is aangevul met die oortuiging in geleidelike, vreedsame verandering deur grondwetlike prosedures. Dit was egter aan die demokratiese beweging oorgelaat om die beginsel van verteenwoording tot sy logiese gevolge deur te trek (Pennock, 1950:16).

Samevattend kan gestel word dat politieke liberalisme behels dat die regte van die individu, naamlik die reg op vryheid, gelykheid, natuurlike regte en instemming, die beste beskerm kan word deur sekere beperkings en kontroles op die regering te plaas. Om te voorkom dat regerings arbitrêr optree, en om die individu teen tirannie te beskerm is die skeiding van magte noodsaaklik en genoemde regte behoort in 'n grondwet opgeneem te word. Die logiese en onvermydelike gevolg van die beginsels van die politieke liberalisme, soos hierbo gestel, is die vorming van liberaal-demokratiese regerings. Vervolgens word liberale demokrasie bespreek.

2.3.3 Die Liberale Demokrasie

Die ideologie van die liberalisme en sy stel waardes het feitlik op elke terrein van sosiale skakeling, hetsy ekonomies, maatskaplik, opvoedkundig, godsdienstig en polities, 'n invloed op moderne idees en praktyke in die Westerse Wêreld gehad. Op politieke gebied het dit bygedra tot die herlewing van die ideë van demokrasie wat die Antieke Grieke geformuleer het, en die herinterpretering daarvan. In die herinterpretering is sekere kenmerke wat die Antieke Grieke as die kernaspekte van demokrasie beskou het, verweef met die liberale politieke denke (Du Toit, 1987:53).

Die kernprobleem van die politieke liberale teorie (politieke liberalisme) was om die konsep van die staat as 'n onpersoonlike, wetlik omskrywende struktuur van mag te versoen met die nuwe siening van die regte, verbintenisse en verpligtinge van die burgers. Die dilemma vir meeste liberale en liberale demokratiese teorieë was om 'n balans te kry tussen mag teenoor regte, gesag teenoor die reg (juridies) en verpligtinge teenoor regte. Hoewel die staat die alleenreg op afdwingbare mag het om 'n basis te skep waarop 'vry handel', besigheid en die gesinslewe voorspoedig kan wees, moet die afdwingbare mag en regulering van so 'n aard wees dat dit nie met die politieke en sosiale vryhede van die individuele burgers inmeng nie (Held, 2006:59).

Verskeie filosowe soos Locke en ander politieke wetenskaplikes het bogenoemde vraagstuk aangepak. Twee politieke wetenskaplikes, naamlik J.A. Ranney⁸ en W. Kendall⁹ het die vraagstuk ondervang deur sekere beginsels te stel waaraan 'n regeringsvorm moet voldoen om demokraties te wees. Hierdie beginsels is (i) populêre soewereiniteit, (ii) politieke gelykheid, (iii) populêre verantwoording, en (iv) meerderheidsregering (Du Toit, 1987:53-54). Die beginsels word vervolgens kortliks bespreek.

⁸ J Austin Ranney (1920 – 2006) was 'n Amerikaanse politieke wetenskaplike en was 'n gesaghebbende ten opsigte van politieke partye en verkiesings (Web: <http://www.universityofcalifornia.edu/senate/inmemoriam/jaustinranneyjr.htm>).

⁹ W Kendall (1909 – 1967) was 'n Amerikaanse politieke wetenskaplike wat sy proefskrif geskryf het oor 'John Locke on majority rule' (Web: http://en.wikipedia.org/wiki/Willmoore_Kendall).

2.3.3.1 Populêre Soewereiniteit

Met soewereiniteit word bedoel die regerende mag van die staat. Die finale en hoogste gesag setel in daardie politieke deelnemer wat geen beperking op sy vermoë om te regeer, erken nie (Du Toit, 1987:54). Die staat oefen soewereiniteit uit wat beteken dit oefen absolute en onbeperkte mag uit deurdat dit verhewe staan bo alle ander instellings en groepe in die gemeenskap (Heywood, 2000:39).

Die vraag is dan watter politieke deelnemer(s) binne die staat gaan hierdie soewereine mag beheer en uitoefen, met ander woorde waar setel hierdie soewereiniteit? In 'n demokrasie setel die soewereiniteit in al die lede van die gemeenskap of die burgers in die staat. Die soewereine mag en beheer word dus uitgeoefen deur daardie burgers wat stem. Deur te stem, word die burgers 'n deelnemer binne die staat om soewereine mag uit te oefen. Politieke deelname word dus eerstens verkry deur stemreg, en uitgeoefen deur te stem. In die praktyk is daar wel beperkinge geplaas op sommige burgers rakende deelname (Heywood, 2007:73). Lede van die gemeenskap wat wel kwalifiseer om deel te neem aan die politieke proses, en daardeur toegang tot die soewereine mag verkry, is persone met die bereidwilligheid en bekwaamheid om die verantwoordelikhede van soewereiniteit te kan hanteer. Kinders onder 'n bepaalde ouderdom, geestelikversteurdes en kriminele oortreders, op grond van onbewese bekwaamheid, en vreemdelinge op grond van onbewese bereidwilligheid, verkry nie stemreg nie (Du Toit, 1987:54).

2.3.3.2 Politieke gelykheid

Vroeëre demokrate het die betekenis van die gelykheid van mense verskillend geïnterpreteer. Almal was dit egter met die basiese voorstel eens dat almal die gelyke reg het op vryheid en geluk en gelykheid voor die reg. Bertham se siening en die utilitarisme is reeds na verwys in 2.3.2 hierbo. Die verdere uitgangspunt was dat elkeen die beste beskermer was van sy eie vryheid slegs indien elkeen gelyke politieke mag

het. Politieke gelykheid is beskou as die waarborg van vryheid vir almal op gelyke basis (Pennock, 1950:17).

Indien soewereiniteit, soos hierbo aangetoon, in al die burgers van 'n staat setel, beteken dit dat elke individuele burger 'n gelyke geleentheid moet hê om aan die proses deel te neem waardeur besluit word oor hoe die burgers hulleself regeer. Omdat dit prakties onmoontlik is dat elke burger elke dag direk by regeringsbesluite betrek kan word, het die stelsel van regering deur verkose verteenwoordigers, wat namens die burgers besluit, 'n kenmerk van demokratiese regeringsvorme geword. Die burgers se rol in demokratiese besluitneming is verkry deurdat die burgers verteenwoordigers kies deur middel van die uitoefening van hulle stemreg (Du Toit, 1987:54).

Stemreg in sigself is geen waarborg van politieke gelykheid nie. Sekere vereistes moet nagekom word om te verseker dat stemreg politieke gelykheid verseker. Hierdie vereistes word deur Du Toit (1987:55) soos volg gestel:

- a) Elke burger moet stemreg hê.
- b) Die kiesstelsel, wat die reëls bepaal waarvolgens die stemme getel word om te bepaal wie die verkiesing wen, moet van so 'n aard wees dat dit verseker dat elke kieser se stem 'n gelyke gewig in die bepaling van die uitslag dra.
- c) Die kieser moet 'n keuse kan uitoefen tussen verskillende kandidate en partybeleide wat wesenlike alternatiewe behels.
- d) Elke kieser moet 'n gelyke geleentheid hê om inligting oor verskillende beleidsalternatiewe van deelnemende partye in te win. Dit impliseer vryheid van spraak, meningsuiting, om te vergader en persvryheid.
- e) Kiesers moet hulle eie vrye keuses kan maak sonder dat hulle onder druk geplaas word. Dit behels meestal geheime stemmings.

Indien bogenoemde vereistes nagekom word, kan die burgers ('demos') beskou word as 'n enkele, samebindende entiteit met 'n gemeenskaplike of kollektiewe belang. Hierdeur word 'n 'algemene wil' of 'kollektiewe wil' van die burgers geskep teenoor 'n 'private wil' van elke individu (Heywood, 2007:73). Dit veronderstel dat politieke

gelykheid die gelykheid van geleentheid behels; nie gelyke optrede nie. Elke persoon tree altyd in die beste belang van homself op en die beste manier om goeie regering te verseker, is deur elkeen 'n gelyke deel van politieke mag te gee deur middel van verteenwoordigende regering (Pennock, 1950:18).

2.3.3.3 *Populêre Verantwoording*

Wanneer die burgers die soewereine mag in die staat deur verkose verteenwoordigers besit, vereis 'n demokratiese regeringsvorm dat die burgers hierdie verteenwoordigers moet kan kontroleer. Hierdie kontrole bestaan daaruit dat daar: (a) prosedures is waardeur die burgers die verkose verteenwoordigers deurlopend kan inlig en op hoogte kan hou van hulle wense, (b) prosedures bestaan om toe te sien dat die verkose verteenwoordigers inderdaad volgens die wense en voorkeure van die burgers regeer, en (c) metodes bestaan om die verkose verteenwoordigers te dwing om rekenskap van hulle optrede te gee en om vervang kan word indien die burgers nie tevrede is met die verteenwoordiger nie. Dit sou beteken populêre soewereiniteit kan net behoorlik in stand gehou word in stelsels van verteenwoordigende regering wanneer sulke beginsels en praktyke van openbare verantwoording bestaan (Du Toit, 1987:56).

2.3.3.4 *Meerderheidsregering*

Wanneer die burgers van 'n demokrasie by selfregering betrek word en daar gekies moet word tussen twee beleidsalternatiewe, ontstaan die vraag wat gedoen moet word indien daar duidelike meningsverskille daarvoor onder die burgers bestaan. In die beskouing van die burgers ('demos') as 'n enkele, samebindende entiteit met 'n 'kollektiewe wil' word in die praktyk aanvaar dat die meerderheid se wil geld. In hierdie geval beteken dit dat in 'n demokrasie die beginsel van meerderheidsregering geld (Heywood, 2007:73).

Soos hierbo aangedui, was die kernprobleem van die politieke liberalisme om 'n balans te verkry tussen die magte van die staat en die regte en belange van die individu of

burgers. Voldoening aan die vereistes wat hier gestel is, poog om sodoende balans teweeg te bring. Wat die liberale demokrasie aanloklik maak, is volgens Hardin (1999:66) daarin geleë dat dit besluitneming desentraliseer en 'n regering minder, en nie meer, bevoegdheid gee om op te tree.

Daar moet gemeld word dat sterk meningsverskille onder politieke wetenskaplikes wel bestaan oor die beginsel van meerderheidsregering. Waar Ranney en Kendall (1956:1-56) van mening is dat die meerderheid 50% +1 van die burgers is, en hulle mening moet geld, word dit gekritiseer deur Herbert McClosky¹⁰ wat glo in beperkte meerderheidsregering. Die kern van McClosky (1949:643) se argument is dat wanneer die meerderheid politieke gelykheid en populêre soewereiniteit ondermyn, verval demokrasie. 'n Voorbeeld is die opkoms van Hitler se Nasionaal-Sosialistiese Duitse arbeidersparty wat binne 'n demokratiese regeringstelsel op 5 Maart 1933 die bewind verkry het en deur demokratiese prosedures die demokrasie vernietig het. Hierdie debat is steeds aktueel (Du Toit, 1987:56-57).

Samevattend uit bogenoemde kan **liberale demokrasie omskryf word as 'n vorm van demokratiese regering wat die beginsel van beperkte regering balanseer teenoor die ideaal van populêre instemming. Die liberale eienskappe word weerspieël in die netwerk van interne en eksterne kontroles op die regering wat ontwikkel is om die vryheid van die burgers te waarborg en hulle teen die staat te beskerm. Die demokratiese eienskappe is gebaseer op 'n stelsel van gereelde en kompeterende verkiesings, uitgevoer op die basis van algemene stemreg en politieke gelykheid.** Hoewel liberale demokrasie 'n politieke beginsel omskryf, word hierdie term tans algemeen gebruik om 'n bepaalde regeringstelsel te beskryf (Heywood, 2007:30).

In paragraaf 2.2 oor die historiese ontwikkeling van die demokrasie is dit gestel dat die ideaal van die Antieke Grieke deel gebly het van die Westerse politieke denke en dat dit vanaf die sewentiende eeu geherinterpreteer is deur die liberale denkers soos hierbo

¹⁰ Herbert McClosky (1916-2006) was 'n politieke wetenskaplike en professor by die Universiteit van Kalifornië en is beskou as 'n pionier in die navorsing van politieke gedrag (Web: http://berkeley.edu/news/media/releases/2006/03/16_mcclosky.shtml).

aangedui. Soos die liberale denkers die Antieke Grieke se ideale geherinterpreteer het, so het moderne filosowe en politieke wetenskaplikes in die negentiende en twintigste eeu ook die liberalisme geherinterpreteer. Nuwe betekenis is gegee aan die klassieke liberale denke en in die laat-negentiende eeu het liberalisme verdeel in klassieke en moderne liberalisme. Die moderne liberalisme het bygedra tot die ontwikkeling van die moderne demokrasie. Die kernverskil tussen die klassieke en moderne liberalisme is dat in die klassieke liberalisme die staat se invloed minimaal en selfs uitgehou was uit die markstelsel, maar in die moderne liberalisme die staat se invloed vergroot word om die burgers te beskerm teen uitbuiting en 'n onregverdigte ekonomiese stelsel (Roskin *et al.*, 2012:42). Die ontwikkeling van die moderne demokrasie word vervolgens bespreek.

2.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE MODERNE DEMOKRASIE

In sy vergelyking van Griekse demokrasie met moderne demokrasie verklaar Giovanni Sartori¹¹ dat oor 'n tydperk van 2400 jaar dit logies is dat demokrasie verskillende betekenis sou verkry weens verskillende historiese kontekste en verskillende ideale. Wat die Grieke nagestreef het onder demokrasie verskil van die moderne strewes. Oor 'n tydperk van meer as twee duisend jaar het die Westerse beskawing Christelikheid, humanisme, die Reformasie, die konsep van natuurlike regte en liberalisme ervaar en sy waardebepalings meer verryk en daarby aangepas (Sartori, 1987:278-279).

'n Goeie vertrekpunt vanwaar demokrasie ontwikkel het tot moderne demokrasie, is deur Abraham Lincoln se aanhaling te gebruik wat hy in die Gettysburg Rede, wat hy in 1864 in die Amerikaanse burgeroorlog gelewer het, naamlik '*regering van die mense, deur die mense en vir die mense*'. Die aanhaling beklemtoon drie eienskappe van demokrasie. Eerstens impliseer, die klem op '*van*' die mense politieke gelykheid en gelyke verspreiding van politieke mag en invloed. Tweedens beklemtoon regering '*deur*' die mense die belangrikheid van populêre deelname. Derdens beklemtoon regering '*vir*' die mense die feit dat demokrasie veronderstel is om in die openbare belang te regeer (Heywood, 2007:72).

¹¹ Giovanni Sartori (1924 -) is 'n Italiaanse politieke wetenskaplike en professor aan die Universiteit van Florence en sy studieveld is demokrasie, partye en partystelsels (Web: http://en.wikipedia.org/wiki/Giovanni_Sartori).

In 1942 het Joseph Schumpeter¹² in sy studie *Capitalism, Socialism and Democracy* die tekortkominge van die klassieke teorie van demokrasie, wat demokrasie gedefinieer het ooreenkomstig 'die wil van die mense' en die 'algemene belang', uitgespel. Hy het die klassieke benadering basies verwerp en het 'n proseduriële benadering tot demokrasie gevolg en met 'n 'ander teorie van demokrasie' gekom wat hy die demokratiese metode genoem het. Schumpeter (1976:280) argumenteer soos volg:

“The democratic method is that institutional arrangement for arriving at political decisions in which individuals acquire the power to decide by means of a competitive struggle for the people’s vote”.

Hierdie demokratiese metode, volgens hom, was 'daardie institusionele reëlings om 'n bepaalde politieke besluit te neem en waar individue die mag verkry om te kan besluit deur wedywing vir die mense se stemme'.

In die twintigste eeu (sewentigerjare) het teoretici toenemend Schumpeter gevolg en onderskeid getref tussen rasionalistiese, utopiese, idealistiese benaderings tot demokrasie en empiriese, beskrywende, institusionele en proseduriële benaderings tot demokrasie. Die rasionalistiese, utopiese en idealistiese benadering was kenmerkend van die teorie van die klassieke liberalisme. Huntington volg die proseduriële benadering tot demokrasie en daarvolgens onderskei hy twee noodsaaklike demokrasie-elemente, naamlik mededinging (wedywing) en deelneming. Vir Huntington word by mededinging en deelneming die regte van persoonlike en politieke vryheid van spraak, vryheid van publikasie, vryheid om te vergader en die vryheid om te organiseer, ingesluit. Al hierdie regte word as noodsaaklik beskou vir politieke debat en optredes in verkiesingsveldtogte (Huntington, 1991:6-7).

Hierdie proseduriële benadering van Huntington verskaf verskeie maatstawwe om te bepaal in watter mate 'n politieke stelsel demokraties is of nie. 'n Politieke stelsel is

¹² Joseph Alios Schumpeter (1883 – 1950) was 'n Oostenrykse Amerikaanse ekonoom en politieke wetenskaplike en professor in ekonomie aan verskeie universiteite. Hy was ook minister van finansies in 1919 in Oostenryk en emigreer na die VSA in 1932 (Web: <http://www.econlib.org/library/Enc/bios/Schumpeter.html>).

byvoorbeeld ondemokraties as 'n deel van sy bevolking uitgesluit word van deelname en nie mag stem nie. 'n Politieke stelsel is eweneens ondemokraties as opposisie nie toegelaat word in verkiesings nie, of as opposisiekoeerante gesensor of verbied word, of as stemme by die uitslag gemanipuleer of nie getel word nie. Vir Huntington (1991:7) is 'n politieke stelsel in die twintigste eeu demokraties wanneer die magtige kollektiewe besluitnemers (regering) verkies word deur regverdige, eerlike en periodieke verkiesings waarin die kandidate vrylik deelneem en wedywer vir stemme en basies alle volwasse lede van die bevolking stemgeregtig is. Huntington (1991:7) stel dit soos volg:

“... defines a twentieth-century political system as democratic to the extent that its most powerful collective decision makers are selected through fair, honest and periodic elections in which candidates freely compete for votes and in which virtually all the adult population is eligible to vote”.

Die elemente van mededinging en deelneming maak dit in 'n demokrasie vir die individu moontlik om sy eie doelwitte te bepaal en dit vrylik na te streef. Om dit vrylik te kan nastreef moet daar vryheid van spraak, vryheid van die pers, vryheid van assosiasie en die vryheid om te vergader wees (Heard, 1961:9). Deelname as 'n belangrike element in die definiëring van demokrasie skep 'n rasionaal in die bepaling van die vlak van demokrasie in 'n gemeenskap. Indien deelname in verkiesings beperk word deur byvoorbeeld sekere burgers van verkiesings uit te sluit verlaag die vlak van demokrasie en kan selfs 'n ondemokratiese regering daarstel (Cohen, 1971:7). Die element van deelname word so belangrik geag dat in die laat-tagtijs van die twintigste eeu vry-en-regverdige verkiesingskriteria deur die Verenigde Nasies opgestel is waaraan state se verkiesings moet voldoen om as demokraties beskou te word. Verkiesings in state word ook toenemend waargeneem deur internasionale waarnemers wat dan die kriteria aanlê om te bepaal of 'n verkiesing vry en regverdig was (Huntington, 1991:7-8).

Uit bogenoemde kan **moderne demokrasie gedefinieer word as 'n politieke stelsel waarin 'n regering verkies word deur middel van vry en regverdige verkiesings wat gereeld plaasvind, waarin die kandidate op gelyke basis vrylik kan deelneem**

en kan wedywer om stemme te wen, en basies alle volwasse lede van die bevolking stemgeregtig is.

In die moderne wêreld is almal ten gunste van demokrasie en in die politieke konteks wil regeerders daarop aanspraak maak dat hulle demokraties is (Beetham, 2005:1). In die hedendaagse moderne politiek skep demokrasie ook 'n beeld van legitimiteit. Reëls, wette, beleid en besluite deur regerings kom as aanvaarbaar en geregverdig voor indien dit demokraties is (Krieger, 1993:220). Omdat die begrip '*demokrasie*' feitlik universeel aanvaar word as 'n politieke legitimiteitsbeginsel, gebruik allerhande twyfelagtige regimes demokrasie om hul legitimiteitsaansprake te regverdig. Die praktiese gevolg hiervan is dat die demokrasie-etiket óf so sonder onderskeid gebruik word dat dit betekeloos word óf so aangepas word om aansprake daarop te vergemaklik dat dit straks onherkenbaar word (Faure & Kriek, 1984:33).

Deel van hierdie interpreteringsprobleem is dat daar verskeie beginsels (elemente) in die begrip demokrasie bestaan. Hierdie verskillende beginsels lei in die praktyk daartoe dat persone en politieke wetenskaplikes een beginsel daarvan isoleer en hanteer asof dit die volle omvang van demokrasie verteenwoordig, en dan die begrip demokrasie verskillend interpreteer (Beetham, 2005:1).

Deur hierdie verskillende interpreterings van demokrasie kan verskillende vorme (tipes / modelle) van demokrasie geïdentifiseer word. Vervolgens word 'n tipologie van demokrasieë kortliks aangeraak as grondslag vir die konseptualisering van kiesstelsels.

2.5 'N TIPOLOGIE VAN DEMOKRASIEË

Debatte oor die aard van demokrasie sentreer basies om drie aspekte. Eerstens, wie die burgers is en in watter mate politieke mag versprei moet word. Tweedens, of die burgers hulleself moet regeer, of die regering van die staat in die hande van politici wat aanspraak maak daarop dat hulle die burgers verteenwoordig, gelaat moet word.

Derdens, in watter sake dit gepas is om 'n kollektiewe besluit deur demokratiese prosesse te bereik (Heywood, 207:87).

Vir doeleindes van hierdie studie is die tweede beginsel van groter belang en word 'n tipologie van demokrasieë daarvolgens uiteengesit. Die meeste demokrasie-begrippe is gebaseer op die tweede beginsel van '*regeer deur die mense*' wat impliseer dat burgers hulleself regeer en dat hulle aan regeringsbesluite deelneem. Die wyse van deelname van '*die mense*' kan verskeie vorme aanneem, waarop sekere vorme van demokrasie onderskei kan word. Daar is basies drie vorme van demokrasie, wat gebaseer is op die beginsel van demokratiese deelname van die burgers. Die eerste is **direkte of deelnemende demokrasie**, die tweede is **indirekte of verteenwoordigende demokrasie** en die derde is die sogenaamde **eenparty-demokrasie** (Held, 1993:220).

2.5.1 Direkte of Deelnemende Demokrasie

Hierdie vorm van demokrasie plaas die beheer van regering in die hande van die burgers self. Die beginsel wat hier geld, is dat die burgery van 'n staat self die besluite ten opsigte van politieke aangeleenthede kan neem, hetsy deur referendums, dorps- of stadsvergaderings, ander inisiatiewe van die burgers of enige ander direkte metode (Dalton *et al.* 2001:142). Direkte demokrasie, volgens Heywood (2007:74), is gebaseer op die direkte, regstreekse en deurlopende deelname van burgers in die werking en take van die regering. Direkte demokrasie vervaag dus die onderskeid tussen regering en die wat regeer word en tussen staat en die burgerlike samelewing en is dus 'n stelsel van populêre selfregering. Direkte demokrasie is in antieke Athene bereik deur 'n vorm van regering deur massavergaderings. 'n Moderne manifestering hiervan is die hou van referendums (Heywood, 2007:74).

Die mees algemene kritiek teen direkte demokrasie is dat dit in 'n groot staatsbestel nie effektief kan funksioneer nie. Aan die positiewe kant kan die uitbreiding van die politieke rol van gewone burgers voordelige gevolge hê en die legitimiteit van die politieke proses bevorder. Wanneer die publiek se vertrouensvlakke in die basiese elemente van die

partystelsel, soos vertroue in politieke partye en politici, laag is, kan direkte demokrasie nuwe vertroue in die stelsel aanwakker. In Wes-Europa word die benadering van direkte demokrasie toenemend gevolg om konflik tussen partyleiers te besleg deur kontensieuse sake na die burgers te verwys deur referendums te hou (Dalton *et al.* 2001:149-150). In Brittanje is sedert 1973 nege referendums gehou waarvan een oor lidmaatskap van die Europese Unie gehou is en die uitslag ten gunste van die lidmaatskap was (UK Parliament, 2013). In Switserland is 'n referendum verpligtend vir enige verandering van die grondwet en indien 50 000 of meer burgers daarvoor vra, moet 'n wet hersien word (Direct Democracy, 2005). Hierdeur word referendums as 'n sterker bron van politieke legitimiteit beskou om kontensieuse sake op te los.

Sekere aspekte uit die Switserse en Amerikaanse ervarings dui daarop dat direkte demokrasie 'n instrument kan word vir misbruik deur meerderhede teen ongewilde minderhede. 'n Voorbeeld is waar 'n polities gemobiliseerde Europese burgery beleid kan afdwing wat beperkings plaas op immigrasie en die regte van buitelandse inwoners. Breedweg kan direkte demokrasie 'n regstreekse instrument word vir politieke partye of regerings om openbare steun te werf vir 'n sekere beleid. Direkte demokrasie kan maklik plebissiete demokrasie word (Dalton *et al.*, 2001:150-151).

Heywood (2007:75) omskryf plebissiete demokrasie as 'n tipe direkte demokrasie en 'n demokratiese regering wat funksioneer deur 'n regstreekse skakel tussen regeerders en die burgery (wat regeer word), gevestig deur plebissiete (of referendums). Die kritiek teen plebissiete demokrasie is dat dit 'n geleentheid skep vir opswepery. Politieke leiers en regerings kan die massas (burgers) manipuleer deur oratoriese toesprake tot hulle eie voordeel. Hierdeur kan diktators ook populistiese steun bekom om tot eie voordeel te regeer.

In 'n direkte demokrasie behels populêre deelname dus direkte en deurlopende betrokkenheid by besluitneming van die regering deur instrumente soos referendums, massavergaderings en selfs interaktiewe televisie (Heywood, 2007:73).

2.5.2 Indirekte of Verteenwoordigende Demokrasie

Die alternatief vir direkte demokrasie is indirekte demokrasie. In 'n indirekte demokrasie geskied demokratiese deelname van die burgers deur die uitoefening van hulle stemreg in verkiesings. Hierdie wyse van demokratiese deelname vorm die kerneienskap van verteenwoordigende demokrasie, daarom word verwys na indirekte of verteenwoordigende demokrasie. Die burgers van 'n staat neem deel aan verkiesings waardeur hulle deelname in die regering verseker word (Heywood, 2007:73-74).

Hierdie vorm van demokrasie is volgens Shafritz *et al.* (1993:208) 'n regering waarin die burgery deur middel van verteenwoordigers regeer, wat periodiek herverkies moet word om hulle verantwoordbaar te hou. Held (1993:220) omskryf verteenwoordigende demokrasie as 'n regeringsvorm van gekose lede (verteenwoordigers) wat onderneem om die belange en standpunte van die burgery te verteenwoordig binne die raamwerk van 'n regstaat (*rule of law*).¹³ Verteenwoordigende demokrasie is 'n beperkte vorm van demokrasie omdat die deelname van die burgers (kiesers) in die regering ongereeld en kort is en beperk word deur in verkiesings te stem. Dit is indirek deurdad die burgers nie self die mag uitoefen nie, maar bloot verteenwoordigers kies wat namens hulle sal regeer. Hierdie vorm van regering is demokraties slegs indien verkiesings gereeld en kompetend is en in soverre verteenwoordiging 'n betroubare en effektiewe skakel vorm tussen die regering en die kiesers of burgers. Hierdie skakel word soms uitgedruk in die term kiesersmandaat (Heywood, 2007:74).

Sartori (1987:280) beskou die verskil tussen direkte en indirekte (verteenwoordigende) demokrasie as radikaal. Direkte demokrasie bied deurlopende deelname van die burgers in die direkte uitoefening van mag, terwyl verteenwoordigende demokrasie grootliks 'n stelsel is wat politieke mag beperk en beheer. Cohen (1971:76) beskou die verskil as algemeen en redelik en dit is 'n geval van burgers neem óf self aan die regeringsproses deel óf aan die kies van ander wat namens hulle regeer.

¹³ "There is liberal or representative democracy, a system of rule embracing elected officers who undertake to represent the interests or views of citizens within the framework of the rule of law." (Held, 1993:220).

Hierdie vorm van demokrasie is meer relevant in die verdere navorsing van hierdie studie en word later vollediger behandel.

2.5.3 Eenparty-Demokrasie

'n Eenparty-demokrasie verwys, volgens Held (1993:220), na 'n situasie waarin 'n enkele politieke party legitimiteit aan die wil van die meerderheid verleen. In hierdie vorm van demokrasie kan kiesers vir verskillende kandidate met verskillende standpunte stem, terwyl al die kandidate aan slegs een politieke party behoort. Die burgers het dus steeds deelname aan die regering deur die gekose kandidate. Voorbeelde is Oos-Europese state (Kommunistiese state) en Derdewêreld-state. Held (1993:220) erken dat sommige politieke wetenskaplikes die geldigheid of geloofwaardigheid van hierdie vorm van demokrasie sal betwyfel. Of kandidate toegelaat word om 'n ander beleidstandpunt as die politieke party waaraan almal behoort, te kan hê, word bevraagteken. Hierdie vorm van demokrasie kan maklik in diktatorskap oorskakel.

Wêreldwyd is daar voortgesette debat oor watter vorm van demokrasie die beste in die praktyk werk. Daar is egter algemene aanvaarding in die wêreld van 'n bepaalde vorm van demokrasie, genaamd liberale demokrasie. Liberale demokrasie is 'n wye term weens spesifieke kerneienskappe (wat hieronder bespreek sal word) en is 'n indirekte of verteenwoordigende demokrasie. Die praktyk het in die moderne wêreld ontstaan om te verwys na liberale of verteenwoordigende demokrasie (Heywood, 2007:81).

Benewens bogenoemde drie vorme van demokrasie het politieke wetenskaplikes verdere beskrywende inhoud gegee aan die term demokrasie deur 'n byvoeglike naamwoord te gebruik om die tipe demokrasie aan te dui (Barry, 2000:278). Ten opsigte van verteenwoordigende demokrasie word ook die volgende tipes demokrasieë onderskei:

a. Parlementêre demokrasie

Parlementêre demokrasie is 'n vorm van demokratiese regering wat regeer deur 'n populêre beraadslagende vergadering (parlement), wat 'n indirekte verbinding skep tussen die regering en die burgers. Demokrasie in hierdie geval beteken verantwoordelike en verteenwoordigende regering. Parlementêre demokrasie balanseer populêre deelname teenoor die mag van die regering. Die regering is nie verantwoordbaar aan die burgers nie, maar aan die burgers se verteenwoordigers in die parlement (Heywood, 2007:80).

b. Pluralistiese demokrasie

Die term pluralistiese demokrasie word afwisselend met liberale demokrasie gebruik om 'n demokratiese stelsel aan te dui wat gebaseer is op wedersydse kompetisie in verkiesings tussen 'n aantal politieke partye. Meer spesifiek is die kompetisie eerder tussen sekere belangegroepes. Die deelname en die wil van die burgers vind plaas deur georganiseerde groepe, en die groep se belange word in die vorm van gewilde eise geartikuleer om 'n ontvanklike regering te verseker. As sodanig kan dit beskou word as 'n alternatief vir parlementêre demokrasie en 'n sekere vorm van meerderheidsregering. 'n Belangrike vereiste is 'n neutrale staatsdiens wat gefragmenteer is om toegang aan die verskillende groepe te verleen (Heywood, 2007:83). 'n Nadeel van hierdie stelsel is dat die groepe en instellings dikwels verbroekel indien die gemeenskaplike belang nie sterk genoeg samebinding in die groep verseker nie. Die belange van die groepe is soms eng en verhoed daardeur dat die stelsel nuwe uitdagings kan hanteer (Shafritz *et al.*, 1993:208).


c. Grondwetlike (konstitusionele) demokrasie

In 'n grondwetlike demokrasie bepaal die grondwet van die staat die magte en bevoegdhede van die regering. Die magte van die regering word dus beperk deur 'n grondwet (Shafritz *et al.*, 2003:207). In 'n grondwetlike demokrasie word verteenwoordigers verkies deur gereelde verkiesings, waar alle volwassenes stemreg het met 'n keuse tussen meer as een kandidaat en waar die wetmakende funksie die prerogatief van die gekose lede is. In 'n grondwetlike demokrasie kan die voorskrifte wat

die wetgewende proses reguleer en die magte van die regering beperk, nie deur normale prosedures gewysig word nie. Vir wysigings van die grondwet moet spesiale proseduriële vereistes nagekom word ooreenkomstig die bepalings in die grondwet (Kis, 2003:1). Gewoonlik word 'n gewone meerderheid (50% + 1) van lede van 'n parlement vir aanvaarding en wysiging van gewone wetgewing vereis, maar in die geval van 'n wysiging van die grondwet word gewoonlik 'n twee-derde meerderheid van die lede in die parlement vereis. Die Grondwet van Suid-Afrika vereis in artikel 74 van die Grondwet dat artikel 1 van die Grondwet slegs met 'n meerderheid van 75% van die lede van die Nasionale Vergadering gewysig mag word (Grondwet, 1996).

Bogenoemde is sekere vorme van demokrasie gebaseer op die element van politieke deelname van die burgers. In Figuur 3 word hierdie tipologie van demokrasie soos volg voorgestel:

Figuur 3: 'n Tipologie van demokrasie volgens die demokratiese element van "politieke deelname"



Daar moet gemeld word dat ander vorme van demokrasie gebaseer op die ander elemente van demokrasie, byvoorbeeld 'wie is die mense', ook deur politieke

wetenskaplikes geïdentifiseer word. Vir doeleindes van hierdie studie is die deelname van die burgers belangrik omdat kiesstelsels daaruit voortspruit en word daar volstaan by bogenoemde tipologie van demokrasie. Suid-Afrika is ooreenkomstig die drie basiese vorme van demokrasie wat bespreek is, 'n liberale of verteenwoordigende demokrasie.

Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel is die fokus van hierdie studie, en omdat kiesstelsels voortspruit uit die deelname van die burgers in die kies van hulle verteenwoordigers in 'n liberale of verteenwoordigende demokrasie, is 'n verdere analise hiervan nodig. Burgers kies hulle verteenwoordigers in verkiesings en die kiesstelsel bepaal onder andere die reëls van die verkiesing. Ooreenkomstig die genoemde tipologie is Suid-Afrika ook 'n verteenwoordigende demokrasie en ten einde 'n behoorlike begrip van die werking van die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel te verkry word die liberale of verteenwoordigende demokrasie vervolgens geanaliseer vir verdere toepassing in hierdie studie.

2.6 DIE LIBERALE OF VERTEENWOORDIGENDE DEMOKRASIE

2.6.1 'n Konseptualisering van die Begrip Liberale of Verteenwoordigende Demokrasie

Soos in 2.3 hierbo gestel, is liberalisme in die negentiende en twintigste eeu geherinterpreteer. In hierdie herinterpretering het die liberale en demokratiese ideale volgens sommige politieke wetenskaplikes vermeng geraak en hierdie vermenging het misverstande laat ontstaan. Die misverstande het toegeneem weens skrywers wat die klem op óf liberalisme óf demokrasie geplaas het. Soms is die term demokrasie gebruik om na liberale demokrasie te verwys en soms om slegs na demokrasie te verwys (Sartori, 1987:367).

In die geval van liberale demokrasie is al die kenmerke van liberalisme daaraan toegeskryf en is die demokratiese ideaal voorgestel as 'n ideaal van politieke vryheid. In

die geval van demokrasie is liberalisme en demokrasie geskei met die gevolg dat politieke gelykheid weer die demokratiese ideaal is. Die demokratiese ideaal in liberale demokrasie is dus politieke vryheid en in demokrasie is dit politieke gelykheid. Beide is korrek en wys op twee fasette van die probleem, naamlik dat politieke vryheid die vereiste element van liberale demokrasie is, maar nie die vereiste element van demokrasie *per se* nie (Sartori, 1987:368).

Moderne demokrasie, met al sy elemente, soos gedefinieer in 2.4 hierbo, word voorgedra as die ideale politieke stelsel. Dit sluit aan by wat Mill (1862:80), die bekende utilitaris, stel as die ideale tipe regering. Hy stel dit soos volg:

“From these accumulated considerations it is evident that the only government which can fully satisfy all the exigencies of the social state is one in which the whole people participate, that any participation, even in the smallest public function is useful that the participation should everywhere be as great as the general degree of improvement of the community will allow, and that nothing less can be ultimately desirable than the admission of all to a share in the sovereign power of the state. But since all cannot in a community exceeding a single small town participate personally in any but some very minor portions of the public business, it follows that the ideal type of a perfect government must be representative.”

Deur die “inenting” van verteenwoordiging op demokrasie is 'n regeringstelsel geskep wat die vermoë het om die verskillende belange van die hele bevolking in al die streke (gebiede) in 'n staat, in te sluit. Verteenwoordigende demokrasie kan beskou word as beide verantwoordbare en aanvaarbare regering met die vooruitsig van stabiliteit in 'n staat vir lang tydperke (Held, 2006:94).

In 'n liberale of verteenwoordigende demokrasie word die ‘liberale’ eienskappe gevind in die netwerk van interne en eksterne beheer en kontroles, soos die skeiding van magte en regsoewereiniteit (*‘rule of law’*), op die regering om vryheid te verseker en die burgers teen die staat te beskerm. Die ‘demokratiese’ eienskappe is gebaseer op 'n

stelsel van gereelde en kompeterende verkiesings gebaseer op algemene stemreg en politieke gelykheid (Heywood, 2000:169).

In hierdie studie sal die term verteenwoordigende demokrasie voortaan gebruik word wat die konsep liberale verteenwoordigende demokrasie insluit.

2.6.2 Kenmerke en Eienskappe van Verteenwoordigende Demokrasie

Daar is sekere spesifieke kenmerke en eienskappe van 'n verteenwoordigende demokrasie wat dit onderskei van ander vorme van demokrasie. Hierdie kenmerke en eienskappe is volgens Roskin *et al.* (2012:100-104) soos volg:

2.6.2.1 Verantwoording deur die Regering

Beleidmakers en regeringslede word in hulle posisies verkies deur die meerderheid kiesers. Niemand kan 'n gesagsposisie beklee tensy hy/sy deur 'n vry en regverdige verkiesing daartoe verkies is nie. Omdat verkiesings op 'n periodieke basis plaasvind, is die regeringslede met 'n volgende verkiesing afhanklik van die steun van die kiesers. Om dit te verseker moet die wil van die kiesers nagevolg word en hierdeur word verantwoording deur die regering aan die kiesers verseker. Hierdie verantwoording is 'n belangrike beginsel in die liberale demokrasie.

2.6.2.2 Politieke Mededinging

In 'n verkiesing moet kiesers 'n keuse hê tussen verskillende kandidate en/of partye, wat beteken dat daar 'n minimum van twee onderskeibare alternatiewe moet wees. Politieke partye en kandidate moet meeding om die steun van die meerderheid kiesers te kry. Hiervoor moet die partye en kandidate die tyd en die vryheid hê om hulle voor die aanbreek van 'n verkiesing aan die kiesers bekend te stel. Hierdeur kan kiesers 'n meer ingeligte keuse maak rakende wie om voor te stem. Politieke mededinging is deel van

die beginsel van politieke gelykheid in die liberale demokrasie. Hierdeur verseker stemreg ook politieke gelykheid.

2.6.2.3 Afwisseling van regering

Demokrasie moet die vermoë hê om regeringsverandering te kan bewerkstellig. Die lede van die regering moet op 'n vreedsame en legitieme wyse by geleentheid afgewissel word. Die belangrikheid van die afwisseling is om korrupsie en gevestigde belang te voorkom. Indien dieselfde lede elke verkiesing wen en die regering vorm kan hulle die indruk kry dat hulle onaantasbaar is en gevolglik hulle openbare posisies misbruik. Opposisiepartye wat hamer op korrupsie is 'n effektiewe teenvoeter vir die menslike geneigdheid om openbare posisies te wil misbruik.

2.6.2.4 Verteenwoordigers moet onseker wees van herverkiesing

Gekoppel aan wisseling van regering moet dit vooraf onvoorspelbaar wees watter party en/of kandidaat (verteenwoordiger) verkies gaan word. Stemming deur groepe gebaseer op stamme, godsdiens, sosiale klas of streke moet nie outomaties vir 'n bepaalde party of kandidaat wees nie. In sulke gevalle kan 'n staat vasval in bitterheid en onverdraagsaamheid.

2.6.2.5 Populêre verteenwoordiging

Kiesers kies verteenwoordigers om as wetgewerlede op te tree, en as sodanig, die stem en algemene belang van die kiesers te wees en die belang te beskerm. Dit beteken dat sekere meganismes moet bestaan waardeur die verteenwoordigers die kiesers op hoogte hou van hulle besluite, en andersom. Kiesers moet verteenwoordigers op hoogte hou van hulle wense en standpunte. Volgens Powell, Jnr. (2001:1) moet die optredes van beleidmakers gehoor gee aan die wense van die burgers en daarvoor is institusionele reëls nodig wat die beskikbaarheid van inligting insluit. Dit beteken nie dat verteenwoordigers figurante van kiesers word en net sekere kiesers se wil uitvoer nie.

Verteenwoordigers se optrede moet wees in die algemene belang van die kiesers wat die rigting van die regering beheer. Populêre verantwoording as beginsel van die liberale demokrasie sluit populêre verteenwoordiging in.

2.6.2.6 Meerderheidsbesluite

Meerderheidsbesluite vestig die beginsel in die liberale demokrasie van meerderheidsregering. Besluite word deur die meerderheid geneem, maar met respek vir minderheidsregte. Indien minderhede se sieninge en belange deur die meerderheid se wil onderdruk en verswyg word, word die wil van die meerderheid 'n 'tirannie van die meerderheid'. Daar moet gewaak word daarteen dat die meerderheidsbesluite die politieke regte van minderhede aantast.

2.6.2.7 Meningsverskil en burgerlike ongehoorsaamheid

Hierdie eienskap van verteenwoordigende demokrasie is een van die beginsels wat Locke stel as 'n aanvaarbare regeringsbeginsel van politieke liberalisme en waardeur natuurlike regte beskerm kan word. In die moderne politiek het elkeen die reg om van die regering te verskil en dit teen te staan, maar burgerlike ongehoorsaamheid moet nie gewelddadig wees nie en nie die algemene regterlike gesag verbreek nie. Dit beteken die burgerlike ongehoorsaamheid en optrede moet nie sodanig wees dat sekere wette oortree word nie.

2.6.2.8 Politieke gelykheid

Politiese gelykheid beteken dat elke individu 'n gelyke geleentheid het om in die verkiesing deel te neem om verteenwoordigers te kan kies. Dit word verseker indien alle volwassenes (gewoonlik 18 jaar en ouer) stemreg het, gebaseer op die beginsel van "een mens, een stem" en dat kiesers hulle stem in die geheim moet kan uitbring.

2.6.2.9 Gereelde raadpleging

Verantwoordelike leiers besef dat hulle die kiesers nie te vër vooruit moet wees met hulle beleidsaspekte nie, want dit kan daartoe lei dat hulle nie herkies word nie. Leiers moet met kiesers beraadslaag om te verseker dat hulle dieselfde standpunte huldig oor beleidsake. 'n Gesonde verteenwoordigende demokrasie vereis gereelde beraadslaging met die kiesers (Gastil, 2000:31). Kiesers moet verstaan waarom 'n sekere beleid deur die leiers voorgestel en uitgevoer word. Kiesers moet ook nie hulle leiers vooruit wees nie, want dan sal die leiers nie aan die kiesers se verwagtinge kan voldoen nie. Om dit te voorkom moet openbare menings gereeld gemoniteer word deur openbare meningspeilings oor bepaalde aangeleenthede. Die media speel ook 'n belangrike rol hierin en regerings moet aandag skenk aan die kiesers se verskillende menings.

2.6.2.10 Vrye media


Diktatoriale bedelings verduur dikwels nie vryheid van spraak en 'n vrye en kritiese media nie. Een van die beste maniere om die graad van demokrasie in 'n staat te bepaal is deur vas te stel of die media die regering kritiseer. Sonder 'n vrye en kritiese media, kan regeerders korrupsie en wanpraktyke verbloem en die bevolking tot passiewe ondersteuning paai. Wanneer na die media verwys word, sluit dit die pers, televisie, radio ensovoorts in. 'n Vrye media is die waghond van die burgers se belange en hou hulle ingelig oor wat in die regering aangaan (Hopkinson, 2001:15).

Bogenoemde kenmerke en eienskappe van die verteenwoordigende demokrasie sluit die liberale eienskappe van vryheid en die demokratiese eienskappe van politieke gelykheid in. Hierdie eienskappe skep ook die balans tussen die magte van die regering en die belange van die burgers. Hierdeur is verteenwoordigende demokrasie die aanvaarbaarste demokrasie in die huidige moderne wëreld. In 2004 het 199 state in die wëreld 'n verteenwoordigende demokrasie gehad (Reynolds *et al.*, 2005:31).

Sentraal in 'n verteenwoordigende demokrasie is die politieke verteenwoordigers wat gekies word deur die kiesers tot wetgewende liggame om besluite namens hulle te neem ten opsigte van beleid en wetgewing (Roskin *et al.*, 2012:100). Daar is twee sferes waarin 'n verteenwoordigende demokrasie moet funksioneer. Die eerste is die kies van die verteenwoordigers in verkiesings. Die tweede behels die aksies, tussen verkiesings, waar gehoor gegee moet word aan die wil van die burgers. Indien die stelsel vir die kies van die verteenwoordigers nie billik en regverdig is nie, kan die demokrasie ongedaan gemaak word (Cohen, 1971:78).

Die werking van 'n verteenwoordigende demokrasie kan volgens Cohen skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 4: Werking van 'n verteenwoordigende demokrasie



Wat belangrik is vir hierdie studie is die eerste sfeer, naamlik die kies van die verteenwoordigers in verkiesings. Soos reeds gestel in 2.3.3 hierbo, is die liberale demokratiese beginsel van politieke gelykheid dat elke burger 'n gelyke geleentheid moet hê om aan die demokratiese besluitnemingsproses deel te neem. Die burgers verkry hierdie gelyke geleentheid deur die kies van verteenwoordigers deur middel van

die uitoefening van hulle stemreg in verkiesings. Omdat stemreg in sigself nie politieke gelykheid waarborg nie, moet sekere vereistes nagekom word om te verseker dat stemreg politieke gelykheid verseker. Een van die belangrike vereistes is dat die kiesstelsel waarvolgens verteenwoordigers verkies word, billik en regverdig moet wees ten einde aan demokratiese vereistes te voldoen.

Met bostaande bespreking van verteenwoordigende demokrasie afgehandel, en die belangrikheid van verkiesings en die kiesstelsel word vervolgens gefokus op verkiesings en kiesstelsels.

2.7 VERKIESINGS EN KIESSTELSELS

Die belangrikheid van verkiesings is dat dit die algemene publiek (kiesers) 'n formele geleentheid bied om politieke prosesse te beïnvloed, en om ook, direk of indirek, te bepaal wie die regerende mag sal hê. In hierdie opsig is verkiesings 'n sigbare manifestering van openbare belang (Heywood, 2007:264). Volgens Huntington (1991:267) is die kies van regeerders deur verkiesings die hartklop van demokrasie, en demokrasie is slegs 'n werklikheid as regeerders bereid is om vrywilliglik mag oor te gee as gevolg van die uitslag van verkiesings. Verkiesings wat deursigtig, vry en regverdig is, vorm die wese van demokrasie en is 'n noodsaaklike voorwaarde (*sine qua non*) van demokrasie (Huntington, 1991:9). Regerings wat deur verkiesings verkies word, kan moontlik oneffektief, onbevoeg, korrup, kortsigtig, onverantwoordelik ensovoorts wees. Hierdie eienskappe maak so 'n regering wel onaanvaarbaar, maar maak nie die regering ondemokraties nie (Huntington, 1991:10). Verkiesings is met ander woorde een van die metodes om te bepaal in watter mate 'n staat wel demokraties is of nie.

Verkiesings kan met ander woorde gedefinieer word as die formele geleentheid in 'n demokrasie waarin kiesers hulle stemreg gebruik om verteenwoordigers te kies om die regering te vorm en te regeer in openbare belang. Verkiesings is ook die formele geleentheid waardeur die burgers beheer uitoefen op die soewereine mag

van die staat. Verkiesings het dus 'n belangrike funksie in 'n demokrasie en word vervolgens bespreek.

2.7.1 Funksies van verkiesings

Verkiesings verrig sekere funksies om as meganisme te dien wat verteenwoordigers tot verantwoording kan roep en kan dwing om beleidstandpunte te implementeer wat op die een of ander wyse die mening van die publiek (burgers) weergee. Die kernfunksies van verkiesings volgens Heywood (2007:255-256) is soos volg:

- **Die werwing van politici:** In demokratiese state is verkiesings die hoofbron van politieke werwing, en politieke partye wys kandidate aan wat vir die kiesers aanvaarbaar sal wees om hulle te oortuig om vir hulle te stem. Hierdeur neig politici om talente en vaardighede te besit wat die werf van stemme bevorder soos charisma, oratoriese vaardighede en goeie voorkoms en nie noodwendig vaardighede om op komitees te dien en om 'n staatsdepartement te bestuur nie. In moderne verkiesings word die rasonale keuse van kiesers sterk gemanipuleer deur persoonlikhede en die massamedia. Moderne partye beklemtoon en vertoon hulle leiers se persoonlikhede as charismaties, beslis, kalm en beskermend. Amerikaanse presidente Ronald Reagan en Barack Obama is goeie voorbeelde hiervan. Hierdie benadering bring mee dat kiesers soms vir 'n party of kandidaat stem sonder dat hulle weet waarvoor en waarom hulle vir die party of kandidaat stem, en kan 'n bedreiging vir die demokrasie wees (Roskin *et al.*, 2012:226). Verkiesings word dus nie gebruik om poste te vul wat spesialiskennis of ervaring vereis, soos in die staatsdiens of regbank nie. Dit word verrig deur professionele amptenare.
- **Die vorming van regerings:** Verkiesings vorm regerings deur die verkiesing van verteenwoordigers. Verteenwoordigers behoort gewoonlik aan 'n politieke party en die party wat die meeste verteenwoordigers verkies kry, vorm die regering. In meer algemene parlementêre stelsels het sekere kiesstelsels 'n geneigdheid dat 'n enkele party 'n parlementêre meerderheid verkry. Dit is veral 'n kenmerk van die meerderheidskiesafdeling-kiesstelsel. 'n Kenmerk van 'n proporsionele kiesstelsel is dat daar meer politieke partye is wat verteenwoordigers verkies kry. Dit mag beteken

dat 'n regering gevorm word deur naverkiesingsooreenkomste deur die vorming van koalisies en dat regerings gevorm of verander kan word sonder dat 'n verkiesing plaasvind.

- **Verteenwoordiging in die regering:** Verteenwoordigers in die regering moet wedywer vir die burgers se stemme om verkies te word en die wedywering vind plaas in verkiesings. As verkiesings regverdig en mededingend is, word verkiesings 'n middel waardeur eise van die publiek gekanaliseer word na die regering. Deur hierdie kanalisering van die kiesers se eise verkry hulle verteenwoordiging in die regering. Verkiesings vorm 'n skakel tussen die regering en die burgers deurdat die regering 'n kiesersmandaat in 'n verkiesing kry. Die kiesers het egter nie die versekering dat 'n mandaat wat hulle gegee het, uitgevoer sal word nie, behalwe dat hulle die party met die volgende verkiesing kan straf.
- **Beïnvloeding van beleid:** Verkiesings skrik regerings af om radikale en uiters ongewilde beleid uit te voer, omdat die kiesers kan besluit dat die regeringslede nie in die volgende verkiesing herkies word nie. Waar 'n enkele saak 'n verkiesingsveldtog oorheers het, kan dit beleid direk beïnvloed omdat leiers weet dit is wat die burgers se siening is oor die saak. Daar kan ook geredeneer word dat die beleidsopsies wat in verkiesings uitgespel word so na aan mekaar is dat die uitslag slegs van geringe beleidswaarde is. Sommige is van mening dat regeringsbeleid in elk geval meer deur praktiese aspekte van die stand van die ekonomie dikteer word, eerder as deur verkiesingsoorwegings.
- **Inlig en onderrig van kiesers:** Die proses van werwing in verkiesings voorsien die kiesers met 'n magdom van inligting oor deelnemende politieke partye, kandidate, beleid, die bestaande regering se prestasie, mislukkings ensovoorts. Kiesers word meer ingelig oor die politieke situasie, en die inligting het onderrigwaarde indien die inligting wat gegee word, en die wyse waarop dit aangebied word, openbare belangstelling lok en debat stimuleer. Hoewel kandidate en partye poog om eerder te oorreed as om te onderrig, help die inligting om onvoldoende en verdraaide inligting reg te stel.
- **Verkryging van legitimiteit:** Een rede waarom selfs outoritêre regerings verkiesings hou, al is hulle nie mededingend nie, is dat verkiesings legitimiteit

bevorder en regverdiging vir 'n regeringstelsel verskaf. Dit gebeur omdat 'n verkiesingsveldtog 'n bepaalde seremoniële status en belangrikheid aan 'n verkiesing verleen. Deur burgers aan te moedig om aan politiek deel te neem, selfs deur 'n beperkte vorm van stemmery, mobiliseer verkiesings aktiewe instemming deur die burgers.

- **Versterking van politieke magsbasisse:** Verkiesings kan ook 'n middel wees waardeur maghebbers die massas manipuleer en beheer. Politieke afvalligheid en opposisie kan geneutraliseer word deur verkiesings te hou waardeur regerings kom en gaan, maar soms verseker maghebbers dat hulle deur bepalings in grondwette meer mag as die gekose regering verkry. Dit beteken dat sommige maghebbers wel toelaat dat verkiesings plaasvind en die regering kan verander, maar die grondwet van die staat verseker dat die maghebbers nie ondergeskik is aan die regering nie. In hierdie geval is verkiesings veral effektief want dit skep die indruk by burgers van die staat dat hulle mag oor die regering uitoefen, maar eintlik word hulle deur ander maghebbers geregeer.

Uit bogenoemde funksies van verkiesings word die 'tweerigting-verkeer' tussen die regering en die burgers sterk beklemtoon. Dit is duidelik dat verkiesings die geleentheid bied waar die kiesers en die regering mekaar kan beïnvloed en as 'n meganisme dien wat politici tot verantwoording kan roep. Hierdie funksies van 'n verkiesing sal egter net praktiese toepassing vind as die verkiesing demokraties is. Dit is hierbo aangetoon dat sekere maghebbers verkiesings kan misbruik om legitimiteit aan hulle gesag te verleen. Dit is dus belangrik dat verkiesings aan sekere kriteria moet voldoen om werklik as demokraties beskou te word. Vervolgens word bepaal aan watter kriteria verkiesings moet voldoen om as demokraties beskou te kan word.

2.7.2 Kriteria vir Demokratiese Verkiesings

Huntington (1991:305) stel as 'n eerste kriterium vir 'n demokrasie gelyke en vrye kompetisie vir stemme tussen politieke partye. Daar behoort geen inmenging deur die

regering te wees nie, of slegs minimale inmenging. Verder moet daar ook nie beperkinge op die opposisiepartye wees nie. Hy stel dit soos volg:

“A first criterion for democracy is equitable and open competition for votes between political parties with an absence or minimal levels of government harassment or restriction of opposition groups.” (Huntington, 1991:305.)

Vry en kompeterende nasionale verkiesings waarin al die volwasse burgers van 'n staat op gelyke basis kan deelneem, is die belangrikste en onvervangbare instelling om verteenwoordigers te kies. Demokratiese verteenwoordiging beteken dat die stemme wat partye in 'n verkiesing kry, ook met die aantal setels wat die partye in die wetgewende liggame kry, ooreen moet stem (Powell, 2001:2).

Heywood (2000:199) stel die volgende kriteria wat nagekom moet word vir verkiesings om as demokraties beskou te word:

- Daar moet algemene stemreg wees, wat beteken dat alle volwassenes mag stem en aan die verkiesing mag deelneem.
- Elke kieser het een stem van dieselfde waarde volgens die beginsel van “een mens, een stem, een waarde” wat gelykheid verseker.
- Kiesers moet in die geheim kan stem om sodoende 'n vrye keuse, sonder intimidasie, te kan uitoefen.
- Kiesers moet 'n keuse tussen verskillende kandidate en/of politieke partye kan hê vir wie hulle stem.

Bogenoemde kriteria verseker dat alle kiesers op gelyke basis aan 'n verkiesing kan deelneem, wat noodsaaklik is ten opsigte van demokratiese vereistes. 'n Verdere belangrike vereiste vir demokratiese verkiesings is dat dit vry en regverdig moet wees. Standaarde vir 'vry en regverdige verkiesings' is tans hoogs ontwikkel wat alles insluit van registrasie van kiesers en partye, die verkiesingsproses self, prosedures om appèl

aan te teken teen die uitslag en 'n verkiesing wat verkieslik deur 'n onafhanklike verkiesingskommissie¹⁴ bestuur word (Beetham, 2006:14).

Verskillende state en internasionale organisasies het deklarasies opgestel en onderteken waarin kriteria vir of beginsels van vry en regverdige verkiesings opgestel is. Die doel met die kriteria of beginsels is om te verseker dat verkiesings wat daaraan voldoen, beskou kan word as demokratiese verkiesings. State waar daar nie vry en regverdige verkiesings plaasvind nie, se regerings word nie as legitiem en verantwoordbaar beskou nie (Hopkinson, 2001:37). Een so 'n internasionale organisasie is die Interparlementêre Unie (IPU) wat in 1889 gestig is en sy hoofdoel is wêreldwye parlementêre dialoog en die vestiging van verteenwoordigende demokrasie.¹⁵ Die IPU bestaan tans uit die parlemente van 159 state en nege assosiaatstate¹⁶ en het 'n *Declaration on criteria for free and fair elections*¹⁷ opgestel wat op 26 Maart 1994 algemeen in Parys aanvaar is. Hierdie deklarasie stel onder andere die volgende kriteria vir vry en regverdige verkiesings (IPU, 2012a):

- i. In enige staat kan die gesag van die regering slegs afkomstig wees van die wil van die burgers soos uitgedruk in vry en regverdige verkiesings wat op 'n gereelde basis plaasvind en gebaseer is op algemene, gelyke en geheime stemreg.
- ii. Elke volwasse burger het op 'n nie-diskriminerende basis die reg om te stem.
- iii. Elke volwasse burger het die reg van toegang tot 'n effektiewe, onpartydige en nie-diskriminerende prosedure vir die registrasie as kieser.
- iv. Elke kieser het die reg op gelyke toegang tot 'n stembus om sy/haar reg om te stem uit te oefen.
- v. Elke kieser het die reg dat sy/haar stem gelyktydig uitgeoefen word met ander kiesers en dat sy/haar stem dieselfde waarde sal hê as die ander kiesers.

¹⁴ Sien artikel 25 van die *International Covenant on Civil and Political Rights* van die Verenigde Nasies se kantoor van Menseregte [http://www.unhcr.ch/html/menu3/b/a_ccpr.htm].

¹⁵ Die doel van die IPU kan nageslaan word by <http://www.ipu.org/english/whatipu.htm>.

¹⁶ 'n Volledige lys wat die lidstate aandui, is verkrygbaar by <http://www.ipu.org/english/membershp.htm>.

¹⁷ Die volledige deklarasie is verkrygbaar by <http://www.ipu.org/cni-e/154-free.htm>.

- vi. Die reg om in die geheim te stem is absoluut en sal op geen manier beperk word nie.
- vii. Elkeen het die reg om deel te neem aan die regering van die staat en sal 'n gelyke kans hê om 'n kandidaat in die verkiesing te wees.
- viii. Elkeen het die reg om lid van 'n politieke party te wees en om saam met ander 'n politieke party of organisasie te stig met die doel om aan 'n verkiesing deel te neem.
- ix. Elke individu of politieke party wie se regte aangetas word, moet die reg hê om appèl te kan aanteken na 'n gesaghebbende instelling wat die regte dadelik kan herstel.
- x. Elke kandidaat en politieke party wat aan 'n verkiesing deelneem, sal die regte en vryhede van ander respekteer.
- xi. Elke kandidaat en politieke party wat aan die verkiesing deelneem, sal die uitslag van 'n vry en regverdigde verkiesing aanvaar en eerbiedig.

Nog 'n internasionale organisasie, spesifiek in Afrika, is die Suidelike Afrika Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) wat op 17 Augustus 1992 in Windhoek, Namibië, tot stand gebring is. Die organisasie het tans vyftien lidstate soos Suid-Afrika, Namibië, Botswana en andere. Die SAOG het ontstaan uit die Frontlinie State waarvan die hoofdoel politieke bevryding van Suidelike Afrika was (SADC, 2012). Die SAOG het bepaalde beginsels en riglyne aanvaar wat deur lidstate gevolg moet word om 'n demokratiese verkiesing te verseker. Volgens Hendricks (2006:1) is hierdie beginsels 'n stel bruikbare standaarde om daarvolgens te oordeel of 'n bepaalde staat se verkiesing vry en regverdig was. Die beginsels is:

- i. Volle deelname van burgers aan die politieke proses en demokratiese prosedures.
- ii. Vryheid van politieke assosiasie.
- iii. Politieke verdraagsaamheid ten opsigte van politieke opponente.
- iv. Gereelde intervalle vir verkiesings soos voorsien in die onderskeie grondwette van lidstate.

- v. Gelyke geleentheid vir toegang tot die staatsmedia vir alle politieke partye.
- vi. Gelyke geleentheid om stemreg uit te oefen en om voor gestem te word.
- vii. Onafhanklikheid van die reg en onpartydigheid van verkiesingsinstellings.
- viii. Kiesersonderrig waarin veral ongeletterde kiesers onderrig word rakende die werking van verkiesings.
- ix. Aanvaarding en respek vir die uitslag van die verkiesing wat deur die bevoegde nasionale verkiesingsgesag as vry en regverdig verklaar is.
- x. Die moontlikheid om die uitslag van die verkiesing te bevraagteken, soos in die wette van die staat voorsien.

Die kriteria wat deur hierdie internasionale organisasies vir vry en regverdige verkiesings gestel word, sluit Huntington (1991:267) se kriteria in vir 'n demokrasie van gelyke en vrye kompetisie vir stemme tussen politieke partye met minimale inmenging deur die regering. Die kriteria sluit ook Heywood (2000:199) se beginsels van 'n demokratiese verkiesing in. Indien hierdie beginsels in verkiesings nagekom word, kan sodanige verkiesings as vry en regverdig verklaar en as demokraties beskou word. Hierdie internasionale kriteria word deur internasionale waarnemers aangelê wat verkiesings in state bywoon om te bepaal of die verkiesings wel aan die gestelde vereistes voldoen. Soos reeds in 2.4 gemeld, het dit gebruik geword dat internasionale organisasies, soos die Verenigde Nasies (VN), waarnemers na verkiesings in state stuur, en tensy die verkiesing as vry en regverdig deur die waarnemers verklaar word, kry sulke state geen internasionale hulp van byvoorbeeld die VN nie.

Verkiesings vind plaas volgens bepaalde reëls. Hierdie reëls word gewoonlik in wetgewing vervat. Om te verseker dat aan die vereistes van demokratiese verkiesings voldoen word, moet bepaalde reëls opgestel word waarvolgens stemming in die verkiesings kan plaasvind. Deel van hierdie reëls om te verseker dat verkiesings demokraties is, is die kiesstelsel. Die kiesstelsel is die stel reëls wat die werkswyse van 'n verkiesing bestuur en beheer. Hierdie reëls verskil nie net dwarsoor die wêreld nie, maar is in baie state die onderwerp van warm politieke debatte en argumente, ook in Suid-Afrika. **Die doel van 'n kiesstelsel is om die wil van die kiesers, soos**

uitgedruk by die stembus, om te skakel in verteenwoordigers in 'n wetgewende liggaam (Newman & Bennett, 2006:2).

Die kiesstelsel is 'n bepalende faktor in verkiesings om te verseker dat verkiesings demokrasies is. Kiesstelsels binne 'n verteenwoordigende demokrasie word vervolgens verder bespreek.

2.7.3 Kiesstelsels binne 'n Verteenwoordigende Demokrasie

Omdat die kiesstelsel die stel reëls is wat die werkswyse van 'n verkiesing bestuur en beheer, het verkiesings en kiesstelsels 'n bepaalde uitwerking op mekaar. Die een beïnvloed die ander. Dit beteken dat indien een van die twee nie aan demokratiese vereistes voldoen nie, dit 'n staat se regering ondemokraties kan maak.


'n Kiesstelsel is die meganisme wat bepaal wie verkies word nadat kiesers in 'n verkiesing gestem het (Farrel, 1998:3). Anders gestel, die kiesstelsel bepaal die reëls waarvolgens die stemme getel word om vas te stel wie die verkiesing wen (Du Toit, 1987:55). Dit beteken 'n kiesstelsel skakel die stemme, wat in 'n algemene verkiesing uitgebring is, om in setels (verteenwoordigers) in 'n wetgewende liggaam, en bepaal sodoende die uitslag van 'n verkiesing. Die belangrikheid van kiesstelsels in verkiesings word weergegee deur Heywood (2007:256) wanneer hy dit stel dat as die reëls wat die werkswyse van die verkiesing bestuur en beheer, meebring dat die verkiesing nie aan die beginsels van 'n demokratiese verkiesing voldoen nie, is die kiesstelsel ondemokraties en andersom.

In 'n liberale demokrasie verseker stemreg politieke gelykheid indien die kiesstelsel verseker dat elke kieser se stem 'n gelyke gewig dra ter bepaling van die uitslag van die verkiesing. In 'n verteenwoordigende demokrasie beteken dit dat die stemme wat partye in 'n verkiesing kry, in verhouding ooreen moet stem met die aantal setels (verteenwoordigers) wat die partye in die wetgewende liggame kry. Sodoende word regverdige verteenwoordiging verseker.

Indien die kiesstelsel meebring dat elke kieser se stem nie 'n gelyke gewig dra nie, veroorsaak dit dat verteenwoordiging nie gelyk en regverdig is nie. Aan die eenkant kan die kiesstelsel regverdige verteenwoordiging verseker, maar aan die ander kant onregverdige verteenwoordiging. Indien die kiesstelsel se reëls nie regverdige verteenwoordiging verseker nie, maak dit verkiesings ondemokraties (Reynolds *et al.*, 2005:5).

Uit bostaande bespreking van die verteenwoordigende demokrasie, verkiesings en die kiesstelsel kan die werking van die kiesstelsel binne die raamwerk van 'n verteenwoordigende demokrasie skematies soos volg gestel word:

Figuur 5: Die werking van die kiesstelsel binne die raamwerk van die verteenwoordigende demokrasie



In Suid-Afrika is daar op 27 April 1994 'n algemene verkiesing gehou waarin vir die eerste keer alle burgers van Suid-Afrika, wat 18 jaar en ouer is, kon stem. Die kiesstelsel wat gebruik is, en wat tans nog gebruik word, is die lysproporsionele kiesstelsel. Hierdie kiesstelsel moet verseker dat die reëls van verkiesings in Suid-Afrika aan die vereistes van verteenwoordigende demokrasie voldoen.

2.8 SAMEVATTING

In die tydperk van die Antieke Grieke af, toe demokrasie ontstaan het, tot die ontwikkeling van moderne demokrasie is verskeie interpreterings van die begrip demokrasie deur filosowe en politieke wetenskaplikes gemaak. Hierdeur word tussen verskeie vorme van demokrasie onderskei. Gebaseer op die demokratiese element van deelname word onderskei tussen direkte of deelnemende demokrasie, indirekte of verteenwoordigende demokrasie en eenparty-demokrasie. Hierdie drie vorme met hulle eienskappe word skematies soos volg in Tabel 2 voorgestel:

Tabel 2: Indeling en eienskappe van demokrasie volgens deelname

VORM VAN DEMOKRASIE:	DIREKTE DEMOKRASIE / DEELNEMENDE DEMOKRASIE	INDIREKTE DEMOKRASIE / VERTEENWOORDIGENDE DEMOKRASIE	EENPARTY-DEMOKRASIE
Wyse van deelname in regering:	Direkte deelname in besluite van regering	Indirekte deelname deur verteenwoordigers	Indirek
Vorm van deelname:	Referendums Massavergaderings	Verkiesings dmv stemreg	Verkiesings, maar slegs een party
Voordele:	Verhoog legitimiteit Skep meer vertrouwe	Gelyke deelname Effektiewe regering Beheer en kontroleer deur skeiding van magte	Het nie voordele nie
Nadele:	Oneffektiewe regering Meerderhede oorheers minderhede Diktators kan misbruik	Regerings kan stelsel misbruik vir eie gewin Ongelyke verteenwoordiging	Skep diktatorskap Eenparty-regering
Tipes demokrasieë:	Plebissiete demokrasie	Liberale/ verteenwoordigende demokrasie	Diktatorskap (nie demokrasie nie)

In 'n verteenwoordigende demokrasie beteken dit dat besluite wat 'n gemeenskap raak, nie deur die gemeenskap as 'n geheel geneem word nie, maar deur verteenwoordigers

wat in wetgewende liggame deur die gemeenskap verkies is. 'n Verteenwoordigende demokrasie is dus 'n regering waarin die burgers deur gekose verteenwoordigers regeer wat periodiek herkies word om hulle aanspreeklik teenoor die burgers te hou.

Sentraal in 'n verteenwoordigende demokrasie is die verteenwoordigers. Daar is twee sfere waarin 'n verteenwoordigende demokrasie moet funksioneer. Indien een van die sfere nie voldoen aan die vereistes wat gestel word vir 'n demokrasie nie, is die stelsel ondemokraties. Die eerste sfeer is die kies van die verteenwoordigers deur die burgers in verkiesings. In die verkiesings moet die kiesstelsel verseker dat burgers gelyke stemme het van "een mens, een stem, een waarde". Die tweede sfeer behels die aksies van regerings wat intern en ekstern beheer word deur o.a. die beginsel van skeiding van magte.

In 'n verteenwoordigende demokrasie word politieke deelname deur die kiesers verseker deur verkiesings te hou waarin die burgers hulle stemreg gebruik en die kiesstelsel bepaal die reëls vir die verkiesing. Enige verteenwoordigende demokrasie moet 'n kiesstelsel hê om sy verteenwoordigers vir die wetgewende liggaam aan te wys. 'n Kiesstelsel is die meganisme wat gebruik word om die aantal stemme wat in 'n verkiesing uitgebring is, volgens 'n bepaalde formule in setels om te skakel. Die tipe kiesstelsel bepaal effektief wie verkies word en watter party die politieke mag verkry. Die kiesstelsel lewer 'n groot bydrae tot die verteenwoordiging binne 'n verteenwoordigende demokrasie. Indien die kiesstelsel vir die kies van die verteenwoordigers nie billik en regverdig is nie, kan die demokrasie ongedaan gemaak word.

Suid-Afrika is 'n verteenwoordigende demokrasie. Tans is die debat in Suid-Afrika of die lys proporsionele kiesstelsel die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika is, en of daar nie 'n ander meer geskikte kiesstelsel is nie. Ten einde te bepaal of die huidige lys proporsionele kiesstelsel die geskikste kiesstelsel is, word in verdere hoofstukke 'n volledige ontleding gemaak van kiesstelsels. Die ontleding behels 'n tipologie en werking van kiesstelsels, sowel as kriteria en normatiewe perspektiewe van kiesstelsels. Daarna word die Suid-Afrikaanse kiesstelsel bespreek ooreenkomstig 'n

historiese perspektief, 'n rekonstruksie en 'n kritiese beskouing. In die kritiese beskouing word 'n evaluering gemaak van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel en alternatiewe raamwerke ten einde te bepaal of die huidige lysproporsionele kiesstelsel die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika is.

HOOFSTUK 3: KIESSTELSELS: TIPOLOGIE EN WERKING

3.1. INLEIDING

In die definiëring van die verteenwoordigende demokrasie in die vorige hoofstuk, is een van die belangrike eienskappe daarvan dat, gebaseer op algemene stemreg en politieke gelykheid, daar gereelde en kompeterende verkiesings plaasvind. Hierdie verkiesings en stemming vind plaas ooreenkomstig bepaalde reëls. Die stel reëls wat die werkswyse van 'n verkiesing bestuur en beheer, word bepaal deur die kiesstelsel. 'n Kiesstelsel bepaal daardeur die uitkoms van 'n verkiesing. Aan die een kant kan een kiesstelsel regverdige verteenwoordiging verseker, maar terselfdertyd kan dit nie behoorlike verantwoordbaarheid deur verteenwoordigers verseker nie. Indien die kiesstelsel se reëls nie beide regverdige verteenwoordiging en verantwoording verseker nie, kan dit verkiesings ondemokraties maak, wat die politieke stelsel dan ondemokraties maak. Verskeie teorieë rakende kiesstelsels het ontwikkel wat poog om hierdie praktyk binne 'n demokratiese konteks te beskryf, te ontleed en te verklaar.

Verskillende kiesstelsels bied eiesoortige uitkomst en het 'n bepaalde invloed op die demokratiese stelsel van 'n staat. In hierdie hoofstuk word kiesstelsels gedefinieer en omskryf. Omdat 'n bepaalde kiesstelsel 'n invloed het op die legitimiteit van 'n parlement en die mate waarin dit demokraties is of nie, sal klem veral geplaas word op die tipologie van kiesstelsels met 'n deeglike identifisering, ontleding, interpretering en evaluering van die dinamika daarvan binne die konteks van 'n verteenwoordigende demokrasie.

Hierdie hoofstuk is belangrik, want verskillende kiesstelsels en hulle werking word ontleed, wat 'n keuse daarstel vir die identifisering van die mees geskikte kiesstelsel vir Suid-Afrika.

Die oorhoofse doelwit in hierdie hoofstuk is om te bepaal watter verskillende kiesstelsels binne demokratiese bedelings bestaan. Die eiesoortige werking en gevolge

van elk van die verskillende kiesstelsels word daarna ontleed om sodoende te bepaal wat die voor- en nadele van elke kiesstelsel is. Hierdie ontleding sal in die volgende hoofstuk toepassing vind in die bepaling van 'n raamwerk van wat die norme en vereistes van 'n goeie demokratiese kiesstelsel behoort te wees.

Die metodologie van hierdie hoofstuk behels 'n literatuurstudie van toepaslike vakwetenskaplike literatuur met kiesstelsels as spesifieke fokus. Weens die belangrikheid van 'n kiesstelsel in verkiesings binne verteenwoordigende demokrasieë en die bepaling van die legitimititeit van 'n parlement of wetgewende instelling, is die onderwerp aktueel en word breedvoerig in verskeie literatuurbronne behandel.

Die uitleg van die hoofstuk behels eerstens die konseptualisering van kiesstelsels. Tweedens word die tipologie van kiesstelsels bestudeer en besluit op 'n gepaste indeling vir die doeleindes van hierdie studie. Laastens word die interne dinamika en werking van elke kiesstelsel met elkeen se bepaalde voor- en nadele ontleed.

3.2. 'N KONSEPTUALISERING VAN KIESSTELSELS

Verkiesings vorm die basis van die demokratiese proses en deur die proses van stemming word 'n regering met instemming van die burgers verkry. Kiesstelsels is die praktiese instrument waardeur hierdie instemming van verteenwoordiging in die praktyk of in die realiteit omgeskakel word. Moderne demokrasieë gebruik verskillende kiesstelsels en daar is nie eenstemmigheid oor 'n beste kiesstelsel nie, aangesien elke kiesstelsel oor goeie (voordele) en swak (nadele) eienskappe beskik (Bogdanor & Butler, 1983:1). Volgens Farrel (1998:1-3) is kiesstelsels belangrik omdat dit bepaal of 'n politieke stelsel demokraties sal funksioneer of nie. Die belangrikheid van kiesstelsels is dat dit die reëls en die werkswyse van die verkiesing bestuur en beheer, en sou die kiesstelsel meebring dat die verkiesing nie aan die beginsels van 'n demokratiese verkiesing voldoen nie, is die kiesstelsel ondemokraties en andersom (Heywood, 2007:256). Kiesstelsels speel m.a.w. 'n kernrol in verkiesings en verteenwoordiging, partye en partystelsels en die vorming van regerings. Van die funksies van 'n kiesstelsel

is om die wense van kiesers weer te gee, bevoegde verteenwoordigers te verkies en 'n sterk en stabiele regering te verseker. Sodoende is die kiesstelsel 'n bepalende faktor vir die legitimiteit van 'n politieke stelsel (Farrel, 1998:3).

Kiesstelsels kan maklik deur regerings misbruik word. Politieke instellings (wetgewers) maak wette wat die reëls bepaal waaronder demokrasie beoefen word. Daar word dikwels geredeneer dat die wette wat die maklikste gemanipuleer en misbruik kan word, ten goede of ten slegte, daardie wette is wat die kiesstelsel bepaal (Welsh, 2001:1). Omdat 'n kiesstelsel die stemme wat in 'n algemene verkiesing uitgebring is, in setels in 'n wetgewer omskakel, kan die keuse van 'n tipe kiesstelsel effektief bepaal wie verkies word en watter party die mag verkry. Baie aspekte van 'n staat se politieke raamwerk word gewoonlik in 'n grondwet uitgespel en kan meestal net verander word met 'n tweederdemeerderheid (soms selfs groter) in die wetgewer. Gewone wetgewing word gewoonlik met slegs 'n gewone meerderheid verander. Omdat gewone wetgewing gewoonlik die kiesstelsel bepaal, kan 'n regerende party maklik die wetgewing verander en sodoende die kiesstelsel verander om 'n bepaalde party te bevoordeel. Selfs waar partye presies dieselfde aantal stemme in 'n verkiesing verkry het, kan een kiesstelsel 'n koalisieregering tot gevolg hê, terwyl 'n ander kiesstelsel kan toelaat dat 'n enkele party meerderheidsbeheer uitoefen (Reynolds *et al.*, 2005:5).

Hoewel die kiesstelsel van 'n staat gewoonlik deur wetgewing bepaal word, moet kiesstelsels nie met kieswette verwar word nie. Daar moet onderskei word tussen kieswette en kiesstelsels. Kieswette is daardie wette wat die reëls van die proses van die verkiesing bepaal. Kieswette bepaal die wyse waarop 'n verkiesing verklaar word en wat gebeur wanneer die verkiesing aangekondig is. Dit sluit die proses van die nominasie van kandidate wat aan die verkiesing deelneem in, hoe partye werwing kan en mag doen en die stemming op stemdag, tot op die stadium waar stemme getel word en die uitslag van die verkiesing bepaal word. Daar kan verskeie wette wees wat die reëls bepaal van hoe 'n verkiesing gehou moet word,¹⁸ byvoorbeeld: (i) Kieswette kan

¹⁸ In Suid-Afrika is daar 'n kieswet wat geld vir Plaaslike Regeringsverkiesings (Wet 27 van 2000) en 'n ander wet wat geld vir nasionale en provinsiale verkiesings (Wet 73 van 1998).

bepaal wie mag stem.¹⁹ Daar is selfs kieswette wat burgers verplig om te stem soos in Australië en wat 'n boete oplê indien 'n burger nie stem nie. (ii) Kieswette bepaal die prosedures wat geld by die nominasie van kandidate, byvoorbeeld die hoeveelheid handtekeninge wat nodig is om 'n kandidaat te laat nomineer en die deposito wat betaal moet word. (iii) Kieswette bepaal die reëls wat geld vir die verkiesingsveldtog soos of advertensies op televisie toegelaat mag word of nie, hoe groot advertensieborde mag wees, of meningspeilings toegelaat word of nie. (iv) Kieswette kan bepaal wanneer kiesers kan stem, hoe die stembrief lyk, wat die metode is van stemtellery en die finale bepaling wie verkies word. Dit is egter hierdie laaste bepaling van die kieswette, naamlik 'wie word verkies', wat deur die kiesstelsel bepaal word. Die kiesstelsel is die meganisme wat bepaal wie verkies word nadat kiesers gestem het (Farrel, 1998:3).

Die kiesstelsel is 'n kerndeel in die regulering van die kiesers met betrekking tot die reg om verkies te word, die reg om te stem, die algemene stembeginsels en die bepaling van die algemene organisatoriese reëlings in die verkiesingsproses (Toornstra, 2011:6). In die proses van die omskakeling van die stemme in 'n verkiesing in setels deur die kiesstelsel is daar drie kernveranderlikes, naamlik die kiesformule, die stembrief en die stemdistrik. Die kiesformule is die wiskundige formule waarvolgens stemme omgeskakel word in setels en die veranderlike komponent in die kiesformule is die tipe kiesstelsel. Die gebruik van 'n enkel/meerderheid, proporsionele, gemengde of ander kiesstelsel tesame met die wiskundige formule wat gebruik word om die seteltoedeling te bereken, sal verskillende uitkomst gee. In die stembrief is die veranderlike komponent die struktuur van die stembrief wat bepaal of die kieser vir 'n kandidaat of party stem en of die kieser 'n enkelkeuse of 'n aantal voorkeure kan maak. Die veranderlike komponent van die stemdistrik (gebied) is nie die aantal kiesers in die distrik nie, maar die aantal verteenwoordigers wat uit die distrik tot die wetgewer verkies kan word. Kiesstelsels en die keuse van kiesstelsel het 'n sterk invloed op die wyse waarop distriksgrense getrek word, hoe kiesers geregistreer is, die ontwerp van die


¹⁹ In Suid-Afrika mag 'n burger wat 18 jaar en ouer is, stem (Art.46(1)(c) van die Grondwet van die RSA, wet 108 van 1996).

stembrief, hoe stemme getel word en vele ander aspekte van die kiesproses (Reynolds *et al.*, 2005:5).

Uit bogenoemde kan 'n kiesstelsel, vir doeleindes van hierdie studie, gedefinieer word as die reëls in 'n verkiesing wat bepaal watter kiesers mag stem, hoe die verkiesingsproses verloop en deur middel van die kiesformule, die stembrief en stemdistrik, bepaal wie as verteenwoordiger tot 'n wetgewende liggaam verkies word.

Die kernveranderlikes in 'n kiesstelsel word in Figuur 6 skematies soos volg voorgestel:

Figuur 6: Veranderlikes binne 'n kiesstelsel



Deur die veranderlike komponente in 'n kiesstelsel word dus onderskei tussen verskillende tipes kiesstelsels en word 'n tipologie van kiesstelsels vervolgens bespreek.

3.3. 'N TIPOLOGIE VAN KIESSTELSELS

Verskillende politieke wetenskaplikes het hulle studies gewy aan die leer van die indeling en groepering van verskillende kiesstelsels volgens gemeenskaplike eienskappe en werking. Soos reeds gemeld, het verskillende kiesstelsels verskillende uitkomst in die omskakeling van stemme om verteenwoordigers verkies te kry. Breedweg is daar drie metodes waarop verteenwoordiging na 'n verkiesing verkry kan word, naamlik deur 'n gewone meerderheid van stemme, 'n volstreekte meerderheid van stemme of stemme wat proporsioneel toegedeel word. Hierdie drie maniere vorm die breë kriteria waarop akademiese en politieke wetenskaplikes 'n tipologie van kiesstelsels baseer. Vir doeleindes van hierdie studie word die indeling van Bogdanor, Gallagher (Mitchell) en Reynolds (Reilly, Ellis) gebruik vir 'n tipologie van kiesstelsels. Die rede is dat elkeen gebruik maak van die drie metodes hierbo genoem, maar elkeen het 'n ander uitgangspunt en toepassing ten opsigte van die indeling van kiesstelsels wat bespreek sal word.

3.3.1 Bogdanor se indeling van kiesstelsels

Bogdanor se uitgangspunt is dat die kernfaktor wat een kiesstelsel van 'n ander kiesstelsel onderskei, die metode is waarop die kiesstelsel stemme omskakel om verteenwoordiging te bepaal. Daarvolgens deel Bogdanor kiesstelsels in drie hoofgroepe in, naamlik (i) proporsionele kiesstelsels, (ii) meerderheidskiesstelsels met 'n gewone meerderheid, en (iii) meerderheidskiesstelsels met 'n volstreekte meerderheid (Bogdanor & Butler, 1983:1).

Wat die proporsionele kiesstelsel betref het Bogdanor dit verder in twee subkategorieë ingedeel. As kriteria vir hierdie subkategorieë gebruik hy die verskillende metodes waarop verteenwoordiging proporsioneel bepaal kan word. Die een metode is gebaseer op 'n voorkeur stem in meerledige kiesafdelings en staan bekend as die enkel-oordraagbare stem. Die kieser plaas sy kandidate waarvoor gestem word in 'n voorkeurvordering. Die ander metode is die lysstelsel gebaseer op partylyste. In die lysstelsel kan een stelsel vereis dat kiesers slegs vir 'n party stem en kandidate word

verkieë afhangende van die posisie op die betrokke partylys. In 'n ander stelsel in die lysstelsel kan kiesers 'n keuse gegee word om te stem vir kandidate op slegs een partylys of selfs vir kandidate op verskillende partylyste. Dit is volgens Bogdanor verkeerd om na 'n proporsionele kiesstelsel te verwys asof dit een enkele tipe kiesstelsel is. Dit is in werklikheid 'n generiese term wat 'n aantal verskillende kiesstelsels aandui, maar met die gemeenskaplike doel om verteenwoordiging proporsioneel te bepaal. Ten spyte van hierdie gemeenskaplike doel kan die politieke gevolge van elke stelsel verskillend wees (Bogdanor & Butler, 1983:2).

Die meerderheidkiesstelsel is in Brittanje ontwikkel en was gekoppel aan verteenwoordiging van 'n bepaalde geografiese gebied. Verteenwoordigers (parlementslede) was aanvanklik gekies om 'n bepaalde geografiese gebied (kiesafdeling) te verteenwoordig en nie om 'n sekere mening of politieke party te verteenwoordig nie. Elke geografiese gebied het een verteenwoordiger gekies wat 'n enkellid-kiesafdeling gevorm het. Die enkellid-kiesafdeling het egter sy oorsprong in die grondwette van die kolonies in Amerika in die agtiende eeu. Die enkellid-kiesafdeling het die oorheersende basis van verteenwoordiging in Kanada, Australië, Nieu Seeland en die VSA (Britse kolonies) gevorm voordat dit as die norm in Brittanje aanvaar is (Bogdanor & Butler, 1983:3).

In die meerderheidkiesstelsel word 'n verteenwoordiger verkies wanneer hy/sy die meeste stemme in 'n verkiesing gekry het. Bogdanor verdeel die meerderheidkiesstelsel in twee hoofgroepe. In beide hoofgroepe word verteenwoordiging verkies in 'n kiesafdeling met 'n meerderheid van stemme in 'n verkiesing. Gebaseer op die aard van die meerderheid stemme, naamlik of dit 'n gewone meerderheid of volstreekte meerderheid is, verdeel hy dit in twee hoofgroepe. Een van die hoofgroepe is die meerderheidkiesstelsels met 'n gewone meerderheid. In hierdie hoofgroep word een kandidaat verkies met 'n gewone meerderheid van stemme, wat nie noodwendig die meerderheid van die uitgebragte stemme in die verkiesing is nie. 'n Kandidaat in 'n verkiesing kan byvoorbeeld deur slegs 34% van die stemme verkies word, hoewel die ander kandidate saam 66% van die stemme gekry het, maar individueel minder as 34%.


Hierdie meerderheidkiesstelsel word as die eenvoudigste metode beskou om 'n kandidaat te verkies (Toornstra, 2011:13). In hierdie hoofgroep onderskei Bogdanor ook twee subgroepe gebaseer op die aantal verteenwoordigers wat in 'n kiesafdeling verkies moet word. Die een subgroep is dié waarin een kandidaat in 'n enkellid-kiesafdeling verkies word met 'n gewone meerderheid van stemme en is dit 'n geval van “wenner-vat-alles”. Die tweede subgroep is dié waarin meer as een verteenwoordiger in dieselfde kiesafdeling verkies word, bekend as 'n meerledige kiesafdeling. Die beginsel van 'n gewone meerderheid geld steeds, maar die kieser het soveel stemme as die aantal verteenwoordigers wat verkies moet word. Indien drie verteenwoordigers verkies moet word, het die kiesers drie stemme en die drie kandidate met die meeste stemme word verkies. Dit staan bekend as 'n blokstem (Bogdanor & Butler, 1983:4).

In die meerderheidkiesstelsel met 'n volstreekte meerderheid²⁰ moet 'n kandidaat 'n volstreekte meerderheid van die stemme in 'n verkiesing kry om verkies te word. Bogdanor deel hierdie kiesstelsel in as 'n afsonderlike hoofgroep. Daar is egter twee maniere waarop die volstreekte meerderheid verkry kan word indien geen kandidaat 'n volstreekte meerderheid in 'n verkiesing gekry het nie. Gebaseer op die wyse waarop die volstreekte meerderheid verkry word, deel Bogdanor hierdie kiesstelsel in twee subgroepe in, naamlik die tweede stem en die alternatiewe stem. In die tweede stem word 'n stemming (verkiesing) dadelik weer gehou na die eerste verkiesing indien 'n kandidaat nie 'n volstreekte meerderheid behaal het nie. Die twee kandidate wat die meeste stemme gekry het, neem deel aan die tweede rondte, en die een wat dan die meerderheid stemme kry, word verkies. In die alternatiewe stem word van 'n voorkeurstem in enkellid-kiesafdelings gebruik gemaak. Die kiesers stem deur 'n eerste keuse, tweede keuse ensovoorts te maak. Indien geen kandidaat 'n volstreekte meerderheid behaal nie, word die kandidaat met die minste stemme se tweedekeuse-stemme verdeel onder die oorblywende kandidate. Hierdie proses word gevolg totdat daar 'n kandidaat is met 'n volstreekte meerderheid stemme (Bogdanor & Butler, 1983:5).

²⁰ 'n Volstreekte meerderheid beteken 50%+1 van die stemme (Reynolds *et al.*, 2005:180).

Bogdanor se indeling van kiesstelsels soos hierbo gestel word skematies soos volg in Figuur 7 voorgestel:

Figuur 7: Indeling van kiesstelsels volgens Bogdanor



Bogdanor gebruik die drie maniere waarop verteenwoordiging na 'n verkiesing verkry kan word, naamlik deur stemme wat proporsioneel toegedeel word, 'n gewone meerderheid van stemme en 'n volstrekte meerderheid van stemme om hoofkategorieë te bepaal. Sy indeling van subkategorieë berus op die metode (formule) waarop die kiesstelsels stemme in verteenwoordiging omskakel. Kritiek teen die indeling is dat daar nie sterk klem gelê is op die werking en die verskillende uitkomst van kiesstelsels in die omskakeling van stemme om verteenwoordigers verkies te kry nie. Omdat die werking en verskillende uitkomst 'n bepaalde invloed het op die samestelling van 'n parlement is dit belangrik dat 'n verdere indeling van kiesstelsels gemaak moet word om dit te verreken.

3.3.2 Gallagher en Mitchell se indeling van kiesstelsels

Gallagher en Mitchell deel kiesstelsels in vyf breë kategorieë en sewe spesifieke tipes in. Die eerste kategorie is daardie kiesstelsels wat gebruik word om verteenwoordiging te bepaal in enkellid-kiesafdelings. Dit beteken slegs een verteenwoordiger kan in 'n kiesafdeling verkies word. Daar is verskeie maniere waarop 'n enkele verteenwoordiger verkies kan word, maar omdat sulke stelsels rakende hulle werking en uitkomst baie


met mekaar gemeen het, kan hulle in een groep ingedeel word. In hierdie kategorie kan spesifieke tipes kiesstelsels geïdentifiseer word, naamlik die “wenner-vat-alles” enkelid-meerderheidkiesstelsel (gewone meerderheid), die alternatiewe stem en die tweerondte-kiesstelsel (Gallagher & Mitchell, 2005:5-6).

Die tweede breë kategorie is dié waarin sommige verteenwoordigers verkies word deur 'n meerderheidkiesstelsel met 'n gewone of volstreekte meerderheid, en ander deur die proporsionele kiesstelsel, wat Gallagher en Mitchell klassifiseer as gemengde kiesstelsels. Die gemengde kiesstelsels raak al hoe gewilder in demokrasieë. Die spesifieke tipes in hierdie kategorie is die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel en die gemengde parallelle stelsel (Gallagher & Mitchell, 2005:6).

Beide die derde en vierde breë kategorie is dié waarin politieke partye lys van kandidate in meerledige kiesafdelings voorstel. Die derde breë kategorie is die geslotelys- proporsionele kiesstelsel waarin kiesers nie 'n keuse kan uitoefen vir 'n individuele kandidaat nie, maar wel vir 'n bepaalde politieke party. Die vierde breë kategorie is die voorkeurlys-stelsel waar kiesers wel 'n voorkeur kan uitoefen ten opsigte van 'n individuele kandidaat in 'n meerledige kiesafdeling. Spesifieke tipes in die vierde kategorie is die oop lys en die buigsame lys. Die vyfde en laaste breë kategorie is die proporsioneel enkeloordraagbare stemkiesstelsel waar kiesers stem deur kandidate in meerledige kiesafdelings in rangorde volgens hulle voorkeur te plaas.

Die vyf kategorieë met die sewe spesifieke tipes kiesstelsels volgens Gallagher & Mitchell soos hierbo bespreek, kan skematies voorgestel word soos in Figuur 8 hieronder:

Figuur 8: Kategorieë- en spesifieke tipes kiesstelsels volgens Gallagher & Mitchell



Gallagher en Mitchell (2005:5-6) maak, soos Bogdanor (1983:1-5), in hulle indeling van kiesstelsels gebruik van die drie maniere waarop verteenwoordiging na 'n verkiesing verkry kan word, naamlik deur 'n gewone meerderheid van stemme, 'n volstreekte meerderheid van stemme of stemme wat proporsioneel toegedeel word. Anders as Bogdanor wat hierdie drie maniere gebruik as indeling van die hoofgroepe van kiesstelsels, gebruik Gallagher en Mitchell die drie maniere as spesifieke tipes (subgroepe). Hulle gebruik die tipe kiesafdeling (enkellid of meerledig) en proporsionaliteit vir 'n breë kategorie-indeling. Gallagher en Mitchell se indeling sluit gemengde kiesstelsels as hoofgroep in wat hulle indeling meer gevorderd en gesofistikeerd maak as die van Bogdanor. In hulle indeling van spesifieke kiesstelsels maak Gallagher en Mitchell gebruik van die werking en die verskillende uitkomst van kiesstelsels. Dit word egter breed toegepas op die tipe kiesafdeling en proporsionaliteit.

3.3.3 Reynolds (Reilly en Ellis) se indeling van kiesstelsels

Onder hierdie punt sal verwys word na Reynolds, maar dit sluit Reilly en Ellis in, aangesien die drie gesamentlik die indeling maak. Volgens Reynolds is daar tallose variasies van kiesstelsels, maar in wese is daar twaalf hoofstelsels, waarvan die meerderheid in drie breë families ingedeel kan word. Om kiesstelsels te groepeer ooreenkomstig die mate (graad) van proporsionaliteit wat deur elke kiesstelsel bereik word, is volgens hom die mees logiese manier waarop kiesstelsels beskou moet word. Die mate van proporsionaliteit word eerstens bepaal deur die verhouding tussen die persentasie stemme wat 'n party in 'n verkiesing gekry het en die persentasie setels wat dieselfde party in die verkiesing gewen het. Hierna word verwys as die stemme-tot-setels-verhouding. Tweedens moet gekyk word na die persentasie vermorste stemme²¹ in 'n verkiesing (Reynolds *et al.*, 2005:27).

'n Voorbeeld is Suid-Afrika wat 'n klassiek proporsionele kiesstelsel in die 2004-verkiesings toegepas het en die regerende *African National Congress* (ANC) 69.69 persent van die stemme gewen het, en 69.75 persent van die setels in die Nasionale Vergadering gewen het. Die verskil tussen die persentasie stemme wat deur die ANC gewen is en die persentasie setels wat hulle gewen het, was slegs 0.06 persent, wat die kiesstelsel feitlik 100 persent proporsioneel maak, en die vermorste stem was slegs 0.74 persent van die totale stemme. Hierteenoor staan die 2000-verkiesing in Mongolië, wat 'n tweerondte-kiesstelsel toepas en slegs 'n gewone meerderheid van 25 persent vereis. Hier het die *Mongolian People's Revolutionary Party* (MPRP) 72 van die 76 lede in die parlement gewen met slegs 52 persent van die stemme. Dieselfde situasie was in die 2003-verkiesing in Djiboeti se partyblokstem-kiesstelsel waar al 65 setels in die parlement deur die *Rassemblement Populaire por le Progrès* party gewen is met 62,7 persent van die stemme (Reynolds *et al.*, 2005:27).

Nieproporsionele kiesstelsels soos die enkellidkiesafdeling-meerderheidkiesstelsel (soos die “wenner-vat-alles”) verwing die uitslae. Ten opsigte van die verhouding

²¹ 'n Vermorste stem is 'n geldige stem wat uitgebring is in 'n verkiesing, maar wat ten slotte nie tel om 'n kandidaat of party verkies te kry nie (Reynolds *et al.*, 2005:183).


tussen die aantal stemme wat 'n party in 'n verkiesing onder hierdie kiesstelsel gekry het en die aantal setels is daar groot verskille. 'n Voorbeeld is die uitslag in Brittanje in die 1983-verkiesing waar die Arbeidersparty 209 setels gewen het met slegs 27,6% van die stemme. Die opposisie (Liberale/SDP Alliansie) kon egter net 23 setels wen met 25,4% van die stemme (Devenish, 1998:111). Onder bepaalde omstandighede gebeur dit dat nieproporsionele kiesstelsels (soos “wenner-vat-alles”) wel oorhoofs 'n relatief proporsionele resultaat lewer, byvoorbeeld waar 'n bepaalde party 'n gekonsentreerde ondersteuningsbasis in 'n bepaalde gebied of streek het. 'n Voorbeeld hiervan is Malawi in Suider-Afrika waar die Malawiese Kongres Party in die 2004-verkiesing 30 persent van die setels met 25 persent van die stemme gewen het, die Verenigde Demokratiese Front 27 persent van die setels met 25 persent van die stemme en die Alliansie vir Demokrasie net meer as 3 persent van die setels met net minder as 4 persent van die stemme. Die oorhoofse vlak van proporsionaliteit was hoog, maar die rede waarom dit nie inherent as 'n proporsionele kiesstelsel ingedeel kan word nie, is dat die vermorste stem steeds byna 50 persent was (Reynolds *et al.*, 2005:27).

Sommige faktore, soos die instel van drempels²² in kiesstelsels beklemtoon disproporsionaliteit. Selfs proporsionele kiesstelsels kan hierdeur disproporsionele resultate lewer en meebring dat die vermorste stem hoog is, soos in Turkye in 2002, waar 'n 10 persent drempel meegebring het dat die vermorste stem 46 persent van die stemme was (Reynolds *et al.*, 2005:28).

As kriteria vir 'n tipologie van kiesstelsels gebruik Reynolds die mate van proporsionaliteit (soos hierbo uiteengesit), die vermorste stem en twee ander aspekte, naamlik hoeveel lede van elke streek of gebied verkies word en hoeveel stemme 'n kieser het. Gebaseer hierop maak Reynolds die volgende kategorie-indeling van kiesstelsels soos skematies voorgestel in Figuur 9 (Reynolds *et al.*, 2005:28):

²² 'n Drumpel is 'n minimum hoeveelheid of persentasie stemme wat 'n party moet kry in 'n verkiesing om verteenwoordiging in 'n wetgewer te verkry (Reynolds *et al.*, 2005:182).

Figuur 9: Die kategorieë volgens Reynolds, Reilly en Ellis



Bron: Reynolds et al., 2005:28

Volgens bogenoemde indeling deel Reynolds kiesstelsels in hoofsaaklik vier families in, naamlik meerderheid-, gemengde (semi-proporsionele), proporsionele en ander kiesstelsels. Die meerderheid kiesstelsels word in drie breë families ingedeel, naamlik meerderheid-, gemengde (semi-proporsionele) en proporsionele kiesstelsels. Verder deel hulle kiesstelsels dan in twaalf hoofstelsels in. Die indeling is soos volg:

Tabel 3: Die breë families kiesstelsels volgens Reynolds, Reilly en Ellis

MEERDERHEID-KIESSTELSELS	GEMENGDE OF SEMIPROPORSIONELE KIESSTELSELS	PROPORSIONELE KIESSTELSELS	ANDER KIESSTELSELS
<ul style="list-style-type: none"> • Die wenner-vat-alles (WVA) [FPTP]. • Die tweerondte-stelsel (TRS) [TRS]. ▪ Die alternatiewe stem (AS) [AV]. ▪ Die blokstem (BS) [BV]. ▪ Die partyblokstem (PBS) [PBV] 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die parallelle stelsel (PS). ▪ Die gemengdelid-proporsionele stelsel (GLP) [MMP]. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die lysproporsionelestelsel (LysP) [ListP]. ▪ Die enkeloordraagbare stem (EOS) [STV]. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die enkelnieoordraagbare stem (ENOS) [SNTV]. ▪ Die beperkte stem (BepS) [LV]. ▪ Die Borda-telstem (BT) [BC].

Die eienskap wat meerderheidskiesstelsels van ander kiesstelsels onderskei, is dat dit gewoonlik in enkellid-kiesafdelings toegepas word. In die wenner-vat-alles-kiesstelsel is die kandidaat met die meeste stemme die wenner, maar die meeste stemme is nie noodwendig 'n volstreekte meerderheid van die stemme nie. Die doel van meerderheidskiesstelsels is om 'n 'gefabriseerde meerderheid' te bewerkstellig. Dit beteken dat die grootste party se setels vergroot word om 'n effektiewe werkende parlementêre regering te verseker, ten koste van die kleiner partye. Die fokus in hierdie kiesstelsels is effektiewe regering en nie verteenwoordiging van alle minderheidspartye nie (Norris, 1997:299). Wanneer hierdie stelsel in 'n meerledige kiesafdeling (waar meer as een kandidaat in dieselfde begrensde gebied verkies word) toegepas word, word dit die blokstem-kiesstelsel. In die blokstem-kiesstelsel het kiesers soveel stemme as wat daar kandidate verkies moet word en die kandidate met die meeste stemme word verkies, ongeag die persentasie stemme wat hulle gekry het. Wanneer hierdie selfde kiesstelsel (blokstem) gebruik word, maar met die verskil dat kiesers vir partylyste stem en nie vir individuele kandidate nie, word dit die partyblokstem-kiesstelsel (O'Neal, 1993:3). In die blokstem-kiesstelsel is daar 'n groter verwringing van die stemme as selfs in die wenner-vat-alles meerderheidskiesstelsel (Lakeman, 1974:36). Kiesstelsels soos die alternatiewe stemstelsel en tweerondte-kiesstelsel poog om te verseker dat die wenkandidaat 'n volstreekte meerderheid van die stemme kry. Beide hierdie kiesstelsels maak in wese gebruik van kiesers se tweede keuse om 'n wenner met 'n volstreekte meerderheid te bepaal indien 'n kandidaat nie 'n volstreekte meerderheid van die stemme in die eerste rondte verkry het nie (Norris, 1997:301).

Bogenoemde is 'n voorbeeld van hoe Reynolds gebruik maak van die twee ander elemente, naamlik hoeveel lede van elke streek of gebied verkies word en hoeveel stemme 'n kieser het, om kiesstelsels in een familie, die meerderheidskiesstelsels, in te deel.

Die rasionaal van proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels is om doelbewus te poog om die verskil tussen 'n party se persentasie stemme wat in 'n verkiesing verkry is, en die persentasie parlementêre setels wat gewen is, so na as moontlik te hou. Dit

beteken dat indien 'n meerderheidsparty 40 persent van die stemme gekry het, behoort die party ongeveer 40 persent van die setels in die wetgewende liggaam te kry, en 'n minderheidsparty wat 10 persent van die stemme gekry het, behoort dan ongeveer 10 persent van die setels in die wetgewende liggaam te kry (Gildenhuis & Knipe, 2000:140). Daar word algemeen aanvaar dat proporsionaliteit die beste verkry word deur partylyste te gebruik waar politieke partye 'n lys name van kandidate aan kiesers op nasionale en streeksvlak (provinsiale vlak) verskaf. Kiesers stem vir 'n politieke party en die aantal setels word gevul deur dieselfde aantal kandidate op die partylys, gewoonlik in rangorde (Lakeman, 1974:93). Voorkeurstemming werk proporsioneel ook goed. Die enkeloordraagbare stem waar kiesers kandidate in meerledige distrikte in rangorde plaas, is ook 'n gevestigde proporsionele stelsel: daarom deel Reynolds hierdie twee kiesstelsels by die familie van proporsionele kiesstelsels in (Reynolds *et al.*, 2005:29).

Die parallelle kiesstelsel maak gebruik van beide 'n proporsionele en 'n meerderheidselement, wat onafhanklik van mekaar funksioneer. Die kerneienskap van 'n gemengde kiesstelsel is dat sy werking beide proporsionaliteit en meerderheid insluit (Massicotte & Blais, 1999:341). Die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel maak ook gebruik van twee elemente waarvan een 'n proporsionele element is, maar met die verskil dat die proporsionele element gebruik word om te kompenseer vir enige disproporsionaliteit wat mag ontstaan het deur 'n meerderheids- of enige ander kiesstelsel, en die uitkoms is gewoonlik meer proporsioneel as die parallelle stelsel (Reynolds *et al.*, 2005:29).

Hierdie twee kiesstelsels (parallelle en gemengdelid- proporsionele stelsel) word deur Reynolds by die familie van gemengde kiesstelsels ingedeel. Dit is ook 'n goeie voorbeeld van waar hulle die mate van proporsionaliteit bepaal deur die tweede element, naamlik die aantal vermorste stemme, van toepassing maak.

Daar is drie kiesstelsels wat volgens Reynolds nie heeltemal by bogenoemde indeling van families van kiesstelsels inpas nie, en word afsonderlik ingedeel as 'ander

kiesstelsels'. Die enkel-nieoordraagbare stemkiesstelsel word gewoonlik gebruik in 'n meerledige kiesafdeling en is 'n kandidaatgesentreerde stelsel waar kiesers slegs een stem het. Dit is in teenstelling met dié waarin kiesers gewoonlik soveel stemme het as die aantal verteenwoordigers wat in 'n meerledige kiesafdeling verkies moet word. Die beperktestem-kiesstelsel stem heelwat ooreen met die enkel-nieoordraagbare stemstelsel, met die verskil dat kiesers meer as een stem het, maar anders as in die blokstemstelsel nie soveel stemme as wat daar setels is wat gevul moet word nie (Lakeman, 1974:82, 86). Die Borda-telkiesstelsel is 'n voorkeurstelsel in enkel- of meerledige kiesafdelings, maar die tweede en verdere stemme word in breuke aan kandidate toegedeel (Reynolds *et al.*, 2005:29).

Soos reeds gemeld, is daar breedweg drie maniere waarop verteenwoordiging na 'n verkiesing bepaal kan word, naamlik deur 'n gewone meerderheid van stemme, 'n volstreekte meerderheid van stemme of stemme wat proporsioneel toegedeel word. Al die politieke wetenskaplikes se tipologie van kiesstelsels wat hier bespreek is, maak gebruik van hierdie drie bepalings. Dit dien as breë basis vir 'n tipologie van kiesstelsels. By 'n meer spesifieke indeling van kiesstelsels volgens gemeenskaplike eienskappe, werking en uitkomste, is daar verskillende indelings deur die politieke wetenskaplikes omdat elkeen sy eie spesifieke uitgangspunt en kriteria het oor wat kiesstelsels van mekaar onderskei.

Soos hierbo aangedui, is Bogdanor se uitgangspunt dat die kernfaktor wat een kiesstelsel van 'n ander kiesstelsel onderskei, die metode is waarop die kiesstelsel stemme omskakel om verteenwoordiging te bepaal. Gallagher en Mitchell se uitgangspunt is dat sekere kiesstelsels ten opsigte van hulle werking en uitkomste heelwat met mekaar gemeen het en daarvolgens ingedeel kan word. Reynolds se uitgangspunt is dat kiesstelsels ingedeel behoort te word ooreenkomstig die mate (graad) van proporsionaliteit van elke kiesstelsel en die persentasie vermorste stemme.

Reynolds se tipologie van kiesstelsels is meer omvattend as die van Bogdanor en Gallagher en Mitchell. Die kriteria wat Reynolds aanlê vir sy tipologie gee ook 'n beter

aanduiding van die werking en gevolge (uitkomst) van die verskillende kiesstelsels. Omdat Reynolds se tipologie gebaseer is op die proporsionaliteit van elke kiesstelsel en die persentasie vermorste stemme, kan bepaal word watter kiesstelsel die beste is om te verseker dat elke burger se stem 'n bydrae lewer in die verkiesing van verteenwoordigers. Kiesers wil hê hulle deelname aan 'n verkiesing moet betekenisvol wees. Deur gebruik te maak van Reynolds se tipologie kan dus bepaal word watter kiesstelsel die beste verseker dat verkiesings betekenisvol is. Deur verdere ontleding van die werking en gevolge van die kiesstelsels kan ook 'n beter begrip verkry word van watter kiesstelsel die geskikste is vir 'n staat. Dit pas in by die doelstelling van hierdie studie om te bepaal watter kiesstelsel die geskikste is vir Suid-Afrika.

Vir doeleindes van hierdie studie sal die tipologie van kiesstelsels van Reynolds gebruik word vir verdere navorsing en toepassing.

3.4. DIE WERKING EN GEVOLGE VAN VERSKILLENDE KIESSTELSELS

Verskillende kiesstelsels het bepaalde uitkomst en 'n sekere invloed op die demokratiese stelsel van 'n staat. Kiesstelsels definieer en struktureer die reëls van die politieke spel, dit help bepaal wie verkies word, hoe 'n verkiesingsveldtog gevoer word, wat die rol van politieke partye is, en wie regeer. In feitlik alle gevalle het die keuse van 'n bepaalde kiesstelsel 'n diepgaande effek op die politieke toekoms van 'n staat (Reynolds *et al.*, 2005:1-2). Kiesstelsels is ook belangrik deurdat dit 'n groot verskil maak in die vorming van die partystelsel, die aard van regering (koalisies of enkelpartye), die aard van keuses wat kiesers het by 'n verkiesing, die vermoë van die kiesers om hulle verteenwoordigers persoonlik verantwoordbaar te hou, die gedrag van parlamentslede, die mate waarin die parlement lede het van alle vlakke van die samelewing en agtergronde, die mate van demokrasie en samebinding (kohesie) binne politieke partye en die gehalte van regering, wat ten slotte die gehalte van die lewe van die burgers wat deur 'n regering regeer word, bepaal (Gallagher & Mitchell, 2005:4).

Ten einde die verskille in die tipes kiesstelsels te verstaan moet bepaal word hoe elke kiesstelsel funksioneer (werking) en wat die gevolge van hierdie werking is. Hieruit word die voor- en nadele van elke kiesstelsel bepaal.

3.4.1 Meerderheidkiesstelsels

Die grondslag van meerderheidkiesstelsels is dat nadat kiesers gestem het en die totale stemme getel is, dié kandidate of partye met die meeste stemme dan wen. In die praktyk is daar verskillende wyses waarop die meerderheid bereik word; daarom vind ons vyf variante van die meerderheidkiesstelsel, naamlik: (i) die wenner-vat-alles, (ii) die blokstem, (iii) die partyblokstem, (iv) die alternatiewe stem en (v) die tweerondte-stelsel (Reynolds *et al.*, 2005:35).

3.4.1.1 Die wenner-vat-alles-kiesstelsel

Die wenner-vat-alles-kiesstelsel is die eenvoudigste vorm van die meerderheidkiesstelsels. Met die ontstaan van die wenner-vat-alles-kiesstelsel het politieke partye nie bestaan nie en was die billikheid van die stelsel dat die gewildste kandidaat verkies is. Die doel van hierdie kiesstelsel is om 'n effektiewe regering te verseker en daarvoor is dit nodig om 'n duidelike meerderheid te verseker (Toornstra, 2011:13). Met verloop van tyd het politieke partye sterker na vore getree en het kandidate namens politieke partye in verkiesings deelgeneem en al minder in hulle persoonlike hoedanigheid. Politieke partye het oorheersend geraak en die party met die meeste setels het die regering gevorm. Om 'n effektiewe regering te vestig het 'n party 'n meerderheid setels nodig wat meer is as al die ander deelnemende partye se setels saam. In hierdie kiesstelsel word die kandidaat met die meeste stemme verkies en is nie noodwendig die meerderheid van die kiesers wat gestem het nie (IPU, 2001:89). Hierdie kiesstelsel is ontwikkel om die gewildste kandidaat te vind op 'n wyse wat

duidelik en verstaanbaar is. Die stelsel maak gebruik van enkellid-kiesafdelings²³ waar die name van voorgestelde kandidate aan die kiesers voorgehou word, en kiesers vir net een kandidaat stem. Die kandidaat wat wen, is die kandidaat wat die meeste stemme verkry het en daar is geen herverdeling van stemme na die tel van die stemme nie (Robertson, 1985:101). Hoewel hierdie kiesstelsel ten doel het om 'n effektiewe regering te verseker is daar ook nadele aan die kiesstelsel verbonde. Die voor- en nadele van die wenner-vat-alles-kiesstelsel is soos volg:

3.4.1.1.1 Voordele van die kiesstelsel

Voordele van die wenner-vat-alles-kiesstelsel is volgens Reynolds *et al.* (2005:36-37) die volgende:

- a) Dit is die eenvoudigste kiesstelsel vir kiesers om toe te pas en te verstaan. Dit gee kiesers 'n duidelike keuse tussen partye en gewoonlik is daar twee sterk partye wat oorheers (Courtney, 1999:4).
- b) Dit skep enkelpartyregerings. Koalisieregerings is eerder die uitsondering as die reël en is verkieslik omdat kabinetslede nie ingeperk word deur onderhandelings met 'n minderheidsparty as koalisievennoot nie.
- c) Dit skep 'n samebindende opposisie in die wetgewing. In teorie skep 'n sterk regerende party in hierdie stelsel ook 'n sterk opposisieparty wat sy rol krities kan speel om hom as alternatiewe regering aan die kiesers te bied.
- d) Dit bevorder politieke partye wat 'n breë basis as beleid het. In etniese en streeksverdeelde gemeenskappe kan die kiesstelsel politieke partye aanmoedig om 'n beleid te aanvaar wat verskillende gemeenskappe kan akkommodeer, die sogenaamde "broad church"-benadering. Dit hou ook die voordeel in dat dit kompromieë tussen partye en kandidate aanmoedig (Gildenhuys & Knipe, 2000:140).

²³ 'n Kiesafdeling is 'n eenheid wat territoriaal afgebaken is en waarin 'n staat ingedeel word en waarvandaan Lede van die Parlement (LP's) verkies word. In die VSA en ander state staan dit ook bekend as distrikte (Gallagher & Mitchell, 2005:631).

- e) Dit sluit ekstremistiese partye uit van verteenwoordiging in die wetgewer. Tensy 'n ekstremistiese party se ondersteunersbasis in 'n bepaalde gebied gesentreer is, is dit onwaarskynlik dat so 'n party enige setels in hierdie stelsel sal kan wen (Courtney, 1999:5).
- f) Dit bevorder die skakel tussen die kiesers en die verteenwoordigers omdat dit 'n parlement saamstel wat uit verteenwoordigers van bepaalde geografiese gebiede bestaan. Gekose lede verteenwoordig afgebakende gebiede van stede, dorpe of distrikte eerder as slegs politieke partye. Sommige analiste redeneer dat hierdie 'geografiese verantwoordelikheid' veral belangrik is in plattelandse gemeenskappe en ontwikkelende state.
- g) Dit laat kiesers toe om te kies tussen mense eerder as partye. Kiesers kan die prestasies van individuele kandidate beoordeel eerder as om net 'n lys name van die partykandidate te aanvaar soos onder sommige lysproporsionele kiesstelsels (Courtney, 1999:5).
- h) Dit gee gewilde onafhanklike kandidate 'n beter kans om verkies te word.
- i) Die stelsel is eenvoudig om te verstaan en 'n geldige stem vereis slegs een merkie vir 'n kandidaat en indien daar baie kandidate is, maak dit die tel van stemme vir kiesbeampies maklik. Die tel van stemme is eenvoudig en vinnig en uitslae van verkiesings is dan ook gou bekend (Courtney, 1999:4).

3.4.1.1.2 *Nadele van die kiesstelsel*

Nadele van die wenner-vat-alles-kiesstelsel kan volgens Reynolds *et al.* (2005:37-43) soos volg saamgevat word:

- a) Dit sluit kleiner partye uit van regverdige verteenwoordiging deurdat 'n party wat byvoorbeeld 10% van die stemme gewen het, 10% van die setels behoort te gewen het, maar dit gebeur nie noodwendig nie want die kandidaat met die meeste stemme wen. In die 1993- federale verkiesing in Kanada het die Progressiewe Konserwatiewe party 16% van die stemme gewen, maar slegs 0.7 van die setels. In 1998 in Lesotho het die Basotho Nasionale Party 24% van die stemme gewen, maar

slegs 1% van die setels. Hierdie patroon herhaal hom deurentyd onder die wenner-vat-alles-kiesstelsel. Volgens Lakeman (1974:29) is die grootste nadeel van hierdie kiesstelsel die verwringing (distorsie) van stemme deurdat 'n groot getal stemme wat uitgebring is in 'n verkiesing nie in die aantal setels in wetgewers weerspieël word nie. Hierdeur word 'n disproporsionaliteit teweeggebring. Volgens Lakeman (1974:29) is hierdie verwringing die gevolg van 'n groot hoeveelheid stemme wat in 'n verkiesing uitgebring is, maar wat nie in die setels wat gewen is, weerspieël word nie.

- b) Dit sluit minderhede uit van billike verteenwoordiging. As 'n reël plaas politieke partye onder hierdie kiesstelsel 'n kandidaat in 'n kiesafdeling wat deur die breë gemeenskap daarvan aanvaar sal word om te voorkom dat die meerderheid kiesers vervreem raak. Dit is baie selde dat 'n swart kandidaat deur 'n sterk party, in 'n oorwegend blanke kiesafdeling in beide Brittanje en die VSA genomineer sal word. Daar is sterk bewyse dat etniese en rasseminderhede regoor die wêreld min kans het om verteenwoordiging te kry in wetgewers wat hierdie kiesstelsel toepas. Die gevolg is dat indien stempatrone op etniese basis gevorm word, die uitsluiting van minderheidsgroepe die hele politieke stelsel kan destabiliseer.
- c) Dit sluit vroue uit in die wetgewer. Die 'mees aanvaarbare kandidaat'-sindroom beïnvloed die vermoë van vroue om verkies te word omdat hulle 'n mindere kans het om as kandidate aangewys te word deur partye waar mans die strukture van die party beheer. Wêreldwyd het vroue 'n mindere kans om onder meerderheidkiesstelsels, as onder proporsionele kiesstelsels, verkies te word. Volgens empiriese navorsing deur die Interparlementêre Unie (IPU, 2012b) was daar in gevestigde demokrasieë in 2004 14.4 persent vroue verkies in die wetgewers wat die wenner-vat-alles-kiesstelsel toepas en byna tweemaal soveel – 27.6 persent – in wetgewers wat die een of ander vorm van proporsionele kiesstelsel toepas. Hierdie patroon word weerspieël in nuwe demokrasieë, veral in Afrika.
- d) Dit kan die ontwikkeling van politieke partye gebaseer op stam, etnisiteit of streke aanmoedig. Partye kan hulle verkiesingsveldtogte baseer op uitgangspunte wat aanvaarbaar kan wees vir die meerderheid lede van die stam, etniese groep of streek, maar wat vyandig kan wees teenoor die ander, en hulle selfs uitsluit. Dit is 'n

deurlopende probleem in Afrika-state soos Malawi en Kenia, wat daartoe kan lei dat die staat geografies verdeel word in verskillende vestings van politieke partye met min aansporing vir partye om buite hulle tuisstreek of kultuur-politieke basis politieke steun te organiseer en te mobiliseer.

- e) Die stelsel versterk die verskynsel van 'streeksvestings' waar een party al die setels in 'n provinsie of streek wen. As 'n party sterk ondersteuning het in 'n bepaalde gebied van 'n staat met 'n meerderheid van stemme, sal die party al die setels in daardie gebied kan wen. Dit sluit minderhede uit van verteenwoordiging en versterk die persepsie dat politiek 'n gevegsterrein is waar dit gaan om wie jy is en waar jy bly, eerder as waarin jy glo.
- f) Dit laat 'n groot getal vermorste stemme wat nie tot die verkiesing van 'n kandidaat bydra nie. Dit kan gevaarlik wees as dit gekombineer word met streeksvestings, aangesien minderheidsparty-ondersteuners in 'n gebied kan voel dat hulle geen realistiese kans staan om 'n kandidaat van hulle keuse verkies te kry nie. Die verdere gevaar is dat vervreemding van die politieke stelsel die moontlikheid verhoog dat ekstremiste in antipolitieke bewegings teen die stelsel sal mobiliseer.
- g) Die stelsel kan ontoeskietlik wees teenoor die verandering van openbare menings. Die patroon van geografies gekonsentreerde kiesersondersteuning vir 'n party beteken dat 'n party steeds eksklusiewe uitvoerende beheer kan uitoefen, ten spyte van 'n groot vermindering van gewilde steun vir die party. In sommige demokrasieë onder die wenner-vat-alles-kiesstelsel kan 'n party waarvan die nasionale gewilde steun van 60 persent na 40 persent verminder, meebring dat die party 60 persent setels behou van die 80 persent wat hy gehad het en steeds die dominante of meerderheidsparty bly. Behalwe as genoegsame setels hoogs kompetierend raak, kan die stelsel onsensitief wees vir die verandering of swaai van die openbare mening (Courtney, 1999:6-7).
- h) Die stelsel is afhanklik van die trek van kiesafdelingsgrense. Alle kiesafdelingsgrense het politieke gevolge en daar is nie 'n tegniese proses om 'een korrekte antwoord', onafhanklik van politieke of ander oorwegings, daarop te gee nie. Volgens Farrel (1998:8-9) kan die afbakening van kiesafdelings misbruik word om verdere verwringing van stemme te skep. Die een metode is wantoedeling van

die getal kiesers in 'n kiesafdeling. Dit ontstaan gewoonlik tussen plattelandse en stedelike kiesafdelings, waar plattelandse kiesafdelings veel minder kiesers verteenwoordig as stedelike kiesafdelings. Die tweede metode is knoeiery wat met afbakening plaasvind deurdat kiesafdelingsgrense so getrek word dat dit politieke opponente se magsbasisse in geografiese gebiede verdeel. Dit was veral die geval in die 1993-verkiesing in Kenia waar daar groot verskille was in die groottes van stemdistrikte – die grootste het 23 maal meer kiesers gehad as die kleinste – wat daartoe bygedra het dat die regerende *Kenyan African National Union* party 'n groot meerderheid in die wetgewer behaal het, maar met slegs 30 persent van die stemme wat uitgebring is. Grensafbakening is duur en vereis baie tyd en hulpbronne om die proses as legitiem te aanvaar.

Wanneer die voor- en nadele van die wenner-vat-alles-kiesstelsel teen mekaar opgeweeg word, is daar meer nadele daaraan verbonde as voordele. Die voordeel van eenvoud, die vorming van 'n stabiele regering en beter skakeling tussen kiesers en verteenwoordigers regverdig nie die uitsluiting van minderhede, kleiner partye en die vermorste stem nie. Hierdie stelsel kan meer aanvaarbaar wees in state met 'n homogene bevolkingsamestelling, maar hou potensiaal vir konflik in, in state met 'n heterogene bevolkingsamestelling.

3.4.1.2 Die blokstem-kiesstelsel

Die blokstem kiesstelsel word gebruik waar meer as een kandidaat in dieselfde kiesafdeling (meerledige kiesafdelings) verkies moet word en die kiesers het soveel stemme as die aantal kandidate wat verkies moet word. Kiesers kan wel vir minder kandidate as wat verkies moet word, stem (Bogdanor & Butler, 1983:4). Die voordele en nadele is soos volg:

3.4.1.2.1 *Voordele van die kiesstelsel*

- a) Indien die kandidate onafhanklik staan, verseker die blokstem dat die gewildste kandidaat verkies word (Bogdanor & Butler, 1983:4).
- b) Die blokstem word soms goedgekeur omdat dit die kiesers in redelik groot kiesafdelings hulle vermoë om vir individuele kandidate te stem, laat behou en terselfdertyd die rol wat politieke partye speel, verhoog, teenoor die wenner-vat-alles-stelsel, en versterk daardie partye wat die beste samebinding en organisatoriese vermoëns demonstreer (Reynolds *et al.*, 2005:44).
- c) Die aantal kiesafdelings is minder as in die wenner-vat-alles-enkellid-kiesstelsel wat die koste en gereelde afbakening verminder. Die blokstemkiesstelsel is eenvoudig en vereis nie 'n voorkeurvolgorde van die kandidate nie (Courtney, 1999:11).

3.4.1.2.2 *Nadele van die kiesstelsel*

- a) Indien die kandidate namens politieke partye staan, vererger die blokstem die nadele van die wenner-vat-alles-kiesstelsel, veral om te verseker dat die grootste party meer setels wen en is die uitslag meer disproporsioneel. In 'n enkellid-kiesafdeling waar drie kandidate van verskillende partye staan, kan 'n party een kandidaat met 34 persent van die stemme verkies kry, maar in 'n meerledige kiesafdeling waar drie kandidate verkies moet word en partye elk drie kandidate nomineer, kan 'n party drie kandidate verkies kry met dieselfde 34 persent steun van die kiesers en die ander partye geen kandidate nie (Bogdanor & Butler, 1983:4). In die 1982- en 1995-verkiesing in Mauritius het die opposisieparty voor die verkiesing elke setel in die wetgewer, respektiewelik met slegs 64 persent en 65 persent van die stemme gewen. Dit het ernstige probleme geskep vir die effektiewe werking van die parlementêre stelsel wat gebaseer is op die konsep van regering teenoor opposisie (Reynolds *et al.*, 2005:44).
- b) In Thailand was die blokstem beskou as een van die oorsake wat die partystelsel in daardie staat laat verbrokkel het. Omdat kiesers vir kandidate van meer as een party in dieselfde kiesafdeling kan stem, kan kandidate van dieselfde party aangemoedig

word om teen mekaar te kompeteer vir kiesers se steun. Die blokstem word daarom soms beskou as die bydraende rede vir interne partyfaksies en politieke korrupsie. Een van die redes waarom Thailand en die Phillippyne in die laat-1990's die blokstem verwerp het en 'n gemengde kiesstelsel aanvaar het, was dat hulle stemkoperie wou beveg en die ontwikkeling van politieke partye wou versterk (Reynolds *et al.*, 2005:44-45).

- c) Die kontak tussen kiesers en hulle gekose verteenwoordigers is minder as in die wenner-vat-alles-kiesstelsel omdat kiesafdelings groter is (Courtney, 1999:11).

Die voordele van die blokstem is basies dieselfde as die wenner-vat-alles-kiesstelsel. Die blokstem-kiesstelsel versterk wel die regerende party meer as in die wenner-vat-alles-stelsel, maar die nadeel is dat dit tot die verbroekeling van die partystelsel lei, wat die demokrasie dan kan bedreig. Selfs die voordeel dat daardie partye wat die beste samebinding en organisatoriese vermoëns demonstreer, versterk word, kan partye wat nie oor die nodige finansiële vermoëns beskik nie, nadelig raak. Samebinding en organisatoriese vermoëns vereis sterk finansiële steun en die stelsel versterk dan die bestaande sterk finansiële partye ten koste van die armer partye.

3.4.1.3 Die partyblokstem-kiesstelsel

Die partyblokstem word, soos die blokstem, gebruik in meerledige (meer as een verteenwoordiger) kiesafdelings. Kiesers het slegs een stem en kies tussen partylyste van kandidate eerder as tussen individue. Kiesers stem dus vir 'n bepaalde party. Die party wat die meeste stemme kry, wen al die setels in die kiesafdeling en sy volledige lys kandidate word ook almal verkies. Soos in die wenner-vat-alles-kiesstelsel is 'n gewone meerderheid van stemme genoeg om te wen. In 2004 was die partyblokstem in vier state, naamlik Kameroen, Chad, Djiboeti en Singapoer, gebruik (Reynolds *et al.*, 2005:47). Die voordele en nadele van die partyblokstem is soos volg:

3.4.1.3.1 *Voordele van die kiesstelsel*

- a) Die partyblokstem is eenvoudig om te gebruik, dit bevorder sterk politieke partye en laat toe dat partye 'n gemengde lys name van kandidate, wat vroue en ook minderhede verteenwoordig, gebruik (Courtney, 1999:11).
- b) Die partyblokstem kan ook gebruik word om 'n gebalanseerde etniese verteenwoordiging te verseker omdat dit partye in staat stel om etnies diverse lyste van kandidate te gebruik en hulle selfs kan verplig om dit te doen. In Djiboeti moet elke kandidaatlys 'n mengsel van al die etniese groepe insluit. In Singapoer moet die kandidaatlys van 'n kiesafdeling minstens een lid van die Maleise, Indiese en sommige ander minderheidsgroepe insluit (Reynolds *et al.*, 2005:47).

3.4.1.3.2 *Nadele van die kiesstelsel*

- a) Die partyblokstem het meestal dieselfde nadele as die wenner-vat-alles-kiesstelsel en kan hoogs disproporsionele resultate lewer waar een party feitlik al die setels wen met 'n gewone meerderheid van stemme. In die 1997-verkiesing in Djiboeti het die *Union for the Presidential Majority*-koalisie al die setels gewen en die twee opposisiepartye nie een setel nie (Reynolds *et al.*, 2005:47).

Indien politieke partye verplig word om verskillende etniese kandidate in hulle kandidaatlyste te akkommodeer kan dit voordelig wees indien daar drie of vier etniese groepe in 'n staat is, afhangende ook van hoeveel verteenwoordigers verkies moet word. Wanneer daar egter elf etniese groepe is soos in Suid-Afrika, kan dit moeilik en kompleks wees om al die groepe by die kandidaatlys in te sluit.

3.4.1.4 *Die alternatiewestem-kiesstelsel*

Die alternatiewestem-kiesstelsel word toegepas in enkellid- (slegs een verteenwoordiger) kiesafdelings. Die kieser stem deur die kandidate in voorkeurvulgorde te plaas. Lakeman (174:63-64) beskryf die alternatiewe stemstelsel waar die kieser versoek word om aan te dui vir watter ander kandidaat hy/sy sal stem

as sy/haar gunstelingkandidaat nie wen nie. Die naam is misleidend en skep die indruk dat die keuse beperk is tot twee kandidate, maar die kieser het soveel voorkeure as die aantal kandidate. Met ander woorde die kandidate word geplaas as keuse nommer 1, dan keuse nommer 2 ensovoorts, afhangende van hoeveel kandidate daar is. Indien 'n kandidaat 'n volstrekte meerderheid (50 persent plus 1) as keuse nommer 1 verkry het, word die kandidaat verkies. Indien daar geen kandidaat is wat 'n volstrekte meerderheid verkry het nie, word die kandidaat wat die minste keuses nommer 1 verkry het, geëlimineer en word die aantal keuses nommer 2 van die geëlimineerde kandidaat, toegedeel aan die betrokke tweedekeuse-kandidaat. Die proses word dan herhaal totdat 'n bepaalde kandidaat 'n volstrekte meerderheid stemme verkry het (Bogdanor & Butler, 1983:5).

3.4.1.4.1 *Voordele van die kiesstelsel*

- a) Een voordeel van die alternatiewestem-kiesstelsel is dat dit die moontlikheid uitkakel dat 'n kandidaat verkies word as gevolg van 'n verdeelde stem. Dit laat toe dat kiesers vir die kandidaat van wie hulle die meeste hou, kan stem, sonder dat hulle stem gemors word (Devenish, 1998:111).
- b) 'n Verdere voordeel is dat die stelsel toelaat dat verskeie kandidate se stemme akkumuleer, wat daartoe lei dat diverse maar verbandhoudende belange gekombineer word om verteenwoordiging te bewerkstellig. Die stelsel maak dit moontlik dat ondersteuners van kandidate wat 'n geringe kans staan om te wen, die verkiesing van 'n sterk kandidaat van 'n groot party kan beïnvloed deur hulle tweede en verdere keuses. Daar word geredeneer dat die stelsel sentrale (middel in die spektrum) partye bevorder omdat dit kandidate noop om meer algemene standpunte te verkondig, eerder as spesifieke eng standpunte. Omdat die stelsel 'n volstrekte meerderheid vereis, word die verkiesing dan as meer legitiem beskou (Reynolds *et al.*, 2005:49).

3.4.1.4.2 *Nadele van die kiesstelsel*

- a) Die stelsel verseker nie op nasionale vlak proporsionaliteit tussen die stemme en die setels wat gewen word nie (Devenish, 1998:115).
- b) In sekere gevalle kan dit daartoe lei dat die ongewildste kandidaat verkies word in plaas van die gewildste kandidaat (Devenish, 1998:115).
- c) Dit vereis 'n redelike graad van geletterdheid en syferkennis om effektief toegepas te word en resultate is disproporsioneel as dit met proporsionele kiesstelsels vergelyk word. Die alternatiewestem-kiesstelsel slaag ook nie goed in meerledige kiesafdelings nie (Reynolds *et al.*, 2005:49).

Dit is 'n ingewikkelde en gesofistikeerde kiesstelsel wat 'n redelike graad van geletterdheid van kiesers, en syferkennis vir die telproses vereis en maak die kiesstelsel minder geskik vir ontwikkelende state.

3.4.1.5 *Die tweerondte-kiesstelsel*

In die tweerondte-kiesstelsel word 'n tweede verkiesing, in opvolging van die eerste verkiesing, so gou moontlik gehou indien geen kandidaat in die eerste verkiesing 'n volstreekte meerderheid stemme verkry het nie. Die doel van hierdie kiesstelsel is om te verseker dat die kandidaat wat die verkiesing wen, 'n volstreekte meerderheid van die stemme kry. Die wetlike bepalings met betrekking tot wie in die tweede rondte mag deelneem, verskil aansienlik in die praktyk. In sommige gevalle kan enige kandidaat aan die tweede rondte deelneem, al het die kandidaat nie in die eerste rondte deelgeneem nie. In Frankryk kan slegs die kandidate wat minstens 12.5 persent stemme van die geregistreerde kiesers gekry het, in die tweede rondte deelneem, en die kandidaat wat dan die meeste stemme kry, is die wenner (Bogdanor & Butler, 1983:5). Die mees algemene bepaling is dat slegs die twee kandidate wat die meeste stemme in die eerste rondte gekry het, in die tweede rondte deelneem. Die resultaat lewer 'n werklike meerderheid, aangesien dit logies is dat die wenner in die tweede rondte 'n volstreekte meerderheid sal kry. Die tweerondte-stelsel kan in beide enkel- of

meerledige kiesafdelings toegepas word (Reynolds *et al.*, 2005:52). Die voor- en nadele van hierdie kiesstelsel is soos volg:

3.4.1.5.1 Voordele van die kiesstelsel

- a) Die tweerondte-stelsel gun kiesers 'n tweede geleentheid om vir hulle gunstelingkandidaat te stem of om hulle keuse tussen die eerste en tweede rondte te verander (Reynolds *et al.*, 2005:53).
- b) Omdat kandidate met 'n volstreekte meerderheid moet wen, word hulle aangemoedig om breë beleidstandpunte in die verkiesing te stel (Heywood, 2007:258).
- c) Die stelsel verminder die probleem van stemverdeling wat soms meebring dat 'n ongewilde kandidaat verkies word. Omdat kandidate nie in rangorde geplaas word nie, is die tweerondte-stelsel meer gepas in state waar ongeletterdheid steeds wyd voorkom (Reynolds *et al.*, 2005:53).
- d) 'n Sterk en stabiele regering is moontlik met die stelsel soos in die wenner-vat-alles-kiesstelsel (Heywood, 2007:258).

3.4.1.5.2 Nadele van die kiesstelsel

- a) Die tweerondte-kiesstelsel kan 'n lang en uitgerekte proses wees. Dit vereis baie geld, is administratief moeilik en kan kiesers belangstelling laat verloor in die verkiesingsproses, en wel in so 'n mate dat kandidate in die tweede rondte aansienlik minder stemme kan kry as in die eerste rondte (Lakeman, 1974:62).
- b) Die stelsel deel heelwat van die nadele van die wenner-vat-alles-stelsel (Reynolds *et al.*, 2005:53).
- c) Kandidate in 'n tweederondte-verkiesing word aangemoedig om afstand te doen van hulle beginsels in die soeke na korttermyn gewildheid of as resultaat van ooreenkomste met verslane kandidate (Heywood, 2007:258).
- d) Een van die ernstigste probleme met die tweerondte-stelsel is die implikasies wat dit inhou in diep verdeelde gemeenskappe. In Angola in 1992 was dit veronderstel om 'n verkiesing te wees om vrede te maak, maar Jonas Savimbi het in die eerste

rondte vir die presidentspos 40 persent stemme gekry teenoor Jose dos Santos se 49 persent. Omdat Savimbi besef het dat hy 'n geringe kans staan om in die tweede rondte te wen en nie opposisie in die demokrasie wou wees nie, het hy sy burgeroorlog weer begin wat 'n dekade lank aangehou het. In die Kongo (Brazzaville) in 1993 toe dit blyk dat die regering in die tweede rondte gaan wen, het die opposisie die tweede rondte geboikot en die wapens opgeneem. In beide gevalle, nadat dit duidelik was dat een party die tweede rondte gaan verloor, was dit die sneller vir geweld (Reynolds *et al.*, 2005:53).

Die doel en voordeel van hierdie kiesstelsel, dat die kandidaat wat wen 'n volstrekte meerderheid verkry, word oorskadu deur die nadele. Die nadeel van konflik en selfs oorlog maak hierdie kiesstelsel ongunstig in enige oorgang na 'n demokrasie, en selfs in jong demokrasieë wat nog nie behoorlik gevestig is nie. Hierdie kiesstelsel is nie geskik vir state met verdeelde gemeenskappe nie. Die verhoogde koste en administratiewe kompleksiteit maak die kiesstelsel ook minder aanvaarbaar vir arm state.

3.4.2 Proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels

Die rasionaal vir die basis waarop alle proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels berus, is die doelbewuste omskakeling van die deel van die stemme wat 'n party verkry het, ook die deel setels is wat die party in die wetgewer kry. Anders gestel, sou 'n party 20 persent van die stemme in die verkiesing verkry het, behoort die party 20 persent van die setels in die wetgewer te kry. Daar is twee hooftipes proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels, naamlik die lysproporsionele kiesstelsel en die enkeloordraagbare stem-kiesstelsel. Daar is verskeie belangrike aspekte wat 'n impak kan hê op hoe proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels in die praktyk funksioneer. Hoe meer verteenwoordigers verkies moet word, hoe meer proporsioneel is die stelsel. Proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels se uitkomst verskil ook wanneer kiesers 'n keuse kan uitoefen tussen politieke partye, individuele kandidate of beide (Reynolds *et al.*, 2005:57).

Die twee basiese modelle is eerstens volle proporsionele verteenwoordiging en dit geld waar die hele staat as een kiesafdeling beskou word. Dit sal die beste verhouding tussen die verkiesingsuitslag en die wetgewende verteenwoordiging gee. Die ander model is beperkte proporsionele verteenwoordiging en dit geld waar meer kiesafdelings ter sprake is, byvoorbeeld waar 'n staat se provinsies as kiesafdelings beskou word. In hierdie geval is die verhouding tussen die verkiesingsuitslag en die wetgewende verteenwoordiging dus meer verwring (IPU, 2001:87-88).

Die toedeling van setels onder proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels vind volgens verskeie metodes plaas. Die een metode is 'n komplekse wiskundige formule en vereis gewoonlik twee fases. Die eerste fase is die bepaling van die kwosient of kwota.²⁴ Die kwota is die deler wat gebruik word om te bepaal hoeveel setels elke party in die eerste toedeling sal ontvang. Soms word daarna verwys as die stemkwota. Elke party ontvang 'n setel vir elke keer wanneer dit aan die kwota voldoen. Daar bestaan verskeie maniere waarop kwotas bereken kan word (IPU, 2001:87-88):

- a) Die eenvoudige of **Hare-kwota** word verkry deur die aantal stemme wat na die verkiesing uitgebring is, deur die aantal setels wat gevul moet word, te deel (Toornstra, 2011:24).
- b) Die **Hagenbach-Bischoff-kwota** word verkry deur die aantal stemme wat na die verkiesing uitgebring is, deur die aantal setels wat gevul moet word plus een, te deel. Met ander woorde, indien daar 100 setels is, word die stemme deur 101 gedeel. Die resultaat hiervan verlaag die drempel waaraan 'n party moet voldoen om 'n setel te verower.
- c) Die **Imperial-kwota** word verkry op dieselfde wyse as die Hagenbach-Bischoff-kwota, behalwe dat twee setels in plaas van een by die deler toegevoeg word. Die resultaat is 'n nog laer drempel en bevoordeel kleiner partye nog meer (Toornstra, 2011:26).

²⁴ 'n Kwosient of kwota is die aantal stemme wat waarborg dat 'n kandidaat of party 'n setel wen en is die resultaat van 'n wiskundige berekening (Reynolds *et al.*, 2005:181).

- d) Die **Droop-formule** se kwota word verkry deur die totale aantal stemme wat in die verkiesing uitgebring is, deur die aantal setels wat gevul moet word plus een te deel, en 'n verdere een by die resultaat te tel, byvoorbeeld $100\ 000/(4+1)+1= 20\ 001$ (Toornstra, 2011:25).
- e) Soms word 'n eenvormige getal, wat voor die verkiesing plaasvind, bepaal, wat dan die kwota is.

Na die eerste toedeling van setels volgens die kwota is daar altyd 'n surplus van stemme van 'n party. 'n Tweede toedeling van hierdie surplus stemme vind dan plaas en kan op twee maniere plaasvind, naamlik:

- a) Die **grootste oorblywende stem** – dit behels dat 'n setel aan die party wat die meeste oorblywende stemme het, toegedeel word, dan daarna aan die party wat die tweede meeste oorblywende stemme het en verder totdat die korrekte aantal setels toegedeel is.
- b) Die **hoogste gemiddeld** – dit is waar die aantal stemme wat 'n party gekry het, deur die aantal setels wat in die eerste fase toegedeel is, plus een fiktiewe setel, te deel. Die party wat dan die hoogste gemiddelde aantal oorblywende stemme het, kry dan 'n setel by. Die proses word herhaal totdat al die setels toegedeel is.

Om bogenoemde toedeling van oorblywende stemme te verduidelik kan die volgende hipotetiese voorbeeld gebruik word. Gestel vyf setels moet gevul word en daar was 200 000 stemme in die verkiesing uitgebring. Party A het 86 000 stemme, Party B 56 000 stemme, Party C 38 000 stemme en Party D 20 000 stemme elk gekry. Indien die eenvoudige of Hare-metode toegepas word, is die stemkwota 40 000 (200 000 gedeel deur vyf setels). In die eerste toedeling sal setels soos volg toegedeel word (IPU, 2001:87-88):

Tabel 4: Toedeling van setels volgens die Hare-metode

PARTY	AANTAL SETELS	OORBLYWENDE STEMME
A	2	6 000
B	1	16 000
C	0	38 000
D	0	20 000

Deur die metode van die grootste oorblywende stem toe te pas sal Party C die vierde setel kry en Party D die vyfde setel, aangesien Partye C en D onderskeidelik die grootste (meeste) oorblywende stemme het. Hierdie metode bevoordeel dus die kleiner partye.

Deur die metode van die hoogste gemiddeld toe te pas word 'n fiktiewe setel by elke party bygetel om die gemiddeld te bepaal. Met ander woorde, Party A se gemiddeld word 28 666 (86 000 gedeel $[2+1] = 28 666$). Party B se gemiddeld word 28 000 (56 000 gedeel deur $[1+1] = 28 000$). Party C se gemiddeld word 38 000 (38 000 gedeel deur 1 = 38 000) en Party D se gemiddeld is 20 000 (20 000 gedeel deur 1 = 20 000). Die party met die grootste gemiddeld is nou Party C en kry die vierde setel. Bogenoemde proses word nou herhaal en dus sal Partye A en B se gemiddeldes dieselfde bly, maar Party C het nou een setel en sy gemiddeld verander nou na 19 000 (38 000 gedeel deur $[1+1] = 19 000$). Die party met die grootste gemiddeld nou is Party A en kry die vyfde setel en het in totaal nou drie setels. Deur hierdie metode het Party C een setel bygekry en Party D het geen verteenwoordiging nie. Die hoogste gemiddeld bevoordeel dus die grootste party (IPU, 2001:87-88).

Die tweede metode van toedeling van setels in proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels maak nie gebruik van 'n eerste toedeling en daarna 'n tweede toedeling van die oorblywende stemme nie. 'n Bepaalde formule word gebruik om die hoogste gemiddeldes van stemme te bepaal en dan die setels in volgorde van die hoogste gemiddeld af toe te deel (Toornstra, 2011:19). Daar is basies drie metodes, naamlik:

Die **D'Hondt-metode** neem die aantal stemme wat 'n party verkry het en deel die stemme deur een, twee, drie ens. tot die aantal setels wat toegedeel moet word (dit vorm die kwotas). Die kwotas wat verkry is, word dan van die hoogste tot die laagste geplaas en setels word aan die party met die hoogste kwota toegeken (IPU, 2001:90).

Die **Saint-Lagüe-metode** maak 'n regstelling op D'Hondt se metode deur in plaas daarvan om die stemme van partye deur een en daarna opeenvolgende nommers te deel, maak die Saint-Lagüe-metode van een af van ongelyke nommers (een, drie, vyf, ens.) gebruik. Die setels word ook dan van die hoogste tot laagste kwota toegedeel (Toornstra, 2011:22).

Die **aangepaste Saint-Lagüe-metode** vervang net die eerste deler met die getal 1.4, maar is verder identies aan die Saint-Lagüe-metode (IPU, 2001:90).

Die verskil van die metodes kan geïllustreer word deur bogenoemde hipotetiese voorbeeld waar 200 000 kiesers gestem het met vyf setels weer te gebruik. Die kwotas (getalle) wat in vet gedruk is, dui daarop dat 'n setel toegeken is:

Tabel 5: Setel toedeling volgens die D'Hondt, Saint-Lagüe en aangepaste Saint Lagüe metodes

D'Hondt	1	2	3	4	5
A	86 000	43 000	28 666	21 500	17200
B	56 000	28 000	18 666	14 000	11 200
C	38 000	19 000	12 666	9 500	7 600
D	20 000	10 000	6 666	5 000	4 000

Saint-Lagüe	1	3	5
A	86 000	28 666	17 200
B	56 000	18 666	11 200
C	38 000	12 666	7 660
D	20 000	6 666	4 000

Aangepaste Saint-Lagüe	1.4	3	5
A	61 428	28 666	17 200
B	40 000	18 666	11 200
C	27 142	12 666	7 660
D	14 285	6 666	4 000

Uit bogenoemde hipotetiese voorbeeld is dit duidelik dat die D'Hondt-metode die meerderheidsparty bevoordeel. Party A kry drie setels en Partye B en C elk een. Die Saint-Laguë-metode poog om 'n regstelling te maak en Party D kry dan ook 'n setel en Party A kry een minder.

Die mate (graad/vlak) van proporsionaliteit hang af van die bepaalde kwotas en verdelings wat gebruik word in die seteltoedeling. In die gebruik van die hoogste gemiddeldes as metode van seteltoedeling word die beste proporsionaliteit verkry deur die Sainte-Laguë-metode. Die aangepaste Sainte-Laguë-metode is minder proporsioneel en die d'Hondt-metode lewer die minste proporsionaliteit. In die geval van die grootste surplus verdelings, lewer die Hare-metode die beste proporsionaliteit in die verdeling van die setels. Die Droop-metode en die Imperial-metode se proporsionele verdeling is swakker as dié van die Hare-metode. Oorhoofs is die resultaat van die d'Hondt-metode die minste proporsioneel, terwyl die Sainte-Laguë-metode en die Hare-metode die beste proporsionaliteit oplewer (Lijphart, 1990:481-496).

Om die vermeerdering van kleiner partye in die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel te voorkom word soms vereis dat 'n party 'n minimum persentasie stemme moet kry om 'n setel te kan wen. Dit staan bekend as 'n drempel waaraan voldoen moet word om te kwalifiseer om 'n setel te kan wen. Dit lewer egter nie die korrekte proporsionaliteit nie, maar verwring die proporsionaliteit van die kiesstelsel en word soms geregverdig om parlementêre stabiliteit te verhoog (IPU, 2001:87-88). Die drempel verskil van 0.67 persent in die Nederlande tot so hoog as 10 persent in Turkye (Reynolds *et al.* 2005:83).

Die voor- en nadele van proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels is soos volg:

3.4.2.1 *Voordele van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel*

a) Die sterkste argument ten gunste van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is dat die stelsel die afwykende disproporsionele resultate van

meerderheidskiesstelsels voorkom en dus 'n beter verteenwoordigende wetgewer oplewer. Vir baie nuwe demokrasieë, veral die met diep verdeelde gemeenskappe, is die insluiting van alle belanghebbende groepe in die wetgewer so te sê 'n noodsaaklike vereiste vir demokratiese konsolidasie. Dit skakel ook gereelde afbakening uit en daarmee saam ook die knoeiery by afbakening (Gildenhuys & Knipe, 2000:142).

- b) Die kiesstelsel beskik oor die vermoë om die verhouding van stemme wat in 'n verkiesing uitgebring is in dieselfde verhouding setels wat gewen word, om te skakel, en skakel dus onbillike verteenwoording uit. Die meeste state het nou veelpartystelsels en maak die tweepartystelsel, wat eie is aan die wenner-vat-alles-kiesstelsel, onaanvaarbaar (Gildenhuys & Knipe, 2000:142).
- c) Dit moedig die vorming van politieke partye of groepe wat eendersdenkend is aan om kandidate te stel en vereis dit ook. Dit kan duidelikheid gee aan beleid, ideologie of leierskapverskille in 'n gemeenskap (Reynolds *et al.*, 2005:57).
- d) Die aantal vermorste stemme in die kiesstelsel is baie min. Indien drempels baie laag is, tel feitlik elke stem om 'n kandidaat van keuse verkies te kry. Dit verhoog die persepsie van die kieser dat dit die moeite werd is om die moeite te doen om te gaan stem, aangesien die kiesers meen dat hulle stem 'n verskil maak aan die uitslag, al is dit klein. Dit maak verkiesings betekenisvol (Reynolds *et al.*, 2005:58).
- e) Die kiesstelsel maak dit moontlik dat kleiner partye verteenwoordiging verkry. Tensy die drempel baie hoog is en daar min setels is, kan enige politieke party, met selfs 'n klein persentasie van die stemme, verteenwoordiging in wetgewers verkry. Dit voldoen aan die beginsel van insluiting, wat noodsaaklik is in verdeelde gemeenskappe en hou voordele in vir besluitneming in gevestigde demokrasieë (Farrel, 1998:10).
- f) Dit moedig partye aan om ook veldtogte buite die gebiede waar hulle tradisioneel sterk ondersteuning het, te loods. Die aanmoediging onder 'n proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is om alle moontlike stemme te kry omdat elke stem tel en help om 'n setel vir die betrokke party te wen (Reynolds *et al.*, 2005:58).
- g) Die stelsel beperk die ontwikkeling van sogenaamde 'streeksvestings' waar 'n enkele groot party al die setels in 'n streek wen omdat die stelsel minderheidspartye beloon

met mindere setels. Hierdie aspek kan spesifiek belangrik wees vir minderhede in 'n streek of provinsie waar hulle nie groot konsentrasies van ondersteuners het nie (Reynolds *et al.*, 2005:58).

- h) Die stelsel skep groter kontinuïteit en stabiliteit van beleid. Die Wes-Europese ervaring toon dat state met 'n proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel beter presteer, veral op ekonomiese gebied. Kiesersdeelname aan verkiesings is hoër en regerings bly langer aan bewind. Die rasionaal van die bevinding is dat die gereelde vervanging van regering tussen twee ideologies gepolariseerde partye, soos veral verkry in die wenner-vat-alles-kiesstelsel, langtermyn- ekonomiese beplanning moeiliker maak, terwyl koalisieregerings in proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels stabiliteit skep en samebindende besluitneming bevorder wat nasionale ontwikkeling bevorder (Reynolds *et al.*, 2005:58).
- i) Die stelsel bevorder sigbare koalisies tussen politieke partye en selfs belangegroepe. In talle nuwe demokrasieë is magsdeling tussen die meerderheid van die bevolking wat die politieke mag het, en 'n klein minderheid wat die ekonomiese mag het, onafwendbaar (Reynolds *et al.*, 2005:58).
- j) Omdat die stelsel alle belange van groepe of gemeenskappe in die wetgewer akkommodeer omdat selfs klein partye verteenwoording verkry, is daar 'n beter kans dat besluite in die openbaar geneem sal word en meer deursigtig sal wees (Reynolds *et al.*, 2005:58).

3.4.2.2 *Nadele van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel*

- a) Koalisieregerings kan lei tot 'n dooiepunt in die wetgewer met die gevolg dat samebindende beleid nie uitgevoer kan word nie. Faksies binne koalisievennote kan hulle ondersteuning aan sekere besluite van die kabinet onttrek, waardeur besluitneming vertraag word (Gildenhuys & Knipe, 2000:142).
- b) Die stelsel kan die partystelsel destabiliseer deur die fragmentering daarvan. Dit kan gebeur dat 'n klein minderheidsparty 'n groot meerderheidsparty daarvan kan weerhou om in die algemene belang besluite te neem, om sodoende die

minderheidsparty ter wille te wees. Selfs faksies binne 'n regerende party kan wegbreek, wat die regering dan sou kon verswak (Robertson, 1985:102).

- c) Die stelsel skep 'n platform vir ekstremistiese partye aan beide die regter- en linkerspektrum van die politiek (Reynolds *et al.*, 2005:59).
- d) Die stelsel gee kleiner partye in 'n regerende koalisie 'n mag wat buite verhouding groot is, omdat die kleiner partye 'n vetoreg verkry (Gildenhuys & Knipe, 2000:143).
- e) 'n Nadeel is die onvermoë van die kieser om verantwoording af te dwing deur 'n swak verteenwoordiger uit te skop. Dit sluit aan by die mees algemene kritiek dat die skakel tussen kiesers en verteenwoordigers in hierdie kiesstelsel swak funksioneer. Onder die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel kan dit moeilik wees om 'n regerende party wat in die middel van die politieke spektrum gevestig is, van mag te verwyder, omdat die betrokke party deur koalisies kan regeer, selfs al het hulle in die verkiesing swak presteer (Reynolds *et al.*, 2005:59).
- f) Die stelsel skep probleme vir kiesers om dit te verstaan of vir die verkiesingsadministrasie om die soms komplekse reëls van die stelsel te implementeer. Sommige proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels word moeiliker beskou as nie-proporsionele stelsels en mag meer opleiding vir kiesers en verkiesingspersoneel vereis ten einde suksesvol te funksioneer (Reynolds *et al.*, 2005:59).

3.4.2.3 Die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel

Die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel word toegepas waar 'n hele staat as een kiesafdeling beskou word, soos in Suid-Afrika, of in die geval van streeks- of provinsiale partylyste waar daar 'n aantal groot meerledige kiesafdelings is. Politieke partye stel 'n lys name van kandidate op in afnemende voorkeurvolgorde (eerste, tweede, derde keuse ensovoorts) wat aan die kiesers voorgehou word. Kiesers stem dan vir partye en nie vir individuele kandidate nie. Partye kry dan setels in direkte verhouding tot die aantal stemme wat die partye in die verkiesing gekry het, en vul die setels met die partylys volgens die voorkeurvolgorde. Dit beteken dat indien 'n party, byvoorbeeld tien persent van die stemme in die verkiesing gekry het, word tien persent

van die setels (verteenwoordigers) aan die party toegeken. Gestel dit is 40 setels, dan word die eerste 40 lede wie se name op die kandidaatlys verskyn, aangewys as lede van die wetgewer. 'n Drempel kan ingestel word soos in Duitsland wat 'n drempel van 5 persent het om klein, moontlike ekstremistiese partye van verteenwoordiging uit te sluit (Heywood, 2007:263). In Suid-Afrika word geen drempel gestel nie.

Hoewel die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel gebaseer is op die beginsel dat politieke partye, of groepe, kandidate bepaal, is dit moontlik om in die stelsel 'n bepaalde graad van keuse aan kiesers te gee om tussen die kandidate sowel as tussen die partye te kies. Daar is basies drie opsies, naamlik oop, geslote of vry lys. Die meeste lysproporsionele kiesstelsels in die wêreld is geslotelys- proporsionele kiesstelsels waar die kandidate gekies word van 'n lys wat deur die party bepaal is en die kiesers nie 'n keuse het om voorkeur te gee aan 'n bepaalde kandidaat nie. Die lysproporsionele kiesstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Baie lysproporsionele kiesstelsels in Wes-Europa gebruik die oop lys waar kiesers kan aandui vir watter party hulle stem en vir watter kandidaat van daardie party hulle stem. In die meeste van hierdie gevalle is 'n stem vir die party sowel as die kandidaat opsioneel en omdat die meeste kiesers vir die party stem, eerder as die kandidaat, het die opsie om vir die kandidaat te stem weinig effek. In Brasilië moet kiesers vir kandidate stem. In Luxemburg en Switserland het kiesers soveel stemme as wat daar setels is, en kan hulle vir kandidate in een bepaalde partylys of verskillende partylyste stem (Reynolds *et al.* 2005:84-90).

Voor- en nadele van die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is soos volg:

3.4.2.3.1 *Voordede van die kiesstelsel*

- a) Die moontlikheid dat kandidate van minderheidskulture en -groepe verkies sal word, is groter. Hierdie kiesstelsel help dat wetgewers lede van minderheids- en meerderheids-groepe insluit en daarom billik is teenoor alle partye (Reynolds *et al.*, 2005:60).

- b) Die stelsel bevorder eenheid deur kiesers aan te moedig om met hulle nasie of streek, eerder as met die betrokke kiesafdeling, te identifiseer (Heywood, 2007:263).
- c) Die stelsel maak dit makliker vir vroue om verkies te word, mits hulle op 'n partylys geplaas word. In al die streke van die wêreld word vroue meer onder hierdie kiesstelsel verkies as onder die meerderheidskiesstelsel (Reynolds *et al.*, 2005:61).
- d) Die verteenwoordiging van 'n groot aantal kleiner partye verseker dat daar meer klem geplaas word op onderhandeling, bedinging en konsensus (Heywood, 2007:263).

3.4.2.3.2 *Nadele van die kiesstelsel*

- a) Die bestaan van baie kleiner partye kan tot swak en onstabiele regering lei (Heywood, 2007:263).
- b) Die skakelling (verbinding) tussen verteenwoordigers en kiesers is swak of word verbreek. Kiesers weet nie wie hulle plaaslike verteenwoordiger is nie, en weet nie wie hulle ten opsigte van hulle probleme kan nader nie (Gildenhuys & Knipe, 2000:143).
- c) Kandidate wat ongewild is by die kiesers, maar wat goed geplaas is op partylyste kan nie as verteenwoordigers verwyder word nie (Heywood, 2007:263).
- d) Politieke partye word sterk sentralisties want leiers stel die lys op en junior lede kry voordele om lojaal te wees met die hoop om hoër op die lys geplaas te word. Persone wat die guns van die leiers geniet, haal die lys, maar indien die persone in onguns verval, word hulle uitgeskop of deur die leiers herontplooi (Gildenhuys & Knipe, 2000:143).

3.4.2.4 *Die enkeloordraagbare stem*

Die doel van die enkeloordraagbare stem is om dit vir elke burger wat stemgeregtig is, moontlik te maak om vrylik en ten volle deel te neem om 'n eie verteenwoordiger te kies met die besef dat dit die kern van ware demokrasie is (Lakeman, 1974:111). Die enkeloordraagbare stem gee die kiesers die mag om te kies tussen kandidate van

dieselfde politieke party, wat sterk verskil van die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel. 'n Kerneienskap van die enkeloordraagbare stem is dat dit 'n ingeboude primêre verkiesing skep deurdat dit toelaat dat elke kieser wat 'n lid of nie 'n lid van die politieke party is nie, 'n rol vervul in die verkiesing van die party se kandidaat. Dit verswak dus die rol van die party en sy leiers met betrekking tot die keuse van watter kandidaat verkies word en lewer 'n hoë mate van proporsionaliteit, maar nie so hoog soos die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel nie (Bogdanor, 1987:9-10).

Die enkeloordraagbare stemstelsel word in meerledige kiesafdelings toegepas, en partye stel soveel kandidate as wat daar setels is wat in elke kiesafdeling gevul moet word. Kiesers stem deur kandidate in voorkeurvolgorde te plaas soos in die alternatiewe stemkiesstelsel. Die voorkeurvolgorde is egter opsioneel en 'n kieser het die keuse om vir net een kandidaat te stem. Kandidate word verkies indien hulle aan 'n kwota voldoen. Die kwota is die minimum aantal stemme wat 'n kandidaat moet kry om verkies te word, en die kwota word volgens die Droop-formule bereken. Die Droop-formule is:

$$\text{Kwota} = \frac{\text{Totale aantal stemme uitgebring}}{(\text{aantal setels wat gevul moet word} + 1)} + 1$$

Byvoorbeeld, indien 100 000 stemme in 'n kiesafdeling wat vier setels het en vier lede verkies moet word, uitgebring is, is die kwota $100\,000 / (4 + 1) + 1 = 20\,001$. Die stemme word getel ooreenkomstig eerste keuse van kiesers, en kandidate wat aan die kwota voldoen, word dadelik verkies. Indien nie al die setels gevul is nie, word die kandidaat met die minste stemme uitgeskakel en die kandidaat se tweede keuse word herverdeel, en die proses word gevolg totdat al die setels gevul is (Heywood, 2007:262).

Die voor- en nadele van die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel is soos volg:

3.4.2.4.1 *Voordele van die kiesstelsel*

- a) Die voordele wat in die algemeen vir proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels geld, geld ook vir die enkeloordraagbarestem-stelsel. Bykomend tot die algemene

voordele, is dit 'n kiesstelsel wat 'n keuse stel tussen politieke partye en kandidate van politieke partye. Die finale resultaat lewer 'n aanvaarbare proporsionaliteit en indien kiesafdelings klein is, word die skakel tussen die kiesers en die verteenwoordigers behou (Reynolds *et al.*, 2005:76).

- b) Wedywering tussen kandidate van dieselfde party beteken dat hulle beoordeel kan word volgens hulle rekords ten opsigte van hulle standpunte oor sake wat oor partygrense heen strek. Die beskikbaarheid van verskeie verteenwoordigers in dieselfde kiesafdeling beteken dat kiesers 'n keuse het ten opsigte van wie hulle met griewe en probleme kan nader (Heywood, 2007:262).

3.4.2.4.2 *Nadele van die kiesstelsel*

Die nadele is volgens Reynolds *et al.* (2005:77) dieselfde as die algemene nadele van proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels, maar het ook bykomende nadele wat hier vermeld word. Hierdie bykomende nadele is:

- a) Die stelsel word gekritiseer op die basis dat voorkeurstemming in talle gemeenskappe onbekend is, en dat 'n bepaalde gelettertheid en syferkennis telkens vereis word.
- b) Die ingewikkeldheid van die telling en bepaling van gekose kandidate in die stelsel is 'n nadeel. Die stelsel vereis verskeie hertellings en die oordrag van die surpluswaardes maak dit baie ingewikkeld en daarom kan die tel van stemme nie by stemburo's in die kiesafdelings plaasvind nie, maar by 'n sentrale telseentrum. Die tel van stemme by stemburo's word soms vereis om die legitimiteit van die verkiesing te verseker.
- c) Die stelsel kan, anders as in die lysproporsionele kiesstelsel, druk plaas op politieke partye en fragmenteer omdat lede van dieselfde party in wese vir stemme teen mekaar wedywer, sowel as teen die opposisie. Dit kan meebring dat politici kiesers omkoop om vir hulle te stem.
- d) Die stelsel kan ook meebring dat 'n party met 'n meerderheid van stemme, minder setels as sy opponente wen.

Deurgaans is die grootste voordeel van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels dat dit 'n meer verteenwoordigende wetgewer verseker. Die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is inklusief, billiker en laat elke stem in 'n verkiesing tel. Minderheids- en meerderheidsgroepe word in wetgewers opgeneem, wat daartoe lei dat sulke wetgewers die stem van al die burgers in 'n staat word. Dit is bevorderlik vir goeie demokrasie. Elke kieser weet sy stem tel in die verkiesing en word nie gemors indien sy kandidaat of party nie die meeste stemme gekry het nie.

Die meeste kritiek teen die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is dat dit regerings onstabiel kan maak en dat verteenwoordigers nie verantwoordbaar is aan die kiesers nie. Die argument is dat kiesers nie weet wie hulle verteenwoordigers is nie, en dat die partyleiers te veel mag het, veral in die lys-proporsionele kiesstelsel. Die skakel tussen die kiesers en die verteenwoordigers is dus swak. Die kiesstelsel wat hierdie verantwoording en skakeling teenoor kiesers die beste akkommodeer is, volgens verskeie politieke wetenskaplikes, die wenner-vat-alles meerderheidkiesstelsel. Dit is egter belangrik dat Lakeman (1974:152) opmerk dat in 'n Gallup-meningspeiling in enkellid-kiesafdelings in Brittanje in 1948, een uit elke drie persone nie geweet het wie hulle LP is nie. Dieselfde meningspeiling is in 1968 herhaal en toe het net 59 persent van kiesers die naam van hulle LP geken. Lakeman (1974:152) is uitgesproke deur te verklaar dat die argument dat die persoonlike verhouding tussen kiesers en verteenwoordigers die beste is in enkellid-kiesafdelings onder 'n wenner-vat-alles-kiesstelsel, en daarom 'n rede is vir die behoud van die kiesstelsel, soms 'n groot mite is. Met die hedendaagse moderne tegnologie is daar sekerlik baie ander maniere om te verseker dat verteenwoordigers meer bekend is aan die kiesers.

3.4.3 Gemengde kiesstelsels

Die kerneienskap van gemengde kiesstelsels is dat die werking daarvan beide proporsioneel verteenwoordigende en meerderheidkiesstelsels insluit. Daar word onderskei tussen afhanklike en onafhanklike kombinasies. 'n Afhanklike kombinasie is

dié waar die toepassing van een formule om die seteltoewysing te bepaal afhanklik is van die uitkoms van die ander formule (Massicotte & Blais, 1999:341).

In gemengde kiesstelsels word gepoog om die voordele van meerderheidkiesstelsels en die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels met mekaar te kombineer. Stemme word uitgebring deur dieselfde kiesers en lewer 'n bydrae tot die verkiesing van verteenwoordigers deur beide kiesstelsels. Een van die kiesstelsels is 'n meerderheidkiesstelsel (soms een van die kiesstelsels wat as ander kiesstelsels ingedeel is), gewoonlik 'n enkellidkiesafdeling meerderheidkiesstelsel, en die ander een 'n lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel. Daar is twee tipes gemengde kiesstelsels, naamlik die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel en die parallelle kiesstelsel. Wanneer die resultaat van die twee kiesstelsels gekoppel word met die toedeling van setels op proporsionele vlak, en dit afhanklik is van wat met die meerderheidstelsel (of ander) se seteltoedeling gebeur, en 'n aanpassing gemaak moet word om te kompenseer vir disproporsionaliteit wat op die meerderheidkiesstelsel ontstaan het, staan dit bekend as die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel. Waar die twee stelsel verkiesings los staan van mekaar en nie afhanklik is van mekaar om setels toe te deel nie, word dit 'n parallelle kiesstelsel genoem (Reynolds *et al.* 2005:90-91). 'n Gemengde kiesstelsel het tot gevolg dat wetgewers minder gefragmenteer is as onder 'n lysproporsionele kiesstelsel, omdat minder en sterker partye daaruit ontstaan (Kostadinova, 2002:31).

3.4.3.1 *Gemengdelid- proporsionele kiesstelsel*

Onder 'n gemengdelid- proporsionele kiesstelsel word die setels wat onder die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel verkry is, gebruik om te kompenseer vir enige disproporsionaliteit wat moontlik in die meerderheidkiesstelsel kon ontstaan het. Byvoorbeeld, as 'n party 10 persent van die nasionale stemme gewen het, maar geen setels in die kiesafdelings nie, dan sal genoeg setels van die proporsionele stelsel aan die party toegeken word sodat die party 10 persent van die setels in die wetgewer het. Kiesers mag twee afsonderlike keuses kry (Duitsland is 'n goeie voorbeeld), of

alternatiewelik, net een keuse waar die totale stemme van 'n party verkry word van die stemme wat in die kiesafdelings op die party se kandidate uitgebring is. In die meeste state wat hierdie kiesstelsel toepas, word die setels van die meerderheidkiesstelsel verkry van enkellid-kiesafdelings deur die wenner-vat-alles-kiesstelsel, en in Hongarye word die tweerondte-kiesstelsel toegepas (Reynolds *et al.*, 2005:91). Die volgende state gebruik volgens Reynolds *et al.* (2005:91) die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel:

Tabel 6: State wat die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel gebruik

LAND	AANTAL PROP. SETELS	AANTAL MEERDERHEID SETELS	TIPE MEERDERHEID KIESSTELSEL	TOTALE AANTAL SETELS
Albanië	40 (29%)	100 (71%)	Wenner-vat-alles	140
Bolivia	62 (48%)	68 (52%)	Wenner-vat-alles	130
Duitsland	299 (50%)	299 (50%)	Wenner-vat-alles	598
Hongarye	210 (54%)	176 (46%)	Wenner-vat-alles	386
Italië	155 (25%)	475 (75%)	Wenner-vat-alles	630
Lesotho	40 (33%)	80 (67%)	Wenner-vat-alles	120
Mexiko	200 (40%)	300 (60%)	Wenner-vat-alles	500
Nieu-Seeland	55 (46%)	65 (54%)	Wenner-vat-alles	120
Venezuela	65 (39%)	100 (61%)	Wenner-vat-alles	165

Hoewel die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel ontwerp is om proporsionele resultate te lewer, kan die disproporsionaliteit in die enkellid-kiesafdelings so groot wees dat die lysproporsionele setels nie genoeg daarvoor kan kompenseer nie. Dit gebeur veral as die proporsionele setels op streeks- of provinsiale vlak is en nie op nasionale vlak nie. Disproporsionaliteit kan ook verminder word deur die aantal setels in die wetgewer te vergroot (Reynolds *et al.*, 2005:95).

Voor- en nadele van die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel is soos volg:

3.4.3.1.1 Voordele van die kiesstelsel

- a) Hoewel die voordele van proporsionele kiesstelsels behou word, verseker dit ook dat gekose verteenwoordigers aan 'n geografiese gebied gekoppel word en is die kontak

met die kiesers beter, en is dit dieselfde as in die wenner-vat-alles-kiesstelsel (Reynolds *et al.*, 2005:95).

- b) Dit laat kiesers toe om 'n kiesafdeling-verteenwoordiger van een party te kies, maar 'n ander party te steun om die regering te vorm (Heywood, 2007:261).
- c) Die stelsel kan dieselfde proporsionaliteit verkry as in die lys-proporsionele kiesstelsel en deel dieselfde voor- en nadele daarvan (Reynolds *et al.*, 2005:95).

3.4.3.1.2 *Nadele van die kiesstelsel*

- a) Waar kiesers twee stemme het, naamlik een vir die party en een vir 'n kandidaat in 'n kiesafdeling, verstaan die kiesers nie altyd dat die stem vir die kandidaat minder belangrik is as die stem vir die party nie, want die stemme vir die party bepaal in die geheel die verteenwoordiging van die party in die wetgewer (Reynolds *et al.*, 2005:95).
- b) Hierdie kiesstelsel skep twee klasse verteenwoordigers, naamlik dié wat gebonde is aan 'n geografiese gebied en die ander wat nasionaal verkies is. Dit kan ook sekere implikasies inhou vir die samebinding of kohesie van groepe van gekose partyverteenwoordigers (Reynolds *et al.*, 2005:95). Verteenwoordigers in kiesafdelings word belas met kiesafdelingverpligtinge, terwyl die ander verteenwoordigers 'n hoër status geniet met die vooruitsig om 'n ministerspos te beklee (Heywood, 2007:261).
- c) Kiesafdeling-verteenwoordiging en die skakel (verbinding) tussen kiesers kan benadeel word omdat kiesafdelings baie groter (gewoonlik dubbel) is as in die gewone kiesafdeling van die wenner-vat-alles-kiesstelsel (Heywood, 2007: 261).
- d) Politieke partye word meer sentralisties en partyleiers soms meer magtig onder hierdie kiesstelsel want die party en/of sy leiers besluit nie net wie die sekuriteit kry om 'n lyskandidaat te wees en wie 'n kiesafdelingkandidaat moet wees nie, maar besluit ook waar op die lys die kandidate geplaas word (Heywood, 2007:261).

3.4.3.2 *Parallele kiesstelsels*

Parallele kiesstelsels pas ook beide die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel en 'n meerderheidkiesstelsel toe, maar, anders as in die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel, kompenseer die proporsionele kiesstelsel nie vir die disproporsionaliteit wat ontstaan as gevolg van die meerderheidkiesstelsel nie. Soos in die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel kan kiesers óf op een stembrief stem wat vir beide stelsels getel word óf op twee afsonderlike stembriewe wat afsonderlik vir elke kiesstelsel getel word. Parallele kiesstelsels word in 21 state toegepas en die meeste pas die wenner-vat-alles-kiesstelsel as meerderheidkiesstelsel in enkellid-kiesafdelings toe. Enkele state soos Georgië en Kazakstan gebruik die tweerondte-kiesstelsel in kiesafdelings en state soos Andorra en Senegal gebruik die partyblokstem in kiesafdelings (Reynolds *et al.*, 2005:104).

Die balans tussen die aantal proporsionele setels en die aantal meerderheidkiesstelsel-setels verskil aansienlik. In Andorra, Rusland en Oekraïne is die verdeling van die setels 50:50. In Suid-Korea word 81 persent van die 299 setels deur die wenner-vat-alles-kiesstelsel verkies en net 56 lede word deur die lysproporsionele kiesstelsel verkies (Reynolds *et al.*, 2005:104).

Die voor- en nadele van die parallelle kiesstelsel is soos volg:

3.4.3.2.1 *Voordele van die kiesstelsel*

Met betrekking tot disproporsionaliteit lewer parallelle kiesstelsels 'n resultaat min of meer tussen proporsionele en meerderheidkiesstelsels. Een voordeel is dat indien daar genoeg proporsionele setels is, kleiner partye nog steeds verkies kan word wat andersins met net die meerderheidkiesstelsel uitgesluit sou gewees het (Reynolds *et al.*, 2005:112).

3.4.3.2.2 *Nadele van die kiesstelsel*

Soos in die gemengdelid-kiesstelsel kan twee klasse verteenwoordigers ontstaan met die betrokke nadele soos reeds gestel. Parallele kiesstelsels waarborg nie algemene proporsionaliteit nie, en sommige partye kan steeds uitgesluit word ten spyte van redelike hoeveelheid stemme in 'n verkiesing. Die stelsel is ook relatief kompleks en kan kiesers verwar rakende die aard en werking van die kiesstelsel (Reynolds *et al.*, 2005:112).

3.4.4 **Ander kiesstelsels**

Behalwe meerderheidkiesstelsels, proporsioneel verteenwoordigende en gemengde kiesstelsels, is daar volgens Reynolds se tipologie van kiesstelsels, ander kiesstelsels wat nie behoorlik by die reeds genoemde indelings inpas nie. Hierdie stelsels is die enkel nieoordraagbare stem, die beperkte stem en die Borda telstem-kiesstelsels. Hierdie kiesstelsels neig om stemme in setels om te skakel wat êrens tussen proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels en die resultate van meerderheidskiesstelsels lê (Reynolds *et al.*, 2005:113).

3.4.4.1 ***Die enkel nie-oordraagbarestem-kiesstelsel***

Onder die enkel nieoordraagbarestem-kiesstelsel het kiesers, anders as in die blokstem-kiesstelsel, slegs een stem vir 'n kandidaat in 'n meerledige kiesafdeling. Dit beteken dat daar meer as een setel in 'n kiesafdeling is, maar die kieser kry slegs een stem. Die kandidaat met die hoogste totale stemme word verkies. Hierdie kiesstelsel stel politieke partye voor 'n uitdaging. Byvoorbeeld, in 'n kiesafdeling waar vier setels gevul moet word, is 'n kandidaat wat net meer as 20 persent van die stemme kry, verseker om verkies te word. 'n Party wat dus 50 persent van die stemme kry, is verseker van twee van die vier setels in die kiesafdeling. Indien elke kandidaat van die party 25 persent van die stemme kry, word albei verkies, maar indien een kandidaat 40 persent van die stemme kry en die ander kandidaat 10 persent, kry dieselfde party

slegs een kandidaat verkies. Indien 'n party drie kandidate stel, skep dit die gevaar van stemverdeling, en dit maak dit nog moeiliker vir 'n party om twee setels te wen (Reynolds *et al.*, 2005:113).

Die voor- en nadele van die enkel nieoordraagbarestem-kiesstelsel is soos volg:

3.4.4.1.1 *Voordele van die kiesstelsel*

- a) Die belangrikste verskil tussen hierdie kiesstelsel en die ander meerderheidkiesstelsels wat vroeër bespreek is, is dat hierdie kiesstelsel beter voorsiening maak daarvoor dat minderheidspartye en onafhanklike²⁵ kandidate verkies word. Hoe meer setels daar in 'n kiesafdeling is, hoe meer proporsioneel word die stelsel (Reynolds *et al.*, 2005:113).
- b) Hierdie kiesstelsel moedig politieke partye aan om meer georganiseerd te wees om te verseker dat hulle die kiesers kan versoek om hulle stemme aan die party se kandidate op so 'n wyse te gee dat die maksimum kandidate van die party verkies word (Reynolds *et al.*, 2005:113).
- c) Laastens is die stelsel maklik om toe te pas en te verstaan (Reynolds *et al.*, 2005:113).

3.4.4.1.2 *Nadele van die kiesstelsel*

- a) Hierdie stelsel kan meebring dat kleiner partye geen setels verower nie en groter party met 'n gewone meerderheid van stemme 'n volstreekte meerderheid in die wetgewer verkry. Hoewel meer setels in die kiesafdeling meer proporsionaliteit meebring, raak kiesafdelings so groot dat die kontak tussen die kiesers en die verteenwoordigers verlore gaan, juis dit waarvoor hierdie stelsel aangemoedig word (Reynolds *et al.*, 2005:117).

²⁵ 'n Onafhanklike kandidaat wat nie namens 'n politieke party of organisasie deelneem in 'n verkiesing nie, maar in sy/haar eie naam.

- b) Soos in enige kiesstelsel waar meer kandidate van dieselfde party teen mekaar meeding, kan hierdie stelsel fragmentering en tweedrag in 'n politieke party veroorsaak. Dit bevorder ook klandestiene politiek waar politici die kiesers probeer omkoop om stemme te verseker (Reynolds *et al.*, 2005:117).
- c) Hierdie kiesstelsel bring mee dat daar gewoonlik 'n groot getal vermorste stemme is (Reynolds *et al.*, 2005:117).

3.4.4.2 Die beperktestem-kiesstelsel

Die beperktestem-kiesstelsel word, soos die enkel nieoordraagbarestem-kiesstelsel, in 'n meerledige kiesafdeling toegepas. Die kiesers het egter in hierdie kiesstelsel meer as een stem, maar minder as die aantal kandidate wat verkies moet word. In hierdie geval het die kiesers een stem minder as die aantal kandidate wat in die kiesafdeling verkies moet word. Die kandidate met die meeste stemme word verkies. Hierdie kiesstelsel word gewoonlik vir verkiesings op plaaslike regeringsvlak toegepas. Op nasionale vlak is die toepassing tans beperk tot Gibraltar en Spanje, wat dit vir die verkiesing van die Senaat aanwend. Die voor- en nadele is dieselfde as die enkel nieoordraagbarestem-kiesstelsel, hoewel die beperktestem-kiesstelsel neig om nog minder proporsioneel te wees (Reynolds *et al.*, 2005:117).

3.4.4.3 Die Borda-telkiesstelsel

'n Unieke kiesstelsel is die Borda-telkiesstelsel wat in 'n klein staat by name Nauru aan die Stille Oseaan toegepas word. Die stelsel word ook aangewend om twee lede van 'n etniese minderheid tot die Nasionale Vergadering in Slowenië te verkies, en in die presidentsverkiesing in Kiribati (Electoral Reform Society, 2012). Die Borda-telstelsel is 'n voorkeur-kiesstelsel soos in die alternatiewe stemkiesstelsel waar kandidate in voorkeurvulgorde geplaas word en kan in enkellid-sowel as meerledige kiesafdelings gebruik word. Daar word slegs een maal getel en daar is geen eliminerings nie en voorkeure word as breuke van stemme getel. 'n Kieser se eerste keuse tel een, die tweede keuse 'n half, die derde keuse 'n derde ensovoorts. Alles word dan bymekaar

getel in een somtotaal en die kandidaat of kandidate met die meeste stemme word verkies (Reynolds *et al.*, 2005:118).

Die voor- en nadele van die Borda-telstelsel is dieselfde as vir die alternatiewe stem- en enkel-oordraagbarestem-kiesstelsel (Electoral Reform Society, 2012).

3.5. SAMEVATTING

Verkiesings vorm die basis van die demokratiese proses, want deur verkiesings vind stemmings plaas en word 'n regering verkry wat demokraties deur die kiesers verkies is. Kiesstelsels is die praktiese instrument waardeur verteenwoordiging deur middel van stemmings in die praktyk of in die realiteit omgeskakel word. Moderne demokrasieë pas 'n wye verskeidenheid kiesstelsels toe, en daar is nie eenstemmigheid oor 'n beste kiesstelsel nie, aangesien elke kiesstelsel goeie (voordele) en swak (nadele) eienskappe bevat. Kiesstelsels bepaal hoe 'n politieke stelsel sal funksioneer en bepaal die mate van legitimiteit van 'n politieke stelsel.

Daar word onderskeid getref tussen kieswette en kiesstelsels. Kieswette is daardie wette wat die reëls van die proses van die verkiesing bepaal. Die meganisme wat bepaal wie verkies word, nadat kiesers gestem het, is die kiesstelsel. Per definisie bepaal kiesstelsels die wyse waarop stemme in setels omgeskakel word in die proses om politieke verteenwoordigers verkies te kry. Presies hoe hierdie omskakeling plaasvind, verskil van een kiesstelsel na 'n ander.

In die proses van die omskakeling van die stemme is daar drie kernveranderlikes, naamlik die kiesformule, die stembrief en die stemdistrik. Die veranderlike komponent in die kiesformule is die tipe kiesstelsel. Die gebruik van 'n enkel/meerderheid, proporsionele, gemengde of ander kiesstelsel gepaard met die wiskundige formule wat gebruik word om die seteltoedeling te bereken, sal verskillende uitkomst gee. In die stembrief is die veranderlike komponent die struktuur van die stembrief wat bepaal of die kieser vir 'n kandidaat of party stem en of die kieser 'n enkelkeuse of 'n aantal

voorkeurkeuses het. Die veranderlike komponent van die stemdistrik (stemgebied) is die aantal verteenwoordigers wat in die distrik tot die wetgewer verkies moet word.

Die kernfaktor wat een kiesstelsel van 'n ander kiesstelsel onderskei is die metode waarop die stelsel setels toedeel. Breedweg is daar drie maniere waarop setels toegedeel kan word en 'n kandidaat verkies kan word, naamlik deur 'n gewone meerderheid van die stemme, 'n volstreekte meerderheid van stemme of stemme wat proporsioneel toegedeel word. Al die politieke wetenskaplikes se tipologieë van kiesstelsels wat hier bespreek is, gebruik hierdie drie maniere as breë basis vir kriteria vir 'n tipologie van kiesstelsels. By 'n meer spesifieke indeling van kiesstelsels volgens gemeenskaplike eienskappe, werking en uitkomst, is daar verskillende indelings deur die politieke wetenskaplikes omdat elkeen sy spesifieke uitgangspunt en kriteria het oor wat kiesstelsels van mekaar onderskei.


Bogdanor se uitgangspunt is dat die kernfaktor wat een kiesstelsel van 'n ander kiesstelsel onderskei, die metode is waarop die kiesstelsel stemme omskakel om verteenwoordiging te bepaal. Gallagher en Mitchell se uitgangspunt is dat sekere kiesstelsels ten opsigte van hulle werking en uitkomst heelwat met mekaar gemeen het en daarvolgens ingedeel kan word. Reynolds se uitgangspunt is dat kiesstelsels ingedeel behoort te word ooreenkomstig die mate (graad) van proporsionaliteit van elke kiesstelsel en die vlak van vermorste stemme. Hierdie verskillende uitgangspunte het verskillende uitkomst by 'n indeling van kiesstelsels.

Indien die verskillende indelings vergelyk word, sluit die indeling van Reynolds die indelings van Bogdanor, Gallagher en Mitchell in, maar Reynolds se indeling is egter meer omvattend. Sy indeling is meer omvattend deurdat hy dieselfde maatstaf, naamlik die mate van proporsionaliteit en die vermorste stem, van toepassing maak op al die kiesstelsels en daarvolgens in families en hoofstelsels indeel. Hy identifiseer ook 'n vierde familie van 'ander' kiesstelsels wat nie heeltemal inpas by die drie ander families nie. Bogdanor identifiseer ses verskillende kiesstelsels en Gallagher en Mitchell nege.

Reynolds identifiseer twaalf verskillende kiesstelsels wat meer omvattend en uitgebreid is.

Vir doeleindes van hierdie studie sal die tipologie van kiesstelsels van Reynolds gebruik word vir verdere navorsing en toepassing. Reynolds se tipologie van kiesstelsels is soos volg:

Figuur 10: Die kategorieë volgens Reynolds, Reilly en Ellis



Bron: Reynolds et al., 2005:28

Hierdie tipologie van kiesstelsels volgens Reynolds word ook aangewend om die werking en die voor- en nadele van verskillende kiesstelsels te ondersoek.

In feitlik alle gevalle het die keuse van 'n bepaalde kiesstelsel 'n diepgaande effek op die politieke toekoms van 'n staat. Kiesstelsels is ook belangrik deurdat dit 'n groot verskil maak wat betref die vorming van die partystelsel, die aard van regering (koalisies of enkelpartye), die aard van keuses wat kiesers het by 'n verkiesing, die vermoë van

die kiesers om hulle verteenwoordigers persoonlik verantwoordbaar te hou, die gedrag van parlamentslede, die graad waarin die parlement lede uit alle vlakke van die samelewing en van alle agtergronde het, die mate van demokrasie en samebinding (kohesie) binne politieke partye en die gehalte van regering, wat ten slotte die gehalte van die lewe van die burgers wat deur 'n regering regeer word, bepaal – met ander woorde, verskillende kiesstelsels het verskillende politieke werkinge met verskillende voor- en nadele wat vir elke kiesstelsel geld. 'n Opsomming van die voor- en nadele in die opsie van vyf kiesstelsels gebaseer op hulle interne werking, is soos volg:

Tabel 7: Voor- en nadele van vyf kiesstelsels gebaseer op hulle interne werking

KIESSTELSEL	VOORDELE	NADELE
Lys-proporsionele verteenwoordiging	b) Proporsioneel c) Inklusief d) Minderheid-verteenwoordiging e) Min vermorste stemme f) Makliker vir vrou om verkies te word g) Afbakening van grense nie nodig nie h) Geen tussenverkiesings nodig nie i) Fasiliteer afwesigheid-stemme (spesiale stemme) j) Beperk groei van enkelparty-streke k) Hoër stempersentasie	l) Swak geografiese verteenwoordiging m) Verantwoordbaarheidsprobleme n) Koalisie- en minderheidsregerings meer moontlik in parlementêre stelsels o) Baie mag aan politieke partye p) Moeilik om bestaande regering te vervang q) Kan lei tot die insluiting van ekstremistiese partye by wetgewers
Wenner-vat-alles	<ul style="list-style-type: none"> • Sterk geografiese verteenwoordiging • Maak verantwoordbaarheid makliker om af te dwing • Maklik om te verstaan • Gee kiesers 'n duidelike keuse • Bevorder 'n samebindende opposisie • Kiesers kan tussen kandidate kies • Meerderheidsregerings meer moontlik in parlementêre stelsels 	<ul style="list-style-type: none"> • Sluit minderheidspartye uit • Sluit minderhede uit • Sluit meestal vroue uit • Baie vermorste stemme • Gereelde tussenverkiesings • Vereis afbakening van grense • Kan lei tot knoeieri en korrupsie • Moeilik om afwesige stemme te reël
Twee rondte-kiesstelsel	<ul style="list-style-type: none"> • Gee kiesers 'n tweede kans om 'n keuse te maak • Minder stemverdeling as ander meerderheidkiesstelsels • Eenvoudig om te verstaan • Sterk geografiese verteenwoordiging 	<ul style="list-style-type: none"> • Vereis afbakening van grense • Vereis duur en administratiewe uitdaging in tweede rondte • Gereelde tussenverkiesings • Lang tydsverloop tussen verkiesing en aankondiging van uitslag • Disproporsioneel • Mag destabilisering in verdeelde gemeenskappe skep
Parallele kiesstelsel	<ul style="list-style-type: none"> • Is inklusief • Verteenwoordiging vir minderhede • Minder party fragmentering as lys-proporsionele stelsel • Meer verantwoordbaarheid • Min vermorste stemme 	<ul style="list-style-type: none"> • Moeilike en gekompliseerde stelsel • Vereis afbakening van grense • Skep twee tipes of klasse verteenwoordigers • Vereis strategiese stemming • Moeiliker om afwesige stemming te reël as in lysproporsionele stelsel

Hoofstuk 3: Kiesstelsels: Tipologie en werking

KIESSTELSEL	VOORDELE	NADELE
		<ul style="list-style-type: none">• Waarborg nie algehele proporsionaliteit nie
Gemengdelid-proporsionele stelsel	<ul style="list-style-type: none">• Is proporsioneel• Inklusief• Geografiese verteenwoordiging• Verantwoordbaarheid• Min vermorste stemme	<ul style="list-style-type: none">• Moeilike en gekompliseerde stelsel• Vereis afbakening van grense• Gereelde tussenverkiesings• Skep twee tipes of klasse verteenwoordigers• Vereis strategiese stemming• Moeiliker om afwesige stem te reël

Met bogenoemde indeling wat die werking en gevolge van elk van die verskillende kiesstelsels uiteen sit, asook die voor- en nadele van elke kiesstelsel, kan die inligting in die volgende hoofstuk toepassing vind in die bepaling van 'n raamwerk van wat die norme en vereistes van 'n goeie demokratiese kiesstelsel behoort te wees.

HOOFSTUK 4: DIE IDEALE KIESSTELSEL – NORMATIEWE PERSPEKTIEWE

4.1. INLEIDING

Omdat bepaalde kiesstelsels 'n invloed uitoefen op die legitimiteit van 'n parlement en die mate waarin dit demokraties is of nie, is in die vorige hoofstuk veral klem gelê op die tipologie van kiesstelsels met 'n deeglike identifisering, ontleding, interpretering en evaluering van die dinamika binne 'n verteenwoordigende demokrasie. Twaalf verskillende kiesstelsels is geïdentifiseer en die eiesoortige politieke werking en gevolge van elkeen is bespreek. Weens hierdie eiesoortige werking van die verskillende kiesstelsels het elke kiesstelsel goeie (voordele) en swak (nadele) eienskappe, en is dit belangrik om in hierdie hoofstuk 'n teoretiese raamwerk met bepaalde norme en vereistes op te stel waaraan 'n kiesstelsel moet voldoen om 'n legitieme en demokratiese parlement te verseker. Dit is ook belangrik om waardecriteria te identifiseer wat kan bepaal hoe goed 'n kiesstelsel is.

Hierdie hoofstuk is om twee redes belangrik. Eerstens, omdat die bestaande kiesstelsel in Suid-Afrika ontleed en geëvalueer sal word aan die hand van hierdie norme en vereistes binne die teoretiese raamwerk wat gestel sal word. Tweedens sal die voorgestelde alternatiewe raamwerke van kiesstelsels vir Suid-Afrika ook geëvalueer word aan die hand van hierdie norme en vereistes, met inagneming van die besondere omstandighede van Suid-Afrika.

Die oorhoofse doelstelling in hierdie hoofstuk is gevolglik om 'n teoretiese raamwerk op te stel, met as grondslag die identifisering van bepaalde norme en vereistes waaraan 'n kiesstelsel moet voldoen om 'n legitieme en demokratiese parlement te verseker. Binne hierdie teoretiese raamwerk van norme sal die vereiste van aanspreeklikheid of verantwoording deur die verteenwoordigers aan kiesers ook ontleed word.

Die metodologie van die hoofstuk behels 'n literatuurstudie van toepaslike vakwetenskaplike literatuur met kiesstelsels as spesifieke fokus. Weens die

toenemende internasionale besef van die invloed van verskillende kiesstelsels op demokrasie, het verskeie internasionale organisasies konvensies opgestel oor vereistes vir demokratiese verkiesings, en is 'n verskeidenheid resente literatuur beskikbaar. Die *International Institute for Democracy and Electoral Assistance* is een van die instellings met verskeie gesaghebbende publikasies betreffende kiesstelsels. In hierdie hoofstuk word veral van hierdie publikasies gebruik gemaak.

Die uitleg van hierdie hoofstuk behels eerstens 'n bespreking oor die belangrikheid van kiesstelsels in 'n demokrasie. Spesifieke aandag word geskenk aan die effek wat kiesstelsels het op die stabiliteit binne 'n demokratiese stelsel. Tweedens vind 'n ontleding plaas van demokratiese kiesstelsels. In die ontleding word die teoretiese vereistes en beginsels bepaal waaraan 'n kiesstelsel moet voldoen om demokraties te wees. Laastens word kriteria of norme en vereistes binne 'n teoretiese raamwerk opgestel waaraan 'n kiesstelsel moet voldoen om 'n legitieme en demokratiese parlement te verseker. Waardekriteria word ook geïdentifiseer wat kan bepaal hoe goed 'n kiesstelsel is. Toepassing van hierdie kriteria in die praktyk word bespreek en die hoofstuk word afgesluit met 'n samevatting.

4.2. DIE BELANGRIKHEID VAN KIESSTELSELS

Omdat 'n kiesstelsel, soos in die vorige hoofstuk onder punt 2.7.3 omskryf is, die stemme wat in 'n algemene verkiesing uitgebring is, in setels in 'n wetgewende liggaam omskakel, bepaal die keuse van die kiesstelsel effektief wie verkies word en watter politieke party die mag verkry. Anders gestel is die doel van 'n kiesstelsel om die wil van die kiesers, soos uitgedruk by die stembus, om te skakel in verteenwoordigers in 'n wetgewende liggaam (Newman & Bennett, 2006:2).

Die belangrikheid van die kiesstelsel in verkiesings, soos gestel in 2.7.3, is dat die kiesstelsel die werkswyse van 'n verkiesing bestuur en beheer en indien die kiesstelsel meebring dat die verkiesing nie aan die beginsels van 'n demokratiese verkiesing voldoen nie, dan is die kiesstelsel ondemokraties. In die vorige hoofstuk is ook

aangetoon dat verskillende kiesstelsels verskillend funksioneer, d.w.s. die werking van sodanige stelsels, en verskillende uitslae in verkiesings tot gevolg het. Die kiesstelsel het dus 'n belangrike effek op die uitslag van 'n verkiesing, want een kiesstelsel kan met die uitslag van 'n verkiesing lei tot 'n koalisieregering of minderheidsregering, terwyl 'n ander kiesstelsel, met presies dieselfde verkiesingsuitslag, kan meebring dat 'n enkele party die mag verkry en regeer. Hierdie effek wat die kiesstelsel het, maak die keuse van die kiesstelsel wat 'n staat toepas, uiters belangrik (Reynolds *et al.*, 2005:5).

Die effek wat die kiesstelsel op 'n staat het, strek egter verder as om net te bepaal wie verkies word en watter politieke party die mag verkry. Die kiesstelsel het ook 'n invloed op: (i) die partystelsel van 'n staat (ii) die mate van konflik in gemeenskappe (iii) die psigologiese denke van kiesers (iv) die weerspieëling van die bevolkingsamestelling van 'n staat, en (v) die demokratiese raamwerk van 'n staat (Reynolds *et al.*, 2005:6).

Verdere bespreking van die genoemde invloede of impak van kiesstelsels is nodig om 'n beter begrip te verkry van die belangrikheid van kiesstelsels.

4.2.1 Kiesstelsels en partystelsels

Die tipe partystelsel wat in 'n staat ontwikkel, en meer spesifiek die aantal en grootte van partye in wetgewers, word sterk beïnvloed deur die keuse van 'n bepaalde kiesstelsel. Kiesafdelinggebaseerde kiesstelsels ontwikkel gewoonlik 'n swak partyorganisasie, terwyl ander kiesstelsels die teenoorgestelde ontwikkel (Toornstra, 2011:6). Sommige kiesstelsels moedig weer die vorming van politieke partye aan, en dwing dit selfs af, terwyl ander slegs individuele kandidate erken. Die kiesstelsel beïnvloed die interne binding (kohesie) en dissipline van partye. Sommige kiesstelsels mag faksievorming bevorder waar verskillende groepe (vleuels)²⁶ van 'n party gereeld in botsing is met mekaar, terwyl 'n ander kiesstelsel partye kan aanmoedig om eensgesind te wees en uit een mond te praat en afvalligheid onderdruk. Kiesstelsels kan ook die wyse bepaal waarop partyleierskap optree en die wyse waarop politieke werwing

²⁶ Waar verskillende standpunte deur 'n groep lede van 'n party verskil met 'n ander groep in dieselfde party oor bv. beleid en aktuele sake, word daarna verwys as verskillende vleuels in die party.

gedoen word. Hierdeur help dit om die breër politieke klimaat in 'n staat te bepaal. Kiesstelsels kan die vorming van koalisies en/of alliansies aanmoedig of ontmoedig. Dit kan partye aanspoor om 'n breë beleid te volg en akkommoderend te wees vir 'n groot deel van die bevolking of om 'n nouer beleid te volg en hulle te beroep op etnisiteit (Reynolds *et al.*, 2005:6).

4.2.2 Kiesstelsels en konflikbestuur

In die oorgang van regerings na 'n demokrasie is een van die belangrike vereistes die ontwikkeling van 'n demokratiese kultuur. Konflik in die oorgang word grotendeels uitgeskakel indien die nuwe regering as legitiem deur die burgers aanvaar word. Legitimiteit word verkry deur die kiesstelsel waardeur die nuwe regering verkies word (Huntington, 1991:258-259). Verskillende kiesstelsels kan spanning en konflik in 'n gemeenskap vererger of verminder. Sommige kiesstelsels kan verseker dat minderheidsgroepe billike verteenwoordiging in wetgewers kry, terwyl ander kiesstelsels sterk eenpartyregerings aanmoedig. Wanneer 'n kiesstelsel as onregverdig beskou word en die politieke raamwerk nie toelaat dat die opposisie meen dat hulle met 'n volgende verkiesing 'n kans staan om die regering te kan oorneem nie, kan verloorders verplig voel om buite die stelsel te begin werk. Dit is wanneer groepe en gemeenskappe gebruik maak van ondemokratiese konflik en selfs gewelddadige taktieke. Die keuse van 'n kiesstelsel bepaal die eenvoud of ingewikkeldheid van die stem-aksie. Dit het onvermydelik 'n impak op minderheidsgroepe en minderbevoorregte groepe, maar veral in gemeenskappe waar daar 'n beduidende aantal onervare en ongeletterde kiesers is (Reynolds *et al.*, 2005:6).

4.2.3 Psigologiese aspekte van kiesstelsels

Duverger (1964:205, 216) onderskei tussen die werkende en psigologiese effek van kiesstelsels. Die werkende impak is die sigbaarste in die wyse waarop verskillende kiesstelsels neig om verskillende tipes partystelsels te bevorder. Meerderheidskiesstelsels neig om 'n beperkende effek op die aantal partye te hê, terwyl

proporsionele kiesstelsels neig om meer en 'n groter verskeidenheid partye tot gevolg te hê. Die psigologiese impak van kiesstelsels versterk hierdie werkende effek, byvoorbeeld onder die reëls van die meerderheidskiesstelsel “wenner-vat-alles”, word kiesers wat graag vir 'n minderheidsparty wil stem, gekonfronteer deur die dilemma van hoe om te verhoed dat hulle stem “gemors” word, aangesien slegs een kandidaat in 'n enkellid-kiesafdeling verkies kan word.²⁷ Die gevolg van hierdie dilemma is dat baie kiesers nie vir hulle werklike keuse sal stem nie, maar eerder vir 'n ander kandidaat (gewoonlik van 'n meerderheidsparty) wat hulle glo 'n realistiese kans staan om te wen (Toornstra, 2011:32). Kiesstelsels het dus 'n bepaalde invloed op kiesersgedrag. Volgens Pickles (1970:122-123) bepaal politieke partye die aktuele onderwerpe wat in verkiesings aan kiesers voorgehou word. 'n Pakket word aan die kiesers voorgehou en belangrike sake word nie bespreek nie. Dit bring mee dat sommige kiesers ongelukkig voel oor 'n party, maar steeds daarvoor stem. Die algemene effek hiervan is dat groter partye versterk word ten koste van kleiner partye. Proporsionele stelsels of stelsels wat veelvoudige stemkeuses toelaat, daarenteen, is meer geneig om dit moontlik te maak dat kleiner partye verkies kan word waardeur die druk op kiesers om strategies te stem verminder word. Hierdeur voel kiesers dat hulle stem steeds sal tel, al is dit nie vir die sterkste party nie (Lijphart, 1994:77).

4.2.4 Kiesstelsels en bevolkingsamestellings

Dit is belangrik om te beseef dat 'n bepaalde kiesstelsel se werking en uitkomst nie noodwendig dieselfde sal wees in alle state nie. Die effek van 'n bepaalde tipe kiesstelsel hang grootliks af van die sosiopolitieke konteks waarin dit gebruik word. Byvoorbeeld, hoewel daar algemene konsensus bestaan dat meerderheidsstelsels neig om die verskeidenheid wetgewende verteenwoordiging te verminder en proporsionele stelsels dit bevorder, wil dit voorkom of die konvensionele benadering dat meerderheidsstelsels 'n tweepartystelsel skep en proporsionele stelsels veelpartystelsels, verouderd raak. In die afgelope jare het die “wenner-vat-alles”-tipe meerderheidsstelsel

²⁷ 'n Kiesafdeling is 'n spesifiek afgebakende gebied vir verkiesingsdoeleindes waarin slegs die kiesers wat in die gebied woonagtig is, vir 'n verteenwoordiger in 'n wetgewer kan stem (Reynolds *et al.*, 2005:175).

in Kanada en Indië nie die samevoeging van partye gehad wat tot 'n tweepartystelsel gelei het nie. Proporsionele kiesstelsels het ook gelei tot die verkiesing van dominante eenpartyregerings soos in Namibië en Suid-Afrika (Reynolds *et al.*, 2005:7).

Proporsionele kiesstelsels met 'n lae drempel en groot kiesafdelings maak dit makliker vir verteenwoordigers om uit 'n kleiner segment van die bevolking verkies te word. Hierdeur word klas, godsdiens en etnisiteit meer in heterogene bevolkings beklemtoon. Meerderheidkiesstelsel het weer die teenoorgestelde gevolg (Norris, 2004:101). Breedweg kan gesê word die effek of gevolge van die keuse van 'n kiesstelsel word bepaal deur faktore soos hoe 'n samelewing saamgestel is met betrekking tot ideologiese, godsdienstige, etniese, rasse-, streeks-, taal- en/of klasseverskille; of die staat 'n gevestigde demokrasie, 'n oorgangsdemokrasie of nuwe demokrasie is; of daar 'n gevestigde partystelsel is, of partye in wording is en hoeveel 'ernstige' partye daar is; en of 'n bepaalde party se ondersteuners geografies gekonsentreerd is of oor 'n wye gebied versprei is. Die effek van die kiesstelsel sal verskil na gelang van die homogeniteit of heterogeniteit van die bevolkingsamestelling van 'n staat (Reynolds *et al.*, 2005:7).

4.2.5 Kiesstelsels in 'n demokratiese raamwerk

In Hoofstuk 2 onder punt 2.7.3 is die kiesstelsel in 'n verteenwoordigende demokratiese raamwerk bespreek. Daar is aangetoon dat die kiesstelsel moet verseker dat elke kieser se stem 'n gelyke gewig en waarde in die uitslag van die verkiesing dra om sodoende politieke gelykheid deur stemreg te verseker. Dit is belangrik dat die kiesstelsel die aantal stemme wat partye in verkiesings kry, in verhouding ooreenstem met die aantal setels wat die partye in die wetgewende liggaam kry (Powell, 2001:2). Kiesstelsels moet nie in isolasie gesien word nie, maar as deel van 'n staat se groter politieke stelsel. Die keuse en belangrikheid van die korrekte kiesstelsel spruit daaruit voort dat daar na die raamwerk van politieke instellings as geheel gekyk moet word: die verandering van een deel van hierdie raamwerk sal meebring dat aanpassings gemaak

sal moet word met betrekking tot die wyse waarop ander instellings daarbinne werk (Reynolds *et al.*, 2005:8).

Bogenoemde vyf effekte van 'n kiesstelsel beklemtoon die belangrikheid van die kiesstelsel. Hieruit is dit duidelik dat die kiesstelsel nie net die samestelling van die wetgewende liggaam bepaal en wie regeer nie, dit het 'n groot effek op die totale samelewing van 'n staat. Die effek van die kiesstelsel kan selfs bepaal hoe stabiel of onstabiel die samelewing is. Die kiesstelsel het selfs ook 'n uitwerking op die denke van die kiesers ten opsigte van hulle keuse vir wie hulle in 'n verkiesing gaan stem. Vir 'n staat om demokraties te wees behoort die meerderheid kiesers se wil die regering te bepaal.

Die belangrikheid van kiesstelsels, soos hierbo aangetoon, beklemtoon dat kiesstelsels wat gebruik word in verkiesings, demokrasie kan verseker of nie. Vervolgens word bepaal aan watter vereistes 'n kiesstelsel moet voldoen ten einde 'n demokrasie te verseker en in stand te hou.

4.3. DEMOKRATIESE KIESSTELSELS

In Hoofstuk 2 is die funksies van verkiesings, asook die vereistes waaraan verkiesings moet voldoen ten einde demokrasie te verseker, volledig bespreek. 'n Belangrike vereiste wat bepaal is vir demokratiese verkiesings, is o.a. dat die verkiesings vry en regverdig moet wees. Die kiesstelsel moet dus verseker dat die vereistes wat vir demokratiese verkiesings gestel word, nagekom word. Dit beteken dat die kiesstelsel ook aan demokratiese vereistes moet voldoen.

Omdat die kiesstelsel die stel reëls is wat die werkswyse van verkiesings beheer en kan meebring dat die verkiesing nie vry en regverdig is nie, en derhalwe nie aan die beginsels van 'n demokratiese verkiesing voldoen nie, is dit belangrik om te bepaal aan watter voorwaardes of vereistes 'n kiesstelsel moet voldoen om te verseker dat dit 'n demokratiese kiesstelsel is. Die verwysing na 'n demokratiese kiesstelsel beteken dat

die kiesstelsel voldoen aan sekere vereistes waardeur demokrasie bevorder word. Indien die kiesstelsel nie demokrasie bevorder nie, sal dit beskou word as 'n ondemokratiese kiesstelsel. Hieraan word vervolgens aandag geskenk.

4.3.1 Kriteria vir demokratiese kiesstelsels

Dit is noodsaaklik dat die kiesstelsel, wat die werkswyse van 'n verkiesing bestuur en beheer, nie omstandighede skep wat in praktyk ongelykhede instel nie. Verskeie politieke wetenskaplikes het kriteria neergelê waaraan 'n kiesstelsel behoort te voldoen om demokraties te wees. Laski (1925:240-256) se kriteria is sterk gebaseer op die klassieke meerderheidkiesstelsel vir enkellid-kiesafdelings om te verseker dat die meerderheid regeer. Pickles (1970:23-25) se kriteria fokus op die omstandighede waarin verkiesings moet plaasvind om gelyke wedywering te verseker. Hierdie twee politieke wetenskaplikes se kriteria word bespreek omdat dit van die kernbeginsels van demokrasie ondervang.

4.3.1.1 Laski se kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel

In sy *Grammar of Politics* het Harold Laski (1925:240-256) vier basiese voorwaardes gestel waaraan 'n demokratiese kiesstelsel moet voldoen. Eerstens, moet dit verseker dat die wetgewende liggaam die menings van die meerderheid sowel as die minderheid oor sake van openbare belang insluit. Tweedens moet kiesafdelings/kiesersareas²⁸ klein genoeg wees sodat die verteenwoordiger genoeg kontak met sy kiesers het om verantwoording te doen. Derdens moet dit tussen nasionale verkiesings gereelde werking en skakeling tussen die regering en die kiesers verseker om in voeling te bly met verandering van menings van die kiesers. Vierdens moet dit verseker dat kiesers so na as moontlik verbind word met die regering om te verseker dat die regering deur die kiesers verkies word.

²⁸ 'n Kiesersarea is 'n afgebakende gebied waarin al die kiesers wat in daardie area woon en stemreg het 'n verteenwoordiger vir die spesifieke area kies, en dit staan bekend as 'n kiesafdeling.

Die bydrae van Laski se kriteria is dat drie van die vereistes verantwoordings en gereelde raadpleging van beide die regering en die verteenwoordigers aan die kiesers vereis. Soos in punt 2.6.2 in Hoofstuk 2 aangetoon, is verantwoordings en raadpleging 'n belangrike vereiste in 'n verteenwoordigende demokrasie.

Kritiek teen Laski se kriteria is dat die tweede en derde voorwaardes slegs behoorlik in 'n meerderheidskiesstelsel van wenner-vat-alles in enkellig-kiesafdelings, byvoorbeeld dié in Brittanje, nagekom kan word. 'n Kenmerk van proporsionele kiesstelsels is dat die skakel tussen verteenwoordigers en die kiesers swakker is. Die eerste voorwaarde is egter toepaslik op sowel 'n meerderheidskiesstelsel as 'n proporsionele kiesstelsel. Indien 'n verkiesing se resultate 'n duidelike meerderheid en minderheid moet stel, soos in 'n enkellig-kiesafdeling, moet kiesers 'n werklike keuse kan maak tussen, hetsy kandidate en/of politieke partye. Daar moet egter op gelet word dat 'n kiesstelsel wat in 'n verkiesing geld, nie die sake van openbare belang, waarvoor kiesers 'n keuse moet maak, bepaal nie. Hoewel kiesers tussen spesifieke kandidate en politieke partye wat aan die verkiesing deelneem kies, is dit die politieke partye wat die beleidsake kies waarvoor kiesers 'n keuse moet maak. Volgens Pickles (1970:121-123) bied die partye 'n beleidspakket aan die kiesers wat verskeie sake aanraak wat die politieke partye as belangrik en van openbare belang beskou. Dit kan gebeur dat belangrike sake nie altyd in verkiesingsveldtogte uitgespel word nie, juis omdat dit omstrede kan wees en kiesers moontlik van die partye kan afskrik. Ten beste maak die kiesers 'n keuse tussen partye en kies hulle die partye wat hulle sou verkies om vir 'n volgende aantal jare te regeer.

Laski se kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel sluit wel die belangrike vereistes van verantwoordings en raadpleging in, maar is gebaseer op die meerderheidskiesstelsel. Daar is egter ander nadele van die meerderheidskiesstelsel waaraan Laski nie aandag skenk nie. Die nadele maak egter nie die meerderheidskiesstelsel ondemokraties nie.

4.3.1.2 *Pickles se kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel*

Huntington (1991:305) stel as eerste kriterium vir demokrasie gelyke en deursigtige wedywering vir stemme tussen politieke partye met geen beperkinge deur 'n regering

nie. Pickles se vereistes vir 'n demokratiese kiesstelsel sluit hierby aan en sy kriteria word gebaseer op gelyke deelname en 'n keuse tussen meer as een kandidaat.

Pickles (1970:23-25) stel twee vereistes vir 'n kiesstelsel om demokraties te wees. Eerstens moet daar 'n keuse van twee of meer kandidate wees om kiesers in staat te stel om 'n voorkeur uit te oefen. Tweedens moet die omstandighede waarin die verkiesing plaasvind dit vir kandidate moontlik maak om op gelyke basis te kan meeding. Om aan hierdie twee vereistes te voldoen moet aan die volgende bepalings beantwoord word (Pickles, 1970:121-125):

- Geen normale en wetsgehoorsame burger mag verhinder word om 'n kandidaat te wees nie, mits daar enige redelike kans is dat die kandidaat beduidende steun kan kry. Beide vereistes is belangrik. 'n Totale vryheid om 'n kandidaat te wees kan 'n oorwig van kandidate stel wat die doel van die verkiesing vernietig, aangesien geen meerderheid vir 'n bepaalde beleid bereik kan word nie. Die kriteria wat gewoonlik geld is dat voornemende kandidate bepaalde openbare steun in die vorm van 'n aantal handtekeninge wat die nominasie steun moet bewys, asook van erns van deelname in die vorm van 'n deposito wat betaal moet word. Die deposito is terugbetaalbaar indien 'n sekere minimum persentasie van die stemme verwerf is.
- Die stemming moet geheim wees sodat geen druk op 'n kieser geplaas word om vir, teen of buite stemming te wees vir 'n bepaalde kandidaat nie. Dit is tans die algemene reël in demokrasieë.
- Daar behoort redelik gelyke kiesfasiliteite beskikbaar te wees in 'n kiesersarea. Dit behels die vereistes dat 'n stempunt naby kiesers se wonings moet wees, dat inligting met betrekking tot stempunt waartydens kiesers kan stem, deurgegee moet word en dit waarvoor partye en kandidate staan, ook breedweg bekendgemaak moet word.
- Daar behoort gelyke voorwaardes te geld vir werwingsveldtogte. Dit is een van die moeilikste vereistes om bevredigend na te kom. Die belangrikste kriteria in moderne tye is (i) om beperkings te plaas op hoeveel 'n party in sy verkiesingsveldtog mag bestee, (ii) om wetgewing te hê wat korrupsie en omkoperie baie moeilik maak en wat howe doeltreffend kan straf, en (iii) om voorsiening te maak vir gelyke

geleentheid vir partye om deur middel van massamedia soos radio en televisie 'n oproep op die kiesers te kan doen ter ondersteuning van die party. Waar die radio en televisie deur die staat beheer word, soos byvoorbeeld in Brittanje en Suid-Afrika, is dit makliker om voorskrifte aan die media te stel. Waar televisie en radio in privaatbesit is, word dit moeiliker omdat voorskrifte en beperkings op private instellings inbreuk maak op die reg van vryheid van mening en spraak.

Die twee vereistes vir 'n demokratiese kiesstelsel wat Pickles hierbo stel, met die insluiting van die vereistes om gelyke deelname aan kandidate te verseker, voldoen eweneens aan Huntington (1991:305) en Heywood (2000:200) se kriteria vir 'n demokrasie. Pickles se vereistes voldoen ook aan die aangeduide kriteria vir vrye en regverdige verkiesings.

Die kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel volgens die vereistes van Laski en Pickles word skematies in Tabel 8 voorgestel:

Tabel 8: Kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel volgens Laski en Pickles

	VEREISTES
LASKI	<ul style="list-style-type: none"> • Die menings van meerderhede en minderhede moet geld • Kiesafdelings klein – kontak tussen kiesers en verteenwoordiger • Tussen die verkiesings – kontak tussen regering en kiesers • Kiesers meer inspraak in proses om regering aan te wys
PICKLES	<ul style="list-style-type: none"> • Kiesers moet keuse hê tussen meer as een kandidaat • Stemming moet in die geheim plaasvind • Elkeen met stemreg moet kan deelneem aan verkiesing • Kieserfasiliteite moet vir almal toeganklik wees • Werwingsveldtogte moet vir almal gelyk wees

Indien bostaande kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel vergelyk word met die kenmerke en eienskappe van 'n verteenwoordigende demokrasie soos in punt 2.6.2 gestel, voldoen die kriteria vir 'n kiesstelsel aan al die kenmerke van 'n verteenwoordigende demokrasie. Dit beteken voldoening aan die kriteria vir die kiesstelsel sal verteenwoordigende demokrasie bevorder. Elke vereiste van die kriteria vir die kiesstelsel bevorder 'n bepaalde kenmerk van verteenwoordigende demokrasie, en kan skematies soos volg gestel word:

Tabel 9: Kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel waardeur bepaalde kenmerke van verteenwoordigende demokrasie bevorder word

KRITERIA VIR DEMOKRATIESE KIESSTELSEL	KENMERKE VAN VERTEENWOORDIGENDE DEMOKRASIE
a) Menings van meerderhede en minderhede moet verreken word	a) Meerderheidsbesluite
b) Kiesafdelings klein – kontak tussen kiesers en verteenwoordiger	b) Populêre verteenwoordiging
c) Tussen die verkiesings – kontak tussen regering en kiesers	c) Gereelde raadpleging
d) Kiesers na aan regering se aanwysing	d) Verantwoording en afwisseling van regering
e) Kiesers moet keuse hê tussen meer as een kandidaat	e) Politieke mededinging
f) Stemming moet in die geheim plaasvind	f) Politieke gelykheid
g) Stemgeregtigdes moet aan verkiesing kan deelneem	g) Politieke gelykheid
h) Kieserfasiliteite moet vir almal toeganklik wees	h) Politieke gelykheid
i) Werwingsveldtogte moet vir almal gelyk wees	i) Vrye media

Indien bostaande kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel toegepas word, sal die kiesstelsel verseker dat die verkiesing demokraties is en demokrasie sal bevorder.

Uit bostaande kriteria vir 'n demokratiese kiesstelsel kan 'n norm van minimum vereistes vervolgens bepaal word waaraan 'n goeie kiesstelsel behoort te voldoen.

4.4. KRITERIA (NORME EN VEREISTES) VIR 'N GOEIE KIESSTELSEL

Talle debatte en meningsverskille oor verkiesings sentreer om die uitkomst en meriete van verskillende kiesstelsels, veral tussen meerderheidkiesstelsels en proporsionele kiesstelsels. Soos blyk uit die tipologie van kiesstelsels (in die vorige hoofstuk) is daar twaalf verskillende kiesstelsels waarvan die politieke funksionering en gevolge verskil. Omdat 'n kiesstelsel, soos deur Heywood (2007:256) omskryf, 'n stel reëls is wat die werkswyse van verkiesings beheer, bepaal die kiesstelsel die uitslag van die verkiesing en dus ook wie regeer. Daarom is die reëls belangrik en gee dit aanleiding tot meningsverskille. Besluite oor die tipe kiesstelsel wat geld, is ook polities, en regerende partye sal wegstrem om die kiesstelsel te verander, tensy dit die party bevoordeel (Welsh, 2001:1). Die verskillende reëls van die verskillende kiesstelsels sentreer volgens Heywood (2007:256) om die volgende:

- a) Die keuse tussen kandidate en/of politieke partye.
- b) Keuse vir 'n enkele kandidaat of voorkeurstem.
- c) Kiesers kan binne kiesafdelings of daarsonder gegroepeer word.
- d) In kiesafdelings kan 'n enkele lid of meer as een lid tot die parlement verkies word.
- e) Die ondersteuningsvlak wat benodig word om 'n kandidaat verkies te kry verskil van 'n gewone meerderheid tot 'n absolute meerderheid of 'n kwota van die een of ander aard.

Elkeen van hierdie reëls kan bepalend wees in die uitslag en ook t.o.v. wie regeer. Omdat die reëls die uitslag van die verkiesing kan verander, is dit belangrik om sekere minimum vereistes te bepaal vir 'n goeie kiesstelsel om, ten spyte van die reëls, steeds aan demokratiese vereistes en beginsels te voldoen.

Politieke wetenskaplikes is dit met mekaar eens dat daar nie noodwendig 'n “beste” kiesstelsel bestaan nie en dat alle kiesstelsels sterk en swak punte het (Newman & Bennett, 2006:7). 'n Goeie kiesstelsel wat legitimiteit aan 'n parlement wil verleen om aan demokratiese vereistes te voldoen behoort egter aan sekere minimum vereistes te beantwoord. Volgens Reynolds *et al.* (2005:9-14) behoort 'n goeie kiesstelsel minstens aan die volgende minimum vereistes (kriteria) te voldoen. Dit moet:

- a) voorsiening maak vir breë verteenwoordiging (die gemeenskapsdiversiteit van die bevolking moet weerspieël word met betrekking tot geslag, taal, geloof en etnisiteit);
- b) verkiesings toeganklik en betekenisvol maak (eenvoud en kiesergeletterdheid moet in ag geneem word);
- c) versoening aanmoedig (dien as konflikbestuur in 'n gemeenskap);
- d) bydra tot 'n stabiele en effektiewe regering (kiesers moet die kiesstelsel as regverdig beskou);
- e) die regering verantwoordbaar hou;
- f) verantwoording deur individuele verteenwoordigers verseker;
- g) die bevordering van politieke partye aanmoedig (veelpartye);
- h) wetgewende opposisie en oorsig bevorder en versterk;

- i) die verkiesingsproses volhoubaar maak (bv. koste en administratiewe vermoëns); en
- j) internasionale standaarde in ag neem.

Bogenoemde minimum vereistes stel 'n norm waaraan 'n kiesstelsel gemeet kan word om te bepaal of 'n bepaalde kiesstelsel 'n goeie kiesstelsel is en aan demokratiese standaarde voldoen. Om meer duidelikheid te verkry oor die werklike betekenis van elke vereiste word elkeen verder breedvoerig bespreek.

4.4.1 Breë verteenwoordiging as norm

Breë verteenwoordiging sluit basies vier vorme van verteenwoordiging in. Eerstens, geografiese verteenwoordiging wat behels dat elke streek, hetsy dit 'n dorp of stad, 'n provinsie of kiesafdeling is, lede in die wetgewer verkies kry wat verantwoordbaar is aan die gebied. Tweedens, ideologiese verteenwoordiging wat behels dat ideologiese verskille, soos godsdiens, in die gemeenskap in wetgewers verteenwoordig word, hetsy deur verteenwoordiging van politieke partye of onafhanklike verteenwoordigers of beide. Derdens, party-politieke verteenwoordiging wat beteken 'n wetgewende liggaam mag verteenwoordigend wees van verskillende politieke partye, elkeen met onderskeidende beleidstandpunte. Indien die helfte van die kiesers egter vir 'n politieke party gestem het, maar daardie party wen geen, of baie min, van die setels in die wetgewende liggaam, kan daar nie gesê word dat die stelsel genoegsame verteenwoordiging van die wil van die burgers het nie. Vierdens, die konsep van beskrywende verteenwoordiging wat behels dat die wetgewer in 'n sekere mate 'n 'spieël van die nasie' as geheel is. 'n Genoegsaam beskrywende wetgewer sal mans en vroue, jeugdige en oues, rykes en armes insluit. Dit sal ook die verskillende religieuse affiliasies, taalgemeenskappe en etniese groepe in 'n gemeenskap weerspieël (Reynolds *et al.*, 2005:9).

4.4.2 Toeganklike en betekenisvolle verkiesings as norm

Verkiesings mag wel aan al die vereistes wat vir demokratiese verkiesings gestel word, voldoen, maar dit beteken min vir die burgers as dit moeilik is om by 'n stembus te kom,

en as hulle stem ten slotte geen verskil maak aan die wyse waarop die staat regeer word nie. Die 'gemak van stemming' word bepaal deur faktore soos hoe kompleks die stembrief is, hoe maklik dit vir 'n kieser is om by die stembus te kom, hoe bygewerk die kieserslys is en hoe seker die kieser is dat sy/haar stem geheim gehou word (Reynolds *et al.*, 2005:10).

Kiesersdeelname neem toe wanneer die uitslag van 'n verkiesing, hetsy op nasionale vlak of in 'n kiesafdeling, die moontlikheid inhou om 'n beduidende verskil in die toekomstige rigting van die regering te maak. Indien 'n kieser weet die kans is skraal dat sy/haar voorkeurkandidaat verkies sal word, wat sou die voordeel dan daarvan wees om te gaan stem? Die verkiesing sal dan vir die kieser geen betekenis inhou nie. In sommige kiesstelsels is die vermorste stem 'n groot deel van die totale nasionale stemme. Selfs in demokratiese stelsels kan die keuse van die kiesstelsel die legitimiteit van instellings, soos die parlement, aantas. 'n Voorbeeld is die Australiese Senaat wat in 1919 en 1946 verkies is deur 'n kiesstelsel (die alternatiewe stem in meerledige kiesafdelings) wat disproporsionele en onvertegenwoordigende resultate gelewer het. Dit het die legitimiteit van die senaat in die oë van die kiesers en politici ondermyn en het ook openbare steun aan die federale regering ondermyn. Eers nadat die kiesstelsel in 1948 verander is na 'n meer regverdige proporsionele kiesstelsel (die enkeloordraagbare stem), het die senaat meer geloofwaardigheid (legitimiteit) en respek van die publiek verkry as 'n belangrike besluitnemingsliggaam (Reynolds *et al.*, 2005:10).

4.4.3 Aanmoediging tot versoening as norm

Kiesstelsels kan ook dien as instrument van konflikbestuur in 'n gemeenskap. Sommige kiesstelsels sal in sekere omstandighede politieke partye aanmoedig om in hulle werwingsveldtogte buite hulle tradisionele (kern) stembasis meer inklusief te wees. Byvoorbeeld, al sou 'n politieke party se ondersteuning primêr Swart kiesers wees, kan 'n bepaalde kiesstelsel die party aanmoedig om ook steun van blankes en ander groepe te probeer werf. Hierdeur sal die party se beleidstandpunte minder verdelend en

eksklusief word, maar meer verenigd en inklusief. Soortgelyke kiesstelsels kan politieke partye minder etnies, streeks, linguisties of ideologies eksklusief maak. In die 1998 Goeie Vrydag-ooreenkoms-verkiesing in Noord-Ierland het stemoordrag in die enkeloordraagbare stemkiesstelsel, pro-vrede partye bevoordeel, maar steeds 'n breë proporsionele resultaat gelewer (Reynolds *et al.*, 2005:10-11).

Verkiesings wat in verdeelde gemeenskappe gehou is, toon dat 'n gepaste kiesstelsel akkomoderende gesindhede en neigings kan bevorder terwyl 'n ontoepaslike kiesstelsel die proses van konflikoplossing ernstig kan benadeel (Harris & Reilly, 1998:191). Daar is vier spesifieke kiesstelsels wat as gepas vir verdeelde gemeenskappe beskou kan word. Hierdie kiesstelsels word gewoonlik aanbeveel as deel van 'n totale grondwetlike pakket by onderhandeling. Sommige grondwetlike pakkette benadruk inklusiwiteit en proporsionaliteit en ander gematigheid en akkomodering. Die ideale kiesstelsels hiervoor is (a) die lysproporsionele kiesstelsels, (b) die alternatiewe stem, (c) die enkeloordraagbare stem, en (d) strategieë wat spesifiek die insluiting van kommunale/etniese groepe insluit, byvoorbeeld deur middel van 'n spesifieke aantal setels vir 'n etniese groep met 'n afsonderlike kieserslys (Harris & Reilly, 1998:192).

4.4.4 Stabiliteit en effektiewe regering as norm

Die verwagting van 'n stabiele en effektiewe regering word nie deur die kiesstelsel alleen geskep nie, maar die resultaat wat die kiesstelsel lewer kan op verskeie maniere bydra tot stabiliteit. Die kernvraag is of die kiesers die kiesstelsel as regverdig beskou, of die regering wetgewing effektief kan bepaal en regeer en of die kiesstelsel diskriminasie teen spesifieke politieke partye of belangegroepe voorkom (Toornstra, 2011:38-39).

Die persepsie rakende die vraag of verkiesingsresultate regverdig is of nie, verskil van staat tot staat. In Engeland (in 1951 en 1974) het die party wat die meeste stemme gekry het, minder setels as sy opponent gekry. Die kiesers het dit egter as 'n toevalligheid beskou en die kiesstelsel (wenner-vat-alles) steeds aanvaar. In Nieu-

Zeeland (in 1978 en 1981) het dieselfde gebeur waar die Nasionale Party aan bewind gebly het ten spyte daarvan dat dit minder stemme as die opposisie (die Arbeidersparty) gekry het. Die kiesers het dit egter nie as regverdig beskou nie en hervorming van die kiesstelsel het gevolg (Reynolds *et al.*, 2005:11).

Of 'n regering wetgewing doeltreffend kan bepaal en regeer, is gedeeltelik gekoppel aan die vraag of dit 'n werkende meerderheid in die wetgewer het. Die tipe kiesstelsel wat geld, het 'n invloed op die bepaling van die grootte van die meerderheid in die wetgewer. In die algemeen is meerderheidskiesstelsels meer geneig om 'n enkele party met 'n meerderheid in verkiesings te laat wen en te laat regeer. Proporsionele kiesstelsels het gewoonlik tot gevolg dat geen enkele party 'n meerderheid verkry nie en politieke partye koalisies moet vorm om te regeer. Dit word aanvaar as die algemene situasie, maar dit gebeur wel dat die betrokke kiesstelsels ook andersom werk. In Suid-Afrika met 'n proporsionele kiesstelsel het die regerende party 'n groot meerderheid en dit regeer sonder koalisiepartye in die parlement (Reynolds *et al.*, 2005:11).

'n Kiesstelsel moet so ver moontlik met alle politieke partye en kandidate neutraal werk. Die persepsie dat 'n kiesstelsel die politieke veld in 'n demokrasie ongelyk maak, is 'n teken dat die politieke orde swak is en tot onstabiliteit kan lei. 'n Voorbeeld is die 1998-verkiesings in Lesotho waar die *Lesotho Congress for Democracy* 79 uit die 80 setels in die Nasionale Vergadering gewen het met sestig persent van die stemme in 'n wenner-vat-alles-kiesstelsel. Die openbare onrus daarna het gelei tot 'n versoek aan die SAOG vir militêre ingryping waarin die weermag van Suid-Afrika 'n groot rol gespeel het. Na die ingryping en herstel van orde is 'n nuwe kiesstelsel onderhandel en is die gemengdelid-proporsionele kiesstelsel met tagtig kiesafdelings en veertig proporsionele setels aanvaar (Reynolds *et al.*, 2005:11, 92-94).

4.4.5 Verantwoording van die regering as norm

Verantwoording veronderstel 'n plig om gedrag (besluite) te verduidelik en ontvanklik vir kritiek te wees. Verantwoording vereis dat die pligte, magte en funksies van

regeringsliggame (instellings) so saamgestel moet word dat die prestasies van ondergeskikte liggame deur 'n hoër liggaam gekontroleer en geëvalueer kan word. Verantwoording is 'n belangrike eienskap van beperkte regering, effektiewe beleidsvorming en demokrasie. Dit beperk regeringsmag deur meganismes van politieke beheer waar een instelling toesig hou oor die werk en prestasie van 'n ander liggaam. In 'n parlementêre stelsel sal die parlement toesig en beheer kan uitoefen op die uitvoerende gesag. Wanneer dit deur gereelde en kompeterende verkiesings bereik word, kom dit neer op 'n stelsel van openbare beheer en openbare verantwoording wat die praktiese sy van demokratiese regering uitmaak (Martin & Hubli, 2001:117).

Verantwoording is een van die fondasies van verteenwoordigende regering waarvan die afwesigheid daarvan tot onstabiliteit kan lei. 'n Verantwoordbare politieke stelsel is een waarin die regering tot die hoogste graad moontlik verantwoording aan die kiesers verskuldig is. Indien die regering nie na die wense van die kiesers regeer en nie diens lewer nie, moet die kiesers die regering en die vorm van die regering kan verander. Dit gebeur wanneer kiesers by verkiesings die koalisiepartye of 'n enkele regerende party kan uitstem en verander. Gepaste kiesstelsels bereik hierdie doel. Tradisioneel word meerderheidskiesstelsels beskou as kiesstelsels wat enkelpartye laat regeer en proporsionele kiesstelsels as dié wat tot koalisies deur verskillende partye lei. Dit moet egter nie as vanselfsprekend aanvaar word nie, aangesien daar wel voorbeelde is waar dit nie die geval is nie. Suid-Afrika met 'n proporsionele kiesstelsel is 'n goeie voorbeeld waar 'n enkele party regeer (Sartori, 1997:42-43).

4.4.6 Verantwoording van verteenwoordigers as norm

'n Noodsaaklike vereiste van verteenwoordigende demokrasie is die verantwoordelikheid teenoor en verantwoording van gekose verteenwoordigers aan die publiek, eerder as direkte deelname van burgers in die beleidmakings- en die besluitnemingsproses (Gildenhuis & Knipe, 2000:113).

Verantwoording op individuele vlak is die vermoë van die kiesers om effektief te kontroleer of die verteenwoordigers wat verkies is die beloftes wat gedurende die verkiesingsveldtog gemaak is, nakom. Ook om daardie verteenwoordigers wat onbevoeg en laks is in hulle werk, te kan vervang. Sommige kiesstelsels beklemtoon die rol van die plaaslike gewilde kandidaat eerder as die kandidaat wat deur die sentrale bestuur van 'n party genomineer is (Reynolds *et al.*, 2005:12).

Dit is belangrik dat goeie skakeling tussen die burgers van 'n staat en die verteenwoordigers in wetgewers moet bestaan. Burgers in veral nuwe demokrasieë wil demokratiese vryheid uitoefen deur skakeling met hulle gekose verteenwoordigers om daardeur hulle lewensgehalte te verbeter. Wanneer daar nie geleentheid vir hierdie skakeling is nie, of as die skakeling nie doeltreffend is om regeringsbeleid te verander nie, neem ondersteuning vir demokratiese beginsels toenemend af. Die verteenwoordigingsvermoë van 'n wetgewer word bepaal deur die kwaliteit en kwantiteit van interaksies tussen kiesers (die burgers) en hulle verteenwoordigers. Hierdie interaksies wat die verteenwoordigingsvermoë bepaal vind basies op twee maniere plaas. Eerstens behels verteenwoordiging die inskakeling van insette deur die publiek in die maak van wette of die oorsigproses in wetgewers in. Verteenwoordigingsvermoë in hierdie geval verwys na die vermoë van wetgewers om kwaliteit openbare insette te ontvang en dit effektief by die wetmakende en oorsigprosesse daarvan in te skakel. Dit geskied in die praktyk wanneer kiesers voorleggings by komitees van die parlement kan maak wanneer wetgewing bespreek word (Martin & Hubli, 2001:1).

Tweedens behels en sluit verteenwoordiging ook 'kiesersverhoudings' en 'kiesersgevallewerk' in, wat nie direk gekoppel is aan wetmakende of toesigaktiwiteite nie. Kiesers het gereeld die bystand van hulle verteenwoordigers nodig om vrae wat kiesers omtrent regeringsbeleid of programme stel, te beantwoord en sekere griewe en probleme wat kiesers met die regering ondervind, te hanteer en met die regering op te volg. In hierdie geval behels verteenwoordigingsvermoë die kundigheid en aansporing van die verteenwoordiger om die kiesers se probleme op te los, en of kiesers die betrokkenheid van hulle verteenwoordigers in sekere gevalle benodig.

Verteenwoordiging sluit ook aktiwiteite in wat die verteenwoordiger in aanraking bring met die burgers wat hy of sy verteenwoordig, soos die opening van 'n nuwe gebou, die bywoon van 'n begrafnis van 'n prominente kieser of 'n openingstoespraak by 'n plaaslike fees. Hierdie tipes aktiwiteite versterk die 'kiesersverhouding' van die verteenwoordiger. Die kwantiteit en kwaliteit van interaksie tussen kiesers en hulle verteenwoordigers word ook beïnvloed deur die mate waarin die verteenwoordigers 'n weerspieëling is van die demografie van die kiesers, byvoorbeeld of vroue en verskeie etniese groepe voldoende deur wetgewende lede verteenwoordig word (Martin & Hubli, 2001:1-2).

Meerderheidkiesstelsels met kiesafdelings se aanhangers se sterkste argument is dat die skakel tussen die kiesers en hulle verteenwoordigers die beste in hierdie kiesstelsels is. Daar word aangevoer dat verteenwoordigers hulle kiesers se bekommernisse en probleme eerstehands ervaar. Die gevaar bestaan egter dat die omvang van hierdie ervaring verteenwoordigers in maatskaplike werkers kan verander. Kiesers verwag soms dat wanneer 'n verteenwoordiger verkies is, hy/sy te alle tye in enige omstandighede beskikbaar moet wees. Verteenwoordigers moet egter 'n balans skeep tussen die redelike verwagtinge van die kiesers en die vereistes van wetgewende en parlementêre werk en verpligtinge (Beetham, 2006:69).

In die kontemporêre wêreld het die gebruik van e-posse per internet die gemak en spoed waarmee kiesers met hulle verteenwoordigers kontak kan opneem, geweldig bevorder. In die meeste state word spesiale stappe gedoen om verteenwoordigers meer toeganklik te maak vir kiesers. Baie parlementslede wat in sitting is, plaas 'n dag of twee aan die begin of einde van 'n week opsy vir lede om hulle kiesers te besoek. Sommige parlementslede gee 'n finansiële toelaag aan verteenwoordigers om 'n kiesafdelings- of streekskantoor te vestig met personeel wat as sleutelpunt dien waar kiesers hulle verteenwoordigers kan ontmoet en skakel. Genoeg reisgeriewe behoort ook aan parlementslede gegee te word om te verseker dat hulle gereeld na hulle kiesafdelings- of streekskantore kan reis (Beetham, 2006:70).

Tipes regerings en tipes kiesstelsels het 'n invloed op die werking van verteenwoordiging. Meerderheidkiesstelsels word tradisioneel beskou as die kiesstelsels wat kiesers die beste kans gee om onbevredigende verteenwoordigers te vervang. Soms is dit waar, maar hierdie skakeling met die kiesers word swak waar kiesers primêr met politieke partye identifiseer eerder as met die kandidate. Daar is ook proporsionele kiesstelsels soos die enkeloordraagbare stem wat kiesers toelaat om 'n keuse van kandidate te maak (Reynolds *et al.*, 2005:12). Die vermoë van 'n verteenwoordiger in 'n meerderheidkiesstelsel soos in 'n kiesafdeling kan later slegs gemeet word aan sy/haar vermoë om bronne in die kiesafdeling gevestig te kry. 'n Verdere eis wat aan sulke verteenwoordigers gestel word, indien daar 'n sterk etniese groep of stam in die kiesafdeling is, is dat daar verwag kan word dat die stamlede voorkeur moet kry by werkverskaffing (Martin & Hubli, 2001:12). Die *Centre for Research into Elections and Social Trends* (CREST) het navorsing laat doen deur Curtice en Shively oor die skakeling tussen kiesers en verteenwoordigers in meerderheidkiesstelsels en proporsionele kiesstelsels. Die bevinding was dat dit nie 'n voldoende feit is dat, omdat die skakel in meerderheidkiesstelsels meer direk met die kiesers is, dit beteken dat kiesers meer tevrede is met demokrasie nie (Curtice & Shively, 2000:26-27).

4.4.7 Die bevordering en aanmoediging van politieke partye tot deelname, as norm

Vrye politieke deelname van individue en groepe het een van die voorwaardes vir die funksionering van die demokrasie geword. In hierdie proses vervul politieke partye 'n kardinale rol. In die meeste politieke stelsels het politieke partye die funksie om gesagsuitoefening te regverdig, om leiers te vervang, om openbare mening te mobiliseer en die openbare mening te formuleer en te implementeer. In die verteenwoordigende demokrasie word verskillende tipes partystelsels geïdentifiseer, naamlik die tweepartystelsel en die veelpartystelsel. In die tweepartystelsel word hoofsaaklik twee dominante (groot) politieke partye aangetref. Die tweepartystelsel maak dit makliker om 'n regering saam te stel sonder koalisies met ander partye en

lewer 'n meer stabiele regering. In die veelpartystelsel word meer as twee partye aangetref. Die veelpartystelsel gee gewoonlik aanleiding tot vorme van koalisieregering (Bekker, 1994:210-221).

In sowel gevestigde as nuwe demokrasieë vereis langtermyn- demokratiese konsolidasie die groei en onderhoud van sterk en effektiewe politieke partye. Meer politieke partye voorkom magsvergrype en voorkom hegemonie deur een oorheersende party. 'n Kiesstelsel moet dus die vorming van partye aanmoedig, eerder as om partye te verskans of partyfragmentering te bevorder. Kiesstelsels kan so gevorm word om spesifiek klein partye of partye met minimale steun uit te skakel. Meerderheidkiesstelsel moedig gewoonlik tweepartystelsels aan, terwyl proporsionele kiesstelsels veelpartystelsels aanmoedig. Die meeste kenners stem saam dat kiesstelsels die ontwikkeling van partye wat op breë politieke waardes en ideologieë gebaseer is, moet aanmoedig, eerder as eng etniese, rasse- en streeksbelange (Reynolds *et al.*, 2005:13).

4.4.8 Die bevordering en versterking van wetgewende opposisie en oorsig, as norm

Die effektiewe regeer van 'n staat word nie alleen bepaal deur diegene in regering (mag) nie, maar eweneens deur diegene wat in die opposisie staan en toesig hou oor die regering. Die kiesstelsel moet help om 'n lewensvatbare opposisiegroepering te verseker. Hierdie opposisie moet wetgewing krities kan beoordeel, moet die prestasie van die uitvoerende gesag kan bevraagteken, moet minderhede kan beskerm en sy kiesers effektief kan verteenwoordig. Opposisiegroeperings behoort genoeg verteenwoordigers te hê om effektief te wees. In 'n parlementêre stelsel behoort die opposisie 'n realistiese alternatiewe regering voor te stel. Uiteraard hang die sterkte van die opposisie van baie meer as die kiesstelsel af, maar as die kiesstelsel die opposisie niksseggend maak, word demokratiese regering en onderliggende filosofie inherent verswak. Een van die hoofredes waarom Nieu-Zeeland oorgeskakel het na 'n gemengdelid- proporsionele kiesstelsel was die stelselmatige ondervteenwoordiging

van kleiner partye onder die wenner-vat-alles-kiesstelsel, wat hierdie punt bevestig (Reynolds *et al.*, 2005:13).

4.4.9 'n Volhoubare verkiesingsproses, as norm

Verkiesings is nie net in teorie nie, maar vind in die praktyk plaas en daarom is die keuse van 'n kiesstelsel in 'n mate afhanklik van die koste en administratiewe vermoë van 'n staat. 'n Volhoubare politieke raamwerk neem die bronne in ag met betrekking tot beskikbare persone met die nodige vaardighede om verkiesings te administreer en die finansiële eise op die begroting. 'n Arm staat sal byvoorbeeld nie 'n tweerondte-kiesstelsel kan bekostig waar meer as een verkiesing moet plaasvind nie of die kundigheid het om die ingewikkelde voorkeurstem-kiesstelsel te kan tel nie (Reynolds *et al.*, 2005:14).

Die koste en administratiewe implikasies van kiesstelsels word gewoonlik bepaal deur die afbakening van kiesafdelings, kiesersregistrasie, stembrief ontwerp en druk, kiesersopleiding, aantal stemdae, tussenverkiesings en die telproses. Reynolds *et al.* (2005:156) het navorsing gedoen oor die potensiële koste en administratiewe implikasies van die twaalf verskillende kiesstelsels wat in hierdie studie gebruik word. Die navorsing toon die volgende potensiële koste en administratiewe implikasies van die twaalf kiesstelsels:

Tabel 10: Potensiële koste en administratiewe implikasies van twaalf kiesstelsels

	AFBAKENING VAN KIES-AFDELINGS	KIESERS-REGISTRASIE	STEMBRIEF ONTWERP EN DRUK	KIESERS-OPLEIDING	AANTAL STEMDAE	TUSSEN-VERKIESINGS	DIE TELPROSES
WVA	c	c	a	a	a	c	A
BS	b	b	b	b	a	c	B
TRS	c	c	c	b	c	c	B
AS	c	c	a	c	a	c	B
PBS	b	b	a	a	a	a	A
LysP	a	c	b	b	a	a	A
EOS	b	b	b	c	a	c	C
PS	b	c	b	b	b	b	c
GLP	b	c	b	c	b	b	c
BT	b	c	b	c	a	c	b
ENOS	b	b	b	a	a	c	a
BepS	b	b	b	b	a	c	b

Sleutel: a = Lae koste en ingewikkeldheid; b = Medium koste en ingewikkeldheid; c = Hoë koste en ingewikkeldheid

4.4.10 Internasionale standaarde en norme

Die ontwikkeling van kiesstelsels vind tans plaas binne die konteks van verskeie internasionale konvensies, ooreenkomste en ander tipes regsinstrumente (wetlike meganisme) wat verdiskonteer moet word. Daar is nie een volledige stel wêreldwyd aanvaarde internasionale standaarde vir verkiesings waarop ooreengekom is nie. Daar is wel konsensus dat hierdie standaarde die beginsel van vry, regverdige en gereelde verkiesings insluit en wat algemene stemreg, geheime stemming, vry van dwang en die beginsel van een mens een stem waarborg. Verder moet gemeld word dat hoewel daar geen wetlike bepaling is dat een kiesstelsel in alle opsigte verkieslik is bo 'n ander nie, is daar toenemende erkenning van die belangrikheid van sake wat deur kiesstelsels beïnvloed word. Hierdie sake is die billike verteenwoordiging van al die burgers, die gelykheid van mans en vroue, die reg van minderhede, spesiale oorwegings vir gestremdes ensovoorts. Hierdie sake is wel vervat in internasionale regsinstrumente soos die 1948 *Universal Declaration of Human Rights* en die 1966 *International Covenant on Civil and Political Rights* van die Verenigde Nasies. Ook streeksorganisasies soos die Europese Unie het sekere ooreenkomste betreffende demokratiese verkiesings (Reynolds *et al.*, 2005:14). Soos reeds aangetoon, het die SAOG (Suidelike Afrika Ontwikkelingsgemeenskap) soortgelyke ooreenkomste met lidstate in Suidelike Afrika om vry en regverdige verkiesings te verseker.

Bogenoemde tien vereistes verseker nie alleen dat 'n kiesstelsel 'n goeie kiesstelsel is om legitimiteit te verleen nie, maar is ook vereistes om te verseker dat die kiesstelsel 'n demokratiese kiesstelsel is. Wanneer 'n kiesstelsel oorweeg word om van toepassing te wees in 'n staat, moet die kiesstelsel aan bogenoemde vereistes gemeet word.

4.5. DIE IDEALE KIESSTELSEL

Die tien vereistes of kriteria vir 'n goeie kiesstelsel, soos uiteengesit, is elkeen ewe belangrik in die bepaling van 'n goeie kiesstelsel of nie. Omdat daar egter nie 'n "beste" kiesstelsel is wat wêreldwyd toegepas kan word nie, moet elke staat se omstandighede

verreken word in die seleksie van 'n gepaste kiesstelsel vir 'n bepaalde staat. Dit is daarom nodig om 'n noukeurige proses van prioritisering te volg van daardie kriteria wat die belangrikste is binne 'n spesifieke politieke konteks voordat bepaal word watter kiesstelsel die mees gepaste kiesstelsel vir 'n staat is. 'n Bruikbare metode is om eers 'n lys te maak van aspekte wat te alle tye voorkom moet word, soos 'n politieke katastrofe wat die demokrasie sal laat verbrokkel. 'n Voorbeeld is 'n etnies verdeelde staat wat te alle tye sal wil verhoed dat etniese minderheidsgroepe van verteenwoordiging uitgesluit word. Die minderheidsgroepe word ingesluit om legitimiteit aan die verkiesingsproses te verleen en om die persepsie dat die kiesstelsel onbillik is, te voorkom (Reynolds *et al.*, 2005:14-15).

Die prioriteitvolgorde sal bepaal wat bereik wil word, wat voorkom wil word, en in die breë, hoe die wetgewende en uitvoerende gesag daar moet uitsien. Daarna moet geoordeel word watter kiesstelsel of kombinasie van kiesstelsels maksimaal aan die vereistes kan voldoen. Die doelwit is om 'n kiesstelsel te ontwikkel wat aan die eiesoortige behoeftes en omstandighede van 'n staat voldoen en wat steeds maksimaal aan die vereistes van 'n verteenwoordigende sowel as verantwoordbare regering voldoen. Soos ander state het Suid-Afrika sy eiesoortige omstandighede en behoeftes. Deel van die kritiek teen die Suid-Afrikaanse kiesstelsel is dat dit die verteenwoordigende aspek van regering versterk, maar swak voldoen aan die verantwoordbare aspek. Indien bogenoemde kriteria in Suid-Afrika toegepas word, kan die ideale kiesstelsel vir Suid-Afrika bepaal word (Reynolds *et al.*, 2005:15).

4.6. SAMEVATTING

Kiesstelsels skakel stemme wat in 'n algemene verkiesing uitgebring is om in setels in 'n wetgewende liggaam en die keuse van die kiesstelsel bepaal effektief wie verkies word en watter politieke party die mag verkry. Die doel van 'n kiesstelsel is om die wil van die kiesers, soos uitgedruk by die stembus, om te skakel in verteenwoordigers in 'n wetgewende liggaam. Omdat die keuse van die kiesstelsels effektief bepaal wie verkies

word en watter politieke party die mag verkry, is die kiesstelsel wat 'n staat gebruik belangrik om suksesvolle funksionering van 'n demokratiese bedeling te bewerkstellig.

Vir 'n staat om demokraties te wees behoort die meerderheid kiesers se wil die regering te bepaal. Die kiesstelsel het egter 'n belangrike effek op die uitslag van 'n verkiesing, want een kiesstelsel kan met die uitslag van 'n verkiesing lei tot 'n koalisieregering of minderheidsregering, terwyl 'n ander kiesstelsel, met presies dieselfde verkiesingsuitslag, kan meebring dat 'n enkele party die mag verkry en regeer.

Die effek wat die kiesstelsel op 'n staat het, strek verder as dat dit net bepaal wie verkies word en watter politieke party die mag verkry. Die kiesstelsel het ook 'n effek op: (i) die partystelsel van 'n staat (ii) die mate van konflik in gemeenskappe (iii) die psigologiese denke van kiesers (iv) die weerspieëling van die bevolkingsamestelling van 'n staat, en (v) die breë demokratiese raamwerk van 'n staat.

Verkiesings en kiesstelsels het 'n bepaalde uitwerking op mekaar. Indien een van die twee nie aan demokratiese vereistes voldoen nie, kan dit die demokrasie van 'n staat vernietig. As die reëls wat die werkswyse van die verkiesing beheer, veroorsaak dat die verkiesing nie aan die beginsels van 'n demokratiese verkiesing voldoen nie, dan is die kiesstelsel ondemokraties, en andersom.

Dit is daarom nodig om 'n kriterium te bepaal vir 'n demokratiese verkiesing en kiesstelsel. Huntington en Heywood het elkeen 'n voorwaarde waaraan 'n verkiesing moet voldoen om demokraties te wees. Albei se voorwaarde stem grootliks ooreen en die kern van die voorwaarde waaraan verkiesings moet voldoen om demokraties te wees, is dat die verkiesing vry en regverdig moet wees.

Standaarde vir 'vry en regverdige verkiesings' is tans hoogs ontwikkel en verskillende state en internasionale organisasies het deklarasies opgestel en onderteken waarin kriteria vir of beginsels van vry en regverdige verkiesings neergelê word. Twee sulke organisasies is die Interparlementêre Unie (IPU) en die Suidelike Afrika

Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG). Suid-Afrika is lid van beide hierdie organisasies en is volgens ooreenkoms verplig om aan hierdie standaarde en kriteria te voldoen.

Omdat die kiesstelsel die stel reëls is wat die werkswyse van verkiesings beheer en kan meebring dat die verkiesing nie vry en regverdig is nie, en derhalwe nie aan die beginsels van 'n demokratiese verkiesing voldoen nie, is dit belangrik om te bepaal aan watter voorwaardes of vereistes 'n kiesstelsel moet voldoen om te verseker dat dit 'n demokratiese kiesstelsel is.

Laski en Pickles stel sekere vereistes vir 'n kiesstelsel om demokraties te wees. Hierdie vereistes bepaal onder andere dat kiesers minstens 'n keuse tussen twee of meer kandidate moet hê. Volgens Pickles moet die omstandighede waarin die verkiesing plaasvind dit ook moontlik maak vir kandidate om op gelyke basis te kan meeding. Om 'n gelyke deelname van kandidate te verseker stel Pickles verdere vereistes. Pickles se kriteria voldoen eweneens aan dié van Huntington en Heywood vir 'n demokrasie. Pickles se vereistes voldoen ook aan die kriteria vir 'n vry en regverdige verkiesing.

Uit die verskillende kriteria en vereistes wat vir 'n demokrasie, demokratiese verkiesings en demokratiese kiesstelsel gestel word, kan 'n norm van minimum vereistes bepaal word waaraan 'n goeie kiesstelsel behoort te voldoen. Politieke wetenskaplikes stem saam dat daar nie noodwendig 'n "beste" kiesstelsel bestaan nie en dat alle kiesstelsels sterk en swak punte het.

'n Goeie kiesstelsel wat legitimiteit aan 'n parlement wil verleen om aan demokratiese vereistes te voldoen behoort egter sekere minimum vereistes na te kom. Volgens Reynolds, Reilly en Ellis behoort 'n goeie kiesstelsel minstens aan die volgende minimum vereistes (kriteria) te voldoen om demokrasie te bevorder. Dit moet:

- a) voorsiening maak vir breë verteenwoordiging (die gemeenskapsdiversiteit van die bevolking moet weerspieël word met betrekking tot geslag, taal, geloof en etnisiteit);

- b) verkiesings toeganklik en betekenisvol maak (eenvoud en kiesergeletterdheid moet in ag geneem word);
- c) versoening aanmoedig (dien as konflikbestuur in 'n gemeenskap);
- d) bydra tot 'n stabiele en effektiewe regering (kiesers moet kiesstelsel as regverdig beskou);
- e) die regering verantwoordbaar hou;
- f) verantwoordbaarheid van individuele verteenwoordigers verseker;
- g) die bevordering van politieke partye aanmoedig (veelpartye);
- h) wetgewende opposisie en oorsig bevorder en versterk;
- i) die verkiesingsproses volhoubaar maak (bv. koste en administratiewe vermoëns); en
- j) internasionale standaarde in ag neem.

Bogenoemde minimum vereistes stel 'n norm waaraan 'n kiesstelsel gemeet kan word om te bepaal of dit 'n goeie kiesstelsel is en aan demokratiese standaarde voldoen. Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel sal in hierdie studie aan hierdie minimum vereistes geëvalueer word.

Suid-Afrika is 'n staat wat histories gekenmerk word deur verdeeldheid, rassekonflik en rassesseiding. Die aanvaarding van die nuwe grondwet (1996) was afhanklik van 'n onderhandelende skikking tussen die NP-regering en die ANC. Voortspruitend uit hierdie skikking is die bestaande Suid-Afrikaanse kiesstelsel aanvaar. Dit was egter 19 jaar gelede. Met toepassing van bogenoemde kriteria is die uiteindelijke doel van hierdie studie om die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal wat aan die eiesoortige behoeftes en omstandighede van Suid-Afrika voldoen en wat steeds maksimaal aan die vereistes van 'n verteenwoordigende sowel as verantwoordbare regering voldoen.

HOOFSTUK 5: DIE SUID-AFRIKAANSE KIESSTELSEL – 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF (1910–2012)

5.1. INLEIDING

Britse kolonialisme het 'n belangrike rol in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel. Brittanje was vanaf 1899-1902 (Anglo-Boereoorlog) in 'n oorlog met die Boere Republieke gewikkel, wat bitterheid en stryd tussen Boer en Brit geskep en 'n bepaalde rol in die verdere geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het. In 1910 het die Unie van Suid-Afrika onder Britse bewind tot stand gekom. Die stemregvraagstuk was deurlopend in politieke beleidskwessies aktueel. Suid-Afrika het sedert 1910 vyf grondwette gehad. Daar was die Uniegrondwet van 1910, die 1961-grondwet toe Suid-Afrika 'n republiek geword het, die 1983-grondwet toe Kleurlinge en Indiërs deel van die parlement geword het, die 1993- Tussentydse Grondwet en die finale grondwet van 1996. Met die 1993- Tussentydse en 1996- Finale Grondwet is algemene stemreg vir alle volwassenes vir die eerste keer op 'n gemeenskaplike kieserslys in Suid-Afrika gegee en is verteenwoordigers vir een parlement verkies. In hierdie hoofstuk word die historiese verloop met betrekking tot stemreg en die tipe kiesstelsel wat met elke grondwet aanvaar is, bestudeer. Daar word spesifiek aandag geskenk aan die politieke werking van die kiesstelsel met verwysing na proporsionaliteit en disproporsionaliteit. Klem word geplaas op die 1948-verkiesing waar die NP (Nasionale Party) deur 'n koalisie aan bewind gekom het met 'n meerderheid van setels, maar 'n minderheid van die uitgebragte stemme, en die regerende party gebly het tot en met die 1994-verkiesing. Besondere aandag word in die hoofstuk geskenk aan die argumente wat verskillende rolspelers, en veral die huidige regerende ANC, tot die skryf van die 1993- en 1996-grondwette gevoer het en hoe dit ingewerk het op die keuse van 'n bepaalde kiesstelsel. Die aanvaarde kiesstelsel word ook ontleed om die vereistes waaraan die kiesstelsel moet voldoen, te bepaal.

Hierdie hoofstuk is belangrik omdat die kiesstelsel en die aspek van stemreg in die historiese verloop van Suid-Afrika 'n belangrike rol gespeel het in die finale keuse van

die tipe kiesstelsel wat tans geld. In die evaluering van die bestaande kiesstelsel sal hierdie historiese invloed verreken moet word.

Die oorhoofse doelstelling van hierdie hoofstuk is om die demokratisering in Suid-Afrika te kontekstualiseer en dit handel oor die historiese prosesse wat aanleiding gegee het tot die bestaande kiesstelsel in Suid-Afrika. In die kontekstualisering word aandag geskenk aan die redes vir die keuse en aanvaarding van die bestaande kiesstelsel, veral soos deur die regerende ANC (African National Congress) beredeneer. Standpunte van verteenwoordigende politieke partye word ook in die ontleding verreken.

Die metodologie van die hoofstuk behels 'n literatuurstudie van toepaslike vakwetenskaplike literatuur oor die historiese verloop van verkiesings in Suid-Afrika van 1910 af tot die finale grondwet van Suid-Afrika in 1996. Studiestukke en beleidsdokumente van verskillende partye wat handel oor die redes vir die voorkeur van 'n spesifieke kiesstelsel is vir die studie geraadpleeg. Die verslag van die taakspan, bekend as die Electoral Task Team (ETT), sal ook gebruik word. Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is bepalend ten opsigte van die vereistes waaraan die kiesstelsel moet voldoen en sal ook verreken word.

Die uitleg van hierdie hoofstuk behels die bespreking in volgorde van die totstandkoming van elke grondwet van Suid-Afrika vanaf 1910 tot en met die huidige grondwet. Die uitslae van al die algemene verkiesings onder elke afsonderlike grondwet word ontleed aan die tipe en die werking van die kiesstelsel asook die politieke gevolge daarvan. In die bespreking van die 1910-grondwet word klem gelê op die Kleurlingvraagstuk en -stemreg, asook op die 1948-verkiesing wat die NP aan bewind geplaas het. In die bespreking van die 1993- Tussentydse Grondwet word die advies van kundiges en voorkeure van politieke partye oor die kiesstelsel wat behoort te geld, ondersoek. Die kiesstelsel van die finale grondwet met betrekking tot die beginsels en vereistes waaraan die kiesstelsel moet voldoen en die werking daarvan word ontleed. In die volgende hoofstuk sal die kiesstelsel op die nasionale verkiesings van 2004 en 2009

gerekonstrueer en toegepas word. In die rekonstruksie en toepassing sal 'n beter begrip verkry word van die wetlike bepalings en werking van die kiesstelsel en ook daarvan of dit aan die wetlike vereistes en beginsels voldoen.

5.2. DIE NASIONALE KONVENSIE EN UNIEGRONDWET VAN 1910

Die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902) is beëindig nadat dit vir die Boere al moeiliker geword het om kosvoorrade en ammunisie te bekom. Die verwoesting van die land deur die Britte en lord Kitchener se verskroeiende-aardetaktiek,²⁹ die hoë sterftes van vroue en kinders³⁰ in die konsentrasiekampe, die toenemende Britse bewapening van die Swartmense, die uitdunning van die kommando's en die Britse oormag het die Boere gedwing om hulle onafhanklikheid prys te gee en die *Vrede van Vereeniging* op 31 Mei 1902 te onderteken (Van Jaarsveld, 1982:238, 242). Staatkundig gesproke het die Anglo-Boereoorlog tot gevolg gehad dat twee eertydse republieke, die ZAR (Zuid-Afrikaanse Republiek) en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, ondergeskik aan die Britse regering gemaak is. Die name is verander na Transvaal en die Oranjerivierkolonie onderskeidelik en het sogenaamde kroonkolonies geword (Grobler, 2007:136).

Die *Vrede van Vereeniging* het prof Le May soos volg saamgevat: “It was a negotiated settlement, in which the Boers were promised eventual self-government, natives were excluded from political rights, the Dutch language was safeguarded, and in which the Boers acknowledged themselves, under protest and with reluctance, to be British subjects. The Boers could hold that they had remained unbeaten in the field, the spirit of Afrikaner nationalism was unbroken.” (Van Jaarsveld, 1982:242-243). Artikel 8 van die *Vrede van Vereeniging* het gelui dat die kwessie van stemreg vir die Swartmense (wat Milner en Chamberlain in die vooruitsig vir die Republiek gestel het) nie beslis sou word

²⁹ Die verskroeiende-aardetaktiek het die grootste lyding denkbaar vir die burgerlike bevolking meegebring. Die verwoesting van plase was onmenslik en barbaars: plaashuise is met dinamiet opgeblaas, troppe vee is wreedaardig uitgewis en landerye is verbrand. Meer as 30 000 plase is verwoes, honderde duisende skape en beeste is dood gemaak wat die hele land se veestapels uitgewis het. Sowat 500 000 perde is in die oorlog dood (Alberts, 2005:23).

³⁰ 'n Ondersoek van PLA Goldman het getoon dat 27 927 vroue, kinders en mans in die wit konsentrasiekampe gesterf het. Van hierdie getal vroue en kinders was 22 000 jonger as 16 jaar. Van die 1 676 mans ouer as 16 jaar, was 1 421 bejaard. Amptelik het 14 154 swartmense in die kampe gesterf (Alberts, 2005:23-24).

voordat selfregering ingestel is nie (Welsh, 2000:340). Na die oorlog het Milner met 'n federale Suid-Afrika in gedagte, die fundamente gelê. Hy het 'n Suid-Afrikaanse Naturellekommissie aangestel om 'n eenvormige beleid vir swart mense te formuleer. Hy het ook 'n Interkoloniale Raad gestig wat sake sou behartig vir al vier kolonies (Grundlingh, 1999:299). In 1905 het Sir Godfrey Lagden, voorsitter van die Interkoloniale Suid-Afrikaanse Kommissie vir Naturellesake 'n verslag oor 'naturellebeleid' bekend gestel. Die verslag het onder andere formele skeiding van rasse en die skep van reservate vir Swart groepe voorgestel. Hierdie verslag het 'n belangrike rol gespeel in die verdere ontwikkeling van politieke beleid in Suid-Afrika (Maylam, 2001:144-145). Voor 1910 was politieke segregasie die beleid in Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal. In die Kaap kon Bruinmense en Swartmense sedert die instelling van die Kaapse Grondwet in 1853 saam met wit mense stembus toe gaan (Giliomee, 2012:20).

Die Suid-Afrikaanse regeringsvorm wat met Uniewording op 31 Mei 1910 tot stand gekom het, het sy beslag by die Nasionale Konvensie in Bloemfontein gevind. Die Nasionale Konvensie het op 12 Oktober 1908 in Durban begin en op 11 Mei 1909 sy werksaamhede in Bloemfontein onder sir Henry de Villiers afgesluit. Dit is belê met die doel om die vier Britse kolonies onder een regering saam te snoer. By die Konvensie is besluit op 'n unitêre in plaas van 'n federale stelsel, met as implikasie sentralisasie van mag en groter eenvormigheid (Venter, 1980:108-110).

'n Federale stelsel sou meer magte aan elke afsonderlike kolonies gegee en die sentralisering van mag in een sentrale regering afgewater het. In 'n unitêre stelsel word 'n sentrale regering met sterk sentrale magte gevestig. In 'n federale stelsel sou die Kaapkolonie byvoorbeeld sy stemreg vir Swartmense en Kleurlinge kon behou sonder die inmenging van die sentrale regering.

Onderlinge wantroue het tussen die verskillende provinsies (Transvaal, Vrystaat, Natal en Kaapland) geheers. Die Boere van Transvaal en Vrystaat het gevrees vir hulle identiteit en oorheersing deur die Engelse van Natal, Kaapland en die Britse mynbase

van Transvaal. Van die kant van die Engelse, veral in Natal, was daar 'n ewe groot vrees dat hulle in eenwording deur die Afrikaner-element oorheers en uit hulle toonaangewende posisie gedruk sou word. Bykomend was daar by die Kaapse liberales die vrees dat hulle “suidelike tradisie” wat betref die stemreg van die Swartmense deur eenwording in die gedrang sou kom (Schoeman, 1977:3).

Die Nasionale Konvensie se eerste sitting was vanaf 12 Oktober tot 5 November 1908 in Durban. Die Konvensie moes 'n kompromie oor verskeie sake sluit omdat die verskillende provinsies van mening ten opsigte daarvan verskil het. Een van die belangrike sake was die stemregkwessie vir Swartmense. Hierdie kwessie het byna die Nasionale Konvensie laat misluk en genl Louis Botha het voorgestel dat 'n komitee deur die Konvensie aangewys moes word wat die hele stemregkwessie moes ondersoek. Die voorstel is aanvaar en die komitee het tien dae lank vergader, aanbevelings gemaak en alternatiewe voorstelle oorweeg. In die komitee het die Kaapse verteenwoordigers hard probeer om die beginsel van stemreg vir die Swartmense dwarsdeur Suid-Afrika aanvaar te kry. Hulle pogings was tevergeefs en uiteindelik moes hulle veg om die stemreg vir Kleurlinge en Swartmense in Kaapland behoue te laat bly (Van Wyk, 1999:83-84).

Die voorstelle van die komitee, wat deur die Konvensie aanvaar is, het die grondslag gevorm van spesifieke artikels in die Grondwet (Schoeman, 1977:14). Hierdie artikels sluit die onderstaande in en lees soos volg:

“35(1) Die Parlement kan deur wetgewing die kwalifikasie voorskryf wat nodig sal wees om persone in staat te stel om in 'n verkiesing van lede van die Volksraad te stem, maar geen sodanige wet sal enige persoon in die Provinsie van die Kaap van Goeie Hoop wat, kragtens die bestaande wette in die Kolonie van die Kaap van Goeie Hoop ten tyde van Unie, as 'n kieser in die Provinsie van die Kaap van Goeie Hoop geregistreer is of geregistreer kan word, op grond van sy ras of kleur alleen diskwalifiseer nie, tensy die wetsontwerp deur beide Huise van die Parlement in 'n verenigde vergadering aangeneem word en by die derde lesing deur nie minder nie as twee-derdes van die

totale getal lede van beide Huise aangeneem word. 'n Wetsontwerp wat op dié wyse in 'n verenigde vergadering aangeneem word, sal aanvaar word as goedgekeur deur beide Huise van die Parlement.

(2) Geen persoon wat ten tyde van die aanname van so wet as 'n kieser in enige provinsie geregistreer is, sal van die register verwyder word op grond van enige diskwalifikasie wat op ras of kleur gebaseer is nie.

36. Onderhewig aan die bepalings van die laaste voorafgaande seksie, sal die kwalifikasie van parlementêre kiesers, soos dit in die verskillende provinsies ten tyde van die totstandkoming van Unie bestaan het, die kwalifikasies wees wat nodig is om persone in die betrokke provinsies in staat te stel om te stem vir die verkiesing van lede van die Volksraad.

44. Die kwalifikasie van 'n lid van die Volksraad sal soos volg wees: Hy moet ... (c) 'n Britse onderdaan van Blanke herkoms wees.

152. Die Parlement kan deur wetgewing enige bepaling van hierdie Wet herroep of wysig op voorwaarde dat ... geen herroeping of wysiging van die bepalings vervat in hierdie seksie of in seksies vyf en dertig en een honderd sewe en dertig geldig sal wees tensy die wetsontwerp waarin so herroeping of wysiging beliggaam is, deur beide Huise van die Parlement in 'n gesamentlike vergadering aangeneem is en by die derde lesing deur nie minder nie as twee-derdes van die totale getal lede van beide Huise goedgekeur is. 'n Wetsontwerp wat aldus aangeneem is deur so 'n verenigde vergadering sal beskou word as behoorlik goedgekeur deur beide Huise van die Parlement.” (Schoeman, 1977:14.)

In die bereiking van hierdie voorstelle van die komitee het Kaapland twee toegewings aan die Noorde (Transvaal en Vrystaat) gemaak. Dit was dat Kleurlinge en Swartmense wel nog op die gemeenskaplike kieserslys sou bly, maar hulle sou nie die reg hê om tot die Parlement verkies te word nie. Die stemreg vir Kleurlinge en Swartmense sou ook nie na die noordelike provinsies uitgebrei word nie. Die Noorde het 'n belangrike

toewysing aan die Suid (Kaapland) gemaak om die Kleurlinge en Swartmense van Kaapland op dieselfde kieserslys te hou wat vir Blanke lede van die Parlement kan stem (Krüger, 1958:46).

'n Tweede belangrike saak wat opgelos moes word, was die verteenwoordiging van die vier provinsies in die Volksraad en Senaat. Die Nasionale Konvensie het ooreengekom dat die sentrale regering van die Unie sou bestaan uit die Britse monarg, verteenwoordig deur 'n goewerneur-generaal, 'n kabinet en 'n parlement bestaande uit 'n Volksraad en Senaat (Van Jaarsveld, 1982:253).

Vier probleme moes binne hierdie konteks opgelos word. Eerstens moes bepaal word hoeveel lede die parlement moet hê. Tweedens, hoeveel kiesafdelings elke provinsie moet hê. Derdens, hoe hierdie kiesafdelings oor stedelike en plattelandse gebiede versprei moet word en vierdens, hoeveel lede daar in die Senaat moet wees. Die problematiek was of Kaapland se Kleurlinge en Swartmense in aanmerking geneem moes word by die verdeling van kiesafdelings. Verder het Kaapland byna twee maal soveel Blanke-inwoners as Transvaal gehad, naamlik 579 277 teenoor Transvaal se 297 777, die Vrystaat se 142 679 en Natal se 97 109. Daar was 167 889 Blanke manlike kiesers in Kaapland, 106 493 in Transvaal, 38 274 in die Vrystaat en 34 784 in Natal, altesaam dus 349 837 (Van Jaarsveld, 1982:253).

Die besluit van die Konvensie was dat slegs Blanke manlike kiesers geneem sou word vir die bepaling van die aantal kiesafdelings vir die Unie. Daar is ooreengekom op 121 verteenwoordigers (kiesafdelings) vir die Volksraad. Die vraag was hoe hierdie verteenwoordigers, wat elk 'n kiesafdeling (setel) verteenwoordig het, tussen die vier provinsies versprei moes word. Die besluit was dat die totale aantal Blanke manlike kiesers (349 837) deur die aantal kiesafdelings verdeel moes word om 'n kwota te bepaal. Die kwota word dan in die totale Blanke manlike kiesers van elke provinsie gedeel en dit gee 55½ vir Kaapland, 39½ vir Transvaal, 13½ vir Vrystaat en 11½ vir Natal. Om die Vrystaat en Natal tegemoet te kom het Kaapland 5½ van sy kiesafdelings (setels) aan Natal gegee en nog 'n bykomstige kiesafdeling is vir Natal toegelaat, wat sy

getal op 17 te staan laat kom het. Transvaal het 3½ van sy kiesafdelings aan die Vrystaat afgestaan sodat Vrystaat ook 17 kiesafdelings gekry het. Die finale ooreenkoms was dat Kaapland 51, Transvaal 36, Vrystaat 17 en Natal 17 kiesafdelings gehad het. Hierdie ooreenkoms en uitsonderlike behandeling van Vrystaat en Natal sou net tien jaar lank geld, of totdat die getal Volksraadslede tot 150 vermeerder het, waarna die posisie hersien sou word (Van Jaarsveld, 1982:253).

Die probleem rakende hoe om die aantal kiesafdelings oor elke provinsie tussen stedelike en plattelandse gebiede te versprei het die ou verdeling van Boer en Brit weer op die voorgrond geplaas. Die Afrikaners was meestal op die platteland woonagtig en die Engelssprekendes in die stede. In 1906 het die Witwatersrandse gebied 46 203 kiesers gehad, maar die res van Transvaal slegs 42 120 kiesers. Sommige Engelssprekende afgevaardigdes (o.a. sir Percy Fitzpatrick) wou van hierdie ongunstige stad-platteland verdeling gebruik maak om 'n oorwig van kiesafdelings vir die stedelike gebiede te kry. Genl Smuts se uitgangspunt was dat die stedelike bevolking vlottend was en die platteland stabiel en eienaars van blywende vaste eiendom, en dat die dun bevolkte platteland geografies enorme groot kiesafdelings teenoor die stedelike klein kiesafdelings sou meebring. Sy voorstel was dat die kwota 15 persent onder vir plattelandse kiesafdelings en 15 persent bo vir stedelike kiesafdelings toegelaat word om die balans tussen stad en platteland te bewaar. Sy voorstel is aanvaar en hierdie 15-persentafwyking het die plattelandse kiesers (meestal Afrikaners) bo die stedelike (meestal Engelssprekendes) bevoordeel en dit was nie onmoontlik dat 'n minderheid 'n meerderheid setels kon kry en daardeur heers nie. Dit het die Nasionale Konvensie blykbaar nie voorsien nie (Van Jaarsveld, 1982:255).

Die vierde probleem rakende die aantal verteenwoordigers in die Senaat is opgelos deur ooreen te kom dat die getal Senatore een derde van die getal Volksraadslede sou wees, naamlik 40. Om oorheersing van die twee groot provinsies te voorkom is 'n federale kenmerk in die konsepgrondwet aanvaar dat elke provinsie gelyke verteenwoordiging van agt lede elk sou hê. Elke provinsie kon dus agt Senatore op 'n gesamentlike sitting van sy volksraads- en provinsiale raadslede kies en die

goewener-generaal-in-rade sou agt senatore benoem waarvan vier besondere kennis van swart sake moes hê (Krüger, 1958:42).

Ondanks kritiek op sekere punte is die Unie-grondwet as 'n merkwaardige prestasie begroet. Die Grondwet is in Brittanje eenparig deur sowel die Laer- as Hoërhuis geheg en op 2 Desember 1909 het 'n koninklike proklamasie verskyn waarin 31 Mei 1910 gestel is as die datum waarop dit in werking sou tree (Krüger, 1958:49).

Met die aanloop tot die opstel van die grondwet van die Unie van Suid-Afrika was die stemreg, en daardeur ook die verteenwoordiging, van Swartmense, Bruinmense en Indiërs kontensieuse sake waaroor daar sterk meningsverskille bestaan het. Toe reeds het die afbakening van kiesafdelings al onderskeid getref tussen plattelandse en stedelike kiesafdelings waar plattelandse kiesafdelings 'n voordeel van 'n 15%-lading gekry het. Hierdie lading sou later 'n belangrike rol speel in verkiesings. Die politieke stelsel wat deur die 1910-Grondwet geskep is, is duidelik 'n parlementêre stelsel wat gebaseer is op die Britse Westminster-stelsel en die kiesstelsel was 'n meerderheidkiesstelsel van wener-vat-alles in enkellid-kiesafdelings.

5.2.1 Die eerste verkiesing volgens die 1910-Grondwet

Die Uniegrondwet het voorsiening gemaak vir 'n tydelike regering op wie se advies die Goewener-generaal 'n algemene verkiesing kon uitskryf. Vir die samestelling van die eerste Unie-parlement is die teenoorgestelde prosedure as die normale gevolg, naamlik eers 'n regering en daarna 'n algemene verkiesing. Die eerste Goewener-generaal van die Unie van Suid-Afrika, lord Gladstone, het genl Louis Botha as die eerste premier aangewys. Genl Botha se eerste taak was om 'n regering saam te stel. Die kabinet wat Botha aangestel het, was goed verteenwoordigend van die verskillende partye.³¹ Die

³¹ Kaapland het vier verteenwoordigers in die regering gekry, Transvaal drie, en die Vrystaat en Natal twee elk. Die ministers was: JW Sauer (Spoorweë), FS Malan (Onderwys), HC Hulle (Finansies), genl Smuts (Binnelandse Sake, Mynwese en Verdediging), Fischer (Lande), genl Hertzog (Justisie), sir Frederic Moor (Handel en Nywerheid), adv H Burton (Natuurlikesake), sir David de Villiers Graaff (Openbare Werke, Pos- en Telegraafwese) en sen dr C O'Grady Gubbins (Minister sonder Portefeulje) (Schoeman, 1977:16).

eerste algemene verkiesing is vir 15 September 1910 bepaal en was merkwaardig in die opsig dat formele partyvorming so kort na Uniewording nog maar in sy beginstadium was (Krüger, 1958:52-53).

In die verkiesing was dit eintlik losse groeperings wat mekaar by die stembus aangedurf het. Verskeie samevoegings van politieke partye het plaasgevind. Die Progressiewe Partye van Kaapland, Transvaal en Vrystaat het kragte saamgesnoer en die Unionisteparty onder leiding van Jameson gevorm. Genl Botha het die Suid-Afrikaanse Party in Kaapland gewerf en in die Vrystaat en in Transvaal het hy die manne van die Orangia-Unie en Het Volk-party om hom vergader en het hulle die Regerende Party vir die verkiesing gevorm (Schoeman, 1977:17-18).

Die uitslag van die verkiesing wat op 15 September 1910 volgens setels plaasgevind het, word in Tabel 11 gegee, en die aantal uitgebragte stemme in Tabel 12 (Bron: Schoeman, 1977:33):

Tabel 11: Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1910

PROVINSIE	Arbeiders-party	Onafh. Party	Onafh. Arbeiders-party	Onafh. Regerende party	Onafh. Unioniste-party	Regerende Party	Sosialistiese Party	Unioniste-party
Kaapland	0	2	0	0	2	29	0	18
Natal	0	10	0	1	0	1	0	5
Vrystaat	0	0	0	0	0	16	0	1
Transvaal	3	0	1	0	0	20	0	12
Suid-Afrika	3	12	1	1	2	66	0	36

Nota: Die Parlementêre Register (Deel1 – 1910/1961) dui die getal Regerende Partylede aan as 67 en die Unionisteparty as 38. Wat waarskynlik gebeur het, is dat verkose lede wat onafhanklik gestaan het, hulle by die twee partye aangesluit het.

Tabel 12: Partye en uitgebragte stemme in Suid Afrika - 1910
(Totale uitgebragte stemme: 105 623) (Bron: Schoeman, 1977:33)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	VRYSTAAT	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arbeidersparty	1 510	2 492	146	7 401	11 549	10,9
Onafh. Party	7 340	9 036	1 219	1 968	19 563	18,5
Onafh. Arbeidersparty	0	0	0	815	815	0,8
Onafh. Regerende party	3 053	377	0	0	3 430	3,2
Regerende Party	9 780	2 743	4 044	13 485	30 052	28,4
Sosialistiese Party	296	119	0	33	448	0,4
Unionisteparty	15 269	2 811	1 691	19 995	39 766	37,6

Die Regerende Party het met 66 setels 'n volstrekte meerderheid in die Volksraad verkry en die amptelike opposisie was die Unionisteparty met 36 setels. Die verkiesingsuitslag van 1910 is kenmerkend van die disproporsionaliteit wat verkry word met die meerderheidkiesstelsel wenner-vat-alles in enkellig-kiesafdelings. Hoewel die Regerende Party die meeste setels gewen en die regering gevorm het, was die Unionisteparty die party wat die meeste stemme verkry het. Die Unionisteparty het 39 766 stemme of 37,6 persent van die totale stemme gekry teenoor die Regerende Party se 30 052 stemme of 28,4 persent van die stemme. As gevolg van die politieke werking van die meerderheidkiesstelsel wenner-vat-alles het die minderheid die meerderheid regeer. Indien die lysproporsionele kiesstelsel toegepas was, sou die Unionistepartye met die grootste persentasie stemme van 37,6 persent die regering gevorm het.

5.2.2 Verdere verkiesings onder die 1910-Grondwet tot voor 1948

Onder die Uniegrondwet van 1910 het daar twaalf algemene verkiesings plaasgevind³² (sien Bylaag A vir volledige uitslae van die verkiesings). Die tydperk 1910 tot 1961 was een van historiese hoogtepunte in die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika, maar was ook 'n tydperk gekenmerk deur politieke meningsverskille. Die politiek was veral gekenmerk deur politieke skeurings, koalisies, twee wêreldoorloë, die rassevraagstuk en die strewe na 'n onafhanklike republiek. Dit was 'n tydperk waarin verskillende politieke groeperinge in Suid-Afrika sterker geword het. Twee groot politieke partye wat die toneel in Suid-Afrika sou oorheers, is vroeg in hierdie tydperk gevorm. Die Suid-Afrikaanse Party, wat later die Verenigde Party geword het en die Nasionale Party onder leiding van genl Hertzog het tot stand gekom. Afrikanernasionalisme het ontwaak wat die strewe na onafhanklikheid in 'n eie republiek verwesentlik het. Die twee wêreldoorloë in Europa het noodwendig die gang van die politiek in Suid-Afrika sterk

³² Die datums waarop die algemene verkiesings plaasgevind het, was: 15 September 1910, 20 Oktober 1915, 10 Maart 1920, 8 Februarie 1921, 17 Junie 1924, 12 Junie 1929, 17 Mei 1933, 18 Mei 1938, 7 Julie 1943, 26 Mei 1948, 15 April 1953 en 14 April 1958 (Schoeman, 1977).

beïnvloed. 'n Rebelle van intense bitterheid, broedertwis en skeuring het in 1914 plaasgevind (Schoeman, 1977:35).

Ideologiese verskille tussen genl Botha en Hertzog het ontstaan waar Hertzog van mening was dat Botha te pro-Brittanje is en Hertzog weer dat Suid-Afrika eerste moet wees en dan Brittanje. 'n Kongres van die Suid-Afrikaanse Party is van 7 tot 9 Januarie 1914 in Bloemfontein gehou waar daar formeel oorgegaan is tot die stigting van die Nasionale Party met genl Hertzog as voorsitter van die uitvoerende komitee (Grobler, 2007:140-142).

In 1914, 'n jaar voor die volgende verkiesing, het die Eerste Wêreldoorlog in Europa uitgebreek. Genl Botha was gekompromitteer om aan die kant van die Britse Ryk te staan. Op 7 Augustus 1914 het die Britse regering Botha gevra om die hawens aan die Duitsweskus (nou Namibië) en Windhoek te beset en op 10 Augustus 1914 het Botha, sonder om die Parlement daarin te ken, die Britse regering in kennis gestel dat hy 'n ekspedisie sou stuur. In 'n spesiale sitting van die Volksraad daarna is Botha se besluit met 92 teenoor 12 stemme goedgekeur. Genl Hertzog was sterk hierteen gekant en hierdie goedkeuring het bygedra tot die Rebelle van 1914 (Venter, 1980:114).

Botha het die rebelle met mag onderdruk en verskeie leiers soos genl De Wet is gevang, maar later weer vrygelaat saam met ander burgers wat in opstand gekom het. Die rebelle was hierna verby maar dit het weerklank gevind in die politiek, en die gevolge daarvan was reeds in die tweede algemene verkiesing op 20 Oktober 1915 ervaar. Die haat teen Botha en Smuts het onder die Afrikaners wat hulle toenemend agter genl Hertzog geskaar het, toegeneem. Die uitslag van die verkiesing was 'n skok vir Botha en 'n triomf vir Hertzog. Die Nasionale Party onder leiding van Hertzog het 27 setels in die verkiesing gewen en die Suid-Afrikaanse Party onder Botha het 54 setels gewen. Die Volksraad het toe uit 130 verteenwoordigers (Transvaal het nege setels bygekry) bestaan en om 'n regering te kon vorm was minstens 66 verteenwoordigers nodig vir 'n volstreekte meerderheid. Botha was genoodsaak om saam met die Unionisteparty, wat 40 setels gewen het, 'n koalisieregering te vorm. In hierdie tweede

verkieping was daar meer belangstelling as in die eerste verkieping en was die stempersentasie 'n hoë gemiddeld van 75,9. Dit kan toegeskryf word daaraan dat die partyverdeling in Suid-Afrika skerper vorm aangeneem het, maar die broedertwis onder die Afrikaners – die oorlog met al die bitterheid daarvan – het kiesers na die kruisie laat begin gryp as hulle wapen (Grobler, 2007:143-144).

In die twee verkiesings in Suid-Afrika na 1910 het die meerderheidskiesstelsel van wenner-vat-alles in enkelid-kiesafdelings reeds sterk politieke gevolge gehad. In die eerste verkieping het die kiesstelsel tot gevolg gehad dat 'n minderheid oor 'n meerderheid regeer en in die tweede verkieping moes partye 'n koalisie vorm om te regeer. Koaliesievorming is nie algemeen in 'n meerderheidskiesstelsel nie, maar 'n sterk eienskap van die proporsionele kiesstelsels, waar dit meer gereeld voorkom.

Die na-oorlogse jare het verskeie ekonomiese probleme en stygende lewenskoste gebring. Daar was ook ontevredenheid onder die arbeiders, boere en amptenare. Met die volgende verkieping op 10 Maart 1920 het genl Smuts se Suid-Afrikaanse Party van 54 na 41 setels gedaal en die Nasionale Party wat van 26 na 44 setels gegroei het, was die sterkste party in die Volksraad. Die Unionisteparty het van 40 na 25 setels gedaal, maar die Arbeiders het van 4 na 21 setels gestyg. Saam met die Unioniste het Smuts 'n meerderheid van vier gehad. Nadat 'n poging om die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party in September 1920 te herenig misluk het, het Smuts 'n uitnodiging aan die Unioniste gerig wat hulle aanvaar het en het die Unioniste-party opgegaan in die Suid-Afrikaanse Party en daarmee as party verdwyn. Genl Smuts het 'n nuwe verkieping uitgeskryf en in die verkieping op 8 Februarie 1921 het die nuwe Suid-Afrikaanse Party met 'n groot meerderheid gewen. Die Suid-Afrikaanse Party het 'n volstreekte meerderheid gekry met 79 setels uit die 134, die Nasionale Party 45, die Arbeiders nege en die Konstitusionele Demokrat-party een setel. Die Suid-Afrikaanse Party het ook die meeste stemme in die verkieping gekry, naamlik 49,5 persent (Van Jaarsveld, 1982:275-276).

In die twaalf algemene verkiesings wat onder die 1910-Uniegrondwet gehou is, was daar vier verkiesings waar die regerende party met die meerderheid setels, maar met die minderheid van die uitgebragte stemme, regeer het. Dit was die algemene verkiesings op 15 September 1910, 12 Junie 1929, 26 Mei 1948 en 15 April 1953. Dit is tiperend van 'n meerderheidkiesstelsel. Die verkiesing in September 1910 is reeds bespreek. Genl Hertzog se Nasionale Party het in die 1929-verkiesing 78 setels uit die 157 in die Volksraad gewen en daardeur 'n volstreekte meerderheid verkry, maar het 40,6 persent (141 399 stemme) van die uitgebragte stemme gekry. Hierteenoor het die Suid-Afrikaanse Party as amptelike opposisie 61 setels gewen, maar het 45 persent (156 676 stemme) van die uitgebragte stemme gekry (Schoeman, 1977:173).

In die tydperk 1910 tot 1948 is 'n verskeidenheid wetgewings aangeneem wat 'n invloed gehad het op die politieke regte van die Swartmense en Bruinmense in Suid-Afrika. In 1920 is die Swart Zaken Wet, wat afsonderlike verteenwoordiging vir Swartmense ingestel, en in 1923 die Swartmense- (Stadsgebieden) Wet, wat rassesseiding in stede verplig het, aanvaar. Twee verreikende raswette word in 1927 uitgevaardig, naamlik die Ontugwet en die Wet op Naturelle-administrasie. Die Ontugwet het geslagsgemeenskap tussen rasse onwettig verklaar en die Naturelle-administrasie Wet het die gesag oor sake rakende Swart Suid-Afrikaners in die hande van 'n sentrale departement geplaas. In 1936 word die Swart Verteenwoordiging Wet aanvaar wat oorblywende Swartmense van gemeenskaplike kieserslyste skrap (Joyce, 2000:50, 69, 76).

Hierdie wette het 'n sterk rol gespeel in die aanloop tot die 1948-verkiesing en die beleidstoepassing van segregasie en apartheid.

5.2.3 Die 1948-verkiesing – segregasie en apartheid

In die 1943-verkiesing het genl Smuts se Verenigde Party as oorwinnaars uit die verkiesing getree. Smuts het die grootste meerderheid in die Volksraad gehad as enige politieke leier voor hom. Hy het egter verskeie probleme ondervind wat hy na 1943 moes hanteer. Twee van die belangrikste hiervan was die ekonomiese gevolge van die

Tweede Wêreldoorlog en die verslegtende rassetoestand in Suid-Afrika. Smuts het begin om rassesseiding in 'n mate te verslap namate vinnige groei in die myn- en nywerheidswese al hoe meer swart werkers na die stedelike gebiede gelok het (Natrass, 1999:40).

Na die oorlog was daar ontevredenheid, veral onder die Indiërs en Swartmense in die industriële sentra wat uiting gevind het in stakings en algemene onrus. Smuts het nie 'n duidelik geformuleerde beleid vir die Swartmense gehad wat deur die proses van industrialisasie in groot getalle na die stede getrek het nie. Hy het in 1947 die Fagan-kommissie aangestel om die kwessie te ondersoek (Natrass, 1999:40). Smuts het op 'n pragmatiese wyse parallelle instellings vir die onderskeie onderhorige gemeenskappe tot stand gebring soos 'n onderafdeling vir kleurlingsake in die departement van binnelandse sake in 1943. In 1946 het die Smuts-regering 'n wetsontwerp ingedien wat wit en Asiërwoonbuurte geskep het waardeur Asiërs verbied is om 'n eiendom in 'n wit woongebied te koop. Die wetsontwerp het stemreg en ook Asiër-verteenwoordiging (slegs deur wit verteenwoordigers) in die Parlement en in die Natalse en Transvaalse Provinsiale Raad gegee (Giliomee, 2004:401).

Teen 1948 het die vraagstuk rakende die verhoudinge en betrekkinge tussen Wit en Swart die politieke toneel in Suid-Afrika oorheers. Die besef dat die Witmense in die minderheid teenoor die Swartmense, Indiërs en Kleurlinge was, het op die voorgrond getree. Die Suid-Afrikaanse samelewing wat op maatskaplike en politieke segregasie berus het, het enersyds tot twyfel oor die toekoms van die Witmense in Suid-Afrika in die buiteland gelei, maar andersyds in Suid-Afrika self tot die wil om selfbehoud, voortbestaan en die ordening van die samelewing op die basis van vreedsame naasbestaan. Daar is aan die toekoms gedink aan die sekerstelling van die Witmense in Suid-Afrika in 'n finale vaderland soos die Witmense in Nieu-Seeland, Australië en die Verenigde State van Amerika (VSA). Daar moet gemeld word dat teen 1948 die Amerikaanse Neger (Swartmense) wat 'n beskaafde Swart Amerikaner was in die suidelike state van die VSA ook sonder stemreg en gesegegreer was. Die houding van die Witmense in Suid-Afrika wat hul veiligheid en toekoms in segregasie gesoek het,

was nie anders as die genoemde deel in die VSA nie. Dit was die Afrikaners in die Nasionale Party wat weens kommer oor die toekoms en die skielike veranderinge in die wêreld van rassebetrekkinge gepaard met liberalisme in die Smuts-regering, gevrees het dat dit in Suid-Afrika op rasse-integrasie sou uitloop. Die ou segregasiebeleid is tot 'n nuwe slagkreet van 'apartheid' tot verkiesingskwessie gemaak, 'n beleid wat groot aantrekkingskrag op die kieserskorps uitgeoefen het (Van Jaarsveld, 1982:294-295).

Die eerste dekade nadat genl Hertzog in 1924 eerste minister geword het, kon hy nie die vereiste tweederde-meerderheid in die Parlement verkry om die swart kiesers van die Kaapprovinsie van die kieserslys te laat verwyder nie. Die vinnige verstedeliking van Swartmense en die sterk groei van die swart getalle het die druk om die Kaapse swart stem te laat verwyder, laat toeneem. Die aantal Swart kiesers voor 1930 in die Kaapprovinsie het 7,5 persent van die Suid-Afrikaanse kiesers uitgemaak. In 1930 is stemreg aan wit vroue gegee wat die 7,5 persent swart kiesers na drie persent verlaag het. Die aantal swart kiesers was nou so klein dat die weerhouding van swart regte kwalik regverdig kon word (Giliomee, 2004:364).

In 1936 is wetgewing ingestel wat die Verteenwoordigende Naturelleraad (VNR) gevorm het, en slegs Swartmense kon vir verteenwoordigers daarvoor stem. In die tyd is Swartmense ook aan die paswette onderworpe gestel. Die African National Congress (ANC) was gedurende die 1930's en 1940's 'n konserwatiewe organisasie en het besluit om deel te neem aan die verkiesings van die VNR. Gedurende die oorlogsjare het nuwe jong lede tot die ANC toegetree soos Anton Lembede, Nelson Mandela, Oliver Tambo en Walter Sisulu. Hulle het hulle kragte saamgesnoer met die Congress Youth League, wat in 1944 gestig is. Hierdie beweging het 'n oproep gedoen dat alle Swartmense moet mobiliseer ten einde die juk van onderwerping af te werp. In 1947 het die VNR geëis dat die regering alle diskriminerende wette moet afskaf. Hulle wou die verwydering van diskriminasie op die arbeidsterrein, die herroeping van die paswette en volle politieke regte vir Swartmense hê. Die Verenigde Party-regering het dit egter nie aanvaar nie en wou hê dat hierdie regte teen 'n matige pas meer liberaal gemaak moes word, maar dat die openbare mening daarmee saam moes vorder (Giliomee, 2004:402-404).

Die Verenigde Party se ideale moes met die demografie en die kiesstelsel rekening hou. Die verhouding tussen Afrikanerkiesers en Engelse kiesers was omtrent 55:45. Die kiesstelsel het die landelike kiesafdelings, wat meestal deur Afrikaners oorheers is, bo die stedelike kiesafdelings bevoordeel. Om die Nasionale Party uit bewind te hou het die ander partye minstens 25 persent van die Afrikanerstem nodig gehad. Die bevolkingsaanwas was aan die Afrikaners se kant en hoewel die volwassenes in die twee wit gemeenskappe redelik gelyk was, was daar in die ouderdomsgroep 7 tot 21 byna twee keer soveel Afrikaners as Engelssprekendes (Giliomee, 2004:360).

Sommige ondersteuners van Smuts het hom aangeraai om die reëls van die verkiesing te verander. Die Verenigde Party kon byvoorbeeld meer Kleurlingkiesers in sleutelkiesafdelings registreer en kon die reël waarvolgens plattelandse kiesafdelings meer “gelaaï” is, verander. Genl Smuts self het met die aanvaarding van die 1910-Grondwet voorgestel dat die kwota 15 persent onder vir plattelandse kiesafdelings, en 15 persent bo vir stedelike kiesafdelings, toegelaat moes word om die balans tussen stad en platteland te bewaar. Dit het daarop neergekom dat 85 landelike stemme gelykgestaan het aan 115 stedelike stemme. Indien elke stem – landelik en stedelik – in 1948 dieselfde getel het, sou die Verenigde Party in die verkiesing 80 setels kon wen teenoor die 60 setels van die koalisie van die Herenigde Nasionale Party en Afrikanerparty. Smuts het die voorstel verwerp, aangesien die 1910-Grondwet deur alle partye te goeder trou aanvaar is (Giliomee, 2004:433).

Die verkiesingsdatum was bepaal vir 26 Mei 1948. Dr Malan, wetende hoe belangrik die verkiesing vir sy party, die Herenigde Nasionale Party, sou wees, het 'n verkiesingsooreenkoms met die Afrikanerparty van mnr. Havenga gesluit. Dr Malan en sy partyleiding wou voorkom dat die Afrikanerstem by die stembus weer soos in die vorige verkiesing verdeel sou word. Die Afrikanerparty het nie groot aanhang gehad nie, maar het tog 'n groepie volgelingen gehad wat in sleutelkiesafdelings deurslaggewend kon wees (Schoeman, 1977:277).

Die uitslag van die verkiesing op 26 Mei 1948 volgens setels word in Tabel 13 gegee en volgens die uitgebragte stemme in Tabel 14 soos volg (Schoeman, 1977:300-301):

Tabel 13: Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels - 1948
(Totale aantal setels 150)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	VRYSTAAT	TRANSVAAL	TOTAAL
Afrikanerparty	2	2	1	4	9
Arbeidersparty	-	2	-	4	6
Christelike Historiese Staatsparty	-	-	-	-	-
Demokratiese Arbeiderparty	-	-	-	-	-
Herenigde Nasionale Party	26	1	11	32	70
Kommunistiese Party	-	-	-	-	-
Onafhanklikes	-	-	-	-	-
Onafhanklike Arbeidersparty	-	-	-	-	-
SA Party	-	-	-	-	-
Sentrale Groep	-	-	-	-	-
Verenigde Party	27	11	1	26	65
Suid-Afrika					150

Tabel 14: Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika - 1948
(Totale uitgebragte stemme: 1 075 328)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	VRYSTAAT	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Afrikanerparty	9 845	7 224	5 096	19 720	41 858	3,9
Arbeidersparty	-	8 910	-	23 254	32 164	3,0
Christelike Historiese Staatsparty	-	-	-	36	36	0,003
Demokratiese Arbeiderparty	-	-	-	168	168	0,02
Herenigde Nasionale Party	150 417	6 531	63 045	180 187	400 180	37,2
Kommunistiese Party	1 009	-	-	774	1 783	0,2
Onafhanklikes	21 033	4 834	2 222	15 044	43 133	4,0
Onafhanklike Arbeidersparty	-	1 626	-	-	1 626	0,1
SA Party	4 464	6 332	-	1 098	11 894	1,1
Sentrale Groep	4 843	5 485	-	5 132	15 460	1,4
Verenigde Party	216 195	63 970	29 544	205 564	515 273	47,9

As gevolg van die verkiesingsooreenkoms tussen die Herenigde Nasionale Party (70 setels) en Afrikanerparty (9 setels) het die partye as koalisie die regerende party geword met 'n totaal van 79 setels in die Volksraad. Die Verenigde Party (65 setels) en die Arbeidersparty (6 setels) as opposisie het 74 setels in die Volksraad gewen. Die regerende koalisie het 'n skrale meerderheid van vyf setels gehad. Indien die aantal

uitgebragte stemme vergelyk word, het die Verenigde Party alleen meer stemme (515 273) as die Herenigde Nasionale Party (400 180) en die Afrikanerparty (41 858) gesamentlik (452 038) gehad. Die Verenigde Party het 63 235 meer stemme gehad as die koalisieregering. Die disproporsionaliteit van die meerderheidkiesstelsel het in hierdie verkiesing ook 'n bepalende rol gespeel dat 'n minderheid oor 'n meerderheid van stemgeregtigdes regeer. Aan die begin het die Malanregering (koalisie) swak gestaan want die Opposisie het daarop gehamer dat, hoewel hy 'n minderheid setels gewen het, hy die grootste aantal stemme gekry het. Tussenverkiesings en die ses Volksraadslede vir Suidwes-Afrika het die regering se posisie versterk. In 1951 het die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty saamgesmelt en die Nasionale Party gevorm (Van Jaarsveld, 1982:301). Die 1953-verkiesing was eweneens disproporsioneel. Die saamgesmelte Herenigde Nasionale Party en Afrikanerparty wat in die algemene verkiesing op 15 April 1953 as Nasionale Party deelgeneem het, het 95 van die 155 setels in die Volksraad gewen. Die Verenigde Party het 57 setels gewen. Die Nasionale Party het egter 49,1 persent (598 5340) van die uitgebragte stemme in die verkiesing gekry, maar die Verenigde Party het 49,2 persent (599 849) van die stemme gekry (Schoeman, 1977:333). As gevolg van die meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles in enkellid-kiesafdelings kon die Nasionale Party met 'n maklike meerderheid verteenwoordigers in die Volksraad regeer. Indien die lysproporsionele kiesstelsel van toepassing gemaak gewees het, sou die Verenigde Party met basies 'n enkele verteenwoordiger meer geregeer het.

Die meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles in enkellid kiesafdelings het 'n bepalende rol gespeel om die NP in die 1948-verkiesing aan bewind te stel. Die nadeel van hierdie kiesstelsel dat kiesafdelingsgrense en lading van plattelandse kiesafdelings gemanipuleer kan word, het bygedra tot die oorwinning. Smuts was self 'n voorstander om plattelandse kiesafdelings gelyk te stel aan stedelike kiesafdelings, hoewel eersgenoemde baie minder kiesers verteenwoordig het. Die 1948-verkiesing is 'n goeie voorbeeld van die disproporsionaliteit en onbillike resultate wat die werking van hierdie kiesstelsel tot gevolg kan hê. Die langtermyn-impak van hierdie uitslag was dat die NP tot in 1994 aan bewind gebly het. Sou 'n kiesstelsel soos die proporsioneel

verteenwoordigende kiesstelsel gebruik gewees het, kon die verdere geskiedenis van Suid-Afrika anders daar uitgesien het.

5.2.4 Die Kleurlingvraagstuk en stemreg

Die posisie van die Kleurling het in die jare 1951 tot 1956 die Suid-Afrikaanse politiek oorheers. Na die 1948-verkiesing het die Malan-regering op 8 Maart 1951 wetgewing, naamlik die Wetsontwerp op Afsonderlike verteenwoordiging van Kiesers, ingedien wat kortliks gestel, voorsiening gemaak het vir die verwydering van die Kleurlinge van Kaapland van die gemeenskaplike kieserslys. Hulle name sou op 'n afsonderlike kieserslys geplaas word en Kaapland sou in vier kiesafdelings ingedeel word wat elkeen 'n Wit verteenwoordiger vir die Volksraad kon kies. Alle toekomstige Kleurlingkiesers sou ook tot die lys gevoeg kon word. Die Kleurlinge kon ook drie Wit verteenwoordigers tot die Provinsiale Raad van Kaapland verkies. Die verskanste klousule van die 1910-Grondwet het egter 'n tweederde meerderheid in 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat vir die verandering vereis. Die regering het nie oor 'n tweederde meerderheid beskik nie en aangevoer dat die Unie-parlement soewerein is en hom nie kan laat bind deur die verlede nie. Die regering het voortgegaan en die wetgewing is op 14 Mei 1951 in die Volksraad met 74 stemme teen 64 goedgekeur (Joyce, 2000:116).

Na die aanname van die wetgewing met 'n gewone meerderheid in die Volksraad het die opposisie, die Verenigde Party, hom tot die howe gewend. Die Kaaplandse Afdeling van die Hooggeregshof het die aansoek om die wetgewing ongeldig te verklaar verwerp. Hierna het die Verenigde Party die saak op appèl geneem. Op 20 Maart 1952 het die Appèlhof uitspraak teen die regering en ten gunste van die Verenigde Party gelewer en is die wetgewing nietig verklaar (Du Pré, 1994a:136).

Op 30 November 1954 het dr Malan as hoofleier van die Nasionale Party uitgetree en is adv. JG Strijdom in sy plek verkies. Onder Strijdom se leierskap is vroeg in 1955 begin met nuwe planne in verband met die Kleurlingstem. Dit sou in drie fases hanteer word, naamlik die samestelling van die Appèlhof sou gewysig word, die Senaat sou vergroot

word en dan sou die Wetsontwerp op Afsonderlike verteenwoordiging van Kiesers weer aan 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat voorgelê word. Op 25 Maart 1955 is wetgewing ingedien om die Appèlhof tot elf lede te vergroot. Die wetgewing het bepaal dat, vir gewone sake, vyf regters 'n kworum sou vorm, maar vir 'n saak waar die regsgeldigheid van 'n wet van die parlement in geskil is, sou elf regters 'n kworum vorm. Die wetgewing om die Senaat te vergroot se tweede lesingsdebat het op 23 Mei 1955 begin. Dit het behels dat die aantal senators van 44 na 89 lede vergroot is en dat die ou kiesstelsel van proporsionele verteenwoordiging in die Senaat vervang word met die partyblokstem-kiesstelsel. In die praktyk het die politieke party wat in 'n bepaalde provinsie die meerderheid verteenwoordigers in die Volksraad en Provinsiale Raad gehad het, al die senators vir daardie provinsie verkies. Die gevolg was dat Transvaal, Kaapland en die Vrystaat, waar die Nasionale Party die meerderheid gehad het, slegs deur regeringsensatore (NP) verteenwoordig sou wees, en in Natal al die senatore Verenigde Party-manne. In die nuwe Senaat sou die regering (Nasionale Party) se getalle tot 77 opskuif teenoor die 12 van die Verenigde Party. Die totale getal lede in 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat sou 248 wees en die regering sou 166 stemme nodig gehad het vir 'n tweederde meerderheid. Volgens die nuwe samestelling van die Senaat het die Nasionale Party die 166-getal met vyf oorskry (Schoeman, 1977:340-341).

Die proses is gevolg en in 1956 is die wetsontwerp aan die gesamentlike sitting voorgelê en deur 'n tweederde meerderheid goedgekeur. Die Verenigde Party het die saak weer na die howe geneem en op 9 November 1956 het die Appèlhof uitspraak gelewer met 'n meerderheid van tien teenoor een teen die Verenigde Party. Die regering kon nou voortgaan met die verwydering van die Kleurlinge in Kaapland van die gemeenskaplike kieserslys. Kaapland is in vier kiesafdelings verdeel – Outeniekwa, Karoo, Boland en Skiereiland – en die Kleurlinge het die reg verkry om in elkeen van hierdie kiesafdelings een Wit verteenwoordiger te kies. Hierdie stelsel van die Kleurlinge het tot aan die einde van die sestigerjare geduur toe dit heeltemal afgeskaf is. In die algemene verkiesing op 16 April 1958 het die Nasionale Party 'n oorweldigende

meerderheid van 103 setels teenoor die 53 van die Verenigde Party gewen (Du Pré, 1994b:139-140).

In die proses om die Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder het die verandering van die kiesstelsel 'n belangrike rol gespeel. Die vergroting van die Senaat van 44 na 89 lede alleen was nie genoeg om te verseker dat die NP die meerderheid senatore verkies sou kon kry nie. Die kiesstelsel vir die kies van die senator is verander van 'n proporsionele kiesstelsel na die partyblokstem-kiesstelsel. 'n Kenmerk van die partyblok-kiesstelsel is dat die uitslag selfs meer disproporsioneel is as die wenner-vat-alles-kiesstelsel. Die verandering van die kiesstelsel het daartoe gelei dat die NP al die senatore uit drie provinsies aangewys het. Dit is 'n voorbeeld van waar die kiesstelsel misbruik kan word om die regerende party te bevoordeel.

5.3. REPUBLIEKWORDING EN DIE 1961-GRONDWET

Dr HF Verwoerd wat vir die eerste keer in 1958 tot die Volksraad verkies is, het na die dood van adv JG Strijdom op 24 Augustus 1958, eerste minister geword. Dit is veral hy wat gestalte gegee het aan die republikeinse ideaal. Verwoerd het ook 'apartheid' herformuleer tot 'afsonderlike ontwikkeling'. Hierdeur het hy geglo sal hy apartheid aanpasbaar kan maak met deurlopende ekonomiese groei en toenemende internasionale anti-rassistiese norme (Lipton, 2007:33). Suid-Afrika het na die Tweede Wêreldoorlog hom in 'n veranderde wêreld bevind, waarin Britse kolonies in Asië en Afrika onafhanklikheid verkry het. Die Afro-Asiatiese state het hulle in die Verenigde Nasies (toe Verenigde Volkere Organisasie) teen die Unie van Suid-Afrika verbind en 'n sterk veldtog gevoer teen die Nasionale Party en die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Daar is geëis dat die Witmense moes kapituleer en van die land 'n Swartbeheerde staat moes maak op die basis van 'n Swart meerderheidsregering, ooreenkomstig die beginsel van een-mens-een-stem. In 1951 is die Wysigingswet op die Naturellewet by die Senaat ingedien, en in 1952 finaal in die Volksraad aanvaar. Van die wysigings het bepaal dat vroue en kinders (onder 18) van mans wat permanent in stedelike gebiede woon en werk, by hulle kon bly (Posel, 1991:99-103).

Sedert 1957 het die gevoel egter by Witmense in Suid-Afrika al meer posgevat dat die staat in gevaar verkeer, weens sowel binne- as buitelandse bedreigings. Dr Verwoerd was van mening dat daar slegs binne 'n republiek eenheid tussen die Afrikaanssprekende en Engelsprekende Witmense sou kom wat die staat in tye van bedreiging kon versterk (Van Jaarsveld, 1982:315-316).

In 1960 is die Referendumwet deur die Volksraad aangeneem en is bekendgemaak dat die Witmense van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika op 5 Oktober 1960 gevra sou word om in 'n referendum oor die kwessie van republiekwording te beslis. Vir die referendum is die gewone parlementêre kiesafdelings behou, maar daar sou geen kandidate wees nie. Kiesers sou slegs vir of teen 'n Republiek moes stem. In die referendum het meer as 90 persent van die kiesers gestem met 'n meerderheid van 74 580 ten gunste van 'n republiek as uitslag. Die volledige uitslag was: 850 458 ten gunste van 'n republiek en 775 878 daarteen (Joyce, 2000:142).

In 1961 is die nuwe Republikeinse Grondwet aan die Parlement voorgelê vir goedkeuring. Dit sou wesenlik die Unie-grondwet van 1910 bevat. Dieselfde meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles in enkellid-kiesafdelings is behou. Die belangrikste verandering was dat die Goewerneur-generaal as verteenwoordiger van die Britse kroon deur 'n Staatspresident vervang sou word. Die 1961-Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is op 12 April 1961 met 90 stemme teen 51 in die Volksraad goedgekeur en op 21 April 1961 deur die Senaat. Op 31 Mei 1961, presies 51 jaar na Uniewording, is Suid-Afrika se eerste Staatspresident, adv CR Swart, in Pretoria in die NG Kerk in Bosmanstraat ingesweer. In die tweede helfte van 1961 het Verwoerd 'n vervroegde algemene verkiesing aangekondig wat op 18 Oktober 1961 gehou is (Grobler, 2007:169-170).

In die tydperk 1961 tot 1983 het ses algemene verkiesings (sien Bylaag B) in Suid-Afrika plaasgevind. Vanaf 1961 het die ekonomiese groei in Suid-Afrika vinnig toegeneem. Na 1964 was kapitale investering in Suid-Afrika van die hoogste in die

wêreld. In 1974 het Amerikaanse maatskappye 'n 18 persent opbrengs van hulle beleggings in Suid-Afrika verkry teenoor slegs agt persent in Brittanje (Magubane, 2010:38). In hierdie tydperk het die Nasionale Party as regering in elke verkiesing oorweldigende meerderhede in die Volksraad verkry en ook die grootste persentasie van die uitgebragte stemme. Dr Verwoerd het in 1963 aangekondig dat die eerste stappe gedoen sal word om die Transkei op die pad van selfbeskikking te plaas. Die Swart stemreg moes in die tuislandgebiede uitgeoefen word (Schoeman, 1977:409). In 1976 het kabinetslede 'n memorandum voorgelê wat aangetoon het dat 48 persent van die Swart bevolking in die tuislande woon. Ongeveer 85 persent van die Swart bevolking kon egter in hulle selfregerende tuislande hulle stemreg uitbring (Giliomee, 2004:514). In Suid-Afrika was daar sedert 1948 twee duidelike alternatiewe vir apartheid: 'n liberale demokrasie of 'n sosialistiese stelsel. Liberale het gehoop op 'n gekwalifiseerde stem vir Swartmense met die hoop dat dit daartoe sou lei dat Swartmense meer gematig sal raak en meer deur belange eerder as etnisiteit gemotiveer sou word. Dit het egter in geen ander veelrassige staat in die wêreld gebeur nie en dit is onwaarskynlik dat die invoer van die gekwalifiseerde stem in Suid-Afrika stabiliteit sou verseker het. Suid-Afrika het nie sosialisme of 'n liberale demokrasie gekry nie, maar apartheid of afsonderlike ontwikkeling. Nóg die vorming van die Republiek nóg die verbreking van die Statebondsbande het die handel tussen Suid-Afrika en die wêreld nadelig beïnvloed. In die eerste helfte van die 1960's het Suid-Afrika se ekonomie teen 'n gemiddeld van 6 persent per jaar gegroei met 'n inflasiekoers van slegs 2 persent (Giliomee, 2004:491-493).

Teen die einde van 1965 was daar 'n herafbakening van kiesafdelings. Bestaande setels se grense is nie alleen ingrypend verander nie, maar 'n paar nuwe kiesafdelings is geskep. Tien nuwe kiesafdelings is geskep en daarmee is die totale verteenwoordiging in die Volksraad van 160 tot 170 vergroot (Schoeman, 1977:411). Die algemene verkiesing op 24 April 1974 is ook voorafgegaan deur 'n herafbakening van kiesafdelings. Deur die herafbakening het Transvaal drie en Natal twee kiesafdelings bygekry. Die Vrystaat het een minder gekry. In die herafbakening in Transvaal het nuwe kiesafdelings bygekom en sommige gevestigde kiesafdelings het

verdwyn (Schoeman, 1977:483). Een van die nadele van die meerderheidkiesstelsels is dat dit maklik deur die regering gemanipuleer kan word om afbakening te gebruik om die regering van die dag te bevoordeel.

Dr Verwoerd is op 6 September 1966 in die Volksraad vermoor en op 13 September 1966 is adv BJ Vorster tot eerste minister deur die kookus³³ van die regerende Nasionale Party gekies. Vorster het politieke apartheid teen die Kleurlinge tot die uiterste gevoer. In 1968 het sy regering kleurlingverteenvoording in die Volksraad (vier wit verteenwoordigers wat deur kleurlinge op 'n afsonderlike kieserslys gekies is), in die Senaat en die Kaapse Provinsiale Raad, beëindig. In die plek van verteenwoordiging het die regering 'n Verteenwoordigende Kleurlingraad uit benoemde (20 lede) en gekose lede (40 lede) met beperkte magte, ingestel. In 1968 is 'n Suid-Afrikaanse Indiërraad ingestel wat 'n benoemde adviesraad oor Indiërsake in drie provinsies was (in die Vrystaat is Indiërs nie toegelaat nie en daarom ook nie 'n adviesraad daarin nie). In 1971 is alle Kleurlingkiesers van munisipale kieserslyste verwyder. Die Verteenwoordigende Kleurlingraad was 'n mislukking as gevolg van die ontevredenheid van die Kleurlinge daarmee, en die regering het in 1973 'n kommissie van ondersoek, onder voorsitterskap van prof Erika Theron, na die Kleurlingbevolking aangestel. Regstreekse verteenwoordiging en seggenskap vir Kleurlinge op alle vlakke van die regering is deur die kommissie aanbeveel. Die regering het hierdie aanbeveling aanvaar, maar ook verklaar dat die beginsel van wit selfbeskikking deurslaggewend bly. Dit het meegebring dat baie Kleurlinge aan die 1976- en daaropvolgende opstande deelgeneem het (Landman, 1999:93-94).

Deel van die Erika Theron-verslag was ook 'n aanbeveling dat die regering 'n komitee van deskundiges, wat ondersoek na Suid-Afrika se verbondenheid aan die Westminster-regeringstelsel, moes instel. In die tweede helfte van 1976 het die regering die gedagte van 'n nuwe stelsel weg van die Westminster-bedeling begin propageer en 'n kabinetskomitee aangestel om die saak te ondersoek. In 1977 het die regering 'n plan aanvaar om Kleurlinge en Asiërs in die Parlement in te bring saam met die Witmense. 'n

³³ 'n Kookus is die vergadering gewoonlik van al die verteenwoordigers in 'n bepaalde wetgewer van 'n party.

Belangrike vraag was of die konstitusionele veranderinge die Swartmense moes insluit. Die regering het gekies om nie Swartmense in 'n veelrassige Parlement op te neem nie (Mulder, 1985:376-378). Die Nasionale Party-regering het konflikterende perspektiewe aan kiesers verkondig. Vir die meer verligte kiesers het die regering verduidelik dat die simboliek van wit heerskappy en eksklusiwiteit in die Parlement eers afgebreek moes word en die Swartmense eers moes wag totdat die wit kiesers hieraan gewoond geraak het. Aan die meer konserwatiewe kiesers het die regering gesê dat die Witmense, Bruinmense en Asiërs teen die Swartmense moes saamstaan (Giliomee, 2004:557).

Ten slotte het hierdie nuwe grondwetlike voorstelle ten opsigte van die Kleurlinge en Asiërs 'n skeuring in die Nasionale Party (NP) veroorsaak en het dr AP Treurnicht en nog 21 NP-parlementslede op 24 Februarie 1982 uit die NP weggebreek. Op 20 Maart 1982 het Treurnicht die Konserwatiewe Party gestig. Dit was die einde van die Afrikaner-eenheid wat dekades lank bepleit, gekoester en beskerm is (Grobelaar & Snyman, 1982:65-67;90).

Wedywerende partystelsels is een eienskap van 'n liberale demokrasie. Ten spyte van die Republiek van Suid-Afrika se kompeterende partystelsel het baie Suid-Afrika nie as 'n liberale demokrasie beskou nie weens die feit dat daar nie algemene stemreg op die basis van een-mens-een-stem was nie. Die klassieke model van 'n partystelsel is van 1960 af tot 1981 in Suid-Afrika gevind toe die regerende Nasionale Party en amptelike opposisie, die Verenigde Party, gesamentlik 99 persent van alle setels gewen het met 90,5 persent uitgebragte stemme in algemene verkiesings. Die twee-party- dominante model het die voordeel van eenvoud, maar het baie ander nadele wat negatief kan wees vir die staat. Die norm is dat verskeie politieke partye stemme behoort te kry, maar as gevolg van die kiesstelsel – 'n meerderheidskiesstelsel van wenner-vat-alles in 'n enkellid-kiesafdeling – word die sterkte en grootte van die twee grootste partye in die Parlement vergroot. Hierdie aspek was veral waarneembaar in die 1981-verkiesingsuitslae. In hierdie verkiesing het die HNP (187 250 of 13,47%) byna dubbel soveel stemme as die NRP (106 764 of 7,68%) gekry, maar die NRP het agt setels in die Volksraad gewen en die HNP geen setels nie. Oordeelkundige afbakeningsknoeiery

en opsetlike bevoordeling van kiesafdelinggroottes in plattelandse gebiede het verder bygedra tot die regerende Nasionale Party se voordeel (Hodder-Williams, 1987:24). Die inherente eienskappe van die kiesstelsel, en nie die uitdruklike knoeiery nie, is volgens Rose (1983:53) die rede vir die bevoordeling van die regerende Nasionale Party. Dit was ook nie uniek in Suid-Afrika nie en in Brittanje het hierdie kiesstelsel die Arbeidersparty en die Konserwatiewe Party al bevoordeel. In die Junie 2001-verkiezing het die Arbeidersparty byvoorbeeld tweederdes van die setels gewen, maar met slegs 41 persent van die stemme (Welsh, 2001:1). In Suid-Afrika was die meerderheidskiesstelsel van wenner-vat-alles in enkellid-kiesafdelings 'n ekstreme voorbeeld daarvan dat die kiesstelsel meerderhede nie net disproporsioneel vergroot het nie, maar een party oorweldigend bo 'n ander bevoordeel het. 'n Voordeel was wel dat die kiesstelsel dertig jaar lank aan die wit kieserskorps 'n stabiele enkelpartyregering gegee het. In hierdie tydperk is die regering meer gekonfronteer deur die stemreg van die Swartmense en Kleurlinge en het die regerende NP besef dat oplossings verkry moes word. Na die Erika Theron-kommissie en die 1977- grondwetlike voorstelle was daar meningsverskille hoe die stemregkwessie onder die loep geneem moes word, wat selfs 'n skeuring in die NP veroorsaak het. Die regering het besluit om as eerste stap die Kleurlinge en Indiërs in 'n nuwe grondwetlike bedeling verteenwoordiging te gee, maar het Swartmense steeds uitgesluit.

5.4. DIE 1983-GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die grondwetlike voorstelle wat die Kleurlinge en Indiërs (Asiërs) deel van die Parlement gemaak het, is op 2 November 1983 in 'n referendum aan die Wit kiesers voorgehou as 'n eerste stap in 'n ongespesifiseerde beleid, asof in die "regte rigting". Tweederdes van die uitgebragte stemme het die nuwe grondwet goedgekeur (Giliomee, 2004:558-559).

Die Parlement het in 1983 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wet 110 van 1983, goedgekeur. Die nuwe Parlement het uit drie huise bestaan, naamlik die Volksraad, Huis van Verteenwoordigers (Kleurlinge) en die Huis van Afgevaardigdes

(Indiërs). Ingevolge artikel 41 van die Grondwet (1983) het die Volksraad uit 166 lede bestaan wat verkies is, slegs deur Wit kiesers, in enkellid kiesafdelings deur 'n meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles, vier genomineerde lede deur die President (een uit elke provinsie) en agt lede wat proporsioneel verkies is deur elke kieser 'n enkeloordraagbare stem te gee. Die Volksraad het dus 'n totaal van 178 lede gehad. In die praktyk het die proporsionele verdeling van die agt lede daarop neergekom dat die aantal verteenwoordigers van elke politieke party in die Volksraad, proporsioneel die hoeveelheid uit die agt lede kon aanwys. Byvoorbeeld, indien Party A se lede 60 persent van die 166 lede in die Volksraad was, Party B se lede 30 persent en Party C se lede 10 persent, sou party A (60% van 8 lede = 4,8) vier lede plus 1 (grootste breuk 0,8), d.w.s. vyf lede, aanwys. Party B sou twee lede (30% van 8 = 2,4) en Party C (10% van 8 = 0,8) een lid (as groter breuk as Party B) kon aanwys. Dieselfde beginsel het vir die twee ander huise volgens hulle samestelling gegeld. Die betrokke partye in die Volksraad en ander huise het hulle proporsionele lede aangewys.

Ingevolge artikel 42 van die Grondwet (1983) het die Huis van Verteenwoordigers uit 'n totaal van 85 lede bestaan, waarvan 80 lede verkies is, slegs deur Kleurlingkiesers, in enkellid kiesafdelings deur 'n meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles, twee genomineerde lede deur die President en drie lede wat proporsioneel verkies is deur elke kieser 'n enkeloordraagbare stem te gee.

Ingevolge artikel 43 van die Grondwet (1983) het die Huis van Afgevaardigdes uit 'n totaal van 45 lede bestaan, waarvan 40 lede verkies is, slegs deur Indiërkiesers, in enkellid-kiesafdelings deur 'n meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles, twee genomineerde lede deur die President en drie lede wat proporsioneel verkies is deur elke kieser 'n enkel oordraagbare stem te gee.


Die Grondwet (1983) het die aantal kiesafdelings vir elke huis in elke provinsie bepaal. Ingevolge artikel 48 van die Grondwet (1983) is 'n Afbakeningskommissie saamgestel wat elke vyf tot tien jaar kiesafdelings moes herafbaken. Artikel 49 van die Grondwet (1983) het bepaal dat die Afbakeningskommissie eers 'n kwota van kiesers bepaal en

dan elke provinsie indeel in die aantal setels soos deur die Grondwet bepaal, waarvan die aantal kiesers in elke kiesafdeling min of meer dieselfde is as die kwota, maar 'n afwyking van 15 persent, meer of minder is toelaatbaar. As voorbeeld het die Grondwet bepaal dat Natal 20 setels in die Volksraad verkry. Indien Natal 100 000 kiesers sou hê, is die kwota 20 000 (100 000 kiesers / vyf setels) kiesers. Elke setel moes dus ongeveer 20 000 kiesers hê met 'n moontlike 15 persent-afwyking. Dit beteken 'n kiesafdeling kon minimum 17 000 ($15\% \times 20\,000 = 3\,000$) en maksimum 23 000 kiesers hê.

Suid-Afrika het nou 'n Parlement gehad met 'n Wit, 'n Kleurling en 'n Indiërkamer, gekies op afsonderlike kieserslyste in 'n 4:2:1-verhouding ooreenstemmend met die onderskeie bevolkings. Die Nasionale Party (NP) het die 1983-grondwet as “gesonde” magsdeling aangebied, waarin die NP nie deur 'n koalisie van die wit opposisie in die Wit kamer uitgestem kan word, en die kleurlinge en Indiërs in hul onderskeie kamers nie. 'n Kieskollege wat saamgestel is uit al drie kamers het 'n staatspresident met uitvoerende magte gekies. Elke kamer het sy eie kabinet en begroting gehad vir “eie sake” van sy gemeenskap. Dit het veral onderwys, huisvesting, maatskaplike dienste ensovoorts behels. Daar was ook “algemene sake” soos verdediging, polisie, ekonomiese sake ensovoorts wat deur die NP beheer was. Die eerste staatspresident was mnr PW Botha en hy het die leiers van elke huis in sy kabinet aangestel. Vir die eerste keer het 'n Kleurling en Indiër in die kabinet oor algemene sake gedien. Wit beheer is behou en die NP, as grootste party in die Volksraad, was verseker daarvan dat hulle die staatspresident kon verkies. Swartmense het die verteenwoordiging van Kleurlinge en Indiërs in die Parlement beskou as 'n verwerping van hulle eis om 'n gemeenskaplike burgerskap te hê (Du Plessis, 1999:113).

In Figuur 11 word die driekamer-parlement ingevolge die 1983-Grondwet skematies soos volg voorgestel:

Figuur 11: Die driekamer-parlement ingevolge die 1983-Grondwet



Bron: Grondwet 1983

Onder die 1983-Grondwet is daar op 22 Augustus 1984 'n algemene verkiesing slegs vir die Huis van Verteenwoordigers en Huis van Afgevaardigdes gehou. Vir die Volksraad is daar op 6 Mei 1987 weer net 'n algemene verkiesing vir die Volksraad gehou en op 6 September 1989 is daar vir die eerste keer 'n algemene verkiesing op dieselfde datum vir al drie Huisse van die Parlement gehou (sien Bylaag C vir volledige uitslae). In al die

verkiesings sedert 1948 tot 1989 het die enkellid-kiesafdeling meerderheidskiesstelsel die regerende NP bevoordeel. Die algemene patroon was dat in al elf verkiesings vanaf 1948 die NP met gemiddeld 16 persent setels bevoordeel was. Die gemiddeld van die uitgebragte stemme in hierdie verkiesings vir die NP was 53 persent en het net onder 69 persent van die setels aan die NP toegedeel (Gouws & Mitchell, 2005:355).

Die driekamer-parlement het in September 1984 die eerste keer vergader, maar in dieselfde maand het onluste met groot geweld in die Vaaldriehoek, suid-oos van Johannesburg uitgebreek. Die tydperk in Suid-Afrika onder die 1983-Grondwet (1984-1994) is gekenmerk deur onluste, onsekerheid onder wit kiesers, buitelandse druk, later ook die ontbanning van die African National Congress (ANC) en ander voorheen verbode organisasies en die proses van grondwetlike onderhandeling tussen die regerende NP en die ANC (Du Pré, 1992:150). Mnr FW de Klerk het Nelson Mandela vir die eerste keer op 13 Desember 1989 ontmoet. In 1989 het hy sy kabinet oorreed om die verbod op die ANC en ander bevrydingsbewegings op te hef, wat hy op 2 Februarie 1990 in die Parlement aangekondig het, en sonder enige voorvereistes met veelparty-onderhandelings oor 'n nuwe grondwet begin (Esterhuyse, 2012:249). Die grondwetlike onderhandelingsproses het om meerderheidsregering en algemene stemreg vir alle Suid-Afrikaanse burgers gesentreer wat Witmense, Kleurlinge, Indiërs en Swartmense moes insluit (Giliomee, 2004:567-588).

Die NP regering wou graag 'n stelsel hê waarin die meerderheid en minderhede met mekaar in ewewig is en Nelson Mandela het konsekwent geredeneer dat meerderheidsregering, wat hy as ononderhandelbaar beskou het, waarborge moes bevat wat sou verseker dat Wit oorheersing nie deur Swart oorheersing vervang moes word nie (Giliomee, 2004:579, 583). Ten einde hierdie balans te skep om te voorkom dat 'n meerderheid nie 'n minderheid oorheers nie, het die keuse van die kiesstelsel wat moes geld 'n belangrike rol gespeel.

5.5. DIE 1993- TUSSENTYDSE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Teen die einde van 1991 het die NP-regering, onder leiding van mnr FW de Klerk, besluit daar sal 'n verkiesing gehou word vir 'n liggaam wat twee funksies verrig, eerstens, om 'n grondwet te skryf en tweedens, om as tussentydse regering op te tree. Voor die verkiesing van hierdie liggaam sou al die partye 'n tussentydse grondwet vir die regering wat na die eerste postapartheid-verkiesing saamgestel sou word, onderhandel en skryf. Breë riglyne (grondbeginsels) moes ook voor die verkiesing opgestel word waaraan die finale grondwet moes voldoen (Giliomee, 2004:589).

Vir doeleindes van hierdie studie word vervolgens aandag geskenk aan die proses wat gevolg is om te besluit watter kiesstelsel Suid-Afrika in die verkiesing moes gebruik om die oorgang te bewerkstellig.

5.5.1 Advies oor 'n nuwe kiesstelsel vir Suid-Afrika

Verskeie menings is in die debat gelug oor watter kiesstelsel Suid-Afrika vir die eerste verkiesing kragtens die 1993- Tussentydse Grondwet moes aanvaar. Die belangrikheid van die kiesstelsel en watter rol dit speel is soos volg deur Donald Horowitz gestel:

'The electoral system is by far the most powerful lever of constitutional engineering for accommodation and harmony in severely divided societies, as indeed it is a powerful tool for many other purposes.' (Horowitz, 1991:163).

Horowitz (1991:174) redeneer dat, omdat Suid-Afrika gekenmerk word deur etniese en rasseverdelings, die proporsionele kiesstelsel wel die beste toelaat dat etniese en rassegroepe hulle binne die stelsel kan identifiseer. Hy aanvaar ook dat die kiesstelsel veelpartyvorming en koalisies aanmoedig en daardeur Wit vrese vir Swart meerderheidsregering sal verminder. Hoewel hy hierdie aspekte as noodsaaklik beskou, is dit vir hom onvoldoende vir die bevordering van 'intergroep-/etniese

akkommodering'. Meer aanmoediging vir etniese akkommodering was nodig (Horowitz, 1991:174-177).

Horowitz (1991:178-180) het die alternatiewestem-kiesstelsel wat in Maleisië toegepas word, aanbeveel, aangesien dit 'n sterk aanmoediging sal wees vir 'n werklike, niegepolariseerde Suid-Afrikaanse demokrasie. Volgens hom bevorder die alternatiewe stemstelsel stemsamevoeging omdat politieke partye verplig word om hulle op kiesers oor etniese, rasse- en klasseskeidslyne te beroep vir ondersteuning. 'n Politieke party wat hom slegs op 'n bepaalde etniese, rasse- of klassegroep beroep, sal nie genoeg steun kan werf om verteenwoordigers verkies te kry nie. Die kiesstelsel is egter 'n komplekse kiesstelsel met 'n gekompliseerde formule wat meerledige kiesafdelings behels.

Horowitz se voorstel is uit verskeie oorde gekritiseer en Meadowcroft, voorsitter van die *British Electoral Reform Society of London*, handhaaf die siening dat Horowitz se analise onvolledig is en dat al die nadele en min van die voordele van enkellid-kiesafdelings van toepassing is. Die argument is dat die alternatiewestem-kiesstelsel al die eienskappe van 'n meerderheidkiesstelsel bevat en aanleiding gee tot vermorste stemme. Hierdeur sal die wil van die oorgrote meerderheid nie genoegsaam verteenwoordig word nie (Devenish, 1998:116-117).

Sir Arthur Lewis in sy boek *Politics in West Africa* maak die volgende stelling: "... *the surest way to kill the idea of democracy in a plural society is to adopt the Anglo-American electoral system of first-past-the-post*". Hierdie stelling word gedeel deur Lijphart (1984:31-41) en volgens hom is die aanmoediging van 'n kompromie wat betref die vlakke van disproporsionaliteit tussen die alternatiewe stemstelsel en die enkellidmeerderheid-kiesstelsel nie beduidend verskillend nie. Die meeste waarnemers het die een of ander vorm van die proporsionele kiesstelsel vir Suid-Afrika aanbeveel, spesifiek vir 'n gemeenskap in oorgang wat 'n nuwe partystelsel vestig (Gouws & Mitchell, 2005:356-357).

Reynolds identifiseer ses algemene normatiewe doelwitte in die keuse van 'n kiesstelsel, naamlik: verteenwoordiging, toeganklikheid, voorsiening van voordele vir versoenende optrede, verantwoording, aanmoediging van gemengde partye en stabiliteit van regering. Wat Reynolds betref, erken die breëbasis-partylyste en proporsionele kiesstelsel die vorming en uitbouing van inklusiewe partye in 'n plurale gemeenskap en beveel die lysproporsionele kiesstelsel vir Suid-Afrika aan (Pottie, 2001:29).

5.5.2 Voorkeure van Suid-Afrikaanse politieke partye

Vir die NP en kleiner politieke partye in Suid-Afrika was die proporsionele kiesstelsel verkieslik, aangesien dit hulle sou bevoordeel om maksimum verteenwoordigers verkies te kry. In 1990 het die Komitee vir Grondwetlike sake van die Presidentsraad 'n verslag opgestel wat die proporsioneel kiesstelsel aanbeveel het. In 1991 het die NP 'n proporsionele kiesstelsel vir die Nasionale Vergadering voorgestel met die moontlikheid om kiesafdeling-verteenwoordiging in te sluit. Na 1990 was verskeie ander kleiner partye ten gunste van die proporsionele kiesstelsel. Die Demokratiese Party (DP) het verskeie alternatiewe stelsels voorgestel wat almal variasies was van die proporsionele kiesstelsel. Die DP was ook ten gunste van Horowitz se alternatiewe stemstelsel en by hulle 1991- nasionale kongres het die DP 'n 400-lede Nasionale Vergadering voorgestel. Hiervan sou 100 kiesafdelings elk drie verteenwoordigers kies en 'n 100 lede van die nasionale partylyste. Die Pan-Africanist Congress (PAC) was ook ten gunste van die proporsionele kiesstelsel en het verklaar dat hulle militant sou optree teen rasgebaseerde kiesafdelings. Die PAC was ook ten gunste van 'n Nasionale Vergadering met 265 setels en 'n addisionele 40 setels, toegewys aan grondwetkenners, proporsioneel aangewys deur partye in ooreenstemming met hulle proporsionele deel van die stemme wat hulle in die verkiesing kry (Pottie, 2001:31).

Die ANC was die enigste party wat groot genoeg was om in eie belang die meerderheidskiesstelsel te behou. Die ANC se aanvanklike keuse nadat hy uit ballingskap teruggekeer het, was die meerderheidskiesstelsel van enkellid-kiesafdelings.

Vir die ANC was dit die logiese manier waarop die oorgang na meerderheidsregering moes plaasvind sonder dat die minderheid 'n vetoreg sou kon verkry. Die ANC het in Oktober 1990 sy keuse verander na 'n lysproporsionele kiesstelsel by 'n vergadering van party ampsdraers en grondwetkenners. By die vergadering het prof Kader Asmal in 'n skriftelike voorlegging die lysproporsionele kiesstelsel voorgestel met twee afsonderlike lysse waar 200 lede deur streeklyste en 200 lede deur nasionale lysse tot die Nasionale Vergadering verkies sou word. Die rede vir die ANC se verandering was 'n mengsel van prinsiep, pragmatisme en eiebelang. Die prinsipiële rede was dat die proporsionele kiesstelsel die regverdigste verteenwoordiging van belange sou toelaat. Op pragmatiese gronde het die ANC geweet dat hy in die oorgang vennote nodig sou hê (ten minste op die korttermyn) en die aanvaarding van die proporsionele kiesstelsel sou gesien word as 'n toegewing aan die NP en ander kleiner partye. 'n Inklusiewe kiesstelsel sou help om potensiële antistelsel- minderheidspartye te koöpteer en hulle 'n aandeel in die nuwe grondwetlike bedeling te gee (Gouws & Mitchell, 2005:357-358).

Daar was egter ook eiebelang betrokke vir die ANC om die proporsionele kiesstelsel te aanvaar. Eerstens, het die ANC sy keuse van 'n meerderheidstelsel na 'n proporsionele stelsel verander nadat meningspeilings getoon het dat die ANC nie alleen die grootste party sal wees nie, maar ook die meerderheid stemme in die verkiesing sou wen. Die ANC het dus nie die bonussetels wat gewoonlik gepaard gaan met 'n meerderheidstelsel nodig gehad nie. Tweedens sou die samestelling van nierassige kiesafdelings baie moeilik gewees het as gevolg van die kiesersdemografie wat deur die Groepsgebiedewet verwring is. Derdens het die geslotelys proporsionele kiesstelsel baie voordele vir die ANC ingehou. Gegewe die hoë vlakke van ongeletterdheid van die potensieel ondersteunende kieserskorps vir die ANC, sou 'n eenvoudige stelsel wat die fokus en aandag op gewilde simbole en leiers plaas, die ANC bevoordeel. Kiesers kon basies net gevra word 'stem Mandela' (Gouws & Mitchell, 2005:358).

In die ANC (ANC, 1991:7-8) se beleidsdokument *Constitutional principles for a democratic South Africa* stel hulle 'n Nasionale Vergadering voor wat verkies sal word

op die basis van proporsionele verteenwoordiging. Vir die ANC het die rasionaal vir proporsionele verteenwoordiging in die volgende faktore gelê:

- a) Dit bevorder deelname van groepe wat wesentlike ondersteuning het. Dit is meer aanvaarbaar as politieke of ondergrondse aktiwiteite buite die parlement. Partye met minder as 5 persent stemme sal uitgesluit word.
- b) Stemme meer as 50 persent sal steeds tel en sal 'n aanmoediging wees om steeds te stem waar 'n dominante party in 'n gebied is. Soortgelyk sal kleiner partye se stemme ook steeds in die gebied tel en tot die party se algehele prestasie bydra.
- c) Dit gee 'n meer akkurate politieke weerspieëling van partye se gewildheid.
- d) Dit voorkom die tyd, koste en beskuldigings van bevoordeling in die proses van afbakening van kiesafdelings.

In dieselfde beleidsdokument word erken dat proporsionele verteenwoordiging op die basis van 'n nasionale lys alleen nie genoeg streeks- of plaaslike verteenwoordiging verseker nie. Dit skep ook die probleem dat partyleiers te veel mag het en daar is min direkte verantwoording aan kiesers. Om die probleem op te los het die ANC 'n streeklys name van kandidate voorgestel wat met die nasionale lys geïnkorporeer is. Die eindresultaat sou verteenwoordiging van 'n party in die Nasionale Vergadering proporsioneel tot sy aantal stemme verseker, maar kandidate wat die keuse van streke is, sou ingesluit wees (ANC, 1991:8).

'n Belangrike uitgangspunt van die onderhandeling vir die Tussentydse Grondwet was dat die toekomstige Suid-Afrika grondwetlike waarborge moes bevat vir die beskerming en uitbouing van deelname in menseregte, vroueregte, taal ensovoorts. In hierdie verband moet die kiesstelsel ook 'n rol speel. Die belangrikheid van die impak van die tipe kiesstelsel vir vroue-vertteenwoordiging word verkry deur 'n vergelyking te tref tussen 'n kiesafdelinggebaseerde meerderheidkiesstelsel en die proporsionele kiesstelsel. Die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is die gunstigste om vroue tot die parlement verkies te kry. Dit kan vergelyk word met Statebondlande wat kiesafdelinggebaseerde meerderheidstelsels toepas wat gemiddeld 11,1 persent vroue tot die parlement verkies, teenoor 21,3 persent in daardie state wat die proporsionele kiesstelsel toepas (Pottie, 2001:34-35).

By die ANC se Nasionale Kongres van 28 tot 31 Mei 1992 is die beleidsriglyne vir 'n demokratiese grondwet, soos deur die ANC voorgestel, vir Suid-Afrika aanvaar. In die beleidsdokument onder punt 2 – “Algemene verteenwoordiging en deelname” – is die proporsionele kiesstelsel amptelik deur die ANC (1992:2) aanvaar. Dit lees soos volg:

2. Popular representation and participation

“The ANC opposes the entrenchment of race and ethnic group rights in the constitution and stands for one person one vote on a common voters’ roll, with each vote being of equal value. All South African citizens above the age of eighteen (18) will be entitled to vote. Such votes will be exercised by all voters within the 1910 boundaries of South Africa.

In keeping with this democratic, inclusive and balanced approach, the ANC proposes the election of representatives by the system of proportional representation provided that proportional representation may be supplemented by the other democratic electoral systems at local level. People will vote for party lists and parties will then get a share of representatives in proportion to their share of the total vote. An appropriate threshold will be fixed, below which a party will not be allocated seats.

In order to ensure that regional and local interests are represented and to enhance the accountability of the national assembly, we propose that there be a single vote which will count towards both the national and regional lists of parties. We believe that such lists should be compiled with sensitivity to gender.

All elections at a central, regional and local level shall be conducted by an independent electoral commission, which shall enjoy freedom from governmental and political control.”

Hoewel die ANC aanvanklik 'n vyf persent drempel voorgestel het, is die waarde van die drempel in die finale aanvaarding by die kongres nie vasgestel nie.

Met die uitsondering van enkele politieke partye, soos die DP, was die meeste partye ten gunste van 'n proporsionele kiesstelsel vir die verkiesing van die oorgang na 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika. Die oorwegende rede was dat dit 'n regverdiger kiesstelsel was wat alle groeperinge en politieke partye 'n regverdig geleentheid sou gee om verteenwoordiging in die nuwe parlement te kry. Hierdeur kon 'n vreedsame oorgang bewerkstellig en konflik en geweld voorkom word.

5.5.3 Die kiesstelsel ingevolge die 1993- Tussentydse Grondwet

Deur onderhandeling tussen die NP en die ANC en ander kleiner partye is die geslotelys- proporsionele kiesstelsel aanvaar vir die eerste algemene verkiesing onder die 1993- Tussentydse Grondwet.

Artikel 40(1) van die Grondwet (1993) het bepaal dat die Nasionale Vergadering uit 400 lede bestaan wat gekies word ooreenkomstig die stelsel van proporsionele verteenwoordiging van kiesers soos in Bylaag 2 en die Kieswet, 1993, bepaal. Verder het artikel 71(1)(a) van die Grondwet (1993) bepaal dat die nuwe grondwetlike teks moet voldoen aan die Grondwetlike beginsels soos in Bylaag 4 vervat. Twee grondwetlike beginsels het betrekking op die kiesstelsel. Grondwetlike beginsel VIII bepaal dat 'n verteenwoordigende regering moet bestaan wat 'n veelparty-demokrasie, gereelde verkiesings, universele volwasse stemreg, 'n gemeenskaplike kieserslys en, in die algemeen, proporsionele verteenwoordiging omvat. Grondwetlike beginsel XIV bepaal dat voorsiening gemaak moet word vir die deelname van politieke minderheidspartye aan die wetgewende proses op 'n wyse wat met demokrasie versoenbaar is. Met die skryf van die finale grondwet moes hierdie twee grondwetlike beginsels nagekom word in die bepaling van die kiesstelsel.

Bylaag 2 van die Grondwet (1993) het die stelsel vir verkiesing van die Nasionale Vergadering en Provinsiale Wetgewers bevat. Volgens die bylaag moet 200 van die 400 setels in die Nasionale Vergadering uit streeklyste gevul word wat deur die onderskeie partye voorgelê is, met 'n vaste getal setels wat vir elke streek (provinsies) voorbehou word, en 200 setels uit nasionale lys te wat deur die onderskeie partye voorgelê word, of uit streeklyste waar nasionale lys te nie voorgelê is nie. Klousule 3 van Bylaag 2 het bepaal dat die kandidaatlyste wat deur 'n party voorgelê word, gesamentlik die name van hoogstens 400 kandidate moet bevat, en elke sodanige lys moet daardie name in die vaste volgorde van voorkeur wat daardie party bepaal, aandui. In die praktyk was dit die geslote lys vir die proporsionele kiesstelsel. Partye het 'n keuse gehad ingevolge klousule 4 om 'n nasionale kandidaatlys sowel as 'n lys vir elke streek,

of om slegs 'n kandidaatlys vir elke streek, in te dien. Op die stembrief het kiesers slegs vir 'n politieke party gestem en die persentasie stemme wat 'n party in die verkiesing gekry het, is omgeskakel in dieselfde persentasie setels. Die aantal setels van die party is dan gevul met die verteenwoordigers, in voorkeurvorgorde, wie se name op die kandidaatlyste verskyn het.

Die verkiesing het op 27 en 28 April 1994 plaasgevind. Westerse internasionale waarnemers het die verkiesing as vry en regverdig verklaar. Die uitslag was nie verhewe bo kritiek nie en David Welsh het die verklaring as skynheilig bestempel en gesê die waarnemers sou geen oomblik daaraan dink om in hulle eie staat 'n verkiesing wat aan soveel gebreke mank gegaan het, vry en regverdig te verklaar nie. Volgens Giliomee (2004:608) was dit in die praktyk onmoontlik om die verkiesing as te vol gebreke te verklaar en te eis dat oorgestem word, omdat grootskaalse geweld kon uitbreek. In die finale uitslag van die verkiesing (sien Bylaag D) het die ANC 62,7 persent (12 237 655), die NP 20,4 persent (3 983 690), Buthelezi se Inkatha Vryheidsparty (IVP) 10,5 persent (2 058 294), die Vryheidsfront (VF) 2,2 persent (424 555), die DP 1,7 persent (338 426), die PAC 1,2 persent (243 478) en die African Christian Democratic Party (ACDP) 0,45 persent (88 104) van die 19 533 498 uitgebragte stemme gekry.

Die verkiesingsuitslae was kenmerkend van 'n proporsionele kiesstelsel deurdat die persentasie stemme wat partye verkry het in feitlik dieselfde persentasie setels in die Nasionale Vergadering omgeskakel is. In die 1994-verkiesing het die ANC 63 persent (252), die NP 20,5 persent (82), die IVP 10,75 persent (43), die VF 2,25 persent (9), die DP 1,75 persent (7), die PAC 1,25 persent(5) en die ACDP 0,5 persent (2) van die 400 setels gekry (OVK, 2012).

5.6. DIE 1996-GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Na die 1994-verkiesing was die Nasionale Vergadering en Senaat in die geheel saamgevoeg in 'n Grondwetlike Vergadering. Die Grondwetlike Vergadering se taak was

om 'n nuwe grondwet, wat die 1993- Tussentydse Grondwet sou vervang, op te stel en te aanvaar. Die nuwe grondwet moes voldoen aan die 34 grondwetlike beginsels soos vervat in die Tussentydse Grondwet (1993) wat deur die Grondwethof gesertifiseer moes word, en moes met 'n tweederde meerderheid van die Grondwetlike Vergadering goedgekeur word (Harber & Ludman, 1995:309-310).

Die Grondwetlike Vergadering het verskeie temakomitees gehad wat saamgestel was uit lede van die verskillende politieke partye wat verteenwoordiging in die Grondwetlike Vergadering gehad het. Een van hierdie temakomitees, temakomitee twee, was getaak om die struktuur van regering en die kiesstelsel te hanteer. Behalwe debatte rakende die skeiding van magte tussen nasionale en provinsiale regerings moes die komitee ook die toekomstige kiesstelsel wat in Suid-Afrika sou geld, debatteer (Pottie, 2001:33).

In hierdie temakomitee moes lede besluit oor die grootte van die parlement, of die proporsionele kiesstelsel behou moet word of nie en watter, indien enige, element van kiesafdeling-verteenwoordiging op nasionale en provinsiale vlak moes bestaan. Een gevolg van die proporsionele kiesstelsel in die Tussentydse Grondwet was dat politieke oorloper³⁴ nie toegelaat was nie. Een argument was dat die verbod op oorloper regverdig kan word op die basis dat dit die ontwikkeling van meer effektiewe opposisieparty bevorder (Pottie, 2001:34).

Verskeie politieke partye het oor die keuse van die tipe kiesstelsel voorleggings deur temakomitee 2 aan die Grondwetlike Vergadering gemaak. Die voorleggings van die ANC, NP, DP en PAC het laat deurskemer dat die verantwoording aan die kiesers versterk moet word, maar dat proporsionaliteit behou moet word (Faure & Venter, 2001:135).

Die ANC se voorstelle vir 'n kiesstelsel in die finale grondwet is vervat in die 1995 *ANC policy proposals for the final constitution*. In hulle voorstel neem die ANC kennis van

³⁴ Binne politieke konteks, impliseer oorloop dat 'n politieke verteenwoordiger binne 'n wetgewende liggaam teen 'n eie party stem, of standpunt teen die eie party rakende 'n spesifieke aangeleentheid inneem. Dit beteken ook om van partyverband binne 'n parlement te verander (Groenewald, 2005:5-6).

die kritiek op die gebrek aan effektiewe kiesafdelingverteenvoording as gevolg van die proporsionele kiesstelsel. Hulle gee egter ook erkenning aan die belangrikheid van proporsionele verteenwoordiging as 'n instrument om breë verteenwoordiging en inklusiwiteit te verseker. Die ANC neem ook kennis dat daar 'n siening is dat 'n gemengde kiesstelsel, naamlik enkellid- of meerledige kiesafdelings saam met proporsionele verteenwoordiging, oorweeg behoort te word. Die standpunt van die ANC hieromtrent is dat die vraag rakende enkellid- en meerledige kiesafdelings 'n onderwerp vir verdere oorweging vir die ANC is, sowel as die relatiewe persentasies van kiesafdelings teenoor proporsionele verteenwoordiging. Die finale voorstel van die ANC was dat die Parlement sal bestaan uit 'n Nasionale Vergadering en Senaat en dat die Nasionale Vergadering verkies sal word deur algemene stemreg op 'n gemeenskaplike kieserslys volgens proporsionele verteenwoordiging (ANC, 1995:1-3).

Met hierdie voorstel het die ANC die proporsionele kiesstelsel aanbeveel, maar vir homself die deur oopgehou dat hy sy voorstel oor die proporsionele kiesstelsel kan heroorweeg en selfs kan verander.

Die 1996- finale Grondwet bevat nie spesifieke voorskrifte ten opsigte van die kiesstelsel wat in verkiesings vir die nasionale en provinsiale wetgewers gebruik moet word nie. Dit is in teenstelling met die 1993- Tussentydse Grondwet (Skedule 2) wat spesifieke voorskrifte en prosedures gestel het vir die verkiesing van die nasionale en provinsiale wetgewers in die April 1994-verkiesing. Die finale Grondwet stel slegs sekere beginsels wat in die verkiesing van die nasionale en provinsiale wetgewers moet geld. Die finale Grondwet (1996) bevat sekere oorgangsmatreëls, onder andere, in Skedule 6, dat die volgende algemene verkiesing nie voor 30 April 1999 gehou mag word nie (onder bepaalde uitsonderings) en moet ooreenkomstig die kiesstelsel soos vervat in Skedule 2 van die Tussentydse Grondwet (1993) gehou word. Die implikasie hiervan was dat in die 1999- algemene verkiesing dieselfde kiesstelsel wat in die 1994-verkiesing gegeld het, toegepas moes word. Die beginsels van die finale grondwet en die bepaling van 'n kiesstelsel volgens wetgewing sou dus eers in die 2004-verkiesing in werking tree.

Die besluit om die kiesstelsel van April 1994 vir die 1999-verkieping te gebruik, asook die besluit oor die kiesstelsel wat in die finale Grondwet opgeneem is, was die resultaat van 'n ooreenkoms wat bereik is tussen die ANC en die NP by die Arniston bosberaad. Die verbod op oorloperij van parlementslede wat in die Tussentydse Grondwet (1993) gegeld het, is ook aanvaar en in die finale Grondwet (1996) behou. Die tekortkoming van swak verantwoording aan die kiesers van die aanvaarde kiesstelsel van proporsionele verteenwoordiging was ook beredeneer (Faure, 1996:5).

Omdat die 1996-Grondwet nie spesifieke voorskrifte met betrekking tot die kiesstelsel bepaal het nie en slegs oorgangsmatreëls gegeld het tot die 1999 verkieping, was daar 'n verpligting om 'n finale besluit te neem ten opsigte van die kiesstelsel wat na 1999 in Suid-Afrika sou geld. Die finale besluit is eindelijk geneem nadat die kabinet 'n taakspan aangestel het om ondersoek in te stel na 'n finale kiesstelsel.

5.6.1 Beginsels en vereistes vir die kiesstelsel volgens die Grondwet (1996)

Die beginsels en vereistes vir die kiesstelsel vir die Nasionale Vergadering is vervat in artikel 46 van die Grondwet (1996). Ingevolge artikel 46, onderhewig aan Skedule 6, bestaan die Nasionale Vergadering uit nie minder nie as 350 en nie meer as 400 mans en vroue wat verkies word ooreenkomstig 'n kiesstelsel wat:

- a) Voorgeskryf is deur nasionale wetgewing;
- b) Gebaseer is op die nasionale gemeenskaplike kieserslys;
- c) Voorsiening maak vir kiesers 18 jaar en ouer wat kan stem, en
- d) In die algemeen, proporsionele verteenwoordiging verseker.

Artikel 46(2) van die Grondwet (1996) bepaal dat 'n wet van die parlement 'n formule moet voorsien waarvolgens die aantal lede van die Nasionale Vergadering bepaal kan word. Die Grondwet (1996) maak ook onder andere voorsiening vir 'n Verkiesingskommissie (art. 181 – Hoofstuk 9) om demokrasie te versterk. Die Verkiesingskommissie moet verkiesings op alle vlakke van regering hanteer en bestuur ooreenkomstig nasionale wetgewing en verseker dat verkiesings vry en regverdig is.

5.6.2 Die huidige kiesstelsel in Suid-Afrika

Die 1996-Grondwet het nie voorsiening gemaak vir 'n kiesstelsel na die 1999-verkiezing nie. Soos reeds gemeld, het die Grondwet (1996) slegs sekere beginsels gestel wat moet geld. Deel van hierdie beginsels was dat 'n nuwe kiesstelsel deur nasionale wetgewing voorgeskryf moet word en waarvan die resultaat, in die algemeen, proporsionele verteenwoordiging moet verseker (Faure, 1996:7). Hierdie situasie het daartoe gelei dat die minister van Binnelandse Sake op 20 Maart 2002 'n taakspan, bekend as die ETT (*Electoral Task Team*), aangestel het onder voorsitterskap van dr Frederik van Zyl Slabbert om nuwe wetgewing vir 'n kiesstelsel op te stel soos deur die Grondwet vereis en wat in die 2004-verkiezing gebruik moet word (ETT, 2003:1).

Die ETT het verskeie vergaderings met belanghebbendes in die samelewing, verteenwoordigers van die media en met alle politieke partye in die parlement gehou en die partye was genooi om skriftelike voorleggings by die ETT in te dien (ETT, 2003:4).

In Oktober 2002 het die ETT finale vergaderings met politieke partye gehou. Die doel van die vergaderings was om elke politieke party se voorkeur van die mees toepaslike kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal. Al die politieke partye was ten gunste van die een of ander stelsel van proporsionele verteenwoordiging. Die regerende party, naamlik die ANC, die ACDP, die Afrikaner Eenheidsbeweging (AEB), die Vryheidsfront (VF), die Nuwe Nasionale Party (NNP) en United Christian Democratic Party (UCDP) was almal ten gunste van die behoud van die bestaande kiesstelsel. Die DP, die Federale Alliansie (FA), die IVP, die PAC en die UDM was ten gunste van 'n meerledige kiesafdelingstelsel, terwyl die Azanian People's Organisation (AZAPO) ten gunste was van 'n wenner-vat-alles-kiesafdelingstelsel vir 50 persent van die setels en 50 persent proporsionele verteenwoordiging vir die Nasionale vergadering (ETT, 2003:10).

Toe die ETT sy eie bevindings en aanbevelings moes formuleer, het daar twee denkrigtings in die taakspan na vore gekom. Die een was dat die bestaande kiesstelsel onveranderd behou moes word en die ander dat 'n groter mate van

kiesafdelingverteenvoording in die kiesstelsel ingebou moes word. Geen eenparigheid of konsensus kon bereik word nie en is daar besluit dat elke groep sy eie verslag sal opstel. Dit het meegebring dat 'n meerderheid- en minderheidsverslag deur die ETT opgestel is (ETT, 2003:12).

Die meerderheidsverslag het aanbeveel dat 'n kiesstelsel toegepas moes word wat voorsiening sou maak vir meerledige kiesafdelings (3 tot 7 lede in 69 kiesafdelings) tesame met 'n nasionale lysproporsionele kiesstelsel wat kon vergoed vir disproporsionaliteit (ETT, 2003:30). Die aanbeveling was dat 300 lede uit kiesafdelings verkies moes word en 100 lede proporsioneel (ETT, 2003:32). Die minderheidsverslag het aanbeveel dat die geslotelys proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel wat in die 1994- en 1999-verkiesings toegepas is, onveranderd behou moes word. Die verslag het ook aanbeveel dat die kiesstelsel voorgeskryf moes word deur die grondwet (soos tans) en nie deur 'n wet van die Parlement nie, en dat die Nasionale Vergadering uit 400 lede moes bestaan (ETT, 2003:72-73). Die regering het besluit om die minderheidsverslag te aanvaar, gevolglik is die geslotelys proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel in beide die 2004- en 2009- nasionale en provinsiale verkiesings toegepas. Dit is steeds die huidige kiesstelsel vir Suid-Afrika.

Tans word 200 van die 400 lede van die Nasionale Vergadering verkies deur gebruik te maak van nasionale partylyste. Die ander 200 lede word verkies op die basis van provinsiale partylyste en elke provinsie is geregtig op 'n deel van die 200 ooreenkomstig hulle bevolkingsgetalle. Elke kieser ontvang twee stembriewe, een stembrief vir die kies van lede vir die Nasionale Vergadering en een vir die kies van lede vir die provinsiale wetgewers. Kiesers stem vir politieke partye wat vir die verkiesing geregistreer het, en nie vir kandidate nie (Venter, 2001:26-27).

Setels word proporsioneel op beide nasionale en provinsiale vlak toegeken ooreenkomstig die Droop-kwota. Die nasionale toekenning moet die provinsiale toekenning in ag neem. Kleiner partye op provinsiale vlak word nie hierdeur benadeel nie, terwyl kleiner partye wat op nasionale vlak bepaalde steun het, bevoordeel kan

word met hierdie metode van toekenning. Die drempel (minimum aantal stemme om 'n setel te wen) is baie laag en wiskundig van aard en nie 'n wetlike bepaling nie. Die drempel verskil vir die streeks- en nasionale lysste onderskeidelik en die drempel vir provinsiale wetgewers is ongeveer die helfte van dié vir die streektoekenning vir die Nasionale Vergadering. In die geval van Gauteng byvoorbeeld, is die drempel vir die Nasionale Vergadering ongeveer 2,12 persent, terwyl dit vir die Gautengse provinsiale wetgewer ongeveer 1,35 persent is. Die drempel verskil egter van provinsie tot provinsie. Die drempel is ongeveer 1/400 ste van die uitgebragte stemme vir nasionale partylyste vir die Nasionale Vergadering (ongeveer 0,25 persent), maar die aantal setels wat reeds provinsiaal toegeken is, moet afgetrek word wat die drempel effektief ongeveer 0,50 persent maak. Die drempel vir die Nasionale Vergadering as geheel is 0,24938 persent (Venter, 2001:28).

Die finale kiesstelsel wat na die 1999-verkiesing aanvaar is, is dieselfde kiesstelsel wat gebruik is in die 1994- en 1999-verkiesing. Ten spyte van die ETT se meerderheidsaanbeveling dat 'n gemengdelid- proporsionele kiesstelsel aanvaar moet word, is dit verwerp en is die geslotelys proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel behou en geld nog steeds.

5.7. HERVORMING VAN DIE KIESSTELSEL

Verskeie akademici en politieke leiers is egter steeds van mening dat die huidige kiesstelsel in Suid-Afrika hervorm moet word. Die argument is dat daar nie genoegsame verantwoording deur die lede in die Nasionale Vergadering aan die kiesers in die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is nie. Uiteenlopende standpunte bestaan oor hierdie aspek van die huidige kiesstelsel en die kernvraag is of 'n kiesstelsel as sodanig meer verantwoording deur verteenwoordigers sal verseker. Die politieke wetenskaplike, Albert Venter, se siening van verantwoording is dat daar 'n reëling moet wees dat alle partye wat in die parlement verteenwoordig word, formeel hulle LP's aan magistraatsdistrikte moet toedeel. In die praktyk sou dit beteken dat na 'n verkiesing politieke partye sou besluit in watter magistraatsdistrikte hulle sou verkies om hulle LP's

te laat toedeel. Venter stel 'n formele toedeling voor sodat LP's amptelik 'n sekere *locus standi* sal hê wat betref regerings- en administratiewe instellings (Faure & Venter, 2002:136).

Die ETT het in hulle ondersoek ook klem gelê op die belangrikheid van verantwoording. Daar was oor die algemeen konsensus oor wat die beginsels soos billikheid, legitimiteit, inklusiwiteit, eenvoud en verteenwoordiging behels en beteken. Dieselfde het egter nie gegeld rakende die beginsel van verantwoording nie. Vir baie het die beginsel van verantwoording betrekking gehad op die interne organisasie van politieke partye, hulle verhouding met hulle ondersteunersbasis, party befondsing, parlementêre dissipline ensovoorts. Daar bestaan geen twyfel daaroor dat hierdie aspekte 'n belangrike rol speel om 'n politieke stelsel meer demokraties verantwoordbaar te maak nie, maar geeneen hou direk verband met die werking van 'n kiesstelsel nie. Feitlik al hierdie faktore hou egter verband met verantwoording tussen verkiesings. Die ETT moes herhaaldelik die onderskeid beklemtoon tussen 'n kiesstelsel, wat aan die een kant bepaal dat verteenwoordigers verkies word, en die gevolglike gedrag van sulke verteenwoordigers wat betref verantwoording aan die ander kant. Die punt was beklemtoon dat geen kiesstelsel 'n gekose verteenwoordiger kan dwing of verplig om demokraties op te tree, om sorg te dra van kiesafdeling- of partyverantwoordelikhede, of om 'n gedissiplineerde toegewyde lid van die parlement te wees nie. In soverre hierdie aspekte betrekking mag hê op verantwoording, word bykomstige maatstawwe, reëls of regulasies vereis om parallel langs 'n kiesstelsel te funksioneer (ETT, 2003:9).

Die aandrang op die hervorming van die bestaande kiesstelsel is verder gevoer deur die akademikus, dr Mamphela Ramphele en die DA. Mamphela het in Februarie 2013 'n nuwe politieke platform, Agang, geskep en verklaar dat dit verander gaan word in 'n politieke party wat in die 2014-verkiesing gaan deelneem. Volgens haar is die eerste prioriteit om aan te dring op die hervorming van die bestaande kiesstelsel (Claasen, 2013). Die DA (Demokratiese Alliansie) het in Maart 2013 'n privaatlid-wetsontwerp by die Nasionale Vergadering ingedien om die bestaande kiesstelsels te wysig. Die

voorstel is dat 'n gemengdelid- proporsionele kiesstelsel aanvaar moet word. Die ANC het reeds verklaar dat hulle die DA se voorstelle verwerp (DA, 2013).

5.8. SAMEVATTING

Na die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902) was die kwessie van stemreg vir Swartmense 'n aktuele saak. Reeds met die beëindiging van die oorlog deur die ondertekening van die *Vrede van Vereeniging* op 31 Mei 1902, het artikel 8 daarvan bepaal dat die kwessie van stemreg vir die Swartmense nie beslis sou word voordat selfregering ingestel is nie. Dit het gelei tot kompromieë tussen die provinsies ter aanvaarding van die 1910-Grondwet. Die Kaap wou stemreg vir die Swartmense dwarsdeur Suid-Afrika hê, maar moes tevrede wees om die stemreg vir Kleurlinge en Swartmense in Kaapland te behou.

Die politieke stelsel soos vervat in die 1910-Grondwet was 'n parlementêre stelsel en die kiesstelsel was 'n meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles in enkellid-kiesafdelings. In die eerste algemene verkiesing onder die 1910-Grondwet op 15 September 1910 is disproporsionaliteit verkry wat kenmerkend is van hierdie meerderheidkiesstelsel. Hoewel die Regerende Party die meeste setels gewen en die regering gevorm het, het die Unionisteparty die meeste stemme verkry. As gevolg van die politieke werking van die meerderheidkiesstelsel wenner-vat-alles het die minderheid die meerderheid regeer. Hierdie meerderheidkiesstelsel het deurentyd sterk politieke gevolge gehad. In die twaalf algemene verkiesings wat onder die 1910-Uniegrondwet gehou is, was daar vier verkiesings (15 September 1910, 12 Junie 1929, 26 Mei 1948 en 15 April 1953) waar die regerende party met die meerderheid setels, maar met die minderheid van die uitgebragte stemme regeer het. Dit is tiperend van 'n meerderheidkiesstelsel.

Die posisie van die Kleurlinge het in die jare 1951 tot 1956 die Suid-Afrikaanse politiek oorheers. Onder adv JG Strijdom se leierskap is die Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys verwyder. Om dit te kon doen moes adv Strijdom 'n tweederde meerderheid

in beide die Volksraad en Senaat verkry. Stridom het dit verkry deur die samestelling van die Appèlhof te wysig, die Senaat te vergroot en die kiesstelsel, om senatore aan te wys, te verander.

Afrikanernasionalisme het ontwaak en die strewe na onafhanklikheid in 'n eie republiek is verwesentlik met aanvaarding van die Republikeinse Grondwet in 1961. Onder hierdie grondwet (1961) is 'n republikeinse regeringstelsel ingestel met behoud van enkellid-kiesafdelings onder 'n meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles. In die tydperk 1961 tot 1983 het ses algemene verkiesings plaasgevind waarin die Nasionale Party as regering in elke verkiesing oorweldigende meerderhede verkry het met die grootste persentasie van die uitgebragte stemme. Teen die einde van 1965 was daar 'n herafbakening van kiesafdelings. Bestaande setels se grense is ingrypend verander en tien nuwe kiesafdelings is geskep wat die totale aantal lede in die Volksraad van 160 tot 170 vergroot en die regering bevoordeel het. Een van die nadele van die meerderheidkiesstelsels is dat dit maklik deur die regering gemanipuleer kan word om afbakening te gebruik om die regering van die dag te bevoordeel.

In 1977 het die regering, na aanleiding van die Erika Theron-verslag, beplan om Kleurlinge, Asiërs en Witmense gesamentlik in een Parlement te hê, maar Swartmense steeds uitgesluit. Die 1983-Grondwet is goedgekeur wat bepaal het dat die parlement uit drie huise, naamlik die Volksraad, Huis van Verteenwoordigers (Kleurlinge) en die Huis van Afgevaardigdes (Indiërs) bestaan het, almal verkies in enkellid-kiesafdelings deur 'n meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles.

Onder mnr FW de Klerk is in 1991 'n grondwetlike onderhandelingsproses begin met voorheen verbode organisasies soos die ANC, PAC ensovoorts. Dit het om meerderheidsregering en algemene stemreg vir alle Suid-Afrikaanse burgers gesentreer wat Witmense, Kleurlinge, Indiërs en Swartmense ingesluit het. Daar is besluit op 'n Tussentydse Grondwet (1993) en deur onderhandeling tussen die NP en die ANC en ander kleiner partye is die geslotelys proporsionele kiesstelsel vir die eerste algemene verkiesing in 1994 aanvaar. Die 1994-verkiesingsuitslae was kenmerkend van 'n

proporsionele kiesstelsel deurdat die persentasie stemme wat partye verkry het in feitlik dieselfde persentasie setels in die Nasionale Vergadering omgeskakel is.

Na 1994 het die Grondwetlike Vergadering besluit om dieselfde kiesstelsel wat in die 1994-verkieping toegepas is, in die finale Grondwet (1996) te behou, maar net tot die 1999- algemene verkiesing. Dit het daartoe gelei dat die Minister van Binnelandse Sake op 20 Maart 2002 'n taakspan, bekend as die ETT (*Electoral Task Team*), aangestel het onder voorsitterskap van dr Frederik van Zyl Slabbert om nuwe wetgewing vir 'n kiesstelsel op te stel. Die ETT het 'n meerderheid- en 'n minderheidsverslag opgestel. Die meerderheidsverslag het 'n gemengdelid- proporsionele kiesstelsel voorgestel en die minderheidsverslag het die bestaande kiesstelsel aanbeveel. Die regering het die minderheidsverslag aanvaar en die geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is behou en aanvaar as die finale kiesstelsel vir gebruik in verkiesings na 1999. Dit het aanleiding gegee tot redelike kritiek en verskeie akademië en politieke leiers is steeds van mening dat die kiesstelsel in Suid-Afrika hervorm moet word om meer verantwoordings van verteenwoordigers aan kiesers te verseker.

In die tydperk van 1910 – 2012 het die kiesstelsel in Suid-Afrika telkens 'n belangrike rol gespeel ter bepaling van stabiliteit en ten opsigte van wie die regerende party is. Die wenner-vat-alles-kiesstelsel se nadelige werking van bevoordeling en disproporsionaliteit het verseker dat 'n minderheidsregering telkens verkiesings gewen en aan bewind gebly het. Die aanvaarding van die geslotelys proporsionele kiesstelsel is van 1994 af aanvaar en die argumente vir aanvaarding was juis om minderhede te akkommodeer en disproporsionaliteit uit te skakel. Die kenmerk van proporsionele stelsels om breë verteenwoordiging te verseker in 'n diep verdeelde staat is van toepassing in Suid-Afrika.

In die volgende hoofstuk word die bestaande nasionale kiesstelsel gerekonstrueer en omskryf binne die raamwerk van die bepaalde vereistes en beginsels van die Grondwet. Daarna sal die kiesstelsel toepassing vind in die nasionale verkiesing van 2004 en 2009

Hoofstuk 5: Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel – 'n historiese perspektief (1910-2012)

vir meer duidelikheid omtrent die werking van die kiesstelsel. Hierdeur sal bepaal word of die Suid-Afrikaanse kiesstelsel wel binne die vereistes van die Grondwet funksioneer.

HOOFSTUK 6: DIE SUID-AFRIKAANSE KIESSTELSEL – 'N REKONSTRUKSIE EN TOEPASSING

6.1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n historiese perspektief gegee op die Suid-Afrikaanse kiesstelsel. Besondere aandag is in die hoofstuk geskenk aan die argumente wat verskillende rolspelers, en veral die huidige regerende ANC, tot die skryf van die 1993- en 1996-grondwette gevoer het in die keuse van die kiesstelsel wat uiteindelik aanvaar is. Die aanvaarde kiesstelsel van Suid-Afrika moet dus aan sekere grondwetlike beginsels en vereistes voldoen. Hierdie grondwetlike vereistes bepaal in watter mate die Suid-Afrikaanse kiesstelsel 'n demokratiese kiesstelsel is wat deel uitmaak van 'n verteenwoordigende demokrasie.

Hierdie hoofstuk is belangrik omdat die kiesstelsel van Suid-Afrika aan bepaalde grondwetlike beginsels en vereistes moet voldoen ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996). Verdere nasionale wetgewing, wat uit die Grondwet voortspruit, bepaal die kiesstelsel, en dit is belangrik om vas te stel of die kiesstelsel wel aan die grondwetlike beginsels en vereistes voldoen en aan watter praktyke wetlik beslag gegee word.

Die oorhoofse doelstelling van hierdie hoofstuk is om die Suid-Afrikaanse kiesstelsel te rekonstrueer met betrekking tot die grondwet en ander toepaslike wetgewing van Suid-Afrika ten einde te bepaal aan watter wetlike vereistes die kiesstelsel moet voldoen. Toepassing van die kiesstelsel word dan gedoen op die nasionale verkiesings van 2004 en 2009 waardeur beter begrip verkry word van die wetlike bepalings en werking van die kiesstelsel en of aan die vereistes en beginsels voldoen word. Die rede waarom die verkiesings van 2004 en 2009 gebruik word, is dat dit die twee verkiesings is wat plaasgevind het nadat die finale kiesstelsel volgens die 1996-grondwet van Suid-Afrika aanvaar is.

Die metodologie van die hoofstuk behels 'n ontleding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ander toepaslike wetgewing. Na die ontleding van die wetgewing vind die toepassing van die wetlike bepalings plaas ten opsigte van die nasionale verkiesings van 2004 en 2009.

Die uitleg van hierdie hoofstuk behels eerstens die bespreking van die grondwetlike bepalings, vereistes en beginsels waaraan die Suid-Afrikaanse kiesstelsel moet voldoen. Daarna word die kiesstelsel volledig gerekonstrueer ooreenkomstig die kiesformule, die bepaling van setels en die aanwysing van verteenwoordigers spesifiek vir die Nasionale Vergadering. Die instelling en funksies van die Verkiesingskommissie word aangetoon en laastens vind die kiesstelsel toepassing op die nasionale verkiesing van 2004 en 2009.

6.2. DIE SUID-AFRIKAANSE KIESSTELSEL

Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel word bepaal deur 'n verskeidenheid wetgewing in Suid-Afrika. Die belangrikste hiervan is die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die Kieswet (Wet 73 van 1998) en die Wet op die Verkiesingskommissie (Wet 51 van 1996). Verkiesings vind op drie vlakke plaas, naamlik die plaaslike, die provinsiale en die nasionale regeringsvlak. Op plaaslike vlak word verteenwoordigers gekies vir verskeie plaaslike regerings en op provinsiale vlak vir die nege provinsies³⁵ se onderskeie provinsiale wetgewers. Op nasionale vlak word verteenwoordigers gekies vir die Parlement wat bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies. Verteenwoordigers van die Nasionale Raad van Provinsies word nie direk deur kiesers gekies nie, maar word volgens 'n bepaalde formule aangewys uit die provinsiale wetgewers. In die geval van die Nasionale Vergadering word verteenwoordigers volgens 'n bepaalde kiesstelsel direk deur die kiesers verkies. Die kiesstelsel verskil op die plaaslike regeringsvlak van dié van die provinsiale en nasionale regeringsvlak. Op plaaslike vlak het Suid-Afrika die gemengdelid-proporsionele kiesstelsel wat 'n gemengde kiesstelsel is, en op provinsiale en nasionale

³⁵ Die nege provinsies van Suid-Afrika is tans Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, Noord-Kaap, Noordwes, Oos-Kaap, Vrystaat en Wes-Kaap (SA, 2011:5-16).

vlak 'n lysproporsionele kiesstelsel wat 'n suiwer proporsionele kiesstelsel is. In Hoofstuk 5 is die historiese verloop van die kiesstelsel uiteengesit tot en met die 1999-verkiesing en die aanvaarding van die bestaande kiesstelsel wat in Suid-Afrika geld. Tot en met die 1999-verkiesing was die kiesstelsel wat vir die Nasionale Vergadering gegeld het, onderhewig aan Bylaag 6, aanhangsel A van die Grondwet (1996). Bylaag 6, aanhangsel A van die Grondwet (1996) het sekere wysigings aan Bylaag 2 van die vorige Grondwet (1993) aangebring. Na die 1999-verkiesing is die bestaande kiesstelsel vir Suid-Afrika ooreenkomstig die Grondwet (1996) en die Kieswet (73/1998) bepaal. Hierdie kiesstelsel is in die 2004- en die 2009-verkiesing toegepas. Die plaaslike regeringskiesstelsel val buite die bestek van hierdie studie. Die kiesstelsel wat op nasionale vlak geld vir die kies van verteenwoordigers vir die Nasionale Vergadering word vervolgens bespreek.

6.2.1 Grondwetlike bepalinge en vereistes vir die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel

Die aanvaarding van die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) was onderhewig aan sekere bepalinge van die Tussentydse Grondwet van 1993. Artikel 71(1)(a) van die Tussentydse Grondwet (1993) het bepaal dat die nuwe grondwetlike teks aan die Grondwetlike beginsels, soos in Bylaag 4 vervat, moet voldoen. Die twee grondwetlike beginsels wat spesifiek betrekking het op die kiesstelsel is grondwetlike beginsels VIII en XIV. Grondwetlike beginsel VIII bepaal dat 'n verteenwoordigende regering moet bestaan wat 'n veelparty-demokrasie, gereelde verkiesings, universele volwasse stemreg, 'n gemeenskaplike kieserslys en, in die algemeen, proporsionele verteenwoordiging omvat. Grondwetlike beginsel XIV bepaal dat voorsiening gemaak moet word vir die deelname van politieke minderheidspartye aan die wetgewende proses op 'n wyse wat met demokrasie versoenbaar is.

Om aan hierdie grondwetlike beginsels te voldoen het die bestaande Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) sekere vereistes en riglyne bepaal waaraan die Suid-Afrikaanse kiesstelsel wat toegepas word, moet voldoen. In die

grondliggende bepalings in artikel 1³⁶ van die Grondwet (1996) word bepaal dat die Republiek van Suid-Afrika een, soewereine, demokratiese staat is wat gegrond is op bepaalde waardes. Subartikel 1(d) bepaal die volgende waarde:

1.(d) Algemene stemreg vir volwassenes, 'n nasionale gemeenskaplike kieserslys, gereelde verkiesings en 'n veelpartystelsel van demokratiese regering om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en openheid te verseker.

In artikel 19 van die Grondwet (1996) word die politieke regte van elke Suid-Afrikaanse burger bepaal. Ingevolge artikel 19 staan dit elke burger vry om politieke keuses uit te oefen, waarby inbegrepe is die reg om 'n politieke party te stig, deel te neem aan die bedrywighede van, of lede te werf vir 'n politieke party en hulle vir 'n politieke party of saak te beywer. Die artikel bepaal ook dat elke burger die reg het op vrye, regverdig en gereelde verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is. Laastens bepaal artikel 19 dat elke volwasse burger die reg het om in verkiesings in die geheim te stem vir enige van hierdie wetgewende liggame en om 'n kandidaat te wees, en indien verkies, die openbare amp te beklee.

Die samestelling van die Parlement word bepaal deur artikel 42 van die Grondwet (1996) en wel dat die parlement uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies bestaan. Die verkiesing van lede van die Nasionale Vergadering en Nasionale Raad van Provinsies word deur die Verkiesingskommissie hanteer en bestuur.

Die Grondwet (1996) maak in artikel 181(1)(f) voorsiening vir 'n Verkiesingskommissie (VK) om as staatsinstelling grondwetlike demokrasie te ondersteun en te versterk en moet verkiesings op alle vlakke van regering ooreenkomstig nasionale wetgewing hanteer en bestuur, en toesien dat verkiesings vry en regverdig is.

³⁶ Artikel 1 van die Grondwet (1996) kan ingevolge artikel 74 van die Grondwet (1996) slegs gewysig word met 'n 75 persent meerderheid van die lede van die Nasionale Vergadering en met die ondersteuning van minstens ses provinsies in die Nasionale Raad van Provinsies.

6.2.2 Die kiesstelsel vir die Nasionale Vergadering: beginsels en vereistes

Die beginsels en vereistes vir die kiesstelsel vir die Nasionale Vergadering is vervat in artikel 46 van die Grondwet (1996) en bepaal dat die Nasionale Vergadering moet bestaan uit nie minder nie as 350 en nie meer nie as 400 mans en vroue wat verkies word ooreenkomstig 'n kiesstelsel wat:

- a) Voorgeskryf is deur nasionale wetgewing;
- b) Gebaseer is op die nasionale gemeenskaplike kieserslys;
- c) Voorsiening maak vir kiesers 18 jaar en ouer wat kan stem, en
- d) Waarvan die resultaat, in die algemeen, proporsionele verteenwoordiging verseker.

Artikel 46(2) van die Grondwet (1996) bepaal dat 'n wet van die parlement 'n formule moet voorsien om die aantal lede van die Nasionale Vergadering te bepaal.

Die doel en taak van die Nasionale Vergadering word in subartikel 42(3) van die Grondwet (1996) omskryf en bepaal dat die Nasionale Vergadering verkies word om die burgers te verteenwoordig en om regering deur die burgers kragtens die Grondwet te verseker. Die Nasionale Vergadering voer die taak uit deur die President te kies, deur as 'n nasionale forum vir die openbare oorweging van sake te dien, deur wetgewing aan te neem en deur optrede van die uitvoerende gesag na te gaan en toesig daaroor uit te oefen.

Om gehoor te gee aan die bepaling van subartikel 42(3) om die Nasionale Vergadering te kies word verteenwoordigers verkies deur die kiesstelsel wat geld. Die kiesstelsel moet egter voldoen aan sekere wetlike bepalings wat vervolgens bespreek word.

6.2.3 Die kiesstelsel vir verkiesing van die Nasionale Vergadering


Die nasionale wetgewing, soos vereis in artikel 46 van die Grondwet (1996), is die Kieswet (73/1998). Artikel 57A van die Kieswet (73/1998) bepaal dat die kiesstelsel vir verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en provinsiale wetgewers vervat is in Bylaag 1A van die betrokke wet. Item 2 van Bylaag 1A bepaal dat die setels in die Nasionale Vergadering, soos ingevolge artikel 46 van die grondwet (1996) bepaal, soos volg gevul moet word:

- a) Een helfte van die setels uit streeklyste deur die onderskeie partye voorgelê, met 'n vaste getal setels vir elke streek voorbehou soos deur die Verkiesingskommissie bepaal.
- b) Die ander helfte van die setels uit nasionale lyste deur die onderskeie partye voorgelê, of uit streeklyste waar nasionale lyste nie voorgelê is nie.

Item 4 van die bylaag is in ooreenstemming met (b) en hierdie bepaling laat 'n keuse aan politieke partye wat aan 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering deelneem, om sowel streeklyste as nasionale lyste voor te lê, of om net streeklyste voor te lê. Items 1 en 3 van Bylaag 1A bepaal dat partye wat ingevolge nasionale wetgewing geregistreer is en wat aan 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering deelneem, kandidate vir sodanige verkiesing moet benoem op kandidaatlyste wat deur 'n party voorgelê word. Die kandidaatlyste moet gesamentlik die name van hoogstens 'n getal kandidate gelyk aan die getal setels in die Nasionale Vergadering bevat, en elke sodanige lys moet daardie name in die vaste rangorde van voorkeur wat die party bepaal, aandui.

Die indiening van kandidaatlyste deur politieke partye vir die Nasionale Vergadering word skematies in Figuur 12 soos volg voorgestel:

Figuur 12: Indiening van kandidaatlyste deur politieke partye vir die Nasionale Vergadering - keuse A of keuse B



Politieke partye bepaal die rangorde van voorkeur van kandidate op kandidaatlyste. Dit is dus 'n geslote kandidaatlys waarin die kiesers nie 'n keuse maak nie en dus nie seggenskap verkry nie. Elke politieke party het sy eie reëls en metodes om te beslis wie kandidate is en watter voorkeurrangorde die kandidaat op die kandidaatlyste sal beklee.

6.2.3.1 Die kiesformule vir setels vir streeklyste

Die wyse waarop die een helfte van die setels uit streeklyste (a) hierbo) aan partye toegewys word, is ingevolge item 5 van Bylaag 1A, soos volg:

- a) 'n Kwota stemme per setel word ten opsigte van elke streek bepaal deur die totale aantal stemme wat in 'n streek uitgebring is, te deel deur die getal setels, plus een, wat vir daardie streek bepaal is.
- b) Die resultaat plus een, met weglating van breukdele, is die kwota stemme per setel ten opsigte van 'n bepaalde streek.

- c) Die getal setels wat in 'n bepaalde streek aan 'n party toegeken word, word bepaal deur die totale getal stemme wat ten gunste van daardie party in die streek uitgebring is, te deel deur die kwota stemme (soos in (a) en (b) hierbo bepaal) per setel vir daardie streek.
- d) Waar die resultaat van die berekening in (c) hierbo 'n surplus oplewer wat nie deur die getal setels opgeneem word wat aan die betrokke party toegeken is nie, ding so 'n surplus mee met ander soortgelyke surplusse wat ten opsigte van 'n ander party of partye rakende die streek ooploop, en enige setel of setels ten opsigte van daardie streek wat nie ingevolge (c) hierbo toegeken word nie, word aan die betrokke party of partye in volgorde van die hoogste surplus toegeken.
- e) Die totaal van 'n party se voorlopige toekenning van setels in 'n bepaalde streek word bepaal soos in (c) en (d) hierbo. Op dieselfde wyse word 'n party se aantal setels in elke streek bepaal en die totaal van 'n party se setels in al die streke is die aantal setels wat 'n party voorlopig verkry vir die een helfte van die setels deur streeklyste vir die Nasionale Vergadering.

6.2.3.2 *Kiesformule vir setels vir die nasionale lys*

Die wyse waarop die ander helfte van die setels toegewys word wat uit nasionale lyste ((b) in punt 6.2.3) deur die onderskeie partye voorgelê is, of uit streeklyste waar nasionale lyste nie voorgelê is nie, geskied ingevolge item 6 van Bylaag 1A, soos volg:

- a) 'n Kwota stemme per setel word bepaal deur die totale getal stemme wat landswyd uitgebring is, deur die getal setels in die Nasionale Vergadering plus een te deel. Die resultaat plus een, met weglating van breukdele, is dan die kwota stemme per setel.
- b) Die getal setels wat voorlopig aan 'n party toegeken word, word bepaal deur die totale getal stemme wat landswyd ten gunste van daardie party uitgebring is, te deel deur die kwota stemme per setel soos in (a) bepaal.
- c) Waar die resultaat van die berekening soos in (b) 'n surplus oplewer wat nie deur die getal setels wat aan 'n betrokke party toegeken is, opgeneem word nie, ding so 'n surplus mee met ander soortgelyke surplusse van ander partye, en word toegeken

in volgorde van die hoogste surplus, tot 'n maksimum van vyf setels aldus toegeken, met dien verstande dat daaropvolgende toekennings van setels wat nog ontoegeken bly, in volgorde aan daardie partye gemaak word wat die hoogste gemiddelde getal stemme per setel het wat ingevolge (b) en hierdie paragraaf toegeken is.

- d) Die totaal van 'n party se toekennings van setels soos hierbo (b en c) word verminder met die aantal setels wat voorlopig aan die party toegeken was ingevolge die toekenning van setels vir streeklyste vir die een helfte van setels vir die Nasionale Vergadering.

Die finale toekenning van 'n party se setels is onderworpe daaraan of die party setels verbeur al dan nie.

6.2.3.3 *Verbeuring van setels deur partye*

'n Party verbeur setels indien 'n party 'n nasionale- (kandidate) of 'n streeklys (kandidate) voorgelê het wat minder name bevat as die getal van sy voorlopige toewysing van setels wat uit sodanige lys gevul sou moes word. Indien die voorlopige toewysing die finale toewysing sou wees, verbeur die party 'n getal setels wat gelyk is aan die tekort.

In die geval van die verbeuring van setels van partye in 'n bepaalde streek en ook ten opsigte van die nasionale lys, word die toewysing van setels herbereken. Die herberekening van setels geskied ingevolge item 7 van Bylaag 1A, soos volg:

- a) Die party wat setels verbeur, word buite rekening gelaat in alle sodanige herberekening, maar behou die aantal setels wat voorlopig toegeken is, minus die setels wat verbeur is, en dit word die finale toekenning van setels vir die betrokke party.
- b) Dieselfde proses van toekenning van setels ten opsigte van streke en nasionale lys word vir herberekening gevolg soos hierbo voor verbeuring van setels, behalwe dat gewysigde afsonderlike kwotas bepaal word.

- c) In die geval van streke word die gewysigde kwota stemme per setel bepaal deur die totale getal stemme in die streek uitgebring, minus die getal stemme wat in die streek ten gunste van die party wat setels verbeur het, uitgebring is, te deel deur die getal setels, plus een, wat vir die streek voorbehou is, minus die getal setels wat finaal aan die bedoelde party toegewys is. Die resultaat, plus een, met weglating van breukdele, is die gewysigde kwota stemme per setel ten opsigte van so streek vir doeleindes van herberekening.
- d) In die geval van die setels uit nasionale lys word die gewysigde kwota stemme per setel bepaal deur die totale getal stemme wat landswyd uitgebring is, minus die getal stemme wat landswyd ten gunste van die party wat setels verbeur het, uitgebring is, te deel deur die getal setels in die Nasionale Vergadering plus een, minus die getal setels wat finaal aan die bedoelde party toegewys is. Die resultaat, plus een, met weglating van breukdele, is die gewysigde kwota stemme per setel vir doeleindes van herberekening.

Nadat die aantal setels bepaal is wat 'n party op streekvlak en nasionale vlak gewen het, moet eers bepaal word of die betrokke party een of twee kandidaatlyste ingedien het. Die finale berekening van die setels vir 'n party sal ook hiervan afhang.

6.2.3.4 Partye se keuse van een of twee lys

Wanneer alle berekenings gefinaliseer is, word setels finaal toegeken. Waar 'n party sowel 'n nasionale lys as streeklyste voorgelê het, word setels gevul ingevolge item 8 van Bylaag 1A. In hierdie geval word die getal setels wat uit streeklyste toegeken is, afgetrek van die getal setels wat uit die nasionale lys toegeken is, en die setels uit die streeklyste word slegs uit die party se lys vir daardie bepaalde streek gevul. Die ander setels word uit die party se nasionale lys gevul.

Ter verduideliking kan die volgende voorbeeld gebruik word: indien drie setels in streek A, twee setels in streek B en ses setels in streek C aan 'n party toegeken is, en ten opsigte van die nasionale berekening 21 setels aan dieselfde party toegeken is, word die elf setels van die streke eers van die 21 setels afgetrek. Dit het tot gevolg dat die

eerste tien kandidate op die nasionale lys, die eerste drie kandidate op die streeklys van streek A, die eerste twee kandidate op die streeklys van streek B, en die eerste ses kandidate op die streeklys van streek C, verkies word.

Indien 'n politieke party slegs streeklyste voorgelê het, word setels ingevolge item 9 van Bylaag 1A gevul.

Hiervolgens word die setels wat finaal in die streke toegeken is, uit die streeklyste van die bepaalde streek gevul. Die getal setels wat uit streeklyste toegeken is, word afgetrek van die getal setels wat uit die nasionale lys toegeken is. Die oorblywende setels uit die nasionale lys word ook deur die streeklyste gevul in dieselfde verhouding as die verhoudings waarin die setels volgens die streeklyste finaal toegeken is ten opsigte van die onderskeie streke, met dien verstande dat indien daar geen setels in streke aan die party toegeken is nie, sy nasionale setels aan hom toegewys, uit sy streeklyste gevul word in verhouding met die getal stemme wat deur daardie party in elkeen van die streke ontvang is, met weglating van surplusbreukdele, behalwe dat enige oorblywende setels in volgorde van die hoogste surplusbreukdele aan streke toegeken word.

Voorsiening word in item 9A gemaak waar 'n setel of setels voorlopig aan 'n politieke party ooreenkomstig die een helfte van die setels uit die streeklyste toegewys is, maar geen setels uit die ander helfte van setels uit nasionale lyste toegewys word nie. In hierdie geval word die voorlopige setels wat uit die streeklyste toegeken is, die finale toekenning van setels aan die party. In sodanige geval word die toewysing van setels ooreenkomstig die nasionale lyste herbereken. Die herberekening geskied op dieselfde basis as waar 'n party setels verbeur het. Die setels wat afgetrek word, is die setels wat aan die party of partye (wat nie setels op nasionale lyste gekry het nie) toegeken is.

6.2.3.5 *Aanwysing van verteenwoordigers*

Ingevolge item 16 van Bylaag 1A moet die Verkiesingskommissie, nadat die telling van stemme afgehandel en die getal verteenwoordigers van elke party bepaal is, en die

verkiesingsuitslag bekend gemaak is, binne twee dae na sodanige bekendmaking, uit elke kandidaatlys, soos hierbo bepaal, die verteenwoordigers van elke party in die wetgewende liggaam aanwys.

Indien 'n kandidaat se naam op meer as een lys vir die Nasionale Vergadering of lyste vir sowel die Nasionale Vergadering as 'n provinsiale wetgewer verskyn en so 'n kandidaat geregtig is op aanwysing, moet die party wat die lyste voorgelê het, binne twee dae na die bekendmaking van die verkiesingsuitslag, aan die Verkiesingskommissie aandui uit watter lys daardie kandidaat aangewys gaan word, of in watter wetgewende liggaam die kandidaat gaan dien. In so 'n geval word die betrokke kandidaat se naam van die ander lyste geskrap. Indien 'n party nalaat om binne twee dae aan te dui van watter lys die kandidaat aangewys moet word, word die kandidaat van alle lyste geskrap. Hierna moet die Verkiesingskommissie onverwyld die lys name van verteenwoordigers in die wetgewende liggaam of liggame publiseer.

In die berekening van die toedeling van setels hierbo is die twee fases wat gewoonlik by proporsionele kiesstelsels geld, gevolg. Die eerste fase was die berekening van 'n stemkwota volgens die Droop-formule en die tweede fase was die toedeling van die surplusstemme volgens die grootste oorblywende stem. Kandidaatlyste word in voorkeurvulgorde deur politieke partye ingedien en die kiesers bepaal nie die volgorde van die kandidate nie. Hierdeur voldoen die Suid-Afrikaanse kiesstelsel, soos hierbo uiteengesit, aan die vereistes vir 'n geslotelys- proporsionele kiesstelsel.

6.3. DIE INSTELLING EN FUNKSIES VAN DIE VERKIESINGSKOMMISSIE

Die Verkiesingskommissie (VK) is 'n grondwetlike instelling ingevolge artikel 181(f) van die Grondwet (1996). Volgens hierdie artikel is die Verkiesingskommissie eerstens onafhanklik en slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe, dit moet onpartydig wees en sy funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel uitoefen en verrig. Tweedens moet ander staatsorgane die VK deur middel van wetgewende en ander maatreëls bystaan en beskerm ten einde die onafhanklikheid, onpartydigheid,

waardigheid en doeltreffendheid van die VK te verseker. Dertens mag geen persoon of staatsorgaan op die funksionering van die VK inbreuk maak nie, en vierdens is die VK teenoor die Nasionale Vergadering verantwoordingspligtig, en moet minstens een maal per jaar oor sy bedrywighede en die verrigtinge van sy funksies aan die Nasionale Vergadering verslag doen.

Die funksies van die Verkiesingskommissie word bepaal in artikel 190 van die Grondwet (1996). Die funksies van die VK behels eerstens dat dit verkiesings van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewende liggame ooreenkomstig nasionale wetgewing moet bestuur. Tweedens moet dit toesien dat verkiesings vry en regverdig is, en dertens moet dit die uitslae van hierdie verkiesings bekend maak binne 'n tydperk wat deur nasionale wetgewing voorgeskryf moet word en wat so kort as redelikerwys moontlik moet wees. Die VK kan bykomende bevoegdhede en funksies wat deur nasionale wetgewing voorgeskryf word, verkry.

Nasionale wetgewing is aanvaar en artikel 5 van die Wet op die Verkiesingskommissie (51/1996) bepaal verdere magte, verpligtinge en funksies van die VK. Hiervolgens sluit die funksies van die VK, onder andere, ook in om:

- Enige verkiesing te bestuur.
- Toe te sien dat enige verkiesing vry en regverdig is.
- Omstandighede te skep wat bevorderlik is vir vry en regverdige verkiesings.
- Kennis rakende aanvaarde en demokratiese kiesprosesse te bevorder.
- Kiesersrolle op te stel en te onderhou deur 'n stelsel van kiesersregistrasie.
- 'n Register van politieke partye op te stel en in stand te hou.
- Skakeling en samewerking met partye te vestig en te handhaaf.
- Navorsing te doen aangaande verkiesingsaangeleenthede.
- Kieseronderrig te bevorder.
- Uitslae van verkiesings binne sewe dae na stembag bekend te maak.
- Gepaste openbare administrasies te vestig in elke regeringsfeer om verkiesings te kan hanteer wanneer nodig.

Dit is belangrik dat die instelling, magte en bevoegdhede van die VK grondwetlike bepalings is sodat die VK en sy magte en bevoegdhede nie deur gewone wetgewing verander kan word nie. Enige wysiging hieraan vereis 'n grondwetlike wysiging wat moeiliker uitvoerbaar is as die wysiging van gewone wetgewing. Gewone wetgewing kan verander word met 'n gewone meerderheid van 50 persent van die lede van die Nasionale Vergadering, terwyl enige grondwetlike wysiging, ingevolge artikel 74 (3) van die Grondwet (1996) slegs met 'n tweederde meerderheid van die lede van die Nasionale Vergadering, en in die Nasionale Raad van Provinsies met ten minste die steun van ses provinsies, verander kan word. Die doel met die instelling van die VK is ook om uitvoering te gee aan artikel 19 van die Grondwet (1996) wat bepaal dat elke burger die reg het op vrye, regverdige en gereelde verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is.

Soos reeds gestel, voldoen die Suid-Afrikaanse kiesstelsel, volgens die wetlike raamwerk, aan die vereistes wat gestel word vir proporsionele kiesstelsels. Van belang is die kiesformule wat in twee fases met die toedeling van setels gevolg word. Indien hierdie toedeling korrek gebruik word, sal die kenmerk van proporsionaliteit in die finale toedeling van setels realiseer. Ten einde te bepaal of die Suid-Afrikaanse lysproporsionele kiesstelsel hieraan voldoen, sal die uitslae van die nasionale verkiesings van 2004 en 2009 toegepas en gerekonstrueer word.

6.4. TOEPASSING VAN DIE KIESSTELSEL OP DIE NASIONALE VERKIESINGS VAN 2004 EN 2009

Die kiesstelsel, soos hierbo uiteengesit, is tydens die nasionale verkiesings van 2004 en 2009 toegepas. In die toepassing van die kiesstelsel in die twee verkiesings word aangetoon hoe die kiesformule gebruik is ter bepaling van die setels vir die Nasionale Vergadering. Daar word ook bepaal of partye aan al die vereistes voldoen het ten opsigte van die voorlegging van kandidaatlyste en watter partye gebruik gemaak het van die keuse van net streeklyste of van sowel streeklyste as nasionale lyse. Hierdie keuse van die partye sal verdere toepassing vind in die bepaling van watter

verteenwoordigers van die betrokke lyste aangewys is. Die toepassing van die kiesstelsel in die twee verkiesings word vervolgens bespreek.

6.4.1 Toepassing van die kiesstelsel op die nasionale verkiesing van 2004

Die nasionale en provinsiale verkiesing het op 14 April 2004 plaasgevind. Vir hierdie verkiesing het 15 863 558 kiesers uit 20 674 923 geregistreerde kiesers gestem en die stempersentasie was 76.73 en daar was 1.58 persent bedorwe stembriewe (VK, 2004:9-10).

Politieke partye kon kandidaatlyste indien en 'n totaal van 21 partye (sien volledige uitslae in tabel 23) het lyste ingedien vir die Nasionale Vergadering. Hiervan het drie partye, naamlik die Demokratiese Alliansie, Nuwe Nasionale Party en die Keep It Straight and Simple Party slegs streeklyste ingedien en nie nasionale lyste nie. Die deposito's wat partye moes betaal om deel te neem was R150 000 vir die Nasionale Vergadering (R30 000 per provinsiale wetgewer). Slegs twee partye, die ANC en DA, het hulle volle deposito's behou en nege partye het hulle totale deposito's verloor³⁷ (VK, 2004:43-44).

Ten einde te bereken hoeveel setels aan elke party toegewys moet word, word die toepaslike kiesformule vir elke helfte van die setels vir die Nasionale Vergadering bereken.

Om die aantal setels te bepaal wat 'n party verkry vir die een helfte van die setels deur streeklyste vir die Nasionale Vergadering, is die toepassing soos volg:

Die aantal kiesers wat in die verkiesing per streek gestem het, was volgens die Verkiesingskommissie (2004) soos volg:

³⁷ 'n Politieke party verloor sy deposito wanneer hy in die verkiesing geen verteenwoordigers in die betrokke wetgewende liggaam verkies gekry het nie (Art. 106 van die Kieswet, 73 van 1998).

Tabel 15: Aantal kiesers wat in 2004 per streek gestem het

PROVINSIE	KIESERS GEREGISTREER	KIESERS GESTEM	% GESTEM
Oos-Kaap	2 849 486	2 310 226	81.08
Vrystaat	1 321 195	1 042 120	78.88
Gauteng	4 650 594	3 553 098	76.40
KwaZulu-Natal	3 819 864	2 807 885	73.51
Limpopo	2 187 912	1 686 757	77.09
Mpumalanga	1 442 469	1 157 963	80.28
Noordwes	1 749 529	1 353 963	77.39
Noord-Kaap	433 591	329 707	76.04
Wes-Kaap	2 220 283	1 621 839	73.05
TOTAAL	20 674 923	15 863 558	76.73

BRON: VK, Verkiesingsuitslae by

http://www.elections.org.za/content/Pages/LGE_NPE_Reports/Reports.aspx?IEEtypeID=1&id=1426&name=Elections

Die kwota stemme per setel word bepaal ten opsigte van elke streek deur die totale aantal stemme wat in 'n streek uitgebring is, te deel deur die getal setels, plus een, wat vir daardie streek bepaal is. Die resultaat plus een, met weglating van breukdele, is die kwota stemme per setel ten opsigte van 'n bepaalde streek. Die getal setels wat vir elke streek (provinsie) deur die Verkiesingskommissie bepaal is, was soos volg (VK, 2009:30):

Tabel 16: Getal setels gereserveer vir elke streek vir die Nasionale Vergadering in 2004

STREEK / PROVINSIE	SETELS
Oos-Kaap	28
Vrystaat	13
Gauteng	45
KwaZulu-Natal	37
Limpopo	21
Mpumalanga	14
Noordwes	17
Noord-Kaap	4
Wes-Kaap	21
TOTAAL	200

Indien die formule vir die bepaling van die kwota vir elke streek toegepas word, is die kwota per streek soos volg:

Tabel 17: Stem-kwota per streek in 2004

PROVINSIE / STREEK	KIESERS GESTEM	SETELS	KWOTA
Oos-Kaap	2 310 226	28	79 663
Vrystaat	1 042 120	13	74 438
Gauteng	3 553 098	45	77 242
KwaZulu-Natal	2 807 885	37	73 892
Limpopo	1 686 757	21	76 671
Mpumalanga	1 157 963	14	77 198
Noordwes	1 353 963	17	75 221
Noord-Kaap	329 707	4	65 942
Wes-Kaap	1 621 839	21	73 720
TOTAAL	15 863 558	200	

Ter verduideliking van bogenoemde kwotas kan die bepaling van die Oos-Kaap se kwota as voorbeeld geld en word soos volg bepaal:

$$2\,310\,226 / (28)+1 = 79\,662 +1 \text{ en is die kwota } \mathbf{79\,663} \text{ vir die Oos-Kaap.}$$

Uit die formule om die kwota te bepaal is dit duidelik dat indien meer kiesers stem, is die kwota hoër. Anders gestel, 'n hoër stempersentasie het 'n hoër kwota tot gevolg. Dit beteken dat indien 'n bepaalde streek 'n lae stempersentasie het, dit kleiner partye bevoordeel, omdat die kwota laer is en dit makliker is vir kleiner partye om 'n setel te wen. Sou 'n bepaalde politieke party se kiesers dus nie gaan stem nie omdat hulle ontevrede is met die party, bevoordeel dit ander partye in die streek. Indien die formule om die kwota te bepaal toegepas word op elke streek asof die stempersentasie 100% is, word die volgende kwotas per streek verkry:

Tabel 18: Kwotas per streek met 100% stempersentasie

PROVINSIE	KIESERS GEREGISTREER	KWOTA AS 100% GESTEM
Oos-Kaap	2 849 486	98 259
Vrystaat	1 321 195	94 372
Gauteng	4 650 594	101 100
KwaZulu-Natal	3 819 864	100 523
Limpopo	2 187 912	99 451
Mpumalanga	1 442 469	96 165
Noordwes	1 749 529	97 197
Noord-Kaap	433 591	86 719
Wes-Kaap	2 220 283	100 922
TOTAAL	20 674 923	

Bogenoemde kwota per streek met 'n 100 persent stempersentasie verskil van streek tot streek weens die aantal geregistreerde kiesers in die streek. Hoe meer kiesers geregistreer is, hoe hoër is die kwota. Daar kan geargumenteer word dat dit onbillik is deurdat meer kiesers minder setels kry in die Nasionale Vergadering. Dit is soortgelyk aan die argument van die wenner-vat-alles meerderheidkiesstelsel dat veral plattelandse kiesafdelings gelaai word ten koste van stedelike kiesafdelings waar meer kiesers woonagtig is. In die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel word hierdie ongelykheid egter reggestel deurdat die streke slegs die helfte van die setels in die Nasionale Vergadering verteenwoordig. Ten opsigte van die ander helfte van die setels word al die kiesers op 'n gelyke basis gestel, want elke stem tel gelykwaardig.

Om die getal setels wat in 'n bepaalde streek aan 'n party toegeken word te bepaal, word die totale getal stemme wat ten gunste van daardie party in die streek uitgebring is, gedeel deur die kwota stemme soos hierbo bepaal. Waar die resultaat van die berekening dan 'n surplus oplewer wat nie opgeneem word deur die getal setels wat aan die betrokke partye toegeken is nie, ding so surplus mee met ander soortgelyke surplusse van kompeterende partye, en word aan die betrokke party of partye in volgorde van die hoogste surplus toegeken. Ten einde die toepassing hiervan te

illustreer word slegs drie partye, die ANC, DA en IVP se uitslae in die 2004-verkiesing (VK, 2004) gebruik. Die resultaat is soos volg:

Tabel 19: Setels uit streeklyste vir die Nasionale Vergadering vir die ANC

PROVINSIE / STREEK	KWOTA	STEMME	SETELS UIT KWOTA	SURPLUS
Oos-Kaap	79 663	1 806 221	22	53 635
Vrystaat	74 438	838 583	11	19 765
Gauteng	77 242	2 408 821	31	14 319
KwaZulu-Natal	73 892	1 312 767	17	56 603
Limpopo	76 671	1 487 168	19	30 419
Mpumalanga	77 198	979 155	12	52 779
Noordwes	75 221	1 083 254	14	30 160
Noord-Kaap	65 942	222 205	3	24 379
Wes-Kaap	73 720	742 741	10	5 541

Tabel 20: Setels uit streeklyste vir die Nasionale Vergadering vir die DA

PROVINSIE / STREEK	KWOTA	STEMME	SETELS UIT KWOTA	SURPLUS
Oos-Kaap	79 663	165 135	2	5 809
Vrystaat	74 438	90 609	1	16 171
Gauteng	77 242	712 395	9	17 217
KwaZulu-Natal	73 892	276 429	3	54 753
Limpopo	76 671	63 236	0	63 236
Mpumalanga	77 198	81 313	1	4 115
Noordwes	75 221	72 444	0	72 444
Noord-Kaap	65 942	37 533	0	37 533
Wes-Kaap	73 720	432 107	5	63 507

Tabel 21: Setels uit streeklyste vir die Nasionale Vergadering vir die IVP

PROVINSIE / STREEK	KWOTA	STEMME	SETELS UIT KWOTA	SURPLUS
Oos-Kaap	79 663	4 712	0	4 712
Vrystaat	74 438	4 352	0	4 352
Gauteng	77 242	92 556	1	15 314
KwaZulu-Natal	73 892	964 101	13	3 505

Hoofstuk 6: Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel – 'n rekonstruksie en toepassing

PROVINSIE / STREEK	KWOTA	STEMME	SETELS UIT KWOTA	SURPLUS
Limpopo	76 671	2 923	0	2 923
Mpumalanga	77 198	11 730	0	11 730
Noordwes	75 221	3 827	0	3 827
Noord-Kaap	65 942	709	0	709
Wes-Kaap	73 720	3 754	0	3 754

Tussen die drie partye in die voorbeeld sou in die geval waar die surplusse meeding in die geval van die Oos-Kaap, eers die ANC, dan die DA en dan die IVP nog 'n setel gekry het, sou al die setels nie toegewys gewees het na die kwota toepassing nie.

Op dieselfde wyse word 'n party se aantal setels in elke streek bepaal en die totaal van 'n party se setels in al die streke, is die aantal setels wat 'n party voorlopig verkry vir die een helfte van die setels deur streeklyste vir die Nasionale Vergadering.

Die toepassing van die kiesformule vir die helfte van die setels uit nasionale lyste deur die onderskeie partye voorgelê, of uit streeklyste waar nasionale lyste nie voorgelê is nie, is soos volg:

Die kwota stemme per setel word bepaal deur die totale getal stemme wat landswyd uitgebring is te deel deur die getal setels in die Nasionale Vergadering plus een, en die resultaat plus een, met weglating van breukdele. D.w.s. die kwota is:

$$15\ 863\ 558 / (400)+1 = 39\ 559 +1 \text{ wat bepaal die } \mathbf{kwota} \text{ is } \mathbf{39\ 560}.$$

Die getal setels wat voorlopig aan 'n party toegeken word kan nou bepaal word deur die totale getal stemme wat landswyd ten gunste van daardie party uitgebring is, te deel deur die kwota stemme per setel. Die toepassing vind in die onderstaande tabel plaas volgens die uitslae van elke party (VK, 2004:60):

Tabel 22: Tabel met toepassing van kwota

PARTY	AFKORTING	AANTAL STEMME	STEMME GEDEEL DEUR KWOTA	SETELS DEUR VOLLE KWOTA
Employment Movement of South Africa	EMSA	10 446	0.2640	0
The Organisation Party	T.O.P	7 531	0.1903	0
Socialist Party of Azania	SOPA	14 853	0.3754	0
United Christian Democratic Party	UCDP	117 792	2.9775	2
United Democratic Movement	UDM	355 717	8.9918	8
United Front	U.F	11 889	0.3005	0
Vryheidsfront Plus	VF PLUS	139 465	3.5254	3
African Christian Democratic Party	ACDP	250 272	6.3263	6
African National Congress	ANC	10 880 917	275.0484	275
Azanian People's Organisation	AZAPO	39 116	0.9887	0
Christian Democratic Party	CDP	17 619	0.4453	0
Democratic Alliance	DA	1 931 201	48.8170	48
Independent Democrats	ID	269 765	6.8191	6
Inkatha Freedom Party	IFP	1 088 664	27.5193	27
Keep it Straight and Simple	KISS	6 514	0.1646	0
Minority Front	MF	55 267	1.3970	1
Nasionale Aksie	NA	15 804	0.3994	0
New Labour Party	NLP	13 318	0.3366	0
Nuwe Nasionale Party/New National Party	NNP	257 824	6.5172	6
Pan Africanist Congress of Azania	PAC	113 512	2.8693	2
Peace and Justice Congress	P.J.C	15 187	0.3838	0
TOTALE SETELS		(15 612 673)		400

Waar die resultaat van die berekening van die kwota soos hierbo 'n surplus oplewer wat nie opgeneem word deur die getal setels wat aan 'n betrokke party toegeken is nie, ding so surplus mee met ander soortgelyke surplusse van ander partye, en word toegeken in volgorde van die hoogste surplus, tot 'n maksimum van vyf setels aldus toegeken. Met dien verstande dat daaropvolgende toekennings van setels wat nog ontoegeken bly, in volgorde aan daardie partye gemaak word wat die hoogste gemiddelde getal stemme per setel het na toekenning van die setels plus die surplusse se setels. Na hierdie

berekenings was die finale uitslag van die verkiesing vir die nasionale lyste vir die Nasionale Vergadering soos volg (VK, 2004:60):

Tabel 23: Finale toekenning van setels vir partye vir die Nasionale Vergadering

PARTY	AFKORTING	AANTAL STEMME	%	SETELS
Employment Movement of South Africa	EMSA	10 446	0.07	0
The Organisation Party	T.O.P	7 531	0.05	0
Socialist Party of Azania	SOPA	14 853	0.1	0
United Christian Democratic Party	UCDP	117 792	0.75	3
United Democratic Movement	UDM	355 717	2.28	9
United Front	U.F	11 889	0.08	0
Vryheidsfront Plus	VF PLUS	139 465	0.89	4
African Christian Democratic Party	ACDP	250 272	1.6	7
African National Congress	ANC	10 880 917	69.69	279
Azanian People's Organisation	AZAPO	39 116	0.27	1
Christian Democratic Party	CDP	17 619	0.11	0
Democratic Alliance	DA	1 931 201	12.37	50
Independent Democrats	ID	269 765	1.73	7
Inkatha Freedom Party	IFP	1 088 664	6.97	28
Keep it Straight and Simple	KISS	6 514	0.04	0
Minority Front	MF	55 267	0.35	2
Nasionale Aksie	NA	15 804	0.1	0
New Labour Party	NLP	13 318	0.09	0
Nuwe Nasionale Party/New National Party	NNP	257 824	1.65	7
Pan Africanist Congress of Azania	PAC	113 512	0.73	3
Peace and Justice Congress	P.J.C	15 187	0.1	0
TOTALE SETELS		(15 612 673)		400

In die 2004 verkiesing het al die partye se lyste genoeg name bevat en het geen party setels verbeur nie en was 'n herberekening van setels dus nie nodig nie.

Die totaal van 'n party se setels in al die streke wat 'n party voorlopig verkry het vir die een helfte van die setels deur streeklyste vir die Nasionale Vergadering, word afgetrek van die aantal setels wat die betrokke party verkry het met die toewysing volgens die nasionale lyste vir die Nasionale Vergadering.

Nadat die setels van elke party finaal bepaal is, word die verteenwoordigers aangewys uit die betrokke partye se lys te wat ingedien is. Waar 'n party streeklys te en nasionale lys te ingedien het word die verteenwoordigers vanaf die streeklys te, volgens die getal setels, eers aangewys en daarna vanaf die nasionale lys te. 'n Voorbeeld van die toepassing hiervan is die Vryheidsfront Plus waar vier setels volgens die nasionale lys te vir die Nasionale Vergadering toegeken is. In Gauteng is een setel aan die Vryheidsfront Plus volgens die streeklys te toegeken. Die verteenwoordigers van die Vryheidsfront Plus vir die Nasionale Vergadering wat aangewys is, was die kandidaat wat die eerste posisie op die streeklys in Gauteng beklee het en die drie kandidate wat die eerste drie plekke op die nasionale lys van die party beklee het. Die enigste party waaraan setels toegeken is wat slegs streeklys te ingedien het, is die Demokratiese Alliansie (DA). Die aanwysing van die verteenwoordigers in so geval sal toepassing vind in die bespreking van die toepassing van die kiesstelsel op die nasionale verkiesing van 2009.

In die toepassing van die 2004 verkiesings uitslae is daar klem gelê op die 200 setels wat uit die streeklys te gevul moet word. Al die aspekte van die berekening van die stemkwotas en surplusse ten opsigte van die streeklys te is toegepas. Indien gekyk word na die finale uitslae van die 2004-verkiesing is die persentasie setels wat partye gewen het baie na aan die persentasie stemme wat die partye gekry het. Die ANC het 69.69% van die stemme gekry en 69.75% of 279 setels uit 400 setels gewen. Daar is basies geen disproporsionaliteit in die uitslae nie. Hierdie resultate toon dat die 200 setels wat uit streeklys te gevul word en die toepassing van die kiesformule daarop voldoen aan die vereistes van 'n lys proporsionele kiesstelsel. Vervolgens sal die 2009-verkiesingsuitslae gebruik word met meer fokus op die 200 setels wat op nasionale vlak toegedeel word ten einde te bepaal of steeds aan die vereistes van 'n proporsionele kiesstelsel voldoen word.

6.4.2 Toepassing van die kiesstelsel op die nasionale verkiesing van 2009

Die nasionale en provinsiale verkiesing het op 12 April 2009 plaasgevind. Vir hierdie verkiesing het 23 181 997 kiesers geregistreer om te stem en 17 919 966 het uiteindelik op die stemdag gestem. Die stempersentasie was dus 77.30 en daar was 1.34 persent bedorwe stembriewe (VK, 2009:93).

'n Totaal van 26 partye het aan die verkiesing vir die Nasionale Vergadering geregistreer en deelgeneem. Die deposito's wat partye moes betaal om deel te neem was R180 000 vir die Nasionale Vergadering (R40 000 per provinsiale wetgewer). Partye het ook streeklyste en nasionale lyste ingedien. Hiervan het twee partye, naamlik die Demokratiese Alliansie (DA) en die Keep It Straight and Simple party slegs streeklyste ingedien en nie nasionale lyste nie. Van die twee partye was slegs aan die DA setels in die Nasionale Vergadering toegewys.

Ten einde te bereken hoeveel setels aan elke party toegewys was, word die toepaslike kiesformule vir elke helfte van die setels vir die Nasionale Vergadering bereken.

Om die aantal setels te bepaal wat 'n party vir die een helfte van die setels deur streeklyste vir die Nasionale Vergadering verkry, is die toepassing soos volg:

Die aantal kiesers wat in die verkiesing per streek gestem het, was volgens die Verkiesingskommissie (2009) soos volg:

Tabel 24: Aantal kiesers wat per streek gestem het

PROVINSIE	KIESERS GEREGISTREER	KIESERS GESTEM	% GESTEM
Oos-Kaap	3 056 559	2 344 098	76.69
Vrystaat	1 388 588	1 069 127	76.99
Gauteng	5 555 159	4 391 699	79.06
KwaZulu-Natal	4 475 217	3 574 326	79.87
Limpopo	2 256 073	1 570 592	69.62
Mpumalanga	1 696 705	1 363 836	80.38

Hoofstuk 6: Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel – 'n rekonstruksie en toepassing

PROVINSIE	KIESERS GEREGISTREER	KIESERS GESTEM	% GESTEM
Noordwes	1 564 357	1 135 701	72.60
Noord-Kaap	554 900	421 490	75.96
Wes-Kaap	2 634 439	2 049 097	77.78
TOTAAL	23 181 997	17 919 966	77.30

BRON: VK, Verkiesingsuitslae by

http://www.elections.org.za/content/Pages/LGE_NPE_Reports/Reports.aspx?IEEtypeID=1&id=1426&name=Elections

Die kwota stemme per setel ten opsigte van elke streek word bepaal deur die totale aantal stemme wat in 'n streek uitgebring is, te deel deur die getal setels, plus een, wat vir daardie streek bepaal is. Die resultaat plus een, met weglating van breukdele, is die kwota stemme per setel ten opsigte van 'n bepaalde streek. Die getal setels wat vir elke streek (provinsie) deur die Verkiesingskommissie bepaal is, was soos volg (VK, 2009:30):

Tabel 25: Getal setels gereserveer vir elke streek vir die Nasionale Vergadering

STREEK / PROVINSIE	SETELS
Oos-Kaap	26
Vrystaat	12
Gauteng	47
KwaZulu-Natal	39
Limpopo	19
Mpumalanga	15
Noordwes	14
Noord-Kaap	5
Wes-Kaap	23
TOTAAL	200

Indien die formule vir die bepaling van die kwota vir elke streek toegepas word, is die kwota per streek soos volg:

Tabel 26: Stem-kwota per streek

PROVINSIE / STREEK	KIESERS GESTEM	SETELS	KWOTA
Oos-Kaap	2 344 098	26	86 819
Vrystaat	1 069 127	12	82 241
Gauteng	4 391 699	47	91 494
KwaZulu-Natal	3 574 326	39	89 359
Limpopo	1 570 592	19	78 530
Mpumalanga	1 363 836	15	85 240
Noordwes	1 135 701	14	75 714
Noord-Kaap	421 490	5	70 249
Wes-Kaap	2 049 097	23	85 380
TOTAAL	17 919 966	200	

Om die getal setels wat in 'n bepaalde streek aan 'n party toegeken word, te bepaal, word die totale getal stemme wat ten gunste van daardie party in die streek uitgebring is, gedeel deur die kwota stemme soos hierbo bepaal. Waar die resultaat van die berekening dan 'n surplus oplewer wat nie opgeneem word deur die getal setels wat aan die betrokke partye toegeken is nie, ding so 'n surplus mee met ander soortgelyke surplusse van ander partye, en word dit aan die betrokke party of partye in volgorde van die hoogste surplus toegeken. Ten einde die toepassing hiervan te illustreer word die uitslae in die Vrystaat gebruik. Die resultaat is soos volg:

Tabel 27: Seteltoedeling aan partye in die Vrystaat provinsie

PARTY	AANTAL STEMME	STEMME GEDEEL DEUR KWOTA	KWOTA SETELS	SURPLUS	SURPLUS SETELS	TOTALE SETELS
A PARTY	182	0.0022	0	182		
ACDP	7410	0.0901	0	7 410		
ANC	756 287	9.1960	9	16 118		9
APC	3 091	0.0376	0	3091		
AL JAMA-AH	323	0.0039	0	323		
AFD	353	0.0043	0	353		
AZAPO	3 927	0.0477	0	3 927		
CDA	568	0.0069	0	568		
COPE	116 852	1.4208	1	34 611		1

Hoofstuk 6: Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel – 'n rekonstruksie en toepassing

PARTY	AANTAL STEMME	STEMME GEDEEL DEUR KWOTA	KWOTA SETELS	SURPLUS	SURPLUS SETELS	TOTALE SETELS
DA	127 259	1.5474	1	45 018	1	2
GKSA	768	0.0093	0	768		
ID	1 786	0.0217	0	1 786		
IFP/IVP	2 260	0.0275	0	2 260		
KISS	197	0.0024	0	197		
MF	169	0.0021	0	169		
MDP	1 797	0.0219	0	1 797		
NADECO	633	0.0077	0	633		
NVP	314	0.0038	0	314		
PAC	3 003	0.0365	0	3 003		
PAM	287	0.0035	0	287		
SADECO	307	0.0037	0	307		
UCDP	3 095	0.0376	0	3 095		
UDM	3 408	0.0414	0	3 408		
UIF	415	0.0050	0	415		
VF PLUS	16 929	0.2058	0	16 929		
WF	238	0.0029	0	238		

BRON: VK, Verkiesingsuitslae by

http://www.elections.org.za/content/Pages/LGE_NPE_Reports/Reports.aspx?IEEtypeID=1&id=1426&name=Elections

Uit bogenoemde resultate word setels toegedeel aan die ANC, DA en Cope. Wanneer die kwota stemme ingedeel word in die aantal stemme van die partye kry die ANC nege (9) setels en die DA en Cope kry een (1) setel elk. Die ander partye se stemme is almal minder as die getal kwotastemme van 82 241 en geen setels word aan die partye toegewys nie. Na die kwota-indeling ding partye se surplusstemme mee en hiervolgens het die DA die grootste surplus van 45 018 stemme. Die totale aantal setels wat aan die Vrystaat toegedeel is as deel van die 200 setels vir die Nasionale Vergadering uit streeklyste is twaalf (12) setels. Wanneer die kwota toegepas word, word elf (11) setels toegeken. Daar kan dus slegs een verdere setel toegeken word en aangesien die DA die grootste surplusstemme het, word nog een setel aan die DA toegewys. Die finale toewysing van die Vrystaat se setels is nege (9) aan die ANC, twee (2) aan die DA en een (1) aan Cope. Op dieselfde wyse word setels in elke provinsie toegedeel om die aantal setels wat vir die 200 setels uit streeklyste vir die Nasionale Vergadering aan partye toegewys word, te bepaal. Die finale toedeling van setels in die verskillende provinsies aan partye was soos volg (VK, 2009):

Tabel 28: Finale toedeling van setels aan partye in al die provinsies (2009)

PROVINSIE / STREEK	ANC	DA	COPE	IFP	UDM	VF PLUS	ID	UCDP	SETELS
Oos-Kaap	19	3	3		1				26
Vrystaat	9	2	1						12
Gauteng	31	10	4	1		1			47
KZN	26	4	1	8					39
Limpopo	17	1	1						19
Mpumalanga	14	1							15
Noordwes	11	1	1					1	14
Noord-Kaap	3	1	1						5
Wes-Kaap	8	12	2				1		23
TOTAAL	138	35	14	9	1	1	1	1	200

Die toepassing van die kiesformule vir die helfte van die setels uit nasionale lyste deur die onderskeie partye voorgelê, of uit streeklyste waar nasionale lyste nie voorgelê is nie, is soos volg:

Die kwota stemme per setel word bepaal deur die totale getal stemme wat landswyd uitgebring is, te deel deur die getal setels in die Nasionale Vergadering plus een, en die resultaat plus een, met weglating van breukdele. D.w.s. die kwota is:

$$17\,919\,966 / (400)+1 = 44\,688 +1 \text{ wat bepaal dat die kwota } 44\,689 \text{ is.}$$

Die getal setels wat voorlopig aan 'n party toegeken word, kan nou bepaal word deur die totale getal stemme wat landswyd ten gunste van daardie party uitgebring is, te deel deur die kwota stemme per setel.

Waar die resultaat van die berekening van die kwota soos hierbo 'n surplus oplewer wat nie opgeneem word deur die getal setels wat aan 'n betrokke party toegeken is nie, ding so 'n surplus mee met ander soortgelyke surplusse van ander partye, en word dit toegeken in volgorde van die hoogste surplus, tot 'n maksimum van vyf setels aldus toegeken, met dien verstande dat daaropvolgende toekennings van setels wat nog ontoegeken bly, in volgorde aan daardie partye gemaak word wat die hoogste

gemiddelde getal stemme per setel het na toekenning van die setels plus die surplusse setels. Die toepassing is dieselfde soos in die 2004-verkiesing se uitslae en word nie hier herhaal nie. Na hierdie berekenings was die finale uitslag van die nasionale verkiesing van 2009 vir die nasionale lysie vir die Nasionale Vergadering soos volg (VK, 2009:100):

Tabel 29: Toekenning van setels aan partye uit nasionale lysie vir die nasionale verkiesing van 2009

PARTY	AANTAL STEMME	TOTALE NASIONALE SETELS
MDP	29 747	0
NADECO	10 830	0
NVP	9 296	0
PAC	48 530	1
PAM	5 426	0
SADECO	6 035	0
UCDP	66 086	2
UDM	149 680	4
UIF	8 872	0
VF PLUS	146 796	4
WF	5 087	0
A PARTY	2 847	0
ACDP	142 658	3
ANC	11 650 748	264
APC	35 867	1
AL JAMA-AH	25 947	0
AFD	5 178	0
AZAPO	38 245	1
CDA	11 638	0
COPE	1 311 027	30
DA	2 945 829	67
GKSA	8 271	0
ID	162 915	4
IFP/IVP	804 260	18
KISS	5 440	0
MF	43 474	1

In die 2009-verkiesing het al die partye se lysie genoeg name bevat en het geen party setels verbeur nie en was 'n herberekening van setels dus nie nodig nie.

Die totaal van 'n party se setels in al die streke wat 'n party voorlopig verkry het vir die een helfte van die setels deur streeklysie vir die Nasionale Vergadering, word afgetrek

van die aantal setels wat die betrokke party verkry het met die toewysing volgens die nasionale lys vir die Nasionale Vergadering.

Nadat die setels van elke party finaal bepaal is, word die verteenwoordigers aangewys uit die betrokke partye se lys wat ingedien is. Waar 'n party streeklys en nasionale lys ingedien het, word die verteenwoordigers uit die streeklys, volgens die getal setels, eers aangewys en daarna uit die nasionale lys. Die toepassing hiervan was in die 2004-verkieping gedoen en word nie herhaal nie.

Politieke partye het 'n keuse om slegs streeklys vir te lê vir setels van die Nasionale Vergadering. Die enigste party waaraan setels toegeken is wat slegs streeklys ingedien het, is die Demokratiese Alliansie (DA). Toepassing van die aanwysing van die verteenwoordigers in so 'n geval word vervolgens bespreek.

Eerstens word die setels wat finaal in die streke toegeken is, uit die streeklys van die bepaalde streek gevul. Die getal setels wat uit streeklys toegeken is, word afgetrek van die getal setels wat uit die nasionale lys toegeken is. Die volgende getal setels word aan die DA in die streke/provinsies toegeken (VK, 2009):

Tabel 30: Getal setels toegedeel aan die DA uit elke streek (2009)

PROVINSIE / STREEK	DA
Oos-Kaap	3
Vrystaat	2
Gauteng	10
KZN	4
Limpopo	1
Mpumalanga	1
Noordwes	1
Noord-Kaap	1
Wes-Kaap	12
TOTAAL	35

Uit die nasionale lyste is 67 setels aan die DA toegewys. Die verteenwoordigers van die DA wat aangewys word, is eerstens daardie kandidate wie se name in volgorde op die streeklyste verskyn ooreenstemmend met die aantal setels wat die DA in die betrokke streek/provinsie gewen het. Met ander woorde, in die geval van die Oos-Kaap sal die eerste drie kandidate aangewys word en in Gauteng die eerste tien (10) kandidate. Indien die 35 setels wat in die streke van die 67 setels afgetrek word, is daar 32 oorblywende setels waarvoor verteenwoordigers aangewys moet word.

Hierdie oorblywende 32 setels uit die nasionale lys word ook deur die streeklyste gevul in dieselfde verhouding as die verhoudings waarin die setels volgens die streeklyste finaal ten opsigte van die onderskeie streke toegeken is, met dien verstande dat surplusbreukdele weggelaat word, behalwe dat enige oorblywende setels in volgorde van die hoogste surplus breukdele aan streke toegeken word.

Setels is in al die streke aan die DA toegewys. Dit is dus nie nodig om setels uit sy streeklyste te vul in verhouding met die getal stemme wat deur die party in elkeen van die streke ontvang is nie. Die toepassing vir die bepaling van die vul van die oorblywende setels in dieselfde verhouding as die verhoudings waarin die setels volgens streeklyste finaal toegeken is ten opsigte van die onderskeie streke, is soos volg:

Tabel 31: Berekening van oorblywende setels aan streke vir aanwysing van verdere kandidate uit streeklyste

PROVINSIE	STREEK SETEL VERHOUDING	NAS. SETEL VERHOUDING	SETELS BREUK WEG	GROOTSTE BREUK	FINALE SETELS
Oos-Kaap	3 / 35 = 9	2.743	5	1	6
Vrystaat	2 / 35 = 6	1.829	3	1	4
Gauteng	10 / 35 = 29	9.143	19		19
KZN	4 / 35 = 11	3.657	7		7
Limpopo	1 / 35 = 3	0.914	1	1	2
Mpumalanga	1 / 35 = 3	0.914	1	1	2
Noordwes	1 / 35 = 3	0.914	1	1	2
Noord-Kaap	1 / 35 = 3	0.914	1	1	2

Hoofstuk 6: Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel – 'n rekonstruksie en toepassing

PROVINSIE	STREEK SETEL VERHOUDING	NAS. SETEL VERHOUDING	SETELS BREUK WEG	GROOTSTE BREUK	FINALE SETELS
Wes-Kaap	12 / 35 = 34	10.971	22	1	23
TOTAAL	35		60	7	67

Uit die toepassing hierbo is die finale toekenning van setels in dieselfde verhouding ten opsigte van die nasionale lys setels bereken. Dit beteken dat die verteenwoordigers hiervolgens uit elke streek se lys aangewys word. Byvoorbeeld in die Oos-Kaap word die eerste ses kandidate op die streeklys van Oos-Kaap aangewys, en die ander streke volgens die finale setels, as verteenwoordigers van die DA in die Nasionale Vergadering.

'n Nadeel wanneer 'n party slegs streeklyste indien om verteenwoordigers aan te wys, is dat 'n oorkonsentrasie van kandidate uit 'n bepaalde streek aangewys sou kon word. Soos hierbo aangetoon, word die meeste kandidate van die DA uit Gauteng en die Wes-Kaap aangewys. Provinsies soos Limpopo, Mpumalanga, Noordwes en Noord-Kaap het slegs twee verteenwoordigers elk in die Nasionale Vergadering, terwyl Gauteng en Wes-Kaap onderskeidelik 19 en 23 verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering het. Indien die DA 'n nasionale lys ingedien het, kon 32 verteenwoordigers meer eweredig versprei gewees het in ander onderverteenvoordigende provinsies. Met 'n nasionale lys kan 'n party selfs 'n verteenwoordiger uit 'n provinsie laat aanwys wat geen verteenwoordigers verkies kry nie. 'n Verdere nadeel is dat in een provinsie daar 'n groot getal verteenwoordigers is wat verantwoording doen aan die kiesers en in ander provinsies feitlik geen verteenwoordigers nie. Die oor- en onderverteenvoordiging hou egter nie verband met die proporsionele kiesstelsel as sodanig nie, maar met die keuse van 'n party om slegs een streeklys in te dien of om 'n streeklys sowel as 'n nasionale lys in te dien. Daar is weinig voordeel daarin om slegs een lys in te dien, behalwe ten opsigte van die interne proses van die politieke party. In die geval van een lys hoef die politieke party slegs een proses intern te volg om die kandidate daarop te plaas. In die geval van twee lyste word daar twee prosesse gevolg.

In die toepassing van die kiesstelsel in die nasionale verkiesings van 2004 en 2009 is al die grondwetlike en ander wetlike vereistes ten opsigte van die kiesstelsel nagekom. Die resultate in beide die verkiesings gee 'n byna gelyke persentasie van setels in die Nasionale Vergadering aan partye teenoor die persentasie stemme wat die partye in die verkiesing gekry het. Soos hierbo aangetoon, het die ANC 69.69 persent van die stemme in die 2004-verkiesing op hom verenig en is 69.75 persent (279 setels) van die setels aan hom toegewys. Soortgelyk het die DA 12.37 persent van die stemme en 12.5 persent (50 setels) van die setels gekry. Die IVP het 6.97 persent van die stemme en 7.0 persent (28 setels) van die setels in die Nasionale Vergadering gekry. Identiese verhoudings is in die 2009-verkiesing herhaal. In die 2009- verkiesing het die ANC 65.9 persent van die stemme gekry en 66.06 persent (264 setels) van die setels. Die DA het 16.66 persent van die stemme en 16.75 persent (67 setels) van die setels gekry. Die COPE party het 7.42 persent van die stemme en 7.5 persent (30 setels) van die setels in die Nasionale Vergadering gekry. Hoewel daar nie 'n wetlike drempel is om verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering te verkry nie, word 'n wiskundige drempel weens die kiesstelsel se kiesformule bepaal. In die 2004-verkiesing het AZAPO met 0.27 persent van die stemme steeds een setel verkry en in die 2009-verkiesing het die APC met 0.20 persent van die stemme een setel verkry. Die drempel is hiervolgens laag en gee kleiner partye 'n beter kans op verteenwoordiging.

Deur die toepassing en rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse lysproporsionele kiesstelsel op die nasionale verkiesings van 2004 en 2009 is aangetoon dat aan die vereistes voldoen is wat gestel word vir lysproporsionele kiesstelsels. Die feit dat in Suid-Afrika die Nasionale Vergadering se setels op 'n 50:50 basis op streek en nasionale vlak gevul word, maak geen afbreuk aan die gestelde vereistes nie. Die resultate toon ook dat aan die wetlike vereistes van die grondwet en kieswet voldoen is.

Hieruit is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse lysproporsionele kiesstelsel 'n klassieke voorbeeld is van 'n proporsionele kiesstelsel wat gekenmerk word daaraan dat partye dieselfde persentasie verteenwoordiging in wetgewende liggame gegee word as die persentasie stemme wat hulle in die verkiesing op hulle verenig het.

6.5. SAMEVATTING

Die Suid-Afrikaanse lysproporsionele kiesstelsel word bepaal deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die Kieswet (Wet 73 van 1998) en die Wet op die Verkiesingskommissie (Wet 51 van 1996).

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal sekere vereistes en riglyne waaraan die Suid-Afrikaanse kiesstelsel moet voldoen. Hierdie vereistes en riglyne bepaal dat daar algemene stemreg vir volwassenes, 'n nasionale gemeenskaplike kieserslys, gereelde verkiesings en 'n veelparty-stelsel van demokratiese regering om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en openheid te vergestalt. Die grondwet bepaal dat dit elke burger vry staan om politieke keuses te maak, waarby inbegrepe is die reg om 'n politieke party te stig, deel te neem aan die bedrywighede van, of lede te werf vir 'n politieke party en hulle vir 'n politieke party of saak te beywer. Die grondwet bepaal ook dat elke burger die reg het op vrye, regverdige en gereelde verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is. Laastens bepaal die grondwet dat elke volwasse burger die reg het om in verkiesings vir enige van hierdie wetgewende liggame in die geheim te stem en om 'n kandidaat te wees, en indien verkies, die openbare amp te beklee.

Die parlement bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies. Verteenwoordigers van die Nasionale Raad van Provinsies word nie direk deur kiesers gekies nie. Hulle word volgens 'n bepaalde formule uit die provinsiale wetgewers aangewys. In die geval van die Nasionale Vergadering word verteenwoordigers volgens die proporsionele kiesstelsel direk deur die kiesers verkies.

Die Kieswet bepaal die kiesstelsel vir verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en provinsiale wetgewers. Tans word 200 van die 400 lede van die Nasionale Vergadering verkies deur gebruik te maak van nasionale partylyste. Die ander 200 lede word verkies op die basis van provinsiale partylyste en elke provinsie is geregtig op 'n

deel van die 200 setels ooreenkomstig hulle bevolkingsgetalle. Kiesers stem vir politieke partye wat vir die verkiesing geregistreer het. Hulle stem nie vir kandidate nie.

Volgens die kiesformule word setels proporsioneel op beide nasionale en provinsiale vlak toegeken ooreenkomstig die Droop-kwota. Die nasionale toekenning moet die provinsiale toekenning in ag neem deurdat setels wat op provinsiale vlak gewen is eers afgetrek moet word van die nasionale setels wat deur 'n party gewen is. Kleiner partye op provinsiale vlak word nie hierdeur benadeel nie, terwyl kleiner partye wat op nasionale vlak bepaalde steun het, met hierdie metode van toekenning bevoordeel kan word. Die drempel (minimum aantal stemme om 'n setel te wen) is baie laag en wiskundig van aard en nie 'n wetlike bepaling nie.

Politiese partye wat aan 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering deelneem, het 'n keuse om sowel streeklyste as nasionale lysste voor te lê, of om slegs streeklyste voor te lê. Die lysste se samestelling word bepaal deur die betrokke politieke party en is 'n geslote lys waar die kiesers nie vir die name op die lysste stem nie. 'n Nadeel wanneer 'n party slegs streeklyste indien om verteenwoordigers aan te wys, is dat 'n oorkonsentrasie van kandidate uit 'n bepaalde streek aangewys kan word. Die resultate in die verkiesings gee 'n byna gelyke persentasie van setels in die Nasionale Vergadering aan partye teenoor die persentasie stemme wat die partye in die verkiesing gekry het, wat ooreenstemmend is met die kenmerk van die proporsionele kiesstelsel.

In die volgende hoofstuk sal die Suid-Afrikaanse kiesstelsel geëvalueer word om te bepaal of dit aan die beginsels van 'n demokratiese kiesstelsel binne 'n demokratiese raamwerk voldoen. Dit sal ook geëvalueer word aan die kriteria wat gestel word vir 'n goeie kiesstelsel, soos opgestel in Hoofstuk 4.

HOOFSTUK 7: DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE KIESSTELSEL – 'N KRITIESE BESKOUIING, EVALUERING EN ALTERNATIEWE RAAMWERKE

7.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die Suid-Afrikaanse geslotelys- proporsionele kiesstelsel gerekonstrueer kragtens die Grondwet en ander toepaslike wetgewing van Suid-Afrika ten einde te bepaal aan watter wetlike vereistes die kiesstelsel moet voldoen. Toepassing van die kiesstelsel was gedoen op die nasionale verkiesings van 2004 en 2009 waardeur 'n beter begrip verkry is van die werking van die kiesstelsel. In die toepassing van die kiesformule, soos deur wetgewing bepaal, voldoen die werking van die Suid-Afrikaanse geslotelys- proporsionele kiesstelsel aan die vereistes van 'n tipiese proporsionele kiesstelsel. Ten spyte van die werking van die kiesstelsel met betrekking tot die toepassing van die kiesformule, is dit nie vanselfsprekend dat die kiesstelsel aan die vereistes van 'n demokratiese kiesstelsel voldoen nie. Dit is ook nie vanselfsprekend dat die kiesstelsel aan die vereistes, wat gestel word vir 'n goeie kiesstelsel, voldoen nie. Die mate waarin die kiesstelsel aan hierdie vereistes voldoen, sal ook bepaal in watter mate die kiesstelsel die verkiesing en die politieke stelsel van 'n verteenwoordigende demokrasie beïnvloed. 'n Bepaling van die mate waarin die kiesstelsel aan die vereistes voldoen, is nodig ten einde 'n evaluering van die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te maak.

Hierdie hoofstuk is belangrik omdat bepaal sal word wat die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika is. In hierdie bepaling moet vasgestel word in watter mate die demokratiese bestel, verkiesings en kiesstelsel in Suid-Afrika aan die kriteria, wat vir 'n verteenwoordigende demokrasie, demokratiese verkiesings en kiesstelsel gestel word, voldoen.

Die oorhoofse doelstelling van hierdie hoofstuk is 'n kritiese beskouing en evaluering van die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel ten einde die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal. Deel van die doelstelling is ook om te bepaal in watter mate die

Hoofstuk 7: Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel – 'n kritiese beskouing, evaluering en alternatiewe raamwerke

demokratiese bestel, verkiesings en kiesstelsel in Suid-Afrika aan die kriteria wat vir 'n verteenwoordigende demokrasie, demokratiese verkiesings en kiesstelsel gestel word, voldoen.

Die metodologie van die hoofstuk behels dat die kriteria vir 'n verteenwoordigende demokrasie, demokratiese verkiesings en kiesstelsels wat in vorige hoofstukke bepaal is, toepassing op die demokratiese bestel, verkiesings en kiesstelsel in Suid-Afrika vind. Die toepassing behels die evaluering van die politieke stelsel, verkiesings en die kiesstelsel in Suid-Afrika aan die bepaalde kriteria. Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel word ook geëvalueer aan die kriteria wat in Hoofstuk 4 vir 'n goeie kiesstelsel bepaal is. Die evaluering geskied deur die genoemde kriteria om te skep in 'n evalueringsmodel vir kiesstelsels. In die evalueringsmodel word die genoemde kriteria in prioriteitsvolgorde geplaas om die eiesoortige Suid-Afrikaanse omstandighede te verreken. Na die prioritering word 'n kiesstelsel geëvalueer aan elke vereiste (kriteria) deur te bepaal of die betrokke kiesstelsel swak, matig of goed aan die vereiste voldoen. Deur kwantifisering van swak, matig en goed sal 'n numeriese waarde in die evalueringsproses aan elke kiesstelsel toegeken word. Aan die hand van die evalueringsmodel word 'n finale evaluering gedoen van die verskillende tipes kiesstelsels ten einde die geskikste kiesstelsel en alternatiewe raamwerke vir Suid-Afrika te bepaal.

Die uitleg van hierdie hoofstuk behels eerstens die bepaling of die politieke stelsel, verkiesings en die kiesstelsel in Suid-Afrika aan demokratiese vereistes voldoen. Dit word gedoen deur die toepassing en evaluering van die kriteria in Suid-Afrika. Tweedens word die Suid-Afrikaanse kiesstelsel en ander kiesstelsels volgens bogenoemde evalueringsmodel geëvalueer ten einde die geskikste, en moontlike alternatiewe, kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal.

In die volgende hoofstuk sal die gevolgtrekking wees van die studie ten einde duidelikheid te gee van die mate waarin die nuwe proporsionele kiesstelsel en die toepassing daarvan beslag gegee het aan demokratiese praktyke in Suid-Afrika.

Duidelikheid sal ook gegee word of dit die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika is en of 'n alternatiewe kiesstelsel vir toepassing in Suid-Afrika voorgestel moet word. Sodoende sal leiding gegee word ten opsigte van die huidige debat oor kiesstelsels in Suid-Afrika.

7.2 VERTEENWOORDIGENDE DEMOKRASIE, VERKIESINGS EN DIE KIESSTELSEL IN SUID-AFRIKA – DEMOKRATIESE VEREISTES

In hierdie studie is 'n kriteria bepaal waaraan 'n verteenwoordigende demokrasie, verkiesings en 'n kiesstelsel moet voldoen om as demokraties beskou te word. Die demokratiese bestel, verkiesings en kiesstelsel in Suid-Afrika sal vervolgens aan die bepaalde kriteria geëvalueer word ten einde te bepaal of aan die vereistes voldoen word.

7.2.1 Verteenwoordigende Demokrasie in Suid-Afrika – Demokratiese Vereistes

Soos reeds in Hoofstuk 2 aangetoon, is een van die belangrike eienskappe van die verteenwoordigende demokrasie dat daar interne en eksterne beheer en kontrole op die regering moet wees om die burgers van die staat teen die magismisbruik van die regering te beskerm (Heywood, 2000:169). Die beginsel van die skeiding van magte, die sogenaamde *trias politica*, is deel van 'n verteenwoordigende demokrasie om daardie kontrole op die regering uit te oefen, om vryheid te beskerm en despotisme te voorkom. Die beginsel van die skeiding van magte is dat die funksies van die regering met betrekking tot die wetgewende, uitvoerende en regterlike magte deur verskillende afdelings van die regering uitgevoer word. Hoewel die doktrine van die skeiding van magte totale skeiding vereis, is dit nie altyd in die praktyk moontlik nie. 'n Voorbeeld is in parlementêre regeringstelsels waar die uitvoerende gesag en die wetgewende gesag soms kan oorvleuel (Venter, 2001:23).

Uitvoerende instellings word nie deur alle state op dieselfde wyse gebruik nie, en kom in beide demokratiese en ondemokratiese politieke stelsels voor, maar die aard en funksionering daarvan verskil. In ondemokratiese politieke stelsels word besluite van die

samelewing in hoogs gesentraliseerde uitvoerende instellings geneem en op die bevolking afgedwing. In demokratiese politieke stelsels vorm die beginsel van die skeiding van magte die grondslag vir die funksionering van uitvoerende instellings (Bekker, 1994:98).

'n Verdere vereiste van 'n verteenwoordigende demokrasie is dat politieke verteenwoordigers deur die kiesers tot wetgewende liggame gekies moet word om besluite namens hulle te neem ten opsigte van beleid en wetgewing (Roskin *et al.*, 2012:100).

Die uitvoerende instellings (uitvoerende, wetgewende en regterlike) in Suid-Afrika word vervolgens ooreenkomstig bogenoemde beginsels en vereistes toegepas en evalueer.

7.2.1.1 *Kriteria vir 'n Verteenwoordigende Demokrasie in Suid-Afrika – Toepassing en Evaluering*

In Suid-Afrika bepaal die Grondwet (1996) dat die uitvoerende gesag gevestig is in die president en die kabinet (art. 85), die nasionale wetgewende gesag in die parlement (art. 44) en die regterlike (juridiese / regsprekende) gesag in die howe (art. 165). Hiervolgens is daar 'n duidelike skeiding van magte wat die grondslag vorm vir die funksionering van uitvoerende instellings in Suid-Afrika.

Die aard en verhouding van die uitvoerende, wetgewende en regterlike gesag in Suid-Afrika word ook deur die Grondwet (1996) bepaal. Die Grondwet bepaal dat die Nasionale Vergadering verkies moet word om die burgers te verteenwoordig, die president te verkies, wetgewing te maak en toesig oor die uitvoerende gesag te hou (art. 42 subart. 3). Artikel 89 van die Grondwet magtig die Nasionale Vergadering om die president in bepaalde omstandighede te ontslaan en artikel 165(2) bepaal dat die howe (regterlike gesag) onafhanklik is en slegs ondergeskik is aan die Grondwet. Die lede van die kabinet, met die uitsondering van die president, bly lede van die wetgewende gesag, maar is as kabinet aan die wetgewende gesag verantwoordbaar.

Die president moet egter eers 'n lid van die Nasionale Vergadering wees alvorens hy/sy as president verkies kan word, en bedank as lid daarvan eers na verkiesing as president.

Bogenoemde bepalings in die Grondwet (1996) tref duidelike onderskeid tussen die verskillende instellings van mag, maar die president (uitvoerende gesag) het wel sekere beperkte wetgewende en regterlike magte. Die uitvoerende gesag (president, adjunk-president en ministers) het wel die vertroue van die wetgewende gesag (Nasionale Vergadering) nodig om die amp te beklee en is verantwoordbaar aan die Nasionale Vergadering. Die president het geen vetoreg op wetgewing nie en is onderworpe aan wetgewing van die Nasionale Vergadering. Die president het wel die wetlike gesag om regulasies te promulgeer wat afdwingbaar is kragtens die bepaalde wet, en verkry daardeur wetgewende gesag. Die president het ook regterlike gesag deurdat hy die bevoegdheid het om regters aan te wys (op aanbeveling van die Regterlike Dienskommissie) en misdadigers kan kwytsteld van hulle oortredings. Die skeiding van magte in Suid-Afrika het beperkte oorvleueling, maar is meer eksplisiet as in Brittanje en minder as in die VSA (Venter, 2001:67).

Hoewel daar beperkte oorvleueling is ten opsigte van die magte van die president teenoor die wetgewende gesag en regterlike gesag, is daar genoeg skeiding. **Suid-Afrika voldoen dus aan die vereiste beginsel van die skeiding van magte wat gestel word vir 'n verteenwoordigende demokrasie.**

Die Grondwet (1996) van Suid-Afrika bepaal in artikel 42 (3) duidelik soos volg:

“(3) Die Nasionale Vergadering word verkies om die burgers te verteenwoordig en om regering deur die burgers kragtens die Grondwet te verseker.”

Soos deur Roskin (2012:100) gestel, staan die politieke verteenwoordigers wat deur die kiesers tot wetgewende liggame verkies word om besluite namens hulle te neem ten opsigte van beleid en wetgewing sentraal in 'n verteenwoordigende demokrasie.

Genoemde artikel 42(3) is eksplisiet en bepaal inderdaad juis dít. Die lede van die Nasionale Vergadering in Suid-Afrika bestaan uit gekose lede wat onderneem om regering namens die burgers te verseker kragtens die grondwet. Dit beteken dat besluite wat die gemeenskap raak, nie deur die gemeenskap as 'n geheel geneem word nie, maar deur verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering wat vir die spesifieke doel deur die gemeenskap verkies is. **Hierdeur voldoen Suid-Afrika aan die eienskap van indirekte regering deur verteenwoordigers en die vereiste vir 'n verteenwoordigende demokrasie.**

Met die toepassing van die grondwetlike bepalings van die Grondwet (1996) hierbo voldoen Suid-Afrika aan die beginsels en vereistes wat vir 'n verteenwoordigende demokrasie gestel word. **Dit kan dus gestel word dat Suid-Afrika 'n verteenwoordigende demokrasie is.**

Punt 2.5 identifiseer in 'n tipologie van demokrasieë verdere tipes demokrasieë binne 'n verteenwoordigende demokrasie. Hiervolgens word in 'n grondwetlike (konstitusionele) demokrasie die magte en bevoegdhede van die regering in die Grondwet van die staat bepaal. In 'n grondwetlike demokrasie word die verteenwoordigers deur gereelde verkiesings verkies en die wetmakende (wetgewende) funksie is die prerogatief van die gekose lede. Wysigings aan die grondwet vereis ook spesiale proseduriële stappe wat nagekom moet word. Soos reeds aangetoon in punt 2.5, vereis wysigings aan die Grondwet van Suid-Afrika spesiale prosedures van tweederde meerderhede en selfs 75% meerderheid kragtens wysiging van artikel 1 van die Grondwet. **In toepassing van bogenoemde het Suid-Afrika 'n grondwetlike demokrasie binne die konteks van 'n verteenwoordigende demokrasie.**

In 'n verteenwoordigende demokrasie kan aan die beginsels en vereistes soos hierbo gestel, voldoen word, maar dit beteken nie dat die politieke stelsel noodwendig demokraties is nie. Volgens Huntington (1991:7) is die politieke stelsel eers demokraties wanneer die verteenwoordigers deur regverdige, eerlike en periodieke verkiesings verkies word waarin kandidate vrylik en op gelyke basis deelneem en wedywer vir die

kiesers se stemme. Die verkiesing waarin die verteenwoordigers verkies word, moet dus aan sekere vereistes voldoen. Bepaalde kriteria is in punt 2.7.2 gestel waaraan verkiesings moet voldoen om as demokratiese verkiesings beskou te word. Vervolgens sal verkiesings in Suid-Afrika geëvalueer word aan die hand van hierdie kriteria.

7.2.2 Verkiesings in Suid-Afrika – Kriteria vir Demokratiese Verkiesings

In Hoofstuk 2 is kriteria uiteengesit waaraan verkiesings moet voldoen om demokraties te wees. Huntington (1991:305) se kriteria vir 'n demokrasie is gelyke en vrye kompetisie vir stemme tussen politieke partye. Dit stel twee vereistes, naamlik gelyke deelname aan verkiesings en verkiesings wat vry en regverdig moet wees. Verdere kriteria is gestel om toe te sien dat verkiesings gelyk is en internasionale kriteria is gestel vir vry en regverdige (gelyke) verkiesings. Vervolgens sal Suid-Afrika geëvalueer word aan die hand van hierdie kriteria deur middel van toepaslike wetgewing om te bepaal of verkiesings in Suid-Afrika vry, regverdig en demokraties is of nie.

7.2.2.1 *Kriteria vir Demokratiese Verkiesings in Suid-Afrika – Toepassing en Evaluering*

In Hoofstuk 2 onder punt 2.7.2 is die kriteria wat die SAOG (Suidelike Afrika Ontwikkelingsgemeenskap) as internasionale organisasie vir vry en regverdige verkiesings neergelê het, uiteengesit, sowel as die kriteria van die Interparlementêre Unie. Hierdie kriteria sluit Huntington (1991:267, 305) se kriteria in vir 'n demokrasie van gelyke en vrye kompetisie vir stemme tussen politieke partye met minimale inmenging deur die regering. Die kriteria sluit ook Heywood (2000:199) se beginsels in van algemene stemreg, een mens een stem, een mens een waarde, geheime stemming en die keuse vir die kieser tussen verskillende kandidate en/of politieke partye, vir 'n demokratiese verkiesing. Dit is gestel dat indien hierdie beginsels in verkiesings nagekom word, sodanige verkiesings as vry, regverdig en demokraties verklaar kan word.

Suid-Afrika is 'n lidstaat van die SAOG en onderskryf die bepaalde beginsels en riglyne (kriteria) wat deur lidstate gevolg moet word om 'n demokratiese verkiesing te verseker. Ten einde te bepaal of Suid-Afrika hieraan voldoen, sal die bepaalde SAOG-beginsel telkens gestel word en daarna bepaal word of wetgewing in Suid-Afrika bestaan wat die betrokke beginsel onderskryf. Die afsonderlike beginsels is:

SAOG-beginsel 1: *Deelname aan die politieke proses.*

Suid-Afrika se Grondwet (1996) bepaal in artikel 19 (1) dat dit elke burger vry staan om politieke keuses te maak, waarby inbegrepe is die reg om –

- (a) 'n politieke party te stig
- (b) deel te neem aan die bedrywighede van, of lede te werf vir 'n politieke party, en
- (c) hulle vir 'n politieke party of saak te beywer.

SAOG-beginsel 2: *Vryheid van assosiasie.*

Suid-Afrika se Grondwet (1996) bepaal in artikel 18 dat elkeen die reg het op vrye assosiasie.

SAOG-beginsel 3: *Politieke verdraagsaamheid.*

Die Kieswet (Wet 73 van 1998) van Suid-Afrika bepaal in artikel 99 dat alle politieke partye en hulle kandidate 'n gedragskode moet onderteken en aanvaar om aan 'n verkiesing deel te neem. Klousule 1 van die Gedragskode bepaal dat dit die doel van die kode is om omstandighede te skep wat bevorderlik is vir vry en regverdige verkiesings wat insluit verdraagsaamheid van politieke aktiwiteite. Klousule 9 van die Gedragskode bepaal onder andere dat geen politieke party of kandidaat enige ander kandidaat, lede van partye, verteenwoordigers van ander partye, ondersteuners van ander partye of enige kiesers mag intimideer of lasterlike bewerings teen hulle mag maak nie. Artikel 19 (1) soos hierbo kan ook hier toegepas word deurdat elkeen die reg het om 'n politieke party te stig.

SAOG-beginsel 4: *Grondwetlike reëling van gereelde verkiesings.*

Die Grondwet (1996) van Suid-Afrika bepaal in artikel 1 (d) dat die staat gegrond is op die waarde van gereelde verkiesings en 'n veelparty-stelsel van demokratiese regering. Hierdie waarde word bevestig deur artikel 19 (2) van die Grondwet (1996) wat bepaal dat elke burger die reg het op vrye, regverdige en gereelde verkiesings vir enige wetgewende liggaam. Artikel 49 (1) van die Grondwet (1996) bepaal ook dat die Nasionale Vergadering vir 'n termyn van vyf jaar verkies word. Daar moet op gelet word dat art. 74(1) van die Grondwet (1996) bepaal dat art. 1 daarvan, en hierdie artikel [74(1)], slegs met 'n 75% meerderheid in die Nasionale Vergadering en met die steun van minstens ses provinsies in die Nasionale Raad van Provinsies (NRP) gewysig kan word.

SAOG-beginsel 5: *Gelyke toegang tot die staatsmedia.*

In Suid-Afrika bepaal die Wet op die Onafhanklike Uitsaaierheid (Wet 153 van 1993) in artikel 61 dat daar gedurende 'n verkiesingsperiode gelyke behandeling van politieke partye moet wees. Dit geld spesifiek vir die Suid-Afrikaanse Uitsaaierheid.

SAOG-beginsel 6: *Gelyke geleenthede rakende verteenwoordiging en/of stemreg.*

Artikel 19 (3) van die Grondwet (1996) van Suid-Afrika bepaal dat elke volwasse burger die reg het om –

- (a) in die geheim in verkiesings vir enige wetgewende liggaam te stem, en
- (b) 'n kandidaat vir 'n openbare amp te wees en daarin verkies te kan word.

SAOG-beginsel 7: *Onafhanklike regbank en Verkiesingskommissie.*

Die onafhanklikheid van die reg in Suid-Afrika word bepaal deur artikel 165 van die Grondwet (1996) en bepaal dat die regsprekende gesag by die howe berus. Verder bepaal die artikel dat die howe onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en

die reg is. Artikel 181 (saam gelees met artikel 190) van die Grondwet (1996) skep 'n Verkiesingskommissie as instelling en bepaal dat dit onafhanklik en onpartydig moet wees, en dat dit slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe is.

SAOG-beginsel 8: *Kiesersopleiding.*

Die Wet op die Verkiesingskommissie (Wet 51 van 1996) in Suid-Afrika omskryf in artikel 5 die magte, pligte en funksies van die Verkiesingskommissie. Artikel 5 (1) (k) bepaal uitdruklik dat die Verkiessingskommissie die funksie het om kiesers te onderrig en die nodige opleiding aan hulle te verskaf.

SAOG-beginsel 9: *Aanvaarding van verkiesingsuitslag.*

Klousule 4 (2) van die Gedragskode soos in Skedule 2 van die Kieswet (Wet 73 van 1998) in Suid-Afrika bepaal dat elke geregistreerde party en kandidaat die uitslag van die verkiesing moet aanvaar, of dit in 'n hof moet bestry.

SAOG-beginsel 10: *Die bevraagtekening van die verkiesingsuitslag.*

Die Wet op die Verkiesingskommissie (Wet 51 van 1996) in Suid-Afrika skep in artikel 18 'n verkiesingshof vir Suid-Afrika met dieselfde status as 'n Hooggeregshof. Artikel 19 van dieselfde wet bepaal dat die Verkiesingshof uit 'n voorsitter wat 'n Appèlregter moet wees, twee ander regters van die Hooggeregshof en twee burgers van die staat moet bestaan. Hierdie hof hanteer alle aspekte van 'n verkiesing. Dieselfde klousule 4 (2) van die Gedragskode soos in Skedule 2 van die Kieswet (Wet 73 van 1998) in Suid-Afrika, soos hierbo, bepaal ook dat elke geregistreerde party en kandidaat die uitslag van die verkiesing in 'n hof kan bestry of bevraagteken.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Suid-Afrika aan al tien die beginsels van die SAOG ten opsigte van wetgewing voldoen. Vyf van die beginsels (1;2;4;6;7) wat deur die SAOG gestel word, word direk in die Grondwet van Suid-Afrika onderskryf. Dit beteken

dat wysiging van die onderskrywings slegs met 'n tweederde meerderheid in die Nasionale Vergadering gewysig kan word. Ten opsigte van die beginsel van gereelde verkiesings kan die onderskrywing daarvan slegs met 'n 75% meerderheid in die Nasionale Vergadering gewysig word. **Uit bogenoemde is dit duidelik: Suid-Afrika voldoen aan die kriteria wat gestel word vir vry, regverdige en demokratiese verkiesings.**

In die evaluering van die demokratiese bestel en verkiesings in Suid-Afrika voldoen Suid-Afrika aan die kriteria en vereistes wat gestel word. Dit kan dus gestel word dat Suid-Afrika, as verteenwoordigende demokrasie, se verkiesings wetlik gesproke, vry en regverdig is.

Verkiesings mag vry en regverdig wees, maar die reëls wat die werkswyse van die verkiesing bestuur en beheer, is die kiesstelsel. Indien die kiesstelsel nie demokraties is nie, kan die verkiesing ook nie demokraties wees nie. Daar moet dus bepaal word of die kiesstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, aan die kriteria wat vir demokratiese kiesstelsels gestel word, voldoen. In die verdere bespreking word hierop gefokus.

7.2.3 Kiesstelsel in Suid-Afrika – Kriteria vir Demokratiese Kiesstelsels

Soos reeds in Hoofstuk 2 gemeld, vind verkiesings en stemming ooreenkomstig bepaalde reëls plaas. Die kiesstelsel is die stel reëls wat die werkswyse van 'n verkiesing bestuur en beheer. Die doel van 'n kiesstelsel is om die wil van die kiesers, soos uitgedruk by die stembus, om te skakel in verteenwoordigers in 'n wetgewende liggaam en is daarom 'n belangrike element in die demokratiese bestel (Newman & Bennett, 2006:2).

In die bespreking van die liberale demokrasie in punt 2.3.3 is dit gestel dat politieke gelykheid verkry word indien elke individuele burger 'n gelyke geleentheid het rakende die kies van hulle verteenwoordigers. Hierdie gelyke geleentheid word verkry deur middel van die uitoefening van individuele stemreg. Stemreg alleen waarborg nie

politieke gelykheid nie. Stemreg waarborg eers politieke gelykheid wanneer elke burger stem en die kiesstelsel van so 'n aard is dat dit verseker dat elke kieser se stem gelyke gewig ter bepaling van die uitslag dra (Du Toit, 1987:54).

Dit is daarom noodsaaklik dat die kiesstelsel aan demokratiese vereistes wat gestel word, moet voldoen. Indien die kiesstelsel se reëls nie regverdigte verteenwoordiging verseker nie, maak dit verkiesings, en daardeur die politieke stelsel, ondemokraties, en andersom (Reynolds *et al.*, 2005:5). Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel word vervolgens geëvalueer aan die kriteria wat gestel word vir 'n demokratiese kiesstelsel.

7.2.3.1 Tipologie van kiesstelsels – Suid-Afrika se kiesstelsel

In Hoofstuk 3 is 'n tipologie van kiesstelsels van verskeie politieke wetenskaplikes bespreek en indien die tipologie van Reynolds (punt 3.3.3) op Suid-Afrika toegepas word, het Suid-Afrika op nasionale vlak 'n tipiese lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel. Die rede vir hierdie indeling van die kiesstelsel in Suid-Afrika is dat die rasionaal vir proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels die doelbewuste poging is om 'n party se persentasie stemme wat hy in 'n verkiesing verkry het, en die persentasie van die aantal parlementêre setels wat hy gewen het, dieselfde te laat wees. Indien die uitslag in beide die verkiesings van 2004 en 2009 in Suid-Afrika toegepas word, verkry politieke partye byna 'n gelyke persentasie setels in die Nasionale Vergadering as die persentasie stemme wat die partye in die verkiesing gekry het. Die ANC het 69.69 persent van die stemme in die 2004-verkiesing op hom verenig en het 69.75 persent (279 setels) van die setels in die verkiesing gewen. Soortgelyk het die DA 12.37 persent van die stemme en 12.5 persent (50 setels) van die setels gekry. Die IVP het 6.97 persent van die stemme en 7.0 persent (28 setels) van die setels in die Nasionale Vergadering gekry. Dieselfde verhoudings is in die 2009-verkiesing herhaal. In die 2009-verkiesing het die ANC 65.9 persent van die stemme gekry en 66.06 persent (264 setels) van die setels. Die DA het 16.66 persent van die stemme en 16.75 persent (67 setels) van die setels gekry. Die COPE party het 7.42 persent van die stemme en 7.5 persent (30 setels) van die setels in die Nasionale Vergadering gekry. Hierdie uitslae

toon dat Suid-Afrika aan die rasionaal wat vir proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels gestel word, voldoen.

Een van die basiese modelle vir volle proporsionele verteenwoordiging is dié waarby die hele staat as een kiesafdeling beskou word. Daar word algemeen aanvaar dat proporsionaliteit die beste verkry word deur partylyste te gebruik waar politieke partye 'n lys name van kandidate aan kiesers op nasionale en streeksvlak (provinsiale vlak) verskaf. Proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels verskil ook wanneer kiesers tussen politieke partye, individuele kandidate of beide kan kies (Reynolds *et al.*, 2005:57). In lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels stem kiesers vir 'n politieke party en die aantal setels word gevul deur dieselfde aantal kandidate op die partylys, gewoonlik in rangorde. Wetgewing in Suid-Afrika bepaal dat een helfte van die setels in die Nasionale Vergadering, ingevolge artikel 46 van die Grondwet (1996), gevul moet word uit streeklyste soos deur die onderskeie partye voorgelê, met 'n vaste getal setels vir elke streek voorbehou soos deur die Verkiesingskommissie bepaal, en die ander helfte van die setels uit nasionale lysste soos deur die onderskeie partye voorgelê, of uit streeklyste waar nasionale lysste nie voorgelê is nie. Wat die nasionale lysste betref, word die hele staat as een kiesafdeling beskou. Kiesers stem ook vir politieke partye in die Nasionale Verkiesing en nie vir individuele kandidate nie. Hierdie aspekte bepaal dat Suid-Afrika se kiesstelsel volgens Reynolds se tipologie van kiesstelsels, ingedeel kan word by die breë familie van proporsionele kiesstelsels. **Volgens die twaalf hoofstelsels van Reynolds kan die kiesstelsel in Suid-Afrika ingedeel word as 'n geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel.**

7.2.3.2 Kriteria vir Demokratiese Kiesstelsels in Suid-Afrika – Toepassing en Evaluering

In Hoofstuk 4 punt 4.3.1.2 is die twee vereistes vir 'n kiesstelsel om demokraties te wees, soos deur Pickles (1970:23-25) gestel, uiteengesit. Pickles se kriteria behels dat daar eerstens 'n keuse van twee of meer kandidate moet wees om kiesers in staat te stel om 'n voorkeur uit te oefen. Tweedens moet die omstandighede waarin die

verkieping plaasvind dit vir kandidate moontlik maak om op gelyke basis te kan meeding.

Wat die eerste vereiste ten opsigte van 'n keuse van meer as een kandidaat betref, maak die kiesstelsel op nasionale vlak in Suid-Afrika nie vir kandidate voorsiening nie, maar wel vir politieke partye. Enige politieke party wat aan sekere vereistes voldoen, kan by die Verkiesingskommissie registreer om aan die verkiesing deel te neem. Die reëls geld op gelyke basis vir alle partye. Vir die nasionale verkiesing van 2004 het 75 politieke partye by die Verkiesingskommissie geregistreer en 21 het aan hierdie nasionale verkiesing deelgeneem (VK, 2004:43-44). Vir die nasionale verkiesing van 2009 het 156 politieke partye by die Verkiesingskommissie geregistreer en 26 het aan hierdie nasionale verkiesing deelgeneem (VK, 2009:6). Die kern van hierdie vereiste van Pickles is dat die kieser meer as een keuse moet hê wanneer daar gestem word. In die 2004-verkieping het kiesers in Suid-Afrika 'n keuse tussen 21 partye gehad en in die 2009-verkieping 26 partye. Die kiesstelsel in Suid-Afrika voldoen volkome aan hierdie vereiste en die kiesers het selfs 'n groter keuse met die jongste verkiesing gehad.

Vir die tweede vereiste van deelname op gelyke basis stel Pickles (1970:121-125) vier verdere newevereistes. Vervolgens sal die vereistes uiteengesit word en dan sal bepaal word in watter mate wetgewing in Suid-Afrika bestaan om aan elke vereiste te voldoen.

Vereiste 1: Geen normale en wetsgehoorsame burger mag verhinder word om 'n kandidaat te wees nie, mits daar enige redelike kans is dat die kandidaat beduidende steun kan kry. Die kriteria wat gewoonlik geld, is dat voornemende kandidate/partye bepaalde openbare steun moet bewys in die vorm van 'n aantal handtekeninge wat die nominasie steun, asook 'n bewys van erns van deelname in die vorm van 'n deposito wat betaal moet word. Die deposito is terugbetaalbaar indien 'n sekere minimum persentasie van die stemme verwerf word.

Suid-Afrika se Grondwet (1996), artikel 47(1), bepaal dat elke burger wat bevoeg is om te stem, bevoeg is om met sekere uitsonderings verkies te word tot die Nasionale

Vergadering. Hierdie uitsonderings sluit o.a. geestelik versteurde persone, ongerehabiliteerde insolvente en persone met bepaalde kriminele rekords in. Die Kieswet (Wet 73 van 1998) bepaal in artikel 27(2) (e) dat politieke partye 'n deposito moet betaal om aan die verkiesing deel te neem. In die nasionale verkiesing van 2004 was die deposito R150 000 (VK, 2004:44) en in die nasionale verkiesing van 2009 R180 000. Indien 'n party geen verteenwoordiger in die Nasionale Vergadering verkies kry nie, word die deposito verbeur.

Vereiste 2: *Die stemming moet geheim wees sodat geen druk op 'n kieser geplaas word om vir, teen of buite stemming te wees vir 'n bepaalde kandidaat/party nie.*

In Suid-Afrika bepaal die Grondwet (1996) in artikel 19(3)(a) dat elke volwasse burger die reg het om in die geheim te stem, en artikel 90(1) van die Kieswet (Wet 73 van 1998) bepaal verder dat niemand met die reg van 'n kieser om in die geheim te stem mag inmeng nie.

Vereiste 3: *Daar behoort redelik gelyke kiesfasiliteite beskikbaar in 'n kiesersarea te wees. Dit behels dat stemburo's (stempunte) naby kiesers moet wees wat maklik bereikbaar is, en inligting rakende stemtye waartydens kiesers kan stem, moet algemeen bekend wees.*

Die Kieswet (Wet 73 van 1998) in Suid-Afrika het verskeie artikels wat handel oor kiesfasiliteite en kiesersareas. Van die belangrikste is artikels 60 – 67 en behels dat stembedistrikte (kiesersareas) bepaal moet word, dat politieke partye in die bepalings gekonsulteer moet word en bepaal ook die faktore wat in ag geneem moet word by die bepaling van die stembedistrikte. Artikel 61 van die Kieswet bepaal die faktore wat in ag geneem moet word by die bepaling van die stembedistrikte en behels o.a. die beskikbaarheid van 'n geskikte lokaal, die aantal kiesers en die toeganklikheid vir die kiesers. Artikel 64 van die Kieswet handel oor die kiesfasiliteite en bepaal dat daar 'n stempunt (stemburo) in elke stembedistrikt moet wees en noem verskeie faktore wat in ag geneem moet word by die bepaling van die plek waar die stempunt moet wees. Van die

vereistes wat gestel word, is o.a. die afstand wat kiesers na die stempunt moet aflê, toegangsroetes wat toeganklik moet wees, beskikbaarheid van vervoer na die stempunt, verkeersdigtheid by die stempunt, parkeerfasiliteite by die stempunt, die veiligheid en gemaklikheid van die stempunt ensovoorts. Daar word selfs voorsiening gemaak vir mobiele stemburo's met bepaalde vereistes ten opsigte van hoe kiesers ingelig moet word oor die tye en plekke waar die mobiele stempunt op stemdag sal wees. Artikel 36 van die Kieswet bepaal die stemtye wanneer kiesers mag stem.

Vereiste 4: *Daar behoort gelyke voorwaardes te geld vir werwingsveldtogte. Die belangrikste kriteria in moderne tye is: (i) om beperkings te plaas op hoeveel 'n party in sy verkiesingsveldtog mag bestee; (ii) om wetgewing te hê wat korrupsie en omkoperij baie moeilik maak en effektief in howe kan straf; en (iii) om voorsiening te maak vir gelyke geleenthede vir partye om deur middel van die massamedia van radio en televisie 'n oproep op die kiesers te kan doen ter ondersteuning van die party.*

In Suid-Afrika word geen beperkings geplaas op hoeveel 'n party in verkiesingsveldtogte mag bestee nie. Daar is egter wel wetgewing wat bepaalde gelyke voorwaardes ten opsigte van werwingsveldtogte stel. Artikel 92 van die Kieswet (Wet 73 van 1998) bepaal dat, van die oomblik van proklamasie van die verkiesing tot die amptelike bekendmaking van die uitslag daarvan, niemand 'n plakkaat, advertensiebord of biljet van 'n kandidaat of party mag beskadig of onwettig mag verwyder nie. Elke party en sy kandidate onderteken ook 'n gedragskode ingevolge die Kieswet en die doel van die gedragskode is om omstandighede te skep wat bevorderlik is vir vry en regverdige verkiesings, wat insluit verdraagsaamheid van politieke aktiwiteite en vrye politieke werwing en openbare debat. Artikel 87 van die Kieswet bepaal ook dat geen kieser in die verkiesing onbehoorlik beïnvloed (omkoperij / korrupsie) mag word nie.

Die Wet op die Onafhanklike Uitsaaioowerheid (Wet 153 van 1993) in artikel 61 bepaal dat daar gedurende 'n verkiesingsperiode gelyke behandeling van politieke partye moet wees.

Die Suid-Afrikaanse geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel maak dit moontlik dat kiesers meer as een keuse het wanneer hulle stem. Die kiesstelsel voldoen ook aan al die vereistes, soos deur Pickles hierbo gestel, om gelyke deelname van kiesers te verseker. Hierdeur voldoen Suid-Afrika se kiesstelsel aan die kriteria wat gestel word vir 'n demokratiese kiesstelsel. **Die kiesstelsel van Suid-Afrika maak dus nie die verkiesings in Suid-Afrika ondemokraties nie.**

Verskillende kiesstelsels het verskillende reëls wat die uitslag van 'n verkiesing kan verander oor wie regeer of nie. Omdat die reëls die uitslag van die verkiesing kan verander, maar steeds aan die demokratiese vereistes voldoen, is kriteria van minimum vereistes vir 'n goeie kiesstelsel bepaal.

Hoewel die Suid-Afrikaanse kiesstelsel gelyke deelname van kiesers, met betrekking tot demokratiese vereistes verseker en kiesers meer as een keuse van kandidate het, moet bepaal word of die kiesstelsel aan die kriteria van minimum vereistes vir 'n goeie kiesstelsel voldoen. Ten einde dit te bepaal moet die kiesstelsel in Suid-Afrika geëvalueer word aan die kriteria van minimum vereistes waaraan 'n goeie kiesstelsel behoort te voldoen, wat dus ook volg.

7.2.3.3 Kiesstelsel in Suid-Afrika: toepassing en evaluering van die kriteria vir 'n goeie kiesstelsel

Hoewel Suid-Afrika aan al die vereistes wat vir 'n verteenwoordigende demokrasie, demokratiese verkiesings en demokratiese kiesstelsel gestel word, voldoen, moet die kiesstelsel geëvalueer word ten opsigte van die norm van minimum vereistes wat gestel word waaraan 'n goeie kiesstelsel behoort te voldoen. 'n Goeie kiesstelsel wat legitimiteit aan 'n parlement wil verleen om aan demokratiese vereistes te voldoen, behoort volgens Reynolds, Reilly en Ellis aan sekere minimum vereistes te voldoen. In Hoofstuk 4 punt 4.4 is sodanige tien kriteria deur Reynolds *et al.* (2005:9-14) bepaal. Elke vereiste (kriterium) sal gestel word en daarna sal die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel van Suid-Afrika daarteen geëvalueer word deur te

bepaal of die kiesstelsel aan die vereiste voldoen, en in watter mate aan die vereiste voldoen word.

Vereiste 1: *Die kiesstelsel moet voorsiening maak vir breë verteenwoordiging (die gemeenskapsdiversiteit van die bevolking moet weerspieël word met betrekking tot geslag, taal, geloof en etnisiteit).*

Breë verteenwoordiging volgens hierdie vereiste sluit vier vorme van verteenwoordiging in, naamlik geografiese, ideologiese, party-politieke en beskrywende (taal, geloof, geslag, etnies) verteenwoordiging.

Geografiese verteenwoordiging behels dat elke streek, soos 'n provinsie, lede in die wetgewer verkies kry wat verantwoordbaar is aan die gebied. Suid-Afrika het nege provinsies en die kiesstelsel maak voorsiening dat 200 van die 400 verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering uit streeklyste verkies word. Die Verkiesingskommissie bepaal die aantal verteenwoordigers (setels) vir elke provinsie. In die nasionale verkiesings van 2004 en 2009 is die aantal verteenwoordigers vir elke provinsie soos in Tabel 32 bepaal.

Tabel 32: Getal setels gereserveer vir elke streek vir die nasionale vergadering vir die verkiesings van 2004 en 2009

STREEK / PROVINSIE	SETELS-2004	SETELS-2009
Oos-Kaap	28	26
Vrystaat	13	12
Gauteng	45	47
KwaZulu-Natal	37	39
Limpopo	21	19
Mpumalanga	14	15
Noordwes	17	14
Noord-Kaap	4	5
Wes-Kaap	21	23
Totaal	200	200

Hoofstuk 7: Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel – 'n kritiese beskouing, evaluering en alternatiewe raamwerke

Uit bostaande tabel is daar afwykings op die aantal setels tussen 2004 en 2009. Die rede is dat dit verband hou met die aantal geregistreerde kiesers in die bepaalde gebiede. Weens migrasie het sommige provinsies meer en ander minder geregistreerde kiesers as wat hulle in 2004 gehad het. Die kiesstelsel voldoen aan die vereiste van geografiese verteenwoordiging, aangesien elke provinsie/streek verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering verkry.

Ideologiese verteenwoordiging, wat behels dat ideologiese verskille in die gemeenskap verteenwoordig word, geskied in Suid-Afrika deur middel van politieke partye. Die kiesstelsel maak nie voorsiening vir onafhanklike verteenwoordigers nie. In die nasionale verkiesing van 2004 het twaalf politieke partye verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering verkry en in die 2009-verkiesing het dertien partye verteenwoordiging verkry. Hierdie politieke partye verteenwoordig verskillende ideologieë. Tussen partye wat oorwegend swart ondersteuners het, bestaan ideologiese verskille, byvoorbeeld tussen die ANC, IVP, AZAPO, PAC, UCDP en UDM. Tussen partye wat oorwegend wit ondersteuners het, bestaan daar ook ideologiese verskille, byvoorbeeld tussen die DA en die VF Plus. Ideologiese verskille met betrekking tot godsdiens word ook verteenwoordig soos die VF Plus, ACDP, UCDP en IVP wat sterk voel oor Christelike waardes en dit pertinent verklaar in hulle onderskeie grondwette. Die Al Jama-Ah party is 'n politieke party wat hom beywer vir Moslem-belange. Politieke partye wat sterk voel oor minderheidsregte word verteenwoordig deur partye soos die VF Plus en die MF. Die lysproporsionele kiesstelsel maak dit moontlik dat verskillende politieke partye met verskillende ideologieë aan die verkiesing kan deelneem. Elke kieser se stem word getel en die vermorste stem is baie klein. Dit bring mee dat van hierdie partye selfs net een verteenwoordiger verkies kry, maar daardeur word verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering verseker. Die kiesstelsel in Suid-Afrika voldoen aan die vereiste van ideologiese verteenwoordiging.

Die wil van die burgers word baie sterk deur party-politieke verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering weerspieël. Dit is as gevolg van die kiesstelsel wat verseker dat

Hoofstuk 7: Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel – ‘n kritiese beskouing, evaluering en alternatiewe raamwerke

die persentasie verteenwoordigers wat ‘n party verkry, feitlik dieselfde is as die persentasie stemme wat die party in die verkiesing gekry het (sien punt 7.2.3.1 hierbo).

Die kiesstelsel voldoen aan die vereiste van beskrywende (taal, geloof, geslag, etnies) verteenwoordiging, aangesien die Nasionale Vergadering, na sowel die 2004- en die 2009-verkiesing, in ‘n groot mate ‘n “spieël” van die Suid-Afrikaanse nasie is. Suid-Afrika het elf etniese groepe en die grondwet (1996) erken in artikel 6 al elf as amptelike tale. Die Nasionale Vergadering het vertaalfasiliteite vir elk van hierdie elf amptelike tale en verteenwoordigers lewer voortdurend toesprake in hulle moedertaal. Die kandidate van die politieke partye volgens die ingediende kandidaatlyste in die 2009-verkiesing was ook ‘n goeie weerspieëling van ouderdom en geslag, en word in Tabel 33 aangetoon (VK, 2009:31).

Tabel 33: Ouderdom en geslag van kandidate van politieke partye in die 2009-verkiesing

OUERDOM	18-19	20-29	30-39	40-49	50-59	60+	TOTAAL
Vroulik	21	401	818	1100	818	353	3511
Manlik	12	435	1352	1683	1290	847	5619
Totaal	33	836	2170	2783	2108	1200	9130

Die kandidate van die politieke partye het mans, vroue, jeugdige en senior burgers ingesluit en vroue was 38,5 persent van die kandidate. Die kiesstelsel het verseker dat 42,3 persent vroue, of 169 van die 400 verteenwoordigers, na die verkiesing in die Nasionale Vergadering aangewys is. Dit plaas Suid-Afrika sewende op die lys van 189 state ten opsigte van die meeste vroue in die parlement (IPU, 2012b).

Suid-Afrika se nasionale kiesstelsel voldoen goed aan die eerste vereiste van breë verteenwoordiging.

Vereiste 2: *Die kiesstelsel moet verkiesings toeganklik en betekenisvol maak (eenvoud en kiesergeletterdheid moet in ag geneem word).*

Die kiesstelsel maak nie voorsiening vir individue op die stembrief nie – slegs vir politieke partye. Die stembrief se ontwerp word bepaal in artikel 68 van die Kieswet (Wet 73 van 1998) en die Verkiesingskommissie moet sekere riglyne volg. Die stembrief in al die nasionale verkiesings in Suid-Afrika bevat die naam van die party, die embleem van die party, die afkorting van die party en 'n kleurfoto van die nasionale leier van die party (VK, 2009:110). Volgens Statistiek Suid-Afrika (2011:14) is Suid-Afrika 'n ontwikkelende staat en die ongeletterdheidsyfer in 2002 vir persone 20 jaar en ouer, was 27,9 persent. In 2011 het hierdie syfer verlaag na 18,1 persent. In die ouderdomsgroep vir vroue 60 jaar en ouer was die ongeletterdheidsyfer in 2002 egter 58,7 persent en het in 2011 afgeneem na 49,3 persent. Vir mans in dieselfde ouderdomsgroep (60+) was 53,5 persent ongeletterd in 2002 en in 2011 was dit 43,1 persent. In 2011 was feitlik die helfte van vroue ouer as 60 jaar steeds ongeletterd. Hierdie vereistes vir die ontwerp van die stembrief maak dit maklik en eenvoudig vir die kiesers om hulle keuse van 'n party op die stembrief te identifiseer en daarvoor te stem.

Wetgewing, soos reeds hierbo gestel, vereis dat stembedstrikte volgens sekere riglyne met 'n stempunt binne die stembedstrik bepaal moet word. In die nasionale verkiesing van 2004 was daar 16 966 stembedstrikte en in dié van 2009 was daar 19 726 stembedstrikte. Daar was 'n konstante toename van stembedstrikte en ten opsigte van die 1999-verkiesing teenoor die 2009 verkiesing was daar 'n 35 persent toename van stembedstrikte (VK, 2009:14). Die vermeerdering van stembedstrikte het daartoe bygedra dat 86 persent van die kiesers binne 30 minute of minder hulle stemburo (stemlokaal) kon bereik, en 80 persent van die kiesers het 60 minute of minder gewag om te kan stem (VK, 2009:15). Die Verkiesingskommissie wend spesiale pogings aan om kiesers vir verkiesings te laat registreer. In die 2004- en die 2009-verkiesing was alle stemburo's waar kiesers kon registreer 2 naweke lank beman. In die 2009-verkiesing het 1 648 189 nuwe kiesers die eerste naweek geregistreer en 1 508 642 nuwe kiesers die tweede naweek (VK, 2009:19-20). Hierdeur word kieserslyste meer op datum

gebring voordat 'n nasionale verkiesing plaasvind en word dit maklik vir kiesers gemaak om wel te registreer.

Kiesersdeelname in Suid-Afrika is hoog. In die 2004-verkiesing was die stempersentasie 76,7 en in die 2009-verkiesing het 77,3 persent van geregistreerde kiesers gestem (VK, 2009:93). Die vermorste stem in die 2004-verkiesing was slegs 0,74 persent van die totale stemme (Reynolds *et al.*, 2005:27). In die 2009-verkiesing was daar 134 614 stemme uit 17 680 729 stemme wat uitgebring was vir politieke partye, wat nie verteenwoordigers verkies gekry het nie en die vermorste stem was dus 0,76 persent (VK, 2009:100). Die lae persentasie van vermorste stemme word toegeskryf aan die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel in Suid-Afrika. Hierdeur maak die kiesstelsel die verkiesing betekenisvol, want kiesers voel dat hulle stemme wel bydra daartoe om hulle politieke party se kandidate verkies te kry en dit word ook in die hoë stempersentasies weerspieël.

Die kiesstelsel van Suid-Afrika voldoen ten volle aan hierdie vereiste.

Vereiste 3: *Die kiesstelsel moet versoening aanmoedig (dien as konflikbestuur in 'n gemeenskap).*

Suid-Afrika se verlede word gekenmerk deur konflik, en die stemregkwessie is breedvoerig in Hoofstuk 5 behandel. Die konflik en stemregkwessie het om ras in Suid-Afrika gesentreer, en nie om klasseverskille nie. Saam met die kwessie van ras was minderhede (wit) teenoor meerderhede (swart) gestel. In die debat rakende die stemregkwessie was die argument deurentyd dat 'n minderheid nie 'n meerderheid kan regeer nie. Suid-Afrika is om hierdie rede 'n staat met erg verdeelde gemeenskappe. Dit is daarom belangrik dat die huidige kiesstelsel hierdie konflik van die verlede moet kan bestuur. Indien Suid-Afrika 'n kiesstelsel sou gebruik waardeur minderhede, soos die wit kiesers, sou voel dat hulle stem oorweldig sou word deur die swart meerderheid, wat 'n omgekeerde situasie sou skep soos voor 1994 in Suid-Afrika, sou hernude konflik en onstabieleit kon ontstaan. Die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel van

Suid-Afrika is een van die kiesstelsels wat aanbeveel word deur Reynolds om konflik op te los en akkommoderend te wees in verdeelde gemeenskappe. Ook Lijphart (1984:41-53) beveel aan dat lysproporsionele kiesstelsels die beste is om konflik in verdeelde gemeenskappe op te los en versoening te bewerkstellig.

In Suid-Afrika het die bestaande kiesstelsel tot gevolg dat minderhede ook verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering verkies kan kry. Tans, na die 2009-verkiesing, is daar dertien verskillende politieke partye waarvan vier elk een verteenwoordiger in die Nasionale Vergadering het. Die African People's Convention (APC) het een verteenwoordiger verkies gekry met so min as 35 867 stemme. Die DA, as amptelike opposisie, het in 2008 sy embleem verander met die doel om oor kleurgrense heen meer inklusief te wees en ook sy beleid aangepas om voorsiening te maak daarvoor dat hy oor kleurgrense heen 'n beroep op kiesers kan maak om vir die party te stem (DA, 2012). Die kiesstelsel maak dit vir die DA makliker om werwingsveldtogte buite sy tradisionele stembasis te kan voer om meer inklusief te wees. Kiesers kan nou fokus op die beleid van die party en kandidate hoef nie selektief as swart of wit kandidate in kiesafdelings geplaas te word onder byvoorbeeld 'n meerderheidskiesstelsel soos die kiesafdeling-kiesstelsel nie. Hierdeur dra die proporsionele kiesstelsel by tot versoening in Suid-Afrika en voldoen aan die vereiste norm.

Vereiste 4: Die kiesstelsel moet 'n bydrae lewer tot 'n stabiele en effektiewe regering (kiesers moet die kiesstelsel as regverdig beskou).

Die kern van hierdie vereiste of norm is eerstens dat die kiesstelsel deur die kiesers beskou en ervaar moet word as 'n regverdige kiesstelsel en dat dit nie teen spesifieke politieke partye of belangegroepes diskrimineer nie. Tweedens moet hulle die kiesstelsel ervaar as dat dit 'n werkende meerderheid in die wetgewer bewerkstellig om 'n regering te bepaal wat effektief kan regeer.

'n Goeie aanduiding of kiesers 'n kiesstelsel as regverdig ervaar, is hulle deelname aan 'n verkiesing. Indien kiesers die kiesstelsel as onbillik ervaar, raak hulle apaties en is die stempersentasies in verkiesings laag, want kiesers vind dit nie die moeite werd om aan die verkiesing deel te neem nie. Soos reeds hierbo gestel, was die stempersentasie 76,7 in die 2004-verkiesing en 77,3 in die 2009-verkiesings in Suid-Afrika. Hierdie uitslae dui daarop dat die kiesers in Suid-Afrika graag aan die verkiesings deelneem en daardeur die kiesstelsel as regverdig teenoor alle partye beskou. 'n Verdere aanduiding van regverdigheid van 'n kiesstelsel is dat die verkiesingsuitslae nie verwring word nie. Dit beteken dat die persentasie stemme wat 'n party in 'n verkiesing kry, ooreen stem met die persentasie setels wat die party in die wetgewer kry. In punt 7.2.3.1 hierbo word aangetoon dat die lysproporsionele kiesstelsel in Suid-Afrika feitlik geen verwringing van die uitslae meebring nie en billik is teenoor politieke partye.

Een van die kritiekpunte teen die proporsionele kiesstelsel is dat dit gewoonlik nie werkende meerderhede in wetgewers tot gevolg het nie, en dat regerings gewoonlik deur koalisies van politieke partye gevorm word. In Suid-Afrika is dit egter anders en in al die verkiesings was daar 'n werkende meerderheid en is geen koalisieregerings geskep nie. In die 2004-verkiesing het die regerende ANC 'n meerderheid van 69.75 persent in die Nasionale Vergadering gehad (VK, 2004:60) en in die 2009-verkiesing 'n 66 persent meerderheid (VK, 2009:100).

Hieruit kan gestel word dat die kiesstelsel deur die kiesers as regverdig beskou word, dat dit nie teen spesifieke politieke partye of belangegroepe diskrimineer nie, dat die verkiesingsresultate regverdig is en 'n werkende meerderheid verseker en derhalwe goed aan die vereiste voldoen.

Vereiste 5: *Die kiesstelsel moet die regering verantwoordbaar hou.*

In hierdie vereiste behels die verantwoordbaar hou van die regering dat die kiesstelsel dit moontlik moet maak dat, indien die regering nie na die wense van die kiesers regeer en diens lewer nie, die kiesers die regering kan verander. Die kiesstelsel moet kiesers

in staat stel om by verkiesings die regering te kan uitstem. Kritiek teen meerderheidskiesstelsels is dat dit deur regerings misbruik kan word en aan bewind bly selfs met 'n minderheid van die kiesers se steun. Die proporsionele kiesstelsels, daarenteen, verseker dat indien die meerderheid van die kiesers teen 'n regering stem, die regering nie 'n meerderheid verteenwoordigers in die wetgewer kan verkry nie. Die lysproporsionele kiesstelsel in Suid-Afrika wat 'n parlementêre regeringsvorm het waar die parlement beheer en toesig kan uitoefen op die uitvoerende gesag, verseker dat die regering nie deur 'n minderheid regeer nie. Hierdeur besef die regering dat hy deur die meerderheid kiesers uitgestem kan word as regering en verseker die kiesstelsel verantwoording deur die regering. Suid-Afrika se kiesstelsel voldoen aan die gestelde vereiste.

Vereiste 6: *Die kiesstelsel moet verantwoording deur individuele verteenwoordigers verseker.*

Hierdie vereiste bepaal verantwoordelikheid van en verantwoording deur gekose verteenwoordigers teenoor die publiek, wat goeie skakeling en interaksie tussen die publiek en die verteenwoordigers in wetgewers behels. Die kwaliteit en kwantiteit van hierdie interaksies bepaal die verteenwoordigingsvermoë van die wetgewer op twee wyses. Eerstens, die inskakeling van insette deur die publiek in die maak van wette of die oorsigproses in die wetgewer. Tweedens, kiesersgevallewerk waar verteenwoordigers skakel en bystand verleen aan kiesers wat vrae oor regeringsbeleid of programme stel, of wat griewe en probleme het met die regering.

Wat die inskakeling van insette deur die publiek in die maak van wette of die oorsigproses in die Nasionale Vergadering betref, bepaal die Grondwet (1996) van Suid-Afrika openbare toegang tot en betrokkenheid in die Nasionale Vergadering. Artikel 59 van die Grondwet (1996) bepaal dat die Nasionale Vergadering openbare betrokkenheid in die wetgewende en ander prosesse van die Vergadering en sy komitees moet vergemaklik, sy werksaamhede op 'n oop wyse moet verrig, en sy sittings en dié van sy komitees in die openbaar moet hou. Artikel 56(d) van die

Grondwet (1996) bepaal ook dat die Nasionale Vergadering of enige van sy komitees van enige belanghebbende persone of instellings petisies, versoë of voorleggings kan ontvang.

In die praktyk word uitvoering aan hierdie grondwetlike vereistes gegee. Die Nasionale Vergadering se komitees plaas advertensies in nasionale koerante waar die publiek en/of instansies uitgenooi word om voorleggings oor wetsontwerpe in te dien. By die betrokke komitee word die persone of instansies geleentheid gegun om die komitee verder oor die voorlegging in te lig. Die publiek kan ook petisies by die Nasionale Vergadering indien. 'n Petisie is 'n formele versoek aan die Nasionale Vergadering om in 'n bepaalde aangeleentheid in te gryp en kan deur 'n individu of 'n groep persone versoek word. 'n Petisie moet deur 'n Lid van die Parlement ingedien word en die publiek kan enige lid nader om dit in te dien. 'n Volledige lys name van al die Lede van die Parlement met kontakbesonderhede, politieke affiliasies en kieserskantore is op die internet op die webbladsy van die parlement beskikbaar (Parlement, 2012).

Wat die inskakeling van insette deur die publiek in die maak van wette of die toesigproses in die Nasionale Vergadering betref, is daar wetgewing wat verseker dat hierdie skakeling en insette plaasvind. Die verantwoordingsaspek ten opsigte van die wetgewende instelling is goed in Suid-Afrika en voldoen aan die een vereiste van verantwoording.

Wat die tweede vereiste van verantwoording deur verteenwoordigers aan die kiesers betref, is die kritiek teen proporsionele kiesstelsels dat daar minder verantwoording is aan kiesers as in die geval van, byvoorbeeld meerderheidkiesstelsels, soos die enkellid-wenner-vat-alles-kiesstelsel. Politieke wetenskaplikes het meningsverskille hieroor, soos in punt 4.4.6 bespreek is.

In Suid-Afrika skep die parlement egter spesiale reëlings om die skakeling tussen verteenwoordigers en die kiesers te bevorder. Eerstens begroot die Parlement 'n toelaag ("kieserstoelaag") vir elke verteenwoordiger wat voldoende is sodat die

verteenwoordiger 'n kantoor in 'n bepaalde streek/dorp/provinsie kan vestig. Die kantoor moet gevestig word met personeel wat as sleutelpunt dien waar kiesers verteenwoordigers kan ontmoet en skakel en dit word jaarliks geoudit. Tweedens word aan elke verteenwoordiger 86 enkel vliegtuigkaartjies per jaar toegeedeel volgens die fasiliteite vir lede van die parlement vir gebruik om te kan reis (Parlement, 2009). Derdens word die program van die Nasionale Vergadering so gereël dat minstens elke Maandag van die week opsygesit word vir kieserswerk (constituency work) sodat die verteenwoordigers by hulle kieserskantore beskikbaar kan wees (sien Bylaag E).

Die beskikbaarstelling van fondse deur die parlement aan verteenwoordigers om kieserskantore te vestig om skakeling met die kiesers te verbeter en meer toeganklik te maak noodsaak verteenwoordigers om skakeling met die kiesers te verseker. Die verskillende politieke partye het elkeen sy eie reëls ten opsigte van waar die partye se verteenwoordigers die kieserskantore vestig.

In die geval van die huidige regerende ANC maak die party sy eie geografiese indelings as sogenaamde 'kiesafdelings'. Die indelings word gebaseer op distriksmunisipaliteite se grense in elke provinsie. Binne die distriksmunisipaliteit word die gebied verder verdeel, gebaseer op munisipale grense. In sommige gevalle word 'n munisipaliteit se grense net so behou as 'n 'kiesafdeling' en soms word twee of meer munisipaliteite se grense saamgevoeg as een 'kiesafdeling'. Bepaalde 'kiesafdelings' word toegewys aan bepaalde verteenwoordigers wat 'n kieserskantoor in die gebied moet vestig. Verteenwoordigers wat deur die streeklyste van provinsies tot die Nasionale Vergadering verkies is, word in die bepaalde provinsie aan 'n 'kiesafdeling' toegewys en verantwoordelik gehou. Die betrokke verteenwoordiger is verantwoordelik daarvoor om inligtingsvergaderings met die kiesers in die bepaalde geografiese gebied te hou. Verder moet die verteenwoordiger probleme van kiesers in sy gebied hanteer. Die ANC voer ook beheer en kontrole uit oor die verteenwoordigers deurdat hulle teenwoordigheid op kantoor deur ampsdraers van die party gekontroleer word. Dit sluit aan by die dae wat die Nasionale Vergadering reserveer vir kieserswerk in kieserskantore. Sou 'n verteenwoordiger nie na wense presteer nie, word stappe teen

sodanige verteenwoordiger ingestel en kan hy/sy selfs as verteenwoordiger deur die ANC ontslaan word (Oosthuizen, 2012).

Die DA, as die huidige amptelike opposisie in die Nasionale Vergadering, het 'n soortgelyke reëling ten opsigte van kieserskantore. Die DA se indeling van 'n 'kiesafdeling' is 'n gebied wat as 'n eenheid geadministreer kan word en uit een of meer aangrensende plaaslike munisipaliteite kan bestaan. In die geval van 'n metropolitaanse gebied is die bepaalde gebied, en indien nodig aangrensende wyke, die 'kiesafdeling'. Verteenwoordigers wat op die streeklyste van 'n bepaalde provinsie tot die Nasionale Vergadering verkies is, word verantwoordelik gehou vir 'n kieserskantoor in die provinsie wat die party aan hom/haar toedeel. Die funksies van die verteenwoordiger is om met die kiesers te skakel deur vergaderings en beskikbaarheid by die kieserskantoor. Die DA het ook beheer en kontrole oor die verteenwoordigers en kan hulle van hulle amp as verteenwoordiger onthef weens swak prestasie (Watson, 2012).

Die verantwoording deur verteenwoordigers aan die kiesers word verder versterk deur die interne reëlings van die onderskeie politieke partye. Hierdie reëling sluit aan by van die standpunte en argumente van politieke wetenskaplikes in punt 4.4.6, dat proporsionele kiesstelsels nie noodwendig minder verantwoording meebring nie. Die voorbeelde van die ANC en DA gee in 'n mate ook uitvoering aan Venter se voorstel om verantwoording binne 'n proporsionele kiesstelsel te versterk (Faure & Venter, 2001:136).

Kiesers in Suid-Afrika verkry dus direkte inspraak in en beïnvloeding van die Nasionale Vergadering deur in verkiesings te stem om verteenwoordigers aan te wys, deur bywoning van die vergaderings van die Nasionale Vergadering en sy komitees, deur voorleggings te kan maak by wetsontwerpe, deur petisies te kan indien en direk met verteenwoordigers te kan skakel. Indirekte maniere waarop kiesers die parlement kan beïnvloed, is deur aansluiting by 'n politieke party en werwing buite die parlement deur protesoptogte. Politieke partye vestig kieserskantore en kry 'n begroting vir die funksionering daarvan by die parlement om direkte skakeling met kiesers te verbeter.

Met die moderne tegnologie van die internet is skakeling met die verteenwoordigers ook veel makliker en vinniger as in die verlede.

Deur hierdie optredes word verantwoording deur individuele verteenwoordigers verseker en word aan die vereiste soos gestel, voldoen.

Vereiste 7: *Die kiesstelsel moet die bevordering van politieke partye aanmoedig (veelpartye).*

Die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel in Suid-Afrika moedig die bevordering van politieke partye aan en skep 'n veelpartystelsel. Soos reeds aangedui, was daar in die Nasionale Vergadering twaalf verskillende politieke partye na die nasionale verkiesing van 2004 verteenwoordig, en dertien partye na dié van 2009. In elke verkiesing vanaf 1994 (1999, 2004, 2009) het die ANC na elke nasionale verkiesing meer as 60% van die setels in die Nasionale Vergadering gewen. Mattes (2006:107) beskou state waar die wenparty in minstens twee opeenvolgende verkiesings meer as 60 persent van die stemme wen, as 'n staat met 'n dominante partystelsel. In die 2004-verkiesing het die ANC soveel as 69,75 persent van die setels verower. Hoewel Suid-Afrika 'n veelpartystelsel het, wat kenmerkend is van 'n proporsionele kiesstelsel, sluit dit 'n dominante politieke party in. Dit is afwykend van proporsionele kiesstelsels, maar kan toegeskryf word aan die historiese verlede van verdeelde gemeenskappe in Suid-Afrika. Die swart meerderheid (\pm 80% van die bevolking) stem oorwegend vir die regerende ANC, terwyl die wit minderheid oorwegend vir opposisiepartye stem. Dit is tans 'n gevolg van die historiese stemkessie in Suid-Afrika. Daar is egter 'n afname in die meerderheid van die ANC van die 2004-verkiesing af van 69,75 persent na 66,06 persent in die 2009-verkiesing. In watter mate die ANC sy dominansie sal behou en of die steun in 'n afwaartse kurwe sal bly, sal in die 2014-verkiesing bepaal kan word.

Nieteenstaande die dominante posisie van die ANC bevorder die proporsionele kiesstelsel die bevordering van politieke partye.

Vereiste 8: *Die kiesstelsel moet wetgewende opposisie en toesig bevorder en versterk.*

Hoewel die ANC 'n dominante meerderheid in die Nasionale Vergadering het, is dit tans minder as twee derdes. Na die 2004-verkiesing kon die ANC met sy 69,75 persent meerderheid eensydig die meeste artikels van die Grondwet verander. Die opposisiegroepering (al die opposisiepartye saam) was toe te klein om effektief te kon wees as opposisie. Sodanige meerderheid is nie bevorderlik vir die demokrasie nie, aangesien die meerderheid sy mag kan misbruik om wysigings aan die Grondwet aan te bring om sy posisie te versterk. Die lysproporsionele kiesstelsel het egter bygedra daartoe dat opposisiepartye in die 2009-verkiesing steeds aan die verkiesing deelgeneem het omdat die kiesstelsel verseker dat elke stem tel. Indien dit nie die geval was nie, kon kiesers wat opposisiepartye ondersteun, geredeneer het dit is nie die moeite werd om aan die verkiesing deel te neem nie. Die deelname het meegebring dat die opposisiegroepering nou meer effektief is, aangesien die regerende ANC nou opposisiepartye se steun nodig het om enige grondwetlike veranderings aan te bring. Dit het ook bygedra tot die bevordering van 'n veelpartystelsel. Die opposisiepartye het 'n Veelparty- Opposisieforum (Multi-party Forum, 2007) gevorm waarin opposisiepartye saamwerk om verantwoording van die regerende ANC te verseker. Die ANC moet nou meer kennis neem en oorweging skenk aan die kritiese argumente en bevraagtekening van die prestasies van die uitvoerende gesag. Die kiesstelsel versterk en bevorder dus die toesigrol van die opposisiepartye.

Vereiste 9: *Die kiesstelsel moet die verkiesingsproses volhoubaar maak (bv. koste en administratiewe vermoëns).*

Indien Reynolds, Reilly en Ellis se tabel van potensiële koste en administratiewe implikasies (Tabel 10 punt 4.4.9) vir die twaalf kiesstelsels gekwantifiseer word, kan bepaal word watter kiesstelsel die minste koste en minste ingewikkeldheid toon. Die sleutel van die tabel word gekwantifiseer deur $a=1$, $b=2$ en $c=3$ te verander en is soos in Tabel 34.

Tabel 34: Kwantifisering van potensiële koste en adminstratiewe ingewikkeldheid van die twaalf kiesstelsels

	AFBAKENING VAN KIES-AFDELINGS	KIESERS-REGISTRASIE	STEMBRIEF ONTWERP EN DRUK	KIESERS-OPLEIDING	AANTAL STEMDAE	TUSSEN-VERKIESINGS	DIE TELPROSES	TOTAAL
WVA	3	3	1	1	1	3	1	16
BS	2	2	2	2	1	3	2	14
TRS	3	3	3	2	3	3	2	19
AS	3	3	1	3	1	3	2	16
PBS	2	2	1	1	1	1	1	9
LysP	1	3	2	2	1	1	1	11
EOS	2	2	2	3	1	3	3	16
PS	2	3	2	2	2	2	3	16
GLP	2	3	2	3	2	2	3	17
BT	2	3	2	3	1	3	2	16
ENOS	2	2	2	1	1	3	1	12
BepS	2	2	2	2	1	3	2	14

Skaal: A= voldoen goed aan die vereiste; B= voldoen matig aan die vereiste; C= voldoen swak aan die vereiste

Met toepassing van die kwantifisering is die partyblokstem (9 punte), wat 'n meerderheidskiesstelsel is, die kiesstelsel met die minste koste en ingewikkeldheid. Daarna volg die lysproporsionele kiesstelsel (11 punte) en die enkel nieoordraagbarestem-kiesstelsel (12 punte). Gemeet aan bostaande kriteria, voldoen die lysproporsionele kiesstelsel in Suid-Afrika goed aan die vereiste van 'n volhoubare kiesstelsel.

Vereiste 10: *Die kiesstelsel moet internasionale standaarde in ag neem.*

Daar is nie een volledige stel wêreldwyd aanvaarde internasionale standaarde vir kiesstelsels nie. Politieke wetenskaplikes is dit ook met mekaar eens dat daar nie een algemene kiesstelsel bestaan wat as die beste vir alle state beskou kan word nie. Konsensus bestaan wel wêreldwyd dat kiesstelsels vry en regverdig verkiesings moet verseker. Rakende vry en regverdig verkiesings het verskillende internasionale organisasies kriteria neergelê waaraan voldoen moet word om vry en regverdig verkiesings te verseker. Suid-Afrika se kiesstelsel is reeds in punt 7.2.2.1 hierbo geëvalueer ten opsigte van internasionale standaarde wat gestel word vir vry en regverdig verkiesings, soos gestel deur die SAOG. In die evaluering is bevind dat Suid-Afrika se kiesstelsel aan al die gestelde internasionale standaarde voldoen.

Samevattend uit die evaluering hierbo kan dit gestel word dat die kiesstelsel in Suid-Afrika aan al die kriteria en minimum vereistes voldoen wat gestel word vir 'n goeie kiesstelsel om demokratiese verkiesings te verseker. Hierdeur word legitimiteit aan die parlement binne die raamwerk van 'n verteenwoordigende demokrasie verseker. Hoewel die kiesstelsel aan al die vereistes voldoen, is daar akademië soos Faure, politici soos Mamphela Ramphele en politieke partye soos COPE en die DA in Suid-Afrika wat van mening is dat die bestaande kiesstelsel hervorm moet word. Volgens hulle word daar nie toereikend aan die vereiste van verantwoording aan die kiesers in die geslotelys- proporsionele kiesstelsel voldoen nie. Hulle voorstel is dat 'n gemengdelid- proporsionele kiesstelsel, wat meerledige kiesafdelings insluit, beter verantwoording deur verteenwoordigers aan die kiesers verseker (Faure & Venter, 2002:136).

Ten einde die Suid-Afrikaanse kiesstelsel teenoor alternatiewe raamwerke van verskillende kiesstelsels te evalueer word die kriteria van minimum vereistes vir 'n goeie kiesstelsel in 'n prioriteitsvolgorde geplaas. Verskillende kiesstelsels sal dan geëvalueer word ooreenkomstig die prioriteitsvolgorde. Hierdeur sal bepaal kan word wat die beste kiesstelsel vir Suid-Afrika is.

7.3 DIE SUID-AFRIKAANSE KIESSTELSEL – EVALUASIE EN ALTERNATIEWE

Politieke wetenskaplikes is dit met mekaar eens dat daar nie 'n spesifieke kiesstelsel is wat as die geskikste kiesstelsel vir alle demokratiese state in die wêreld beskou kan word nie. Elke staat het sy eiesoortige behoeftes en omstandighede en die geskikste kiesstelsel vir 'n staat moet aan hierdie eiesoortige behoeftes en omstandighede voldoen.

Om die geskikste kiesstelsel vir 'n bepaalde staat te bepaal stel Reynolds 'n bepaalde proses voor. Die proses behels dat die tien vereistes of kriteria vir 'n goeie kiesstelsel, geprioritiseer word van wat die belangrikste is vir 'n staat binne sy bepaalde politieke konteks en omstandighede, tot dit wat minder belangrik is. 'n Bruikbare metode is om

eers 'n lys op te stel van sekere aspekte wat te alle tye voorkom moet word, soos 'n politieke katastrofe wat die demokrasie sal laat verbrokkel. 'n Voorbeeld is 'n etnies verdeelde staat wat te alle tye sal wil verhoed dat etniese minderheidsgroepe van verteenwoordiging uitgesluit word. Die minderheidsgroepe word ingesluit om legitimiteit aan die verkiesingsproses te verleen en om die persepsie dat die kiesstelsel onbillik is, te voorkom (Huntington, 1991:258-259). Daarna moet geoordeel word watter kiesstelsel of kombinasie van kiesstelsels maksimaal aan die vereistes kan voldoen. Die doelwit is om 'n kiesstelsel te ontwikkel wat aan die eiesoortige behoeftes en omstandighede van 'n staat voldoen en wat steeds maksimaal aan die vereistes van 'n verteenwoordigende regering beantwoord (Reynolds *et al.*, 2005:14-15).

7.3.1 Prioritiserings Ooreenkomstige Vereistes en Eiesoortige Omstandighede

Suid-Afrika het in 1994 'n nuwe grondwetlike bedeling onder die 1993- Tussentydse Grondwet en die finale 1996-Grondwet gekry. Omstandighede in Suid-Afrika met betrekking tot stemreg, die kiesstelsel en die samestelling van die parlement het geheel en al verander. In Hoofstuk 5 is die konflik, verdeling van groepe, apartheid en die kwessie van stemreg breedvoerig bespreek. Hierdie aspekte het meegebring dat Suid-Afrika sy eiesoortige omstandighede het wat geld by die bepaling van die geskikste kiesstelsel vir die staat. Ten einde die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal word die proses van Reynolds (2005:14-15) gevolg en kan die tien vereistes of norme vir 'n goeie kiesstelsel vir Suid-Afrika soos volg geprioritiseer word:

Gegewe die historiese agtergrond van Suid-Afrika, is 'n eerste en belangrikste vereiste dat die kiesstelsel **breë verteenwoordiging** moet verseker. Suid-Afrika se verlede met sy heterogene bevolkingsamestelling was gekenmerk deur konflik, die verdeling van rassegroepe en die uitsluiting van stemreg vir sommige bevolkingsgroepe. Een van die argumente vir regverdiging vir die uitsluiting van swart (meerderheid) stemreg, was die vrees en kommer by Witmense (minderheid) vir oorheersing deur 'n swart meerderheidsregering. Om 'n suksesvolle oorgang na 'n nuwe grondwetlike bedeling, waar almal gelyke stemreg sou verkry, te verseker moes hierdie kommer van die wit

kiesers ondervang word. 'n Belangrike politieke instrument om hierdie kommer te ondervang was deur te verseker dat Witmense billike en regverdige verteenwoordiging in die parlement verkry. Die kiesstelsel, wat bepaal wie as verteenwoordigers verkies word, is die instrument wat moet verseker dat daar billike en regverdige verteenwoordiging is. Dit is daarom belangrik dat die kiesstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, as eerste prioriteit, breë verteenwoordiging moet verseker. Indien veral minderheidsgroepe uitgesluit sou word, sou konflik en onstabiliteit soos in die verlede weer kon ontstaan.

Die tweede belangrikste vereiste is dat die kiesstelsel **versoening** moet aanmoedig. Hierdie vereiste hou verband met die vereiste van breë verteenwoordiging. Deel van die geskiedenis van Suid-Afrika is dat apartheid daartoe gelei het dat die Swartmense, Bruinmense en Indiërs gegriefdheid en verontregting beleef het. Hierdie gegriefdheid en verontregting kan dekades en geslagte lank bly voortleef indien daar nie versoening en sosiale kohesie in Suid-Afrika plaasvind nie. Soos reeds gestel, hang die effek van 'n kiesstelsel in 'n groot mate af van die sosiopolitieke konteks waarin dit toegepas word (Norris, 2004:101). In 'n staat soos Suid-Afrika met 'n samelewing van 'n verskeidenheid ideologiese, godsdienstige, etniese, rasse-, taal- en klasseverskille, is dit noodsaaklik dat die effek van die kiesstelsel versoening moet bevorder. Indien daar nie versoening is nie, kan vergelding die norm word vir die nuwe maghebbers. Dit moet ook aanvaar word dat hierdie versoeningsproses oor etlike dekades sal strek. 'n Kiesstelsel wat nie versoening bevorder nie, sal die versoeningsproses verlangsam. Dit sal nadelig wees vir groepsverhoudinge in Suid-Afrika, wat weer onstabiliteit kan meebring.

Die derde belangrikste vereiste is dat die kiesstelsel **toeganklike en betekenisvolle verkiesings** moet verseker. Kiesers moet kan ervaar dat hulle stem 'n bydrae lewer ten opsigte van hoe die staat regeer word. Indien kiesers weet dat die kans skraal is dat hulle voorkeurkandidaat verkies sal word, sal hulle apaties raak en nie aan die verkiesingsproses deelneem nie. Verkiesings sal dan nie vir die kiesers betekenisvol wees nie. Indien minderheidsgroepe in Suid-Afrika meen dat hulle stem nie 'n bydrae lewer nie, sal hulle kommer oor oorheersing deur 'n meerderheidsregering versterk

word. Die vermorste stem moet dus so klein as moontlik wees om betekenisvolle verkiesings te verseker. Die keuse van 'n kiesstelsel sal bepaal hoe groot of klein die vermorste stem sal wees. Indien kiesers meen dat hulle stem nie werklik verteenwoordiging sal verseker nie, sal hulle deelname aan die wettige instellings afneem en kan protesgroepe in Suid-Afrika ontstaan.

Bogenoemde drie vereistes wat gestel word vir Suid-Afrika hou verband met mekaar. Sou 'n kiesstelsel toegepas word wat nie behoorlik aan al drie die vereistes voldoen nie, sal dit nie as oplossing dien vir die konflik van die verlede in Suid-Afrika nie. In die keuse van 'n kiesstelsel moet dieselfde kiesstelsel die beste wees vir al drie die vereistes.

Die vierde prioriteit is dat die kiesstelsel 'n **volhoubare verkiesingsproses** moet verseker. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2011:14) is Suid-Afrika 'n ontwikkelende staat en die ongeletterdheidsyfer in 2002 vir persone 20 jaar en ouer, was 27,9 persent. In 2011 het hierdie syfer gedaal na 18,1 persent. In die ouderdomsgroep vir vroue 60 jaar en ouer was die ongeletterdheidsyfer in 2002 egter 58,7 persent en het dit in 2011 afgeneem na 49,3 persent. Vir mans in dieselfde ouderdomsgroep (60+) was 53,5 persent in 2002 ongeletterd en in 2011 was dit 43,1 persent. In 2011 was feitlik die helfte van vroue ouer as 60 jaar steeds ongeletterd. As ontwikkelende staat sal 'n duur kiesstelsel die fiskus onder druk plaas en kan ander noodsaaklike behoeftes soos onderwys, gesondheid, maatskaplike dienste en behuising minder fondse as gevolg daarvan ontvang. In Suid-Afrika is hierdie behoeftes juis 'n noodsaaklikheid weens verskeie faktore soos onder andere werkloosheid. Dit opsigself kan die burgers van die staat ongelukkig maak en kan hulle deur protesoptogte die staat destabiliseer. 'n Ingewikkelde kiesstelsel sal kiesers wat ongeletterd is, benadeel, aangesien hulle nie begrip sal hê van hoe die kiesstelsel werk nie en ook nie vir wie hulle werklik stem nie. Die kiesstelsel moet ook bekostigbaar wees. Die bekostigbaarheid hou verband met die koste en administratiewe implikasies van 'n kiesstelsel. Dit word bepaal deur byvoorbeeld die afbakening van kiesafdelings, kiesersregistrasie, druk van die stembrief, kiesersopleiding, aantal stemdae, tussenverkiesings en die telproses. 'n

Onbeposigbare kiesstelsel vir die staat sal daartoe lei dat verkiesings ondemokraties kan word, en dat korrupsie en manipulering kan ontstaan. 'n Voorbeeld is dat indien daar nie voldoende fondse is om behoorlike kiesersregistrasie te doen nie, kan sommige kiesers uitgesluit word van verkiesings, wat verkiesings ondemokraties sal maak. Weens die ongeletterdheid en die noodsaaklike behoeftes soos onderwys, gesondheid, behuising ensovoorts is dit belangrik dat die kiesstelsel vir Suid-Afrika goedkoop en eenvoudig moet wees ten einde dit volhoubaar te maak.

Die vyfde prioriteit is dat die kiesstelsel tot 'n **stabile en effektiewe regering** moet bydra. Hoewel die verwagting van 'n stabiele en effektiewe regering nie deur die kiesstelsel alleen geskep word nie, lewer die uitslag wat 'n kiesstelsel in 'n verkiesing tot gevolg het, 'n bydrae tot die stabiliteit van 'n regering. Om 'n stabiele en effektiewe regering te vestig moet die kiesers die kiesstelsel as regverdig beskou, die regering wetgewing effektief kan bepaal en regeer en die kiesstelsel nie teen spesifieke politieke partye diskrimineer nie (Toornstra, 2011:38-39).

Kiesers se persepsie rakende die vraag of verkiesingsresultate regverdig is of nie, verskil van staat tot staat. In Brittanje, weens die bepaalde meerderheidskiesstelsel, het die regerende party dikwels meer setels maar minder stemme as die opposisie. Die burgers aanvaar dit en beskou die verkiesingsresultate as 'n toevalligheid in sulke gevalle. In Suid-Afrika sal sulke verkiesingsresultate die persepsie meebring dat dit onregverdig is en teen spesifieke politieke partye, veral minderheidspartye, diskrimineer.

Die kiesstelsel moet ook neutraal werk teenoor alle politieke partye en kandidate. Indien die persepsie bestaan dat die kiesstelsel die politieke veld ongelyk maak, is dit 'n teken dat die politieke orde swak is en kan dit tot onstabiliteit lei (Reynolds *et al.*, 2005:93).

Effektiewe regering word ook bepaal deur te verseker dat daar 'n werkende meerderheid in die wetgewer is. Die kiesstelsel speel 'n rol in die bepaling van enkelparty of koalisiemeerderhede in wetgewers. Meerderheidskiesstelsels verseker gewoonlik 'n meerderheid vir 'n enkele party, terwyl proporsionele kiesstelsels gewoonlik

tot gevolg het dat koalisies gesluit moet word om 'n werkende regering te vestig. In Suid-Afrika, wat 'n proporsionele kiesstelsel het, werk dit anders, en het die regerende ANC in elke verkiesing 'n meerderheid van meer as 60 persent behaal.

By die keuse van 'n kiesstelsel ten opsigte van hierdie vereiste moet die vorige vereistes ook opgeweeg word. Hierdie vereiste hou veral verband met die eerste en derde prioriteit. Sou kiesers die kiesstelsel as ongelyk en diskriminerend teenoor spesifieke politieke partye en/of groepe ervaar, sal verkiesings nie as betekenisvol beskou word nie en sal breë verteenwoordiging misluk. Hierdie vereistes is in Suid-Afrika noodsaaklik.

Die sesde prioriteit is dat die kiesstelsel **verantwoording van die regering** vereis. 'n Belangrike vereiste vir verantwoording van die regering is gereelde en kompeterende verkiesings. Dit verseker 'n stelsel van openbare beheer en verantwoording, want 'n regering wat nie na die wense van die burgers regeer en diens lewer nie, moet vervang kan word. Dit gebeur by verkiesings wanneer kiesers die regerende party kan uitstem (Martin & Hubli, 2001:117). Die regering kan ook net uitgestem word indien 'n gepaste kiesstelsel in die verkiesing toegepas word.

In Suid-Afrika, wat 'n grondwetlike demokrasie is, kan die regerende party, indien sy meerderheid te groot is, die grondwet maklik wysig om te verseker dat hulle aan bewind bly. Die meeste artikels van die Grondwet (1996) van Suid-Afrika kan in die Nasionale Vergadering met 'n twee-derde meerderheid gewysig word. Artikels 1 en 74(1) daarvan kan slegs met 'n 75 persent meerderheid in die Nasionale Vergadering gewysig word. Tans het die regerende ANC party 66 persent verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. 'n Koalisie van alle opposisiepartye verseker egter dat die regerende ANC nie 'n twee-derde meerderheid in die Nasionale Vergadering het nie. In die keuse van 'n kiesstelsel vir Suid-Afrika moet die kiesstelsel verseker dat gereelde en kompeterende verkiesings plaasvind. Kompeterende verkiesings in Suid-Afrika sal verseker word indien elke stem tel.

Die sewende prioriteit is dat die kiesstelsel die **wetgewende opposisie en toesig** moet bevorder en versterk. Effektiewe regering word nie net bepaal deur diegene in die regering nie, maar ook deur die effektiwiteit van die opposisie. Die opposisie moet wetgewing krities kan beoordeel, moet die prestasie van die uitvoerende gesag kan bevraagteken, minderhede kan beskerm en sy kiesers effektief verteenwoordig. Die kiesstelsel van 'n staat help om 'n lewensvatbare opposisiegroepering te verseker om hierdie rol te kan vervul.

Opposisiegroeperings moet genoeg verteenwoordigers hê om effektief te wees en behoort 'n realistiese alternatiewe regering voor te stel. Die sterkte van die opposisie word nie alleen deur die kiesstelsels bepaal nie; as die kiesstelsel die opposisie niksseggend maak, verswak dit die demokrasie van 'n staat.

In Suid-Afrika is daar tans baie kritiek teen die regering dat hy sy mag misbruik om parlementêre reëls so toe te pas dat dit die opposisiepartye se rol van toesig beperk. In November 2012 is 'n mosie van wantroue in die president deur agt opposisiepartye in die Nasionale Vergadering ingedien. Die kern van die mosie was dat in Suid-Afrika, onder leiding van die president, die regstelsel verpolitiseer word, korrupsie in die staatsdiens buite beheer is, werkloosheid die hoogte in skiet, die ekonomie verswak en die reg van toegang tot die onderwys geskend word (Essop, 2012). Die regerende ANC was onwillig om die mosie vir bespreking in die Nasionale Vergadering toe te laat. Hierdie onwilligheid van die regerende ANC om 'n parlementêre debat oor 'n mosie van wantroue teen die president toe te laat het die opposisiepartye laat besluit om hulle tot die hof te wend hieroor (Essop, 2012). Die uiteinde was dat die regerende ANC moes bes gee en toelaat dat die mosie in die Nasionale Vergadering gedebatteer word.

Deur hierdie optrede van die opposisie is die toesigrol van die opposisie versterk. Hierdie prioriteit hou verband met die sesde prioriteit. In Suid-Afrika is 'n kiesstelsel wat die verteenwoordiging van opposisie kan versterk, nodig. Indien die kiesstelsel die moontlikheid van groter verteenwoordiging van opposisiepartye in die Nasionale Vergadering beperk, sal die toesigrol van die opposisie beperk word.

Die agste prioriteit is dat die kiesstelsel **verantwoording deur verteenwoordigers** moet verseker. Die kern van hierdie verantwoording behels om verteenwoordigers te kontroleer ten opsigte daarvan of hulle die beloftes wat hulle in verkiesings gemaak het, nakom. Indien verteenwoordigers nie die beloftes nakom nie, moet kiesers hulle kan vervang. In verteenwoordigende demokrasieë word verteenwoordigers deur middel van verkiesings vervang. Die kiesstelsel moet van so 'n aard wees dat kiesers wel hulle verteenwoordigers in 'n volgende verkiesing kan uitstem.

Omdat Suid-Afrika 'n ontwikkelende staat met relatief hoë ongeletterheid onder sekere ouderdomsgroepe het, kan kiesers maklik van die verteenwoordigende demokrasie vervreem raak. Dit is daarom belangrik dat verteenwoordigers se verantwoording aan die kiesers behoorlik nagekom word. Indien kiesers meen dat hulle geen insette in die wetgewende proses kan lewer nie, en verteenwoordigers nie hulle probleme met regeringsinstellings effektief kan oplos nie, kan hulle vervreem raak en kan deelname aan verkiesings gevolglik afneem.

Die negende prioriteit is dat die kiesstelsel politieke partye moet **aanmoedig tot deelname** waardeur 'n **veelpartystelsel** gevestig kan word. Demokratiese konsolidasie, in veral nuwe demokrasieë, vereis die groei en onderhoud van sterk en effektiewe politieke partye. Meer politieke partye voorkom magsvergrype en hegemonie deur een party. Kiesstelsels moet die vorming van meer partye aanmoedig, eerder as om partye te verskans. Kiesstelsels kan die werking hê dat kleiner partye of partye met minimale steun uitgeskakel word uit verteenwoordiging in wetgewende liggame. 'n Kenmerk van meerderheidkiesstelsels is dat dit 'n tweepartystelsel bevorder, en proporsionele kiesstelsels, veelpartystelsels bevorder.

In Suid-Afrika met sy heterogene bevolkingsamestelling, verskillende ideologieë, gelowe, tale en klasseverskille is 'n inklusiewe verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering noodsaaklik vir stabiliteit. 'n Tweepartystelsel sal weens die politieke geskiedenis en demografie in Suid-Afrika maklik kan ontwikkel in 'n dominante swart party teenoor 'n dominante wit party. Dit sal daartoe lei dat kiesers in verkiesings op

rassegronde stem en nie om demokratiese beginsels van verantwoording en goeie dienslewering deur die regering nie. Weens hierdie bepaalde omstandighede is 'n veelpartystelsel in Suid-Afrika tans verkieslik.

Die tiende prioriteit is dat die kiesstelsel aan **internasionale standaarde** moet voldoen. Kiesstelsels in moderne demokrasieë ontwikkel binne die konteks van internasionale konvensies. Verkiesings in die moderne wêreld word deur internasionale waarnemers waargeneem ten einde te bepaal en te verseker dat dit demokratiese verkiesings is. In die bepaling daarvan of verkiesings demokraties is of nie, speel die kiesstelsel 'n belangrike rol om te verseker dat die verkiesings vry en regverdig is. Die rol van kiesstelsels in vry en regverdige verkiesings is om te verseker dat daar billike verteenwoordiging van al die burgers, gelykheid van mans en vroue, die reg van minderhede, spesiale oorwegings vir gestremdes ensovoorts is.

Verskeie internasionale organisasies stel kriteria waaraan verkiesings moet voldoen om as vry en regverdig beskou te word. Suid-Afrika is 'n lidstaat van verskeie internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies, Interparlementêre Unie en die SAOG, en moet voldoen aan die organisasies se vereiste wat gestel word vir demokratiese verkiesings wat vry en regverdig moet wees. Indien nie aan die vereistes voldoen word nie, sou dit beteken dat verkiesings in Suid-Afrika nie vry en regverdig is nie en dus ondemokraties. Dit is belangrik dat Suid-Afrika sy legitimiteit as 'n demokrasie internasionaal moet versterk, veral vir ekonomiese voordele soos beleggings wat werk kan skep. Beleggings vereis 'n stabiele regering, en die voldoening aan internasionale standaarde met betrekking tot verkiesings, sal dit bevorder.

Bogenoemde prioriteitsvolgorde van die tien vereistes is gedoen met inagneming van die huidige omstandighede in Suid-Afrika. In die toekoms mag omstandighede sodanig verander dat hierdie prioriteitsvolgorde ook verander moet word om by die veranderde omstandighede aan te pas. Vervolgens word verskillende kiesstelsels aan die genoemde prioriteitsvolgorde geëvalueer ten einde die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal.

7.3.2 Evaluering van verskillende kiesstelsels aan die prioriteitsvolgorde

Ten einde die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal sal die meerderheid, gemengde en proporsionele kiesstelsels elk aan bogenoemde prioriteitsvolgorde geëvalueer word. Die evaluering word gedoen deur te beoordeel in watter mate elke kiesstelsel op 'n skaal van goed, matig en swak aan elke vereiste voldoen. Die politieke werking en gevolge van die verskillende kiesstelsels, soos in Hoofstuk 3 bepaal, sal toegepas word om vas te stel in watter mate elke kiesstelsel aan die skaal van goed, matig en swak voldoen. Daarna sal die evaluering gekwantifiseer word deur die getal een vir goed, twee vir matig en drie vir swak toe te deel. Die getal toegeken vir elke vereiste van elke kiesstelsel word bymekaar getel om die somtotaal van die kiesstelsel te bepaal. Hoe laer die getal, hoe beter word aan die vereiste voldoen.

Ten einde die prioriteitsvolgorde te verreken sal die getal drie van die somtotaal afgetrek word van daardie kiesstelsel wat goed aan elkeen van die eerste drie prioriteitsvereistes voldoen. Die getal twee sal van die somtotaal afgetrek word indien 'n kiesstelsel goed aan elkeen van die vierde tot sesde prioriteitsvereistes voldoen. Die getal een sal van die somtotaal afgetrek word indien 'n kiesstelsel goed aan elkeen van die sewende tot negende prioriteitsvereistes voldoen. Die kiesstelsel met die laagste telling sal die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika wees. Ten einde bogenoemde te verduidelik word dit soos volg in Tabel 35 as evalueringsmodel voorgestel:

Tabel 35: Voorbeeld van Evalueringsmodel

VEREISTES	MEERDERHEIDKIESSTELSELS					GEMENGDE KIESSTELSELS		PROPORSIONELE KIESSTELSELS	
	A	B	C	D	E	F	G	H	I
Vereiste 1	Swak=3	Swak=3	Swak=3	Matig=2	Matig=2	Matig=2	Goed=1	Goed=1	Goed=1
Vereiste 2	Matig=2	Matig=2	Matig=2	Swak=3	Goed=1	Swak=3	Goed=1	Matig=2	Goed=1
Vereiste 3	Matig=2	Swak=3	Goed=1	Swak=3	Goed=1	Matig=2	Goed=1	Matig=2	Goed=1
Vereiste 4	Matig=2	Swak=3	Matig=2	Matig=2	Goed=1	Goed=1	Swak=3	Goed=1	Matig=2
SUBTOTAAL	9	11	8	10	5	6	6 -3	6	5 -3
TOTAAL	9	11	8	10	5	6	3	6	2

Ter verduideliking van die evalueringsmodel voldoen kiesstelsel A swak aan die eerste vereiste en kry drie punte daarvoor. Aan vereiste twee voldoen dit matig en kry twee punte ensovoorts. Volgens die evalueringsmodel word in die geval van kiesstelsel G en I drie verdere punte afgetrek omdat beide aan die drie eerste vereistes goed voldoen. Dit is om die prioriteitsvolgorde te verreken. In bogenoemde voorbeeld sal kiesstelsel I die beste kiesstelsel wees, aangesien dit die laagste somtotaal gehaal het.

In Hoofstuk 3 is breedvoerig aangedui wat die werking is van verskillende kiesstelsels, wat elkeen se voor- en nadele behels. Ten einde 'n herhaling te voorkom sal in die beoordeling van verskillende kiesstelsels slegs op sekere voor- en nadele in die toepassing van die beoordeling van die prioriteitsvolgorde gefokus word.

7.3.2.1 Meerderheidkiesstelsels – 'n Beoordeling

Die meerderheidkiesstelsels wat toepassing vind in hierdie evaluering is die meerderheidkiesstelsels in hierdie studie volgens die tipologie van Reynolds. Die kiesstelsels is die wenner-vat alles- (WVA), twee-rondte- (TRS), alternatiewestem- (AS), blokstem- (BS) en partyblokstem- (PBS) kiesstelsel.

Die grondslag van meerderheidkiesstelsels is dat nadat kiesers gestem het, die kandidate met die meeste stemme die verkiesing wen. In die wenner-vat-alles-kiesstelsel word 'n gewone meerderheid van stemme benodig om te wen. Dit het tot gevolg dat kandidate wen, selfs met 'n minderheid van die stemme wat in die verkiesing

uitgebring is. 'n Voorbeeld is in die 1948-verkiesing in Suid-Afrika, soos aangetoon in Hoofstuk 5. Ander voorbeelde wat in Hoofstuk 3 aangedui word, is dié van Brittanje, Kanada, Lesotho en Kenia.

Wat die nadele van meerderheidkiesstelsels betref, is een van die grootste nadele dat dit disproporsionele resultate in verkiesings lewer. Dit laat 'n groot vermorste stem wat nie tot die verkiesing van 'n kandidaat bydra nie. Soos reeds in Hoofstuk 3 aangetoon, staan etniese en rasse minderhede, asook vroue, min kans op verteenwoordiging indien 'n meerderheidkiesstel toegepas word. Indien minderheidsgroepe uitgesluit word, kan dit die politieke stelsel destabiliseer. Al die meerderheidkiesstelsels voldoen dus swak aan die vereiste van breë verteenwoordiging.

Inklusiwiteit en proporsionaliteit word gewoonlik benadruk wanneer versoening in verdeelde gemeenskappe verlang word. Soos reeds gemeld, lewer meerderheidkiesstelsels oor die algemeen disproporsionaliteit en bevorder dit nie versoening nie. Hoewel Harris en Reilly (1998:192) meld dat die alternatiewe stemkiesstelsel soms gebruik word om gematigdheid en akkommodering in gemeenskappe te bewerkstellig, is dit op laer vlakke van regering soos plaaslike verkiesings (streeksverkiesings). Die alternatiewestem-kiesstelsel, as meerderheidkiesstelsel, verseker nie proporsionaliteit op nasionale vlak nie. Meerderheidkiesstelsels oor die algemeen voldoen swak aan die vereiste van versoening, met die uitsondering van die alternatiewestem-kiesstelsel wat matig daaraan kan voldoen.

Die vermorste stem kom die meeste in meerderheidkiesstelsels voor. Hoewel daar gepoog word om met die tweerondte-kiesstelsel en die alternatiewestem-kiesstelsel 'n kandidaat met 'n volstreekte meerderheid van stemme te kies, is die vermorste stem steeds groot. Kiesers moet ervaar dat hulle stem 'n bydrae lewer tot hoe die staat regeer word. In die algemeen voldoen meerderheidkiesstelsels dus swak aan die vereiste van toeganklike en betekenisvolle verkiesings.

Een van die grootste voordele van meerderheidkiesstelsels, behalwe in die geval van die alternatiewestem-kiesstelsel, is die eenvoud daarvan. Die alternatiewestem-kiesstelsel vereis 'n redelike graad van geletterheid en syferkennis wat dit 'n ingewikkelde kiesstelsel maak. Hoewel hierdie kiesstelsels meestal eenvoudig is, maak afbakening, kiesersregistrasie en veral tussenverkiesings die meeste meerderheidkiesstelsels duur. In die bepaling van 'n waardetoedeling ten opsigte van die voldoening aan die vereiste van 'n volhoubare verkiesing word Tabel 10 (punt 4.4.9) in Hoofstuk 4 wat die potensiële koste en administratiewe implikasies (eenvoud) van die twaalf kiesstelsels weergee, gebruik. Indien die sleutel gekwantifiseer word na $a=1$, $b=2$ en $c=3$ is die hoogste waarde 19 en die laagste waarde 9 volgens die kostetabel. Die verskil tussen die twee waardes is tien. Kiesstelsels met 'n waarde van 9 tot 12 word beskou as dat hulle goed aan die vereiste van volhoubaarheid voldoen, dié met 'n waarde van 13 tot 16 voldoen matig en die kiesstelsels met 'n waarde van 17 en meer voldoen swak aan die genoemde vereiste. Hiervolgens voldoen die partyblok-kiesstelsel goed aan die vereiste. Die alternatiewestem-, blokstem- en die wenner-vat-alles-kiesstelsel voldoen matig aan die vereiste en die tweerondte-kiesstelsel voldoen swak aan die vereiste.

Daar is reeds aangetoon dat die resultaat van meerderheidkiesstelsels disproporsionaliteit en 'n hoë persentasie vermorste stem tot gevolg het. Meerderheidkiesstelsels hou, soos in Hoofstuk 3 aangetoon, die voordeel in dat dit gewoonlik tot tweepartystelsels lei. Hierdeur word 'n duidelike meerderheidsparty gewoonlik verkies en is die vorming van koalisieregerings die uitsondering. In punt 4.4.4 word gestel dat die persepsie rakende die vraag of verkiesingsresultate regverdig is of nie, van staat tot staat verskil. In state waar die regerende party met 'n minderheid van die stemme, maar 'n meerderheid van setels, 'n verkiesing wen, en die kiesers dit aanvaar, sou die meerderheidkiesstelsels, met die uitsondering van die tweerondte- en alternatiewestem-kiesstelsel, matig aan die vereiste van 'n stabiele en effektiewe regering voldoen. Die tweerondte- en alternatiewestem-kiesstelsel sal in die genoemde omstandighede goed aan die vereiste voldoen. In Suid-Afrika, waar dit belangrik is dat die kiesstelsel die politieke veld gelyk moet maak, sal kiesers die

meerderheidkiesstelsels negatief ervaar indien die regerende party met 'n minderheid regeer. Dit was inderdaad deel van die konflik en onstabiliteit in Suid-Afrika waar 'n minderheid 'n meerderheid regeer het. Dit in ag genome, sal die meerderheidkiesstelsels met toepassing op Suid-Afrika, swak aan die vereiste van 'n stabiele en effektiewe regering voldoen. In die geval van die tweerondte- en alternatiewestem-kiesstelsel wat 'n volstrekte meerderheid vereis, sal die stelsels in Suid-Afrika matig aan die vereiste van 'n stabiele en effektiewe regering voldoen.

Verantwoording deur die regering verbeter indien 'n kiesstelsel kiesers in staat stel om van 'n regering ontslae te raak indien hy nie na wense regeer nie. Meerderheidkiesstelsels word tradisioneel beskou as kiesstelsels wat enkelpartye laat regeer, selfs met 'n minderheid van die stemme in 'n verkiesing. 'n Regerende party kan in meerderheidkiesstelsels verkiesings manipuleer om te verseker dat hulle aan bewind bly, byvoorbeeld deur afbakening. Omdat die regering nie 'n meerderheid van die stemme in 'n verkiesing nodig het nie, kan dit moeilik wees om van 'n regering ontslae te raak in die meerderheidkiesstelsels. Die uitsonderings van die meerderheidkiesstelsels is die tweerondte- en alternatiewestem-kiesstelsel. Omdat die tweerondte- en alternatiewestem-kiesstelsel wel 'n volstrekte meerderheid vereis, voldoen die twee kiesstelsels matig aan die vereiste van verantwoording deur die regering. Die ander meerderheidkiesstelsels voldoen swak aan die betrokke vereiste omdat 'n meerderheid van die stemme nie beteken die regering word vervang nie.

Een van die voordele van meerderheidkiesstelsels is dat dit 'n samebindende opposisie in wetgewers skep. In teorie skep 'n sterk regerende party in hierdie kiesstelsels ook 'n sterk opposisieparty wat sy rol op kritiese wyse kan vervul om hom as alternatiewe regering aan die kiesers voor te hou. Dit is egter in teorie, maar in die praktyk realiseer hierdie sterk opposisie meestal in state met homogene bevolkingsamestellings en 'n tweepartystelsel, soos histories in Brittanje. In state met heterogene bevolkingsamestellings en met 'n verlede van konflik, soos in Suid-Afrika, sal dieselfde sterk opposisie nie noodwendig deur die meerderheidkiesstelsels geskep word nie. Uiteenlopende ideologieë, geloofsoortuigings en tale is enkele redes vir 'n minder

samebindende opposisie. 'n Voorbeeld is die aspek van die doodstraf. Weens die heterogene bevolkingsamestelling in Suid-Afrika, liberale, konserwatiewe en afrikanistiese sienings, is samehorigheid moeiliker. Die meerderheidkiesstelsels sal in Suid-Afrika matig voldoen aan die vereiste om opposisie en toesig te versterk en te bevorder.

Die algemene siening is dat meerderheidkiesstelsels verantwoording deur verteenwoordigers aan die kiesers versterk. Hierdie siening word gebaseer op die feit dat in meerderheidkiesstelsels verteenwoordigers uit kiesafdelings gekies word. Verteenwoordigers se verantwoording aan kiesers is in punt 4.4.6 bespreek en sluit 'n hele aantal aksies en optredes in, benewens die feit om bloot die kiesafdeling te verteenwoordig. Meerderheidkiesstelsels voldoen egter goed aan hierdie vereiste van verantwoording omdat verteenwoordigers direk deur die kiesers verkies word.

Kenmerkend van meerderheidkiesstelsels is dat dit kleiner partye en minderhede van billike verteenwoordiging uitsluit. As gevolg van hierdie politieke werking van die meerderheidkiesstelsels word politieke partye ontmoedig om aan verkiesings deel te neem. Meerderheidkiesstelsels voldoen swak aan die vereiste dat die kiesstelsel politieke partye moet aanmoedig tot deelname waardeur 'n veelpartystelsel gevestig kan word. Die uitsondering is weereens die tweeronde- en alternatiewestem-kiesstelsel waar kandidate 'n volstrekte meerderheid benodig om verkies te word. Hierdie twee kiesstelsels voldoen matig aan die vereiste, want albei het steeds 'n groot vermorste stem tot gevolg.

Al die genoemde meerderheidkiesstelsels in hierdie studie voldoen goed aan internasionale standaarde en word in verskeie demokratiese state toegepas. Al die kiesstelsels in hierdie evaluering voldoen aan die basiese vereistes waaraan kiesstelsels moet voldoen om as demokraties beskou te word.

Bogenoemde beoordeling van die meerderheidkiesstelsels kan in Tabel 36 soos volg saamgevat word:

Tabel 36: Beoordeling van die meerderheidkiesstelsels teenoor die prioriteitvolgorde vir Suid-Afrika

VEREISTES	MEERDERHEIDKIESSTELSELS				
	WVA	TRS	AS	BS	PBS
Breë Verteenwoordiging	3	3	3	3	3
Aanmoediging tot versoening	3	3	2	3	3
Toeganklike en betekenisvolle verkiesings	3	3	3	3	3
Volhoubare verkiesingsproses	2	3	2	2	1
Stabiele en effektiewe regering	3	2	2	3	3
Verantwoording deur regering	3	2	2	3	3
Versterk opposisie en toesig	2	2	2	2	2
Verantwoording deur verteenwoordigers	1	1	1	1	1
Aanmoediging van partydeelname	3	2	2	3	3
Internasionale standaard	1	1	1	1	1
TOTAAL	24	22	20	24	23

Skaal: 1= voldoen goed aan die vereiste; 2= voldoen matig aan die vereiste; 3= voldoen swak aan die vereiste

Ten einde te bepaal watter meerderheidkiesstelsel die beste vir Suid-Afrika sou wees, word die kwantifisering van die evalueringsmodel soos in Tabel 36 toegepas. Hiervolgens sou die alternatiewe kiesstelsel as meerderheidkiesstelsel die beste vir Suid-Afrika gewees het.

7.3.2.2 Proporsionele Kiesstelsels – 'n Beoordeling

Die proporsionele kiesstelsels wat toegepas sal word in die beoordeling is die lysproporsioneel verteenwoordigende (LYSP) en enkeloordraagbarestem- (EOS) kiesstelsel.

Die rasionaal vir die basis waarop alle proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels berus, is die doelbewuste omskakeling van die persentasie (deel) van stemme wat 'n party gekry het, in dieselfde persentasie (deel) setels wat die party in die wetgewer kry. Hierdeur is die vermorste stem baie klein in proporsionele kiesstelsels en is die

resultaat van die uitslag die minste verwring is. Proporsionele kiesstelsels help met ander woorde dat minderhede en meerderhede billike verteenwoordiging in wetgewende liggame kry en is inklusief. Proporsionele kiesstelsels word aanbeveel vir nuwe demokrasieë, veral daardie wat verdeelde gemeenskappe het, soos in Suid-Afrika (Reynolds *et al.*, 2005:57-58). Kiesers meen dat hulle stemme betekenisvol is en 'n verskil kan maak omdat elke stem tel en die vermorste stem klein is. As gevolg van die billike verteenwoordiging en akkommodering van minderhede deur die kiesstelsel, voel minderhede nie uitgesluit van die proses van regering nie. Hierdeur neem minderhede eerder aan die demokratiese prosesse van die staat deel, as om in opstand te kom teen die regering. Beide die lysproporsionele en enkeloordraagbarestem-kiesstelsel voldoen goed aan die vereistes van breë verteenwoordiging, die aanmoediging van versoening en toeganklike en betekenisvolle verkiesings.

In die bepaling van 'n waardetoedeling ten opsigte van die voldoening aan die vereiste van 'n volhoubare verkiesing, word Tabel 10 (punt 4.4.9) in Hoofstuk 4, wat die potensiële koste en administratiewe implikasies (eenvoud) van die twaalf kiesstelsels weergee, ook hier toegepas. Indien die sleutel na $a=1$, $b=2$ en $c=3$ gekwantifiseer word, is die hoogste waarde 19 en die laagste waarde 9 volgens die kostetabel. Die verskil tussen die twee waardes is tien. Kiesstelsels met 'n waarde van 9 tot 12 word beskou as dat hulle goed aan die vereiste van volhoubaarheid voldoen, die met 'n waarde van 13 tot 16 matig voldoen en die kiesstelsels met 'n waarde van 17 en meer swak aan die genoemde vereiste voldoen. Hiervolgens voldoen die lysproporsionele kiesstelsel goed aan die vereiste van 'n volhoubare verkiesingsproses. Die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel voldoen matig aan die vereiste van volhoubaarheid weens die ingewikkeldheid van die kiesstelsel en tussenverkiesings wat kan plaasvind.

Die proporsionele kiesstelsels maak dit moontlik dat kiesers gelyk behandel word en is billik en regverdig teenoor alle politieke partye omdat die resultaat van die verkiesing proporsionele verteenwoordiging in die wetgewers gee. Die kiesers beskou proporsionele kiesstelsels as regverdig, en dit is belangrik vir stabiele en effektiewe regering. Die regverdige proporsionaliteit van die kiesstelsel maak verkiesings

betekenisvol en klein partye kan verteenwoordiging in wetgewers verkry. Hierdeur word stabiele en effektiewe regerings gevestig. Albei proporsionele kiesstelsels voldoen goed aan die vereiste dat die kiesstelsel tot 'n stabiele en effektiewe regering moet bydra.

Om verantwoording van die regering te verseker word gereelde en kompeterende verkiesings vereis. Regerings wat nie na die wense van die kiesers regeer nie, moet in verkiesings vervang kan word. Proporsionele kiesstelsels maak dit moontlik dat 'n regerende party uitgestem kan word indien die meerderheid kiesers die regering verwerp. Hoewel dit in Hoofstuk 3 genoem is dat 'n sentralistiese party moeilik in 'n proporsionele kiesstelsel uitgeskop kan word, is dit soms moeiliker in meerderheidkiesstelsels weens disproporsionaliteit. 'n Sentralistiese party sal slegs in 'n proporsionele kiesstelsel aan bewind bly as die meerderheid kiesers vir die party stem. Sou 'n meerderheid van die kiesers die sentralistiese party verwerp, tel elke stem en omdat die vermorste stem klein is in die proporsionele kiesstelsels, sal 'n regerende party makliker uitgeskop kan word. Met die lysproporsionele kiesstelsel kan regerings nie afbakening van kiesafdelings soos in meerderheidkiesstelsels, tot hulle voordeel manipuleer om langer aan bewind te bly nie. Omdat elke stem in 'n proporsionele kiesstelsel tel, is die kans groter dat 'n regering deur die meerderheid kiesers uitgestem kan word. Die lysproporsionele kiesstelsel voldoen goed aan die vereiste van verantwoording deur die regering. In die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel word gebruik gemaak van meerledige kiesafdelings. Dit lei daartoe dat die stelsel kan meebring dat 'n party met 'n meerderheid van stemme minder setels as sy opponente wen. Die gebruik van kiesafdelings skep al die probleme van moontlike manipulering van kiesafdelingsgrense. Dit verwing die proporsionaliteit van die stelsel en kan 'n regerende party bevoordeel om aan bewind te bly, soos in die geval van meerderheidkiesstelsels. Hierdie kiesstelsel voldoen matig aan die vereiste dat die kiesstelsel verantwoording deur die regering vereis.

In wetgewende liggame behoort die opposisie 'n lewensvatbare groepering te vorm wat wetgewing krities kan beoordeel en die uitvoerende gesag verantwoordbaar te kan hou. Soos reeds aangetoon, bestaan die mening dat opposisie en toesig in wetgewende

liggame in tweepartystelsels, waar die opposisie hom as alternatiewe regering kan aanbied, versterk word. Die vereiste vir 'n goeie kiesstelsel is dat die kiesstelsel moet verseker dat opposisiegroeperings genoeg verteenwoordigers verkies kan kry. In Suid-Afrika is die regerende party se meerderheid tans sterk gebaseer op die ondersteuning van kiesers weens die historiese proses van die stemregkwessie. As gevolg van die proporsionele kiesstelsel in Suid-Afrika verkry kleiner partye verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering in die vestiging van 'n veelpartystelsel. Hierdeur verhoed die gesamentlike opposisie dat die regerende ANC 'n twee-derde meerderheid in die Nasionale Vergadering het. Die proporsionele kiesstelsel skep die geleentheid dat kleiner opposisiepartye afsonderlike verteenwoordiging het en nie met die regerende party hoef saam te smelt nie. Die lysproporsionele kiesstelsel skep die moontlikheid van 'n groter verteenwoordiging van opposisiepartye. Vir die oomblik is die proporsionele kiesstelsel, weens die redes hier genoem, die mees aanvaarbare kiesstelsel om groter verteenwoordiging van opposisiepartye te verseker. Daar is egter argumente dat te veel opposisiepartye, wat een of twee verteenwoordigers in wetgewende liggame het, die partystelsel fragmenteer en minder effektief maak. In Suid-Afrika is dit wel die geval dat minstens drie partye (AZAPO, MF, APC) elk een verteenwoordiger het en twee partye (UCDP, ACDP) elk drie verteenwoordigers. Binne die Suid-Afrikaanse konteks verseker die lysproporsionele kiesstelsels wel 'n veelpartystelsel, maar weens die probleem van fragmentering voldoen die lysproporsionele en die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel, matig aan die vereiste dat die kiesstelsel die opposisie en toesig in die wetgewer moet bevorder en versterk.

Daar is 'n algemene mening dat 'n nadeel van proporsionele kiesstelsels swak skakeling en verantwoording deur verteenwoordigers aan die kiesers skep. Die norm van verantwoording van verteenwoordigers is breedvoerig in punt 4.4.6 bespreek. Soos reeds gestel, behels hierdie vereiste meer as die tradisionele kiesersgevallewerk, en met die ontwikkeling van die internet is kommunikasie tussen verteenwoordigers en kiesers makliker en meer toeganklik. In Suid-Afrika het politieke partye ook elkeen sy eie interne reëls wat verseker dat skakeling tussen die kiesers en verteenwoordigers plaasvind. Wat wel nadelig is, in veral die geslotelys- proporsionele kiesstelsel, is dat

kiesers vir partye stem en nie vir kandidate nie. Die kiesers het dus nie 'n geleentheid om kandidate te beoordeel nie. In geen kiesstelsel besluit die kiesers wie die kandidate in die verkiesing gaan wees nie. Individue kan self besluit om as onafhanklike kandidate te staan, hulle moet net aan die wetlike vereistes voldoen wat gestel is. Meestal staan kandidate namens 'n bepaalde politieke party in verkiesings. Politieke partye wys egter hulle eie kandidate aan en dan word die kandidaat in sommige kiesstelsels, soos die meerderheidskiesstelsels, aan die kiesers voorgehou, vir wie hulle dan besluit om te stem of nie. In die geslotelys- proporsionele kiesstelsel word die kandidate nie aan die kiesers voorgehou nie, en besluit die partye intern self watter posisie kandidate op die lys beklee. Dit kan daartoe lei dat partyleiers te veel mag verkry en ongewilde kandidate bo gewilde kandidate verkies word. In die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel stem kiesers wel vir die kandidate en is in daardie opsig beter as die geslotelys-proporsionele kiesstelsel. Gegewe die bespreking van verantwoording deur verteenwoordigers in punt 4.4.6 en die geslote lys name van kandidate, voldoen die geslotelys- proporsionele kiesstelsel matig aan die vereiste. Weens die verskil dat in die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel wel vir kandidate gestem word, voldoen hierdie kiesstelsel goed aan die vereiste van verantwoording deur verteenwoordigers.

Een van die voordele en politieke werkinge van proporsionele kiesstelsels is dat dit veelpartystelsels aanmoedig. Politieke partye neem aan verkiesings deel omdat hulle stemme verteenwoordiging proporsioneel verseker. Omdat die vermorste stem min is, weet kiesers dat hulle stem betekenisvol is en minderheidspartye steeds verteenwoordiging kan kry. Die lysproporsionele kiesstelsel voldoen goed aan die vereiste dat die kiesstelsel politieke partye moet aanmoedig tot deelname in verkiesings. Die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel is minder proporsioneel as die lysproporsionele kiesstelsel en kan meebring dat 'n kandidaat met minder stemme verkies word as 'n kandidaat met meer stemme. Dit bring mee dat politieke partye kan huiwer om aan verkiesings deel te neem. Die enkeloordraagbarestem- kiesstelsel voldoen gevolglik matig aan die gestelde vereiste.

Hoofstuk 7: Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel – 'n kritiese beskouing, evaluering en alternatiewe raamwerke

Proporsionele kiesstelsels raak in die moderne wêreld meer gewild en aanvaarbaar. In November 2004 het 70 state (35,2%) uit 199 state die lysproporsionele kiesstelsel toegepas. Die tweede meeste is die wenner-vat-alles-meerderheidkiesstelsel wat 47 state (23,6%) uit die 199 state toepas (Reynolds, *et al.*, 2005:30). Al die proporsionele kiesstelsels voldoen goed aan die vereistes van internasionale standaarde en word toenemend in demokratiese state gebruik.

Bogenoemde beoordeling van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels kan in Tabel 37 soos volg saamgevat word:

Tabel 37: Beoordeling van die proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsels aan die prioriteitsvolgorde vir Suid-Afrika

VEREISTES	LYSP	EOS
Breë Verteenwoordiging	1	1
Aanmoediging tot versoening	1	1
Toeganklike en betekenisvolle verkiesings	1	1
Volhoubare verkiesingsproses	1	2
Stabiele en effektiewe regering	1	1
Verantwoording deur regering	1	2
Versterk opposisie en toesig	2	2
Verantwoording deur verteenwoordigers	2	1
Aanmoediging van partydeelname	1	2
Internasionale standaarde	1	1
TOTAAL	12	14

Skaal: 1= voldoen goed aan die vereiste; 2= voldoen matig aan die vereiste; 3= voldoen swak aan die vereiste

Indien die omskakeling van die evalueringsmodel gebruik word waarin die beoordeling gekwantifiseer word, is die lysproporsionele kiesstelsel meer geskik vir gebruik in Suid-Afrika as die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel.

7.3.2.3 Gemengde Kiesstelsels – 'n Beoordeling

Die kerneienskap van gemengde kiesstelsels is dat die werking daarvan beide proporsionele en meerderheidkiesstelsels insluit. Gemengde kiesstelsels is met ander woorde 'n kombinasie van meerderheidkiesstelsels en proporsionele kiesstelsels. Hierdie kombinasie word onderskei deur afhanklike en onafhanklike kombinasies. Daar

kan van 'n afhanklike kombinasie gepraat word wanneer die toepassing van een formule om die seteltoewysing te bepaal afhanklik is van die uitkoms van die ander formule. In 'n onafhanklike kombinasie word die twee kiesstelsels in dieselfde verkiesing toegepas, maar die formule van seteltoedeling is afsonderlik van toepassing op elke kiesstelsel. In gemengde kiesstelsels word gepoog om die voordele van beide proporsionele en meerderheidkiesstelsels te kombineer.

Die kiesstelsels wat in die beoordeling toegepas word, is die parallelle kiesstelsel (PS) wat 'n onafhanklike kombinasie is, en die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel (GLP) wat 'n afhanklike kombinasie is.

In die parallelle kiesstelsel word gewoonlik 'n meerderheidkiesstelsel afsonderlik saam met 'n proporsionele kiesstelsel gebruik. Die seteltoedeling se verhouding verskil in state. Tabel 6 (punt 3.4.3.1) dui die verhouding aan in 'n aantal state. In die parallelle kiesstelsel hang die politieke uitkoms baie af van die verhouding van die aantal setels uit elke kiesstelsel. Sou daar meer setels van die een kiesstelsels wees, sou die voor- en nadele van die betrokke kiesstelsel meer oorheersend wees. Vir doeleindes van hierdie evaluering word aanvaar dat daar uit elke kiesstelsel 'n gelyke aantal setels is. In so 'n geval sal die nadele van die een kiesstelsel gebalanseer word deur die voordele van die ander kiesstelsel. Ten opsigte van al die vereistes wat in die evaluering gestel word, sal die parallelle kiesstelsel matig aan die vereistes voldoen. Met die uitsondering van die vereistes van verantwoording deur die verteenwoordigers en voldoening aan internasionale standaarde sal die kiesstelsel goed aan die vereistes voldoen.

Die gemengdelid proporsionele kiesstelsel is 'n afhanklike kombinasie, en die lysproporsionele kiesstelsel word toegepas om te kompenseer vir enige disproporsionaliteit wat deur 'n meerderheidkiesstelsel teweeggebring word. Soos gestel in punt 3.4.3.1, kan die disproporsionaliteit in die geval van enkellidkiesafdelings so groot wees dat die lysproporsionele kiesstelsel nie genoeg daarvoor kan kompenseer nie. Dit gebeur veral indien die aantal setels wat nasionaal gevul word 'n klein getal is. 'n Verdere disproporsionaliteit ontstaan indien die proporsionele setels op streeks- /

Hoofstuk 7: Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel – 'n kritiese beskouing, evaluering en alternatiewe raamwerke

provinsiale vlak lê, en nie op nasionale vlak nie. Die verhouding van die aantal setels uit elke kiesstelsel het eweneens 'n invloed op die proporsionaliteit. Indien meer setels in die gemengde kiesstelsel bepaal word deur die meerderheidskiesstelsel sal die resultate ook disproporsioneel wees.

Vir doeleindes van hierdie evaluering word die lysproporsionele kiesstelsel en die enkellikiesafdeling wenner-vat-alles-meerderheidskiesstelsel gebruik. Die proporsionele setels word op nasionale vlak gevul en die totale aantal setels is 400, waarvan die helfte uit elke kiesstelsel gevul word. In hierdie geval sal die GLP-kiesstelsel goed voldoen aan die vereistes van breë verteenwoordiging, aanmoediging tot versoening, die versekering van toeganklike en betekenisvolle verkiesings, stabiele en effektiewe regering, verantwoording deur verteenwoordigers, aanmoediging van partydeelname en die voldoening aan die vereistes van internasionale standaarde. Koste vir die kiesstelsel is hoog en die kiesstelsel is ingewikkeld. Volgens Tabel 10 (punt 4.4.9), wat die potensiële koste en administratiewe implikasies weergee, voldoen die gemengdelid-proporsionele kiesstelsel swak aan die vereiste van 'n volhoubare verkiesingsproses. Soos in die geval van die wenner-vat-alles-kiesstelsel kan die regerende party die afbakening van die kiesafdelings tot hulle voordeel manipuleer en word verantwoording van die regering hierdeur verswak. Die GLP-kiesstelsel voldoen matig aan die vereiste van verantwoording van die regering. Al die verskillende kiesstelsels voldoen matig aan die vereiste om die opposisie en oorsig te versterk en die GLP-kiesstelsel sal ook matig aan hierdie vereiste voldoen.

Bogenoemde beoordeling van die gemengde kiesstelsels kan in Tabel 38 soos volg saamgevat word:

Tabel 38: Beoordeling van die gemengde kiesstelsels aan die prioriteitsvolgorde vir Suid-Afrika

VEREISTES	PS	GLP
Breë Verteenwoordiging	2	1
Aanmoediging tot versoening	2	1
Toeganklike en betekenisvolle verkiesings	2	1
Volhoubare verkiesingsproses	2	3

Hoofstuk 7: Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel – 'n kritiese beskouing, evaluering en alternatiewe raamwerke

VEREISTES	PS	GLP
Stabiele en effektiewe regering	2	1
Verantwoording deur regering	2	2
Versterk opposisie en oorsig	2	2
Verantwoording deur verteenwoordigers	1	1
Aanmoediging van partydeelname	2	1
Internasionale standaarde	1	1
TOTAAL	18	14

Skaal: 1= voldoen goed aan die vereiste; 2= voldoen matig aan die vereiste; 3= voldoen swak aan die vereiste

Indien die omskakeling van die evalueringsmodel gebruik word waarin die beoordeling gekwantifiseer word, is die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel meer geskik vir gebruik in Suid-Afrika as die parallelle kiesstelsel. In Suid-Afrika het die ETT (Electoral Task Team) in 'n meerderheidsverslag die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel vir Suid-Afrika na 1999 aanbeveel. Die kabinet het egter die bestaande lysproporsionele-kiesstelsel behou.

7.3.3 'n Kiesstelsel vir Suid-Afrika

Om te bepaal watter kiesstelsel die geskikste vir Suid-Afrika is, word die beoordelings van die twaalf verskillende kiesstelsels teenoor die prioriteitsvolgorde, wat hierbo gedoen is, omgeskakel in die evalueringsmodel. Die omskakeling word gedoen deur die evaluering te kwantifiseer deur die getal een vir goed, twee vir matig en drie vir swak toe te deel. Die getal toegeken vir elke vereiste van elke kiesstelsel word bymekaar getel om die somtotaal van die kiesstelsel te bepaal.

Ten einde die prioriteitsvolgorde te verreken sal die getal drie van die somtotaal afgetrek word van daardie kiesstelsel wat goed aan elkeen van die eerste drie prioriteitsvereistes voldoen. Die getal twee sal van die somtotaal afgetrek word indien 'n kiesstelsel goed aan elkeen van die vierde tot sesde prioriteitsvereistes voldoen. Die getal een sal van die somtotaal afgetrek word indien 'n kiesstelsel goed aan elkeen van die sewende tot negende prioriteitsvereistes voldoen. Die kiesstelsel met die laagste telling sal die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika wees. Die laagste telling wat behaal

Hoofstuk 7: Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel – 'n kritiese beskouing, evaluering en alternatiewe raamwerke

kan word, is vier, en die hoogste telling is dertig. Die skaal van geskiktheid is dus vanaf vier tot dertig, met vier as die geskikste kiesstelsel.

Hierdie omskakeling en toepassing word in Tabel 39 uiteengesit:

Tabel 39: Evalueringstabel om die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal

VEREISTES	MEERDERHEIDKIESSTELSELS					GEMENGDE KIESSTELSELS		PROPORSIONELE KIESSTELSELS	
	WVA	TRS	AS	BS	PBS	PS	GLP	LYSP	EOS
Breë Verteenwoordiging	3	3	3	3	3	2	1	1	1
Aanmoediging tot versoening	3	3	2	3	3	2	1	1	1
Toeganklike en betekenisvolle verkiesings	3	3	3	3	3	2	1	1	1
Volhoubare verkiesingsproses	2	3	2	2	1	2	3	1	2
Stabiele en effektiewe regering	3	2	2	3	3	2	1	1	1
Verantwoording deur die regering	3	2	2	3	3	2	2	1	2
Versterk opposisie en oorsig	2	2	2	2	2	2	2	2	2
Verantwoording deur verteenwoordigers	1	1	1	1	1	1	1	2	1
Aanmoediging van partydeelname	3	2	2	3	3	2	1	1	2
Internasionale standaarde	1	1	1	1	1	1	1	1	1
SUBTOTAAL	24	22	20	24	23	18	14 -3	12 -5	14 -3
TOTAAL	24	22	20	24	23	18	11	7	11

Skaal: 1= voldoen goed aan die vereiste; 2= voldoen matig aan die vereiste; 3= voldoen swak aan die vereiste

Uit die evalueringstabel is dit duidelik dat 'n meerderheidkiesstelsel nie 'n gewenste kiesstelsel vir Suid-Afrika is wat betref die prioriteitsvereistes nie. Die kiesstelsel wat die minste geskik is vir Suid-Afrika is die wenner-vat-alles- en die blokstem-kiesstelsel. Beide hierdie kiesstelsels het 'n puntetotaal van 24 uit 30.

Uit bogenoemde tabel het die lysproporsionele kiesstelsel die laagste puntetelling van sewe. Derhalwe is die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika, soos geëvalueer aan die prioriteitsvolgorde van die vereistes vir 'n goeie kiesstelsel vir Suid-Afrika die lysproporsionele kiesstelsel. Die lysproporsionele kiesstelsel voldoen goed aan die vereistes van breë verteenwoordiging, aanmoediging tot versoening, toeganklike en

betekenisvolle verkiesings, 'n volhoubare verkiesingsproses, stabiele en effektiewe regering, verantwoording deur die regering, aanmoediging van partydeelname en internasionale standaarde. Die lysproporsionele kiesstelsel voldoen matig aan die vereiste van versterking van opposisie en toesig en verantwoording deur verteenwoordigers. Nieteenstaande dit alles, vergeleke met die ander kiesstelsels, is dit steeds op die oomblik die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika.

Voor toepassing van die prioriteitsvolgorde se punte is daar twee punte verskil tussen die lysproporsionele kiesstelsel (12), die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel (14) en die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel (14). Dit maak die gemengdelid- proporsionele en enkeloordraagbare kiesstelsel, moontlike alternatiewe kiesstelsels indien omstandighede in Suid-Afrika sodanig verander dat die prioriteitsvolgorde verander.

Die slotsom van die evaluering is dat die bestaande lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika is. Moontlike alternatiewe kiesstelsels is die gemengdelys- proporsionele kiesstelsel en die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel.

7.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die Suid-Afrikaanse kiesstelsel, wat die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is, krities beskou en geëvalueer om te bepaal in watter mate die kiesstelsel aan demokratiese vereistes en die kriteria wat vir 'n goeie kiesstelsel neergelê is, voldoen. Ander kiesstelsels soos die meerderheid-, gemengde en ander proporsionele kiesstelsels is as vergelykende kiesstelsels ook geëvalueer ten einde te bepaal watter kiesstelsel die geskikste vir Suid-Afrika is.

'n Kiesstelsel funksioneer egter nie afsonderlik nie en is deel van die politieke stelsel van 'n staat. Ten einde te bepaal of die kiesstelsel aan die demokratiese vereistes voldoen, moet ook bepaal word of die politieke stelsel en verkiesings in Suid-Afrika aan die vereistes voldoen. Die kriteria wat gestel word waaraan politieke stelsels,

verkiesings en kiesstelsels moet voldoen om as demokraties beskou te word, en wat in ander hoofstukke van hierdie studie bepaal is, vind toepassing in hierdie kritiese beskouing en evaluering.

In die evaluering is bepaal dat die politieke stelsel in Suid-Afrika ten volle aan die kriteria vir 'n demokratiese politieke stelsel met 'n parlementêre regeringstelsel binne 'n verteenwoordigende demokrasie voldoen. Die verkiesings in Suid-Afrika voldoen ook aan al die internasionale vereistes soos bepaal deur die SAOG deur Suid-Afrikaanse wetgewing en is vrye, regverdige en demokratiese verkiesings. Wetgewing om aan hierdie vereistes te voldoen is vervat in die Grondwet van Suid-Afrika en sommige bepalinge kan slegs gewysig word met 'n twee-derde meerderheid in die Nasionale Vergadering. Dit maak dit dus moeiliker om die kiesstelsel te verander teenoor gewone wetgewing wat met 'n gewone meerderheid verander kan word.

Die kiesstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, moet ook aan sekere grondwetlike bepalinge, soos in die vorige hoofstuk bepaal, voldoen. Die bestaande lysproporsionele kiesstelsel voldoen aan al hierdie vereistes sowel as aan die kriteria wat gestel word vir demokratiese verkiesings. Wat belangrik is, is dat hoewel aan al die demokratiese vereistes voldoen word, steeds bepaal moet word wat die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika is.

Die tien kriteria vir 'n goeie kiesstelsel soos deur Reynolds, Reilly en Ellis gestel, is ter evaluering van die bestaande kiesstelsel en ander kiesstelsels toegepas ten einde die beste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal. Elke staat se omstandighede verskil en kiesstelsels moet daarvolgens geëvalueer word. Om dit te doen is die tien kriteria in prioriteitsvolgorde geplaas ten opsigte van wat die belangrikste is wat binne die bepaalde eiesoortige omstandighede in Suid-Afrika bereik moet word.

Die lys proporsionele kiesstelsel en die ander meerderheid-, gemengde en proporsionele kiesstelsels is geëvalueer aan die tien kriteria in die prioriteitsvolgorde wat vir Suid-Afrika geld. Daar is bepaal in watter mate elke kiesstelsel aan die kriteria ten opsigte van goed, matig en swak voldoen. 'n Evalueringstabel is opgestel vir elke

Hoofstuk 7: Die Suid-Afrikaanse nasionale kiesstelsel – 'n kritiese beskouing, evaluering en alternatiewe raamwerke

kiesstelsel en gekwantifiseer deur 'n puntetelling van een vir goed, twee vir matig en drie vir swak toe te ken. Die prioriteit van die vereistes is ook gekwantifiseer en 'n evalueringstabel is opgestel waaraan die kiesstelsels gemeet kan word ten einde te bepaal watter kiesstelsel die geskikste vir Suid-Afrika is. Die kiesstelsel met die laagste telling is die geskikste kiesstelsel.

Hierdie evalueringstabel is bepaal met inagneming van die bestaande omstandighede in Suid-Afrika, en sou die omstandighede in die toekoms verander, sou die evalueringstabel weer geprioritiseer kon word om daarby aan te pas. Die uitkomst kan dan verskil en die geskikste kiesstelsel vir die huidige kan moontlik vervang word met 'n ander as die geskikste kiesstelsel.

In die toepassing van die evalueringstabel is bevind dat die bestaande lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel die geskikste kiesstelsel tans vir Suid-Afrika is. Moontlike alternatiewe kiesstelsels, indien omstandighede verander, is die gemengdelid-proporsionele kiesstelsel en die enkeloordraagbarestem-kiesstelsel.

In die volgende hoofstuk sal 'n gevolgtrekking van die studie gemaak word ten einde duidelikheid te gee ten opsigte van die mate waarin die nuwe proporsionele kiesstelsel en die toepassing daarvan beslag gegee het aan demokratiese praktyke in Suid-Afrika. Duidelikheid sal ook gegee word oor die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika en sodoende sal 'n bydrae gelewer word tot die huidige debat oor kiesstelsels in Suid-Afrika.

HOOFSTUK 8: SLOTHOOFSTUK

Die Republiek van Suid-Afrika het in 1993 'n nuwe oorgangsgrondwet aanvaar wat finale beslag gekry het in die Grondwet van 1996. Hierdeur is 'n nuwe grondwetlike bedeling sedert 1994 in Suid-Afrika ingestel. As deel van hierdie nuwe grondwetlike bedeling is ook 'n nuwe kiesstelsel, naamlik die geslotelys proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel, aanvaar. Hierdie kiesstelsel is aanvaar vir verkiesings op nasionale en provinsiale vlak van verteenwoordigers. Die fokus van hierdie studie was egter die verkiesing van verteenwoordigers op nasionale vlak vir die Nasionale Vergadering. Hoewel daar sekere voordele verbonde is aan hierdie kiesstelsel, is daar ook nadele, soos uitgewys in die studie. Sommige politieke wetenskaplikes, politieke partye en meningvormers is van mening dat hierdie kiesstelsel meebring dat daar gebrekkige kontak is tussen die verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering (parlement) en die kiesers. Die kritici is ook van mening dat partyleiers te veel mag binne hierdie kiesstelsel verkry deurdat die partye die kandidate op kandidaatlyste aanwys. In verkiesings stem kiesers vir bepaalde politieke partye en het dus nie 'n keuse met betrekking tot wie hulle verteenwoordigers is nie. Volgens hulle het dit tot gevolg dat Suid-Afrika aan die verteenwoordigende aspek van demokrasie voldoen, maar in gebreke bly wat verantwoordings betref, veral verantwoordings deur verteenwoordigers aan die kiesers. Hulle mening is dat hierdeur afbreuk gedoen word aan die legitimiteit van die parlement, soos in 'n verteenwoordigende demokrasie vereis word.

Die doelstelling van hierdie studie was om 'n kritiese ontleding te maak van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel en sy funksionering op nasionale vlak. In hierdie kritiese ontleding is bepaal in watter mate die Suid-Afrikaanse kiesstelsel aan die kriteria voldoen wat vir 'n goeie kiesstelsel gestel word om legitimiteit aan die parlement en 'n volhoubare verteenwoordigende demokrasie en verantwoordbare regering op die langtermyn in Suid-Afrika te verseker. Hierdie ontleding en beoordeling is verder gebruik om die wenslikheid al dan nie, en indien wel, die identifisering en ontleding van 'n alternatiewe

kiesstelsel vir Suid-Afrika, te bepaal. Die volgende standpunte en gevolgtrekkings kan uit hierdie kritiese ontleding weergegee word.

Die klassieke begrip van demokrasie is deur die eeue deur filosowe en politieke wetenskaplikes geherinterpreteer tot wat ons vandag ken as die moderne demokrasie. Die moderne demokrasie onderskei verskillende vorme van demokrasie en, gebaseer op die element van deelname, word 'n indirekte vorm van demokrasie, naamlik verteenwoordigende demokrasie, geïdentifiseer. In 'n verteenwoordigende demokrasie regeer die burgers deur verteenwoordigers wat hulle periodiek in verkiesings tot wetgewende liggame verkies, en die verteenwoordigers is aanspreeklik teenoor die burgers. Die kies van verteenwoordigers deur demokratiese verkiesings met gelyke stemreg en 'n billike kiesstelsel vorm die demokratiese sfeer van verteenwoordigende demokrasie en verseker die eienskap van gelykheid. Die ander sfeer van die verteenwoordigende demokrasie behels die skeiding van magte. Wanneer die skeiding van die uitvoerende, wetgewende en regsprekende gesag in die grondwet van 'n staat vervat is, word 'n grondwetlike tipe demokrasie binne die raamwerk van 'n verteenwoordigende demokrasie geïdentifiseer. Volgens hierdie omskrywing is Suid-Afrika 'n grondwetlike demokrasie binne die raamwerk van 'n verteenwoordigende demokrasie.

Politiese deelname van kiesers in 'n verteenwoordigende demokrasie geskied deur middel van gereelde verkiesings waarin die burgers hulle stemreg uitoefen. Die kiesstelsel bepaal die reëls vir die verkiesing en is die meganisme wat gebruik word om die aantal stemme wat in 'n verkiesing uitgebring is, volgens 'n bepaalde formule, in setels om te skakel. Die kiesstelsel bepaal dus effektief wie verkies word en watter politieke party die politieke mag verkry. Hierdeur word die belangrikheid van die kiesstelsel beklemtoon, en indien die kiesstelsel nie billik en regverdig is nie, kan dit die legitimiteit van die parlement aantas en die demokratiese sfeer van die verteenwoordigende demokrasie ongedaan maak.

Moderne demokrasieë pas 'n wye verskeidenheid kiesstelsels toe, en daar is eenstemmigheid dat daar nie 'n enkele beste kiesstelsel is wat deur alle state toegepas kan word nie. Die rede is dat elke staat sy eiesoortige omstandighede het en 'n bepaalde kiesstelsel se werking en uitkomst sal hierdeur geraak word. Kiesstelsels wat goed werk vir state met 'n homogene bevolkingsamestelling sal nie noodwendig goed werk vir state met 'n heterogene bevolkingsamestelling soos byvoorbeeld Suid-Afrika nie.

In die gebruik van die kiesstelsel as die meganisme wat stemme in setels omskakel, is daar drie kernveranderlikes, naamlik die kiesformule, die stembrief en die aantal verteenwoordigers in 'n stembedstrik. 'n Verandering in enige van hierdie kernveranderlikes verseker verskillende uitkomst van die kiesstelsel. Hierdeur het verskillende politieke wetenskaplikes 'n tipologie van kiesstelsels bepaal. Reynolds se tipologie van kiesstelsels identifiseer vier hoofgroepe kiesstelsels, naamlik meerderheid, gemengde, proporsionele en ander kiesstelsels. Binne hierdie hoofgroepe identifiseer Reynolds 'n verdere twaalf verskillende tipes kiesstelsels. Een van die tipes kiesstelsels wat Reynolds onder proporsionele kiesstelsels identifiseer, is die geslotelys-proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel wat tans in Suid-Afrika toegepas word.

Elke tipe kiesstelsel het bepaalde voor- en nadele. In die geval van die lysproporsionele kiesstelsel is van die belangrike voordele dat die kiesstelsel proporsionele verkiesing van verteenwoordigers verseker, dat die vermorste stem min is, dat vroue en minderhede makliker verteenwoordiging verkry, dat dit inklusief is, dat dit versoening aanmoedig en dat dit 'n hoë stempersentasie het. Van die belangrike nadele is swak geografiese verteenwoordiging, verantwoordbaarheidsprobleme en meer mag aan politieke partye.

Omdat verskillende kiesstelsels verskillende werkinge, voordele en nadele het, is dit noodsaaklik om bepaalde kriteria te bepaal waaraan 'n kiesstelsel moet voldoen om te verseker die demokrasie van 'n staat, en daardeur die legitimiteit van sy parlement, nie aangetas word nie. Die effek wat 'n kiesstelsel op 'n staat het, strek ook verder as net

die omskakeling van stemme in setels om te bepaal wie word verkies. Die kiesstelsel het 'n effek op die (i) partystelsel in 'n staat (ii) mate van konflik in gemeenskappe (iii) psigologiese denke van kiesers (iv) weerspieëling van die bevolkingsamestelling van 'n staat, en (v) demokratiese raamwerk. Hierdie aspekte het 'n belangrike invloed op die bepaling van 'n geskikte kiesstelsel vir 'n staat.

In die bepaling van kriteria vir kiesstelsels moet dit verreken word dat kiesstelsels en verkiesings bepaalde uitwerkings op mekaar het. Indien een van die twee nie aan demokratiese vereistes voldoen nie, maak dit die ander een ondemokraties. Verkiesings en kiesstelsels moet dus aan bepaalde kriteria voldoen om 'n demokrasie te verseker. In die geval van verkiesings is internasionale vereistes gestel waaraan verkiesings moet voldoen om as vry en regverdig verklaar te word. Wat betref kiesstelsels, word vereistes gestel waaraan 'n kiesstelsel moet voldoen om 'n goeie kiesstelsel te wees en demokrasie te bevorder. Hierdie vereistes is dat kiesstelsels breë verteenwoordiging, toeganklike en betekenisvolle verkiesings, versoening, stabiele en effektiewe regering, verantwoordbaarheid van die regering, verantwoording deur verteenwoordigers, bevordering van politieke partye, opposisie en toesig, volhoubaarheid van die verkiesingsproses en internasionale standaarde moet bevorder en verseker.

'n Belangrike vereiste vir vry en regverdige verkiesings is dat algemene stemreg moet geld op die basis van "een mens, een stem, een waarde." Stemreg in Suid-Afrika was sedert 1902, met die sluiting van die *Vrede van Vereeniging*, ter beëindiging van die Anglo-Boereoorlog 'n aktuele saak. Swartmense, Bruinmense en Indiërs het nie stemreg vir verteenwoordigers van die Volksraad (parlement) gehad nie. Verteenwoordigers van die Volksraad was net deur die Wit kiesers verkies. Die belangrikste rede was dat Witmense 'n swart meerderheidsoorheersing gevrees het weens die Swartmense se getalle. Die politieke stelsel in Suid-Afrika, volgens die 1910-Grondwet, was 'n parlementêre stelsel en die kiesstelsel was 'n meerderheidskiesstelsel van wenner-vat-alles in enkellid-kiesafdelings. Hierdie kiesstelsel se groot nadeel is dat dit nie billike en proporsionele verteenwoordiging verseker nie. In vier verkiesings vir die Volksraad (1910, 1929, 1948 en 1953) het die kiesstelsel meegebring dat 'n minderheid oor 'n

meerderheid regeer. Dit beteken dat 'n politieke party die meeste setels in die wetgewende liggaam kry, met 'n minderheid van die stemme in die verkiesing. Die werking van hierdie meerderheidskiesstelsel is nie uniek aan Suid-Afrika nie; soortgelyke resultate word veral in Brittanje verkry.

Met die aanvaarding van die 1983-Grondwet in Suid-Afrika is die parlement se samestelling verander na 'n driekamer-parlement. Daarvolgens het die parlement 'n Volksraad (Witmense), Huis van Verteenwoordigers (Bruinmense) en Huis van Afgevaardigdes (Indiërs) gehad. Bruinmense en Indiërs het toe stemreg verkry om verteenwoordigers vir hulle betrokke kamers te verkies. Swartmense was steeds uitgesluit wat algemene stemreg vir die parlement van Suid-Afrika betref.

Hierdie historiese omstandighede het groot verdeeldheid, konflik, rassehaat, opstande en agterdog tussen rasse in Suid-Afrika laat ontstaan. Met die aanvaarding van die 1993- Tussentydse Grondwet is vir die eerste keer in Suid-Afrika in 1994 'n verkiesing gehou met algemene stemreg vir alle burgers (wit, swart, bruin en Indiërs) van Suid-Afrika vir een parlement. Volgens internasionale kriteria was dit die eerste vry en regverdige verkiesing in Suid-Afrika. Vir hierdie verkiesing was die geslotelys-proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel toegepas.

Die belangrikste rede vir die keuse van hierdie kiesstelsel was om te verseker dat die verdeeldheid en oorheersing van een groep oor 'n ander nie herhaal word nie. Daar moes verseker word dat alle groepe, ook minderhede, regverdige en billike verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering verkry. Blankes se vrese van swart meerderheid oorheersing moes geakkommodeer word. Weens die verdeelde verlede moes daar ook verseker word dat versoening en sosiale kohesie in Suid-Afrika bevorder word. Die kiesstelsel wat hierdie spesifieke aspekte die beste kan ondervang, is die lysproporsionele kiesstelsel. Die voordele van hierdie kiesstelsel is juis proporsionele verteenwoordiging, inklusiwiteit, versoening, minderheid-verteenwoordiging, hoë stempersentasie en min vermorste stemme.

Hoofstuk 8: Slothoofstuk

Die geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel wat in die 1994-verkiesing toegepas is, was ingevolge die 1993- en 1996-Grondwet van Suid-Afrika, 'n kiesstelsel wat in die oorgang gebruik moes word. Die twee grondwette het bepaal dat hierdie kiesstelsel minstens nog in die 1999 verkiesings moet geld. Daarna moet 'n finale kiesstelsel vir verdere verkiesings in Suid-Afrika bepaal word. 'n Komitee, bekend as die ETT (*Electoral Task Team*), onder voorsitterskap van dr. Frederik Van Zyl Slabbert, is deur die minister van Binnelandse Sake aangestel om 'n finale kiesstelsel te ondersoek en aanbevelings te maak. Weens meningsverskille in die taakspan oor die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika het die taakspan 'n meerderheids- en minderheidsverslag opgestel. Die meerderheidsverslag het aanbeveel dat die geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel deur die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel vervang word. Hierdie voorstel was gebaseer daarop dat 300 verteenwoordigers in meerledige kiesafdelings en 100 verteenwoordigers van geslote partylyste volgens proporsionele verteenwoordiging verkies moes word. Die minderheidsverslag het aanbeveel dat die geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel, wat in die 1994- en die 1999-verkiesing toegepas is, behou moes word. Die kabinet het die minderheidsverslag se aanbeveling aanvaar en die geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is tans die kiesstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word.

In die rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel in die nasionale verkiesings van 2004 en 2009 vir verteenwoordigers van die Nasionale Vergadering is bevind dat in beide die verkiesings aan die kriteria vir demokratiese verkiesings voldoen is. Die Suid-Afrikaanse kiesstelsel het eweneens voldoen aan die kriteria wat gestel word vir 'n goeie kiesstelsel om demokrasie te verseker. Daar kan dus gestel word dat verkiesings en die kiesstelsel in Suid-Afrika demokrasie verseker.

Hoewel verkiesings en die kiesstelsel in Suid-Afrika aan die kriteria voldoen om demokrasie te verseker is daar menings dat die bestaande kiesstelsel verbeter kan word. Selfs die ETT het in mening verskil. Deel van hierdie menings is dat die bestaande kiesstelsel wel legitiem, inklusief, hoogs proporsioneel en billik is, en dat dit nie stemme mors nie en knoeiery met afbakening uitskakel. Hoewel dit die voordele van

die kiesstelsel behels, is die nadeel daarvan dat dit onpersoonlik is, partyleiers en partyburokrasie se hande sterk en dat die kiesstelsel nie voldoende verantwoording deur die verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering verseker nie. Die verantwoording deur die verteenwoordigers word as die grootste nadeel beskou omdat dit kommunikasie tussen kiesers en verteenwoordigers onderdruk. Verder is verteenwoordigers meer verantwoordbaar teenoor hulle politieke party as teenoor die kiesers. Die alternatiewe kiesstelsel wat, volgens die kritici, die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika sal wees, is die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel.

In die kritiese ontleding van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel in hierdie studie is 'n deeglike evaluering gedoen van al twaalf tipes kiesstelsels ten opsigte van die kriteria vir 'n goeie kiesstelsel. Ten einde die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika te bepaal is die genoemde kriteria in prioriteitsvolgorde geplaas volgens wat die belangrikste is in die huidige Suid-Afrikaanse omstandighede. Hiervolgens is 'n evalueringsmodel opgestel wat gekwantifiseer is ten einde die voldoening van elke kiesstelsel aan die vereiste en prioriteitsvolgorde te verreken. In die toepassing van die twaalf tipes kiesstelsels op die evalueringsmodel, is die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel aangedui as die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika.

In die evaluering van die lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel as die geskikste kiesstelsel is dit duidelik dat ander vereistes soos breë verteenwoordiging, versoening en toeganklike en betekenisvolle verkiesings, 'n hoër prioriteit is as verantwoording deur verteenwoordigers. As gevolg van die historiese verdeeldheid en konflik tussen rasse en groepe in Suid-Afrika is breë verteenwoordiging, versoening en toeganklikheid en betekenisvolle verkiesings noodsaaklik om toekomstige konflik te voorkom. Die vlak van ongeletterdheid in Suid-Afrika vereis ook dat 'n kiesstelsel volhoubaar moet wees en verdien ook hoër prioriteit as verantwoording deur verteenwoordigers.

Genoemde vier vereistes moet deeglik in enige alternatiewe kiesstelsel vir Suid-Afrika verreken word. Daar is menings dat die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel

dieselfde breë verteenwoordiging verseker as die lysproporsionele kiesstelsel. Dit is egter net waar indien sekere aspekte geld in die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel. Eerstens moet die verdeling van die aantal verteenwoordigers in kiesafdelings dieselfde wees as die aantal proporsionele verteenwoordigers en die proporsionele verteenwoordigers moet gebruik word om die proporsionaliteit reg te stel. Tweedens moet die kiesformule die tweefase-benadering insluit waar 'n kwota stemme bepaal word, en die surplusstemme ooreenkomstig die grootste breuk verreken word. Enige afwyking van genoemde twee aspekte sal nie dieselfde breë verteenwoordiging verseker as die huidige Suid-Afrikaanse kiesstelsel nie. Indien dieselfde breë verteenwoordiging nie bereik word nie, kan dit versoening en die toeganklikheid van verkiesings in Suid-Afrika benadeel. Kritiek teen die gemengdelid- proporsionele kiesstelsel is dat dit meer ingewikkeld, duurder en makliker manipuleerbaar is met kiesafdelingsgrense.

Verantwoording deur verteenwoordigers is belangrik in 'n verteenwoordigende demokrasie en is 'n bepaalde vereiste om demokrasie in 'n verteenwoordigende demokrasie te verseker. Daar moet duidelikheid wees oor wat met verantwoording deur verteenwoordigers bedoel word en die konteks daarvan ten opsigte van kiesstelsels.

In hierdie studie word aangetoon dat verantwoording deur verteenwoordigers twee aspekte behels. Eerstens, die moontlikheid van die kiesers om insette in die Nasionale Vergadering te kan maak in die wetmakende proses. Tweedens, die skakel en bystand van verteenwoordigers aan kiesers wat vrae oor regeringsbeleid stel of wat griewe en probleme met regeringsinstellings (staatsdepartemente) ondervind. Wat die eerste aspek betref, het die kiesstelsel van 'n staat geen invloed nie, aangesien die betrokke wetgewende liggaam self die prosedures moet skep waardeur kiesers insette in die wetmakende proses kan lewer. Wat die tweede aspek betref, kan die kiesstelsel ook nie verteenwoordigers verplig om met kiesers te skakel ten einde aandag aan hulle behoeftes te skenk nie. Kiesstelsels bepaal wel watter verteenwoordigers verkies word, maar bepaal nie in watter mate die betrokke verteenwoordiger sy pligte moet nakom

nie. In watter mate 'n verteenwoordiger sy pligte teenoor kiesers nakom, word deur die interne reëls en dissipline van die verteenwoordiger se betrokke politieke party bepaal.

Kiesstelsels bepaal nie wie 'n kandidaat in 'n verkiesing is nie, wel die algemene vereistes waaraan voldoen moet word. Kandidate in 'n verkiesing word meestal deur politieke partye aangewys en individue kan as onafhanklike kandidate deelneem. Sekere tipes kiesstelsels leen hulle wel daartoe dat partye in verkiesings in hulle verkiesingsveldtogte hulle kandidate meer bekend kan stel aan die kiesers. In meerderheidskiesstelsels waar kiesafdelings gebruik word, plaas partye gewoonlik gesigsplakkate (foto's) van hulle kandidate in die bepaalde kiesafdeling. Hierdeur word kandidate aan die kiesers bekendgestel en die kans om verkies te word daardeur vergroot. In die kiesafdeling sien die kiesers wie die kandidaat is en hoe die kandidaat lyk. In proporsionele kiesstelsels, waar kiesers vir partye stem, word gesigsplakkate gewoonlik van die nasionale leier van 'n deelnemende party gebruik. In hierdie geval weet die kiesers wie die nasionale leier van 'n party is, maar nie wie die verteenwoordigers in die wetgewende liggaam gaan wees nie. Dit beteken dat sommige kiesstelsels hulle hoogstens daartoe leen dat kandidate meer bekend is by kiesers, maar bepaal steeds nie die mate waarin die gekose verteenwoordiger sy/haar pligte teenoor die kiesers sal nakom nie. Dit word steeds bepaal deur die interne reëls en dissipline van die verteenwoordiger se politieke party.

Uit bogenoemde is die gevolgtrekking dat die kiesstelsel nie die mate van verantwoording deur verteenwoordigers kan verseker nie. Die mate van verantwoording deur verteenwoordigers word verseker deur die interne reëls en dissipline van die verteenwoordigers se politieke partye. Indien politieke partye nie toesien dat verteenwoordigers hulle pligte teenoor die kiesers nakom nie, kan partye by 'n volgende verkiesing deur die kiesers gestraf word deurdat hulle nie weer vir die party stem nie. Kiesstelsels se bydrae tot verantwoording deur verteenwoordigers is om te verseker dat kiesers by 'n volgende verkiesing 'n keuse het tussen meer as een kandidaat of politieke party.

In Suid-Afrika het politieke partye elk hulle eiesoortige reëls en prosedures om verantwoording deur verteenwoordigers aan die kiesers te verseker. Beide die regerende en amptelike opposisieparty, as voorbeeld, maak hulle eie indelings van die staat in 'kiesafdelings' gebaseer op munisipale grense. Spesifieke verteenwoordigers word aan die 'kiesafdelings' toegedeel om kontak met kiesers te verseker. Die partye maak ook voorsiening vir tugstappe wat teen verteenwoordigers ingestel kan word wat nie presteer nie. In die moderne era van tegnologie vergemaklik internet enige kommunikasie met kiesers en elke verteenwoordiger in die Nasionale Vergadering kry 'n begroting om 'n kieserskantoor te vestig. Hierdeur word skakeling met die kiesers verseker en dit is in elke party se belang en tot sy voordeel om toe te sien dat hulle verteenwoordigers skakeling met die kiesers bevorder. Alle verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering se kontakbesonderhede is by die parlement beskikbaar, en kiesers kan kontak maak met enige verteenwoordiger van sy/haar keuse. Die Nasionale Vergadering het ook spesiale reëls en bepalinge in die Grondwet wat kiesers direkte toegang gee tot die funksionering van die wetmakende proses.

Soos reeds gestel, word kandidate nie deur 'n kiesstelsel aangewys nie, maar deur politieke partye. In enige aanwysing van kandidate sal die leierskap en partyburokrasie 'n bepaalde rol speel, aangesien 'n kandidaat aan die party se vereistes moet voldoen om as verteenwoordiger van die party te kan deelneem. Die keuring word gedoen deur die leierskap en partyburokrasie. Die proses om kandidate aan te wys verskil tussen partye. In 'n lysproporsionele kiesstelsel is daar eenvormigheid ten opsigte van die tipe kandidaat of verteenwoordigers. Almal word proporsioneel verkies. In 'n gemengdelid-proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel is daar twee tipes kandidate, naamlik die proporsionele kandidate en die kiesafdelingskandidate. In hierdie geval is dit vir proporsionele kandidate makliker om verkies te word, aangesien die totale aantal stemme vir die party proporsionele verteenwoordiging verseker. 'n Kiesafdelingskandidaat kan met 'n enkele stem die verkiesing in die kiesafdeling verloor, terwyl daar ook groter verwagtinge en druk op die kandidaat sal wees in die verkiesingsveldtog. Hierdie situasie skep wedywing tussen kandidate om eerder 'n kandidaat op die proporsionele lys te wees. Dit gee partyleiers en die burokrasie groter

mag en invloed in die proses van aanwysing van kandidate. Die stelling dat partyleiers te veel mag binne 'n lysproporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel verkry, is nie korrek nie, aangesien in enige kiesstelsel partyleiers mag verkry met die aanwysing van kandidate.

Die gevolgtrekking uit hierdie studie is dat die historiese omstandighede in Suid-Afrika diep verdeeldheid in gemeenskappe geskep het en dat versoening en kohesie noodsaaklik is vir stabiliteit en ekonomiese ontwikkeling. Die kiesstelsel wat Suid-Afrika toepas, moet tot hierdie versoening en kohesie bydra en verseker dat alle gemeenskappe billike en regverdige verteenwoording in die Nasionale Vergadering verkry. Elke stem moet tel en die vermorste stem moet so min as moontlik wees. Hierdeur kan alle groepe verteenwoording in die Nasionale Vergadering verseker word. Weens die vlakke van ongeletterheid moet die kiesstelsel ook eenvoudig en volhoubaar wees. Gegewe bogenoemde en die kritiese ontleding van die Suid-Afrikaanse kiesstelsel in hierdie studie, is die geskikste kiesstelsel vir Suid-Afrika die huidige geslotelys- proporsioneel verteenwoordigende kiesstelsel en behoort behou te word.

Verdere navorsing word aanbeveel rakende verantwoording deur verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering in Suid-Afrika. Voorstelle soos die van Albert Venter dat 'n formele toedeling deur partye van verteenwoordigers in magistraatdistrikte moet geskied waardeur 'n sekere *locus standi* gevestig word wat betref regerings en administratiewe instellings, behoort verder nagevors te word. Verdere navorsing behoort die reëls en prosedures wat partye volg, in te sluit, en die moontlikheid ondersoek om standaardreëls in wetgewing vas te lê, om dit sodoende afdwingbaar te maak.

Verdere vergelykende navorsing word ook aanbeveel deur die nasionale kiesstelsel te vergelyk met die gemengdelid proporsionele kiesstelsel wat in plaaslike regeringsverkiesings in Suid-Afrika gebruik word om te bepaal of meer verantwoording van verteenwoordigers teenoor kiesers verkry word.

BYLAE**BYLAAG A: VERKIESINGSUITSLAE OP NASIONALE VLAK VAN 1910 TOT 2009 IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA****Lys van afkortings van politieke partye en groepe in die Volksraad**

AFKORTING	NAAM VAN PARTY	AFKORTING	NAAM VAN PARTY
Arb.	Arbeidersparty	NRP	Nuwe Republiek Party
Arb.-CR	Arbeider Creswelliete	NU	Nasionale Unie
Arb.-Hfb.	Arbeider-Hoofbestuur	Onafh.	Onafhanklike
BW.-Arb.	Bouwerker-Arbeider	O-Arb.	Onafhanklike Arbeider
CDP	Christelike Demokratiese Party	O-Nas.	Onafhanklike Nasionalis
C-Nas.	Christelike Nasionalis	O-Reg.P.	Onafhanklike Regerende Party
C-Onafh.	Christelike Onafhanklike	O-RP.	Onafhanklike Republikeinse Party
CHS	Christelike Historiese Staatsparty	O-SAP	Onafhanklike Suid-Afrikaanse Party
DP	Demokratiese Party	O-Sos.	Onafhanklike Sosialis
DNP	Demokratiese Nasionale Party	O-Un.	Onafhanklike Unionis
Dom.-Arb.	Dominion Arbeider	O-RP.	Ononderbroke Republikeinse Party
Dom.-P	Dominion Party	PFP	Progressiewe Fedrale Party
Front.	South African Front	Reg.P.	Regerende Party
HNP	Herenigde Nasionale Party (1941-1951)	RP	Republikeinse Party
HNP	Herstigte Nasionale Party (19969-1989)	SA Bond	Suid-Afrikaanse Bond
Her.P.	Herenigde Party	SAP	Suid-Afrikaanse Party
HR	Home Rule Party	SAP-Koal.	Suid-Afrikaanse Party Koalisie
KD	Konstitusionele Kandidaat	RP	Republikeinse Party
KP	Konserwatiewe Party van SA	SA Party	South African Party
Komm.P	Kommunistiese Party	SG	Sentrale Groep
L en G	Land en Grond Party	Sol.P.	Soldateparty
Lib.Arb	Liberale Arbeider	Sos.DP	Sosiale Demokratiese Party
Lib.P	Liberale Party	Un.	Unionisteparty
NAP	National Alliance Party	VNSWP	Verenigde Nasionale Suidwesparty
NKP	Nasionale Konserwatiewe Party	VP	Verenigde Party
NP	Nasionale Party	Vrye RP	Vrye Republikeinse Party
NP-Koal.	Nasionale Party-Koalisie	OVS	Oranje Vrystaat

LYS VAN AFKORTINGS VAN POLITIEKE PARTYE EN GROEPE IN DIE HUIS VAN VERTEENWOORDIGERS

AFKORTING	NAAM
AP/ LP	Arbeidersparty van SA / Labour Party of SA
VDP / UDP	Verenigde Demokratiese Party / United Democratic Party
DHP /DRP	Demokratiese Hervormingsparty van die RSA / Democratic Reform Party of the RSA
VP / FP	Vryheidsparty van SA / Freedom Party of SA
Onafh.	Onafhanklike kandidaat

LYS VAN AFKORTINGS VAN POLITIEKE PARTYE EN GROEPE IN DIE RAAD VAN AFGEVAARDIGDES

AFKORTING	NAAM VAN PARTY
POP / PIP	Progressiewe Onafhanklike Party / Progressive Independent Party
NV / NPP	Nasionale Volksparty van SA / National Peoples Party of SA
S	Solidarity
NFP	Die Nasionale Federale Party van SA / The National Federal Party of SA
PPSA	The Peoples Party of SA
VP / UP	Verenigde Party / United Party
V / F	Vryheidsparty van SA / Freedom Party of SA
MPP	Merit Peoples Party
RP	Republican Party of SA
DP	Demokratiese Party / Democratic Party
Onafh.	Onafhanklike kandidaat

VERKIESINGSUITSLAE

VERKIESINGSUITSLAE – 1910

Let wel : In al die uitslae tot en met die 1974 verkiesings is die bron - Schoeman, 1977. By ander uitslae word die afsonderlike bronne gegee.

Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1910

PROVINSIE	ARB.	ONAFH.	O-ARB.	O-REG.P.	O-UN.	REG.P.	SOS.P	UN.
Kaapland	-	2	-	-	2	29	-	18
Natal	-	10	-	1	-	1	-	5
OVS	-	-	-	-	-	16	-	1
Transvaal	3	-	1	-	-	20	1	12
Suid-Afrika	3	12	1	1	2	66	1	36

Nota: Die Parlementêre Register (Deel 1 – 1910/1961) dui die getal Reg.P.-lede aan as 67 en die Un.-lede as 38. Ook tref die Parlementêre Register 'n onderskeid tussen Onafhanklikes en Natalse Onafhanklikes. Vir die doeleindes van hierdie studie is die Natalse Onafhanklikes onder die hoof Onafhanklikes ingedeel. Wat waarskynlik gebeur het, is dat verkose lede van kleiner groepe hulle ná die verkiesing by die twee hoofpartye aangesluit het.

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1910 (Tot. uitgebragte stemme: 105 623)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arb.	1 510	2 492	146	7 401	11 549	10.9
Onafh.	7 340	9 036	1 219	1 968	19 563	18.5
O-Arb.	-	-	-	815	815	0.8
O-Reg.P.	3 053	377	-	-	3 430	3.2
Reg.P	9 780	2 743	4 044	13 485	30 052	28.4
Sos.P	296	119	-	33	448	0.4
Un.	15 269	2 811	1 691	19 995	39 766	37.6

VERKIESINGSUITSLAE – 1915**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1915**

PROVINSIE	ARB.	ARB.HFB.	NP	ONAFH.	SAP	UN.	TOTAAL
Kaapland	1	-	7	2	21	20	51
Natal	1	-	-	1	11	4	17
OVS	-	-	16	-	-	1	17
Transvaal	2	-	4	2	22	15	45
Suid-Afrika	4	-	27	5	54	40	130

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1915 (Tot. uitgebragte stemme: 261 433)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arb.	7 348	4 461	-	13 881	25 690	9.8
Arb.Hfb.	-	-	-	802	802	0.3
NP	35 264	1 274	16 597	25 049	78 184	29.9
Onafh.	6 847	1 640	-	2 424	10 911	4.2
SAP	46 219	7 574	9 530	30 159	93 482	35.8
Un.	26 551	3 668	-	17 815	48 034	18.4

VERKIESINGSUITSLAE – 1920**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1920**

PROVINSIE	ARB.	HER.P.	NP	ONAFH.	O-SOS.	SAP	UN.	TOTAAL
Kaapland	4	-	16	2	-	12	17	51
Natal	5	-	-	-	-	9	3	17
OVS	-	-	16	-	-	1	-	17
Transvaal	12	-	12	1	-	19	5	49
Suid-Afrika	21	-	44	3	-	41	25	134

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1920 (Tot. uitgebragte stemme: 284 304)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arb.	14 908	6 946	598	17 465	39 917	14
Her.P	257	-	-	-	257	0.1
NP	39 837	2 618	22 208	35 374	100 037	35.2
Onafh.	6 590	292	-	1 307	8 189	2.9
O-Sos	-	-	-	67	67	0.02
SAP	42 002	8 236	9 464	32 296	91 998	32.4
Un.	24 644	4 166	584	9 578	38 972	13.7

VERKIESINGSUITSLAE – 1921**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1921**

PROVINSIE	ARB.	HER.P.	KD	LIB.ARB.	NP	ONAFH.	O-SAP	SAP	TOTAAL
Kaapland	1	-	1	-	13	-	-	36	51
Natal	2	-	-	-	1	-	-	14	17
OVS	1	-	-	-	16	-	-	-	17
Transvaal	5	-	-	-	13*	-	-	29*	46
Suid-Afrika	9	-	1	-	43	-	-	79	132

Nota: a) Uitslag in Marico en Witwatersberg gelykop. In herverkiesings is Marico deur die SAP behou en Witwatersberg deur die NP.

b) Na hofsaak is die NP-kandidaat in Rustenburg verkose verklaar.

c) Die finale stand van die twee partye was dus Arb. 9 KD 1; NP 45; SAP 79; Totaal 134

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1921 (Tot. uitgebragte stemme: 277 889)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Abr.	10 384	4 751	1 246	13 203	29 584	10.6
Her.P.	419	-	-	568	987	0.3
Lib.Arb.	62	-	-	-	62	0.02
NP	43 436	3 062	21 750	35 874	104 122	37.5
Onafh.	1 175	205	-	519	1 899	0.7
O-SAP	1 122	-	-	-	1 122	0.4
SAP	71 560	11 845	8 955	45 324	137 684	49.5

VERKIESINGSUITSLAE – 1924**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1924**

PROVINSIE	ARB.	KD	NP	ONAFH.	O-NAS.	O-SAP	SAP	TOTAAL
Kaapland	2	1	20	-	-	1	27	51
Natal	3	-	1	-	-	-	13	17
OVS	1	-	16	-	-	-	-	17
Transvaal	12	-	26	-	-	-	12	50
Suid-Afrika	18	1	63	-	-	1	52	135

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1924 (Tot. uitgebragte stemme: 319 047)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arb.	12 465	6 917	1 436	22 035	42 853	13.4
KD	2 546	-	-	-	2 546	0.8
NP	51 849	2 764	19 410	37 460	111 483	34.9
Onafh.	6 790	1 525	-	539	8 854	2.8
O-Nas	-	399	-	-	399	0.1
O-SAP	1 373	-	-	409	1 782	0.6
SAP	76 309	15 283	8 086	48 647	148 325	46.5

VERKIESINGSUITSLAE – 1929**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1929**

PROVINSIE	ARB.- CR.	ARB.- HFB.	KOMM.P.	LIB.P.	NP	ONAFH.	O- NAS	O- SAP	SAP	TOTAAL
Kaapland	-	-	-	-	25	1	-	-	31	57
Natal	-	-	-	-	1	-	-	-	16	17
OVS	1	-	-	-	17	-	-	-	-	18
Transvaal	4	3	-	-	34	-	-	-	14	65
Suid-Afrika	5	3	-	-	77	1	-	-	61	157

Nota: Een vakature in Graaff-Reinet, in tussenverkiesing gewen deur NP wat sy totale getal lede op 78 te staan bring.

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1929 (Tot. uitgebragte stemme: 347 948)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arb.-Cr.	9 152	2 331	1 380	1 634	23 897	6.9
Arb.-Hfb.	877	2 806	443	5 538	9 664	2.8
Komm.P.	289	-	-	-	289	0.1
Lib.P.	-	-	-	65	65	0.01
NP	59 264	4 610	26 231	51 294	141 399	40.6
Onafh.	6 871	-	-	2 050	8 921	2.6
O-Nas.	-	-	-	86	86	0.02
O-SAP	2 010	938	-	-	2 948	0.8
SAP	77 346	14 789	9 073	55 468	156 676	45

VERKIESINGSUITSLAE – 1933**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1933**

PROVINSIE	ARB.- HFB.	ARB.- KOAL	FED.	HR	IWB	NP- KOAL.	ONAFH.	ROOSIET	SAP- KOAL
Kaapland	-	1	-	-	-	27	4	-	29
Natal	1	-	-	2	-	1	-	-	12
OVS	-	1	-	-	-	15	-	-	-
Transvaal	1	-	-	-	-	32	2	2	20
Suid-Afrika	2	2	-	2	-	75	6	2	61

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1933 (Tot. uitgebragte stemme: 323 417)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arb.-Hfb.	1 271	2 960	-	9 699	13 930	4.3
Arb.-Koal.	3 156	-	2 854	2 616	8 626	2.7
Fed.	-	1 290	-	-	1 290	0.4
HR	-	12 828	-	-	12 828	4.0
IWB	-	-	-	594	594	0.2
NP-koal.	47 511	3 082	8 333	42 233	101 159	31.3
Onafh.	49 966	-	1 620	23 633	75 219	23.3
Roosiet	-	-	219	23 504	23 723	7.3
SAP-Koal.	25 610	23 580	-	22 992	72 182	22.3

VERKIESINGSUITSLAE – 1938**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1938**

PROVINSIE	ARB.	BW-ARB.	DOM.P	GRYSH.	NP	ONAFH.	O-ARB.	SOS.P	VP	TOTAAL
Kaapland	-	-	1	-	20	-	-	-	38	59
Natal	1	-	7	-	-	-	-	1	7	16
OVS	-	-	-	-	6	-	-	-	9	15
Transvaal	2	-	-	-	1	-	-	-	57	60
SA	3	-	8	-	27	-	-	1	111	150

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1938 (Tot. uitgebragte stemme:835 439)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arb.	6 259	7 008	68	29 859	43 194	5.2
BW-Arb.	-	-	-	419	419	0.05
Dom.P.	19 640	24 788	-	12 909	57 337	6.9
Grysh.	1 407	1 368	-	-	2 775	0.3
NP	121 591	4 135	46 231	75 625	247 582	29.6
Onafh.	8 091	3 610	453	12 686	24 840	3
O-Arb.	-	111	-	-	111	0.01
Sos.P.	2 522	2 441	-	-	4 963	0.6
VP	175 911	33 156	51 148	185 323	447 535	53.6

VERKIESINGSUITSLAE – 1943**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1943**

PROVINSIE	AP	ARB.	DOM.P.	KOMM.P.	NP	ONAFH.	O-ARB.	VP
Kaapland	-	1	1	-	19	-	-	35
Natal	-	2	6	-	-	2	-	6
OVS	-	-	-	-	13	-	-	1
Transvaal	-	6	-	-	11	-	-	47
Suid-Afrika	-	9	7	-	43	2	-	89

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1943 (Tot. uitgebragte stemme: 884 590)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
AP	238	-	10 769	2 957	13 964	1.6
Arb.	4 696	12 397	-	25 926	43 019	4.9
Dom.P.	5 743	23 273	-	-	29 016	3.3
Komm.P.	4 178	564	-	2 066	6 808	0.8
NP	127 531	7 695	49 469	131 635	316 320	35.8
Onafh.	9 917	14 837	-	9 833	34 587	3.9
O-Arb.	-	-	-	281	281	0.03
VP	170 482	21 422	33 472	205 795	431 171	48.7

VERKIESINGSUITSLAE – 1948**Stand van partye in Suid-Afrika volgens setels – 1948**

PROVINSIE	AP	ARB.	CHS	DOM-ARB.	HNP	KOMM.P.	ONAFH.	O-ARB.	SA PARTY	SENTR. GR.	VP	TOTAAL
Kaapland	2	-	-	-	26	-	-	-	-	-	27	55
Natal	2	2	-	-	1	-	-	-	-	-	11	16
OVS	1	-	-	-	11	-	-	-	-	-	1	13
Transvaal	4	4	-	-	32	-	-	-	-	-	26	66
Suid-Afrika	9	6	-	-	70	-	-	-	-	-	65	150

Partye en uitgebragte stemme in Suid-Afrika – 1948 (Tot. uitgebragte stemme: 1 075 328)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
AP	9 845	7 224	5 096	19 720	41 858	3.9
Arb.	-	8 910	-	23 254	32 164	3
CHS	-	-	-	36	36	0.003
Dom.-Arb.	-	-	-	168	168	0.02
HNP	150 417	6 531	63 045	180 187	400 180	37.2
Komm.P.	1 009	-	-	774	1 783	0.2
Onafh.	21 033	4 834	2 222	15 044	43 133	4
O-Arb.	-	1 626	-	-	1 626	0.1
SA Party	4 464	6 332	-	1 098	11 894	1.1
Sentr. Gr.	4 843	5 485	-	5 132	15 460	1.4
VP	216 195	63 970	29 544	205 564	515 273	47.9

VERKIESINGSUITSLAE – 1953**Stand van partye in SA en SWA volgens setels – 1953**

PROVINSIE	ARB.	NP	ONAFH.	VNSWP	VP	TOTAAL
Kaapland	-	30	-	-	24	54
Natal	2	2	-	-	11	15
OVS	-	13	-	-	-	13
SWA	-	6	-	-	-	6
Transvaal	2*	43	-	-	22	67
SA en SWA	4	95	-	-	57	155

Nota: Geen verkiesing in Johannesburg-Stad nie. In tussenverkiesing deur Arbeiderparty behou, wat die party se verteenwoordiging op 5 te staan gebring het.

Bylaag A

Partye en uitgebragte stemme in SA – 1953 (Tot. uitgebragte stemme: 1 218 801)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	SWA	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arb.	-	15 541	-	-	19 189	34 730	2.8
NP	205 809	26 609	83 527	13 305	269 284	598 534	49.1
Onafh.	51	-	-	-	1 239	1 290	0.1
VNSWP	-	-	-	10 021	-	10 021	0.8
VP	227 587	69 868	33 110	-	269 284	599 849	49.2

VERKIESINGSUITSLAE – 1958

Stand van partye in SA en SWA volgens setels – 1958

PROVINSIE	ARB.	CDP	LIB.P.	NP	ONAFH.	RP	SA BOND	VNSWP	VP	TOTAAL
Kaapland	-	-	-	33	-	-	-	-	19	52
Natal	-	-	-	2	-	-	-	-	14	16
OVS	-	-	-	14	-	-	-	-	-	14
SWA	-	-	-	6	-	-	-	-	-	6
Transvaal	-	-	-	48	-	-	-	-	20	68
SA en SWA	-	-	-	103	-	-	-	-	53	156

Partye en uitgebragte stemme in SA en SWA – 1958 (Tot. uitgebragte stemme: 1 163 590)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	SWA	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Abr.	-	-	-	-	2 670	2 670	0.2
CDP	-	-	-	-	34	34	0.003
Lib.P.	1 642	604	-	-	688	2 934	0.2
NP	206 676	23 850	90 307	16 390	304 796	642 019	55.2
Onafh.	1 674	292	142	-	1 444	3 552	0.3
RP	-	-	-	-	85	85	0.01
SA Bond	-	-	-	-	1 084	1 084	0.1
VNSWP	-	-	-	11 568	-	11 568	1
VP	161 618	52 663	32 702	-	245 088	492 071	42.3

BYLAAG B : VERKIESINGSUITSLAE OP NASIONALE VLAK VAN 1960 TOT 1981 IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Referendumuitslae – saamgevatte statistiek van die referendum - 1960

PROVINSIE	VIR 'N REPUBLIEK	TEEN 'N REPUBLIEK	BEDORWE BRIEWE	TOTAAL GESTEM	% VIR REP.	% TEEN REP.
Kaapland	271 418	269 784	2 881	554 083	49	48.7
Natal	42 299	135 598	688	178 585	23.7	75.9
OVS	110 171	33 438	798	144 407	76.3	23.1
SWA	19 938	12 017	280	32 235	61.8	37.3
Transvaal	406 632	325 041	3 257	734 930	55.3	44.2
Totaal	850 458	775 878	7 904	1 644 240	52.3	47.7

VERKIESINGSUITSLAE – 1961

Stand van partye in SA en SWA volgens setels – 1961

PROVINSIE	KWP	LIB.P.	NP	NU	ONAFH.	O- RP	PP	VNSWP	VP	TOTAAL
Kaapland	-	-	34	-	-	-	-	-	18	52
Natal	-	-	2	-	-	-	-	-	14	16
OVS	-	-	14	-	-	-	-	-	-	14
SWA	-	-	6	-	-	-	-	-	-	6
Transvaal	-	-	49	1	-	-	1	-	17	68
SA en SWA	-	-	105	1	-	-	1	-	49	156

Partye en uitgebragte stemme in SA en SWA – 1961 (Tot. uitgebragte stemme: 801 131)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	SWA	TRANSVAAL	TOTAAL	%
KWP	-	-	-	-	8 554	8 554	1.1
Lib.P	1 115	-	-	-	1 346	2 461	0.3
NP	102 098	15 674	39 099	9 927	203 597	370 395	46.2
NU	15 473	6 450	-	-	24 525	46 448	5.8
Onafh.	4 980	619	-	-	355	5 954	0.7
O-RP	-	-	-	-	745	745	0.09
PP	19 886	-	-	-	23 722	68 045	8.5
VNSWP	-	-	-	6 856	-	6 856	0.9
VP	108 651	45 921	14 877	-	115 793	285 242	35.6

Bylaag B

VERKIESINGSUITSLAE – 1966

Stand van partye in SA en SWA volgens setels – 1966

PROVINSIE	FRONT	KNP	NP	ONAFH.	O-NAS	PP	RP	VNSWP	VP	TOTAAL
Kaapland	-	-	38	-	-	-	-	-	16	54
Natal	-	-	5	-	-	-	-	-	13	18
OVS	-	-	15	-	-	-	-	-	-	15
SWA	-	-	6	-	-	-	-	-	-	6
Transvaal	-	-	62	-	-	1	-	-	10	73
SA en SWA	-	-	126	-	-	1	-	-	39	166

Partye en uitgebragte stemme in SA en SWA – 1966 (Tot. uitgebragte stemme: 1 307 326)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	SWA	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Front	-	1 526	-	-	-	1 526	0.1
KNP	-	-	-	-	936	936	0.07
NP	198 756	62 939	71 338	21 380	400 782	755 195	57.8
Onafh.	4 670	-	-	-	-	4 670	0.4
O-Nas.	-	-	-	-	1 130	1 130	0.09
PP	13 248	7 682	1 211	-	21 728	43 869	3.4
RP	129	324	665	-	7 094	8 212	0.6
VNSWP	-	-	-	9 814	-	9 814	0.7
VP	179 546	81 721	13 146	-	200 402	474 815	36.3

VERKIESINGSUITSLAE – 1970

Stand van partye in SA en SWA volgens setels – 1970

PROVINSIE	DNP	FRONT	HNP	NAP	NP	ONAFH.	O-NAS	PP	VNSWP	VP	TOTAAL
Kaapland	-	-	-	-	36	-	-	-	-	18	54
Natal	-	-	-	-	3	-	-	-	-	15	18
OVS	-	-	-	-	15	-	-	-	-	-	15
SWA	-	-	-	-	6	-	-	-	-	-	6
Transvaal	-	-	-	-	57	-	-	1	-	14	72
SA en SWA	-	-	-	-	117	-	-	1	-	47	165

Nota: Geen verkiesing in Langlaagte nie. Na algemene verkiesing verower deur NP wat sy totale verteenwoordiging in die Volksraad op 118 te staan gebring het.

Bylaag B

Partye en uitgebragte stemme in SA – 1970 (Tot. uitgebragte stemme: 1 507 633)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	SWA	TRANSVAAL	TOTAAL	%
DNP	-	-	-	-	394	394	0.3
Front	-	74	-	-	-	74	0.004
HNP	4 499	-	6 154	292	42 559	53 504	3.5
NAP	-	-	-	-	2 262	2 262	0.1
NP	252 213	49 132	94 806	19 022	407 449	822 622	54.6
Onafh.	2 353	-	974	1 114	33	4 474	0.3
O-Nas	-	-	-	-	1 493	1 493	0.1
PP	13 168	11 183	1 191	-	26 218	51 760	3.4
VNSWP	-	-	-	8 396	-	8 396	0.6
VP	190 124	96 833	16 146	-	250 187	553 290	36.7

VERKIESINGSUITSLAE – 1974

Stand van partye in SA en SWA volgens setels – 1974

PROVINSIE	C. NAS	C. ONAFH	DP	DNP	HNP	HRP	NP	ONAFH.	ONDER-BR/PP	PP	SOS. DEM	VNSWP	VP	VRYE RP
Kaapland	-	-	-	-	-	-	37	-	-	2	-	-	15	-
Natal	-	-	-	-	-	-	5	-	-	-	-	-	15	-
OVS	-	-	-	-	-	-	14	-	-	-	-	-	-	-
SWA	-	-	-	-	-	-	5	-	-	-	-	-	-	-
Transvaal	-	-	-	-	-	-	61	-	-	4	-	-	11	-
SA en SWA	-	-	-	-	-	-	122	-	-	6	-	-	41	-

Nota:

1. Geen verkiesing gehou in Pinelands. In tussenverkiesing is die setel deur PP verower.
2. Geen verkiesing gehou in Karas. Daarna is NP-kandidaat onbestrede verkose verklaar.

Partye en uitgebragte stemme in SA en SWA – 1974 (Tot. uitgebragte stemme: 1 157 971)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	SWA	TRANSVAAL	TOTAAL	%
C. Nas	-	78	-	-	-	78	0.01
C.Onafh.	164	-	-	-	-	164	0.01
DP	1 946	7 038	-	-	3 069	12 053	1
DNP	-	-	-	-	685	685	0.06
HNP	3 050	818	3 937	1 619	35 293	44 717	3.9
HRP	-	-	-	-	631	631	0.05
NP	144 104	38 013	57 003	20 919	378 385	638 424	55.1
Onafh.	956	342	626	-	444	2 368	0.2
Ononderbr.RP	-	-	-	-	429	429	0.04
PP	27 414	14 410	1 388	-	29 267	72 479	6.3
Sos.Dem.	-	-	-	-	995	995	0.1
VNSWP	-	-	-	6 629	-	6 629	0.6
VP	110 907	66 632	7 903	-	171 768	357 210	30.8
Vrye RP	-	650	-	-	-	650	0.06

VERKIESINGSUITSLAE – 1977 (Bron: SA, 1978:11-15 gelees met Hansard 27 Jan.- 16 Jun. 1978)

Stand van partye in SA volgens setels – 1977

PROVINSIE	NP	PFP	NRP	SAP	TOTAAL
Kaapland	44	7	1	3	55
Natal	10	1	9	-	20
OVS	14	-	-	-	14
Transvaal	67	9	-	-	76
SUID-AFRIKA	135 (81,81%)	17 (10,3%)	10 (6,06%)	3 (1,81%)	165

Bron: Staatskoerant, No. 5851, 6 Jan. 1978.

Partye en uitgebragte stemme in SA – 1977 (Bron: SA, 1978:11-15) (Tot. uitgebragte stemme: 1 236 368)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
NP	108 324	53 019	72 331	405 684	**639 358	51,71
PFP	33 995	4531	-	40 612	**79 138	6,4
NRP	5 155	40 615	-	-	**40 770	3,29
SAP	12 742	-	-	-	**12 742	1,03
Totaal	*244 945	*172 078	*251 318	*568 027	*1 236 368	

Bron: Staatskoerant, No. 5851, 6 Jan. 1978.

*- Hierdie totaal is die totale uitgebragte stemme in elke provinsie van al die kandidate wat gestaan het

**-Hierdie totaal is die aantal stemme wat die wenkandidate van elke party gekry het

Let wel: Daar was in Kaapland 27, Vrystaat 3 en Transvaal 13 onbestrede kiesafdelings

VERKIESINGSUITSLAE – 1981

Stand van partye in SA volgens setels – 1981 (Bron: SA, 1981:1-15)

PROVINSIE	NP	PFP	NRP	HNP	NKP	ONAFH	TOTAAL
Kaapland	43	11	1	-	-	-	55
Natal	7	6	7	-	-	-	20
OVS	14	-	-	-	-	-	14
Transvaal	67	9	-	-	-	-	76
SUID-AFRIKA	131	26	8	-	-	-	165

Partye en uitgebragte stemme in SA – 1981 (Bron: SA, 1981:1-15) (Tot. uitgebragte stemme: 1 389 766)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
NP	225 453	64 205	84 818	408 273	782 749	56,32
PFP	98 112	46 231	-	120 954	265 297	19,08
NRP	22 889	57 451	2 108	24 316	106 764	7,68
HNP	35 386	5 607	29 333	116 924	187 250	13,47
NKP	1 573	520	-	17 056	19 149	1,37
Onafh	570	-	-	3 325	3 895	0,28
SUID-AFRIKA	393 420	182 568	118 857	694 921	1 389 766	

**BYLAAG C : VERKIESINGSUITSLAE OP NASIONALE VLAKE VAN 1984 TOT 1989
IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

VERKIESINGSUITSLAE – 1984: HUIS VAN VERTEENWOORDIGERS

Stand Van Partye In SA volgens setels – 1984 (Bron: SA, 1984:1-9)

PROVINSIE	ARBEIDERS- PARTY VAN SA	VOLKSKONGRES PARTY	ONAFHANKLIKE KANDIDATE	GELYKOP UITSLAG	TOTAAL
Kaap die Goeie Hoop	57	1	2	-	60
Natal	5	-	-	-	5
OVS	5	-	-	-	5
Transvaal	9	-	-	1	10
SUID- AFRIKA	76	1	2	1	80

Partye en uitgebragte stemme in SA – 1984 (Bron: SA, 1984:1-9) (Tot. uitgebragte stemme: 272 854)

PARTY	KAAP DIE GOEIE HOOP	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Arbeidersparty van SA	166 457	5 804	5 421	23 944	201 626	73,89
Volkskongresparty	26 997	2 122	156	2 456	31 731	11,62
Onafhanklike kandidate	16 937	557	115	1 242	18 851	6,90
Die Vryheidsparty	7 367	-	220	6 919	14 506	5,31
Hervormde Vryheidsparty	2 134	-	214	284	2 632	0,91
SUID-AFRIKA	222 869	8 595	6 193	35 197	272 854	

HUIS VAN AFGEVAARDIGDES:

Stand van Partye In SA volgens setels – 1984 (Bron: SA, 1984:10-15)

PROVINSIE	NASIONALE VOLKSPARTY	SOLIDARITY	ONAFHANKLIKE KANDIDATE	PIP	TOTAAL
Kaap die Goeie Hoop	2	1	-	-	3
Natal	12	14	3	-	29
OVS	-	-	-	-	-
Transvaal	4	2	1	1	8
SUID-AFRIKA	18	17	4	1	40

Partye en uitgebragte stemme in SA – 1984 (Bron: SA, 1984:10-15) (Tot. uitgebragte stemme: 83 613)

PARTY	KAAP DIE GOEIE HOOP	NATAL	TRANSVAAL	TOTAAL	%
Nasionale Volksparty	1 553	24 503	4 110	30 166	36,07
Solidarity	425	26 213	3 638	30 276	36,20
Onafhanklike kandidate	618	14 318	5 632	20 568	24,59
PIP	-	985	337	1 322	1,58
NFP	-	329	-	329	0,39
NDP	-	14	-	14	0,01
SUID-AFRIKA	2649	67 046	13 918	83 613	

VERKIESINGSUITSLAE – 1987 (VOLKSRAAD)

Stand van Partye In SA volgens setels – 1987 (Bron: SA, 1987:1-22)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL
NP	48	14	14	47	123
KP	-	-	-	22	22
PFP	8	5	-	6	19
NRP	-	1	-	-	1
Onafhanklik	-	-	-	1	1
SUID-AFRIKA	56	20	14	76	166

Partye en uitgebragte stemme in SA – 1987 (Bron: SA, 1987:1-22) (Tot. uitgebragte stemme: 2 057 881)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
NP	340 827	119 299	93 497	526 953	1 080 576	52,50
KP	79 666	21 059	60 888	383 189	544 802	26,47
PFP	95 411	66 885	2 612	123 662	288 570	14,02
NRP	12 272	23 327	-	4 895	40 494	1,96
HNP	14 006	4 446	10 505	33 931	62 888	3,05
Onafhanklike Kandidate	12 382	2 531	-	11 201	26 114	1,26
TOTAAL	557 604	238 979	168 435	1 092 863	2 057 881	

VERKIESINGSUITSLAE – 1989 – (VOLKSRAAD)

Stand van partye in Volksraad volgens setels – 1989 (Bron: SA, 1989:1-24)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL
NP	42	10	8*	34	94
KP	2	-	6	31	39
DP	12	10	-	11	33
HNP	-	-	-	-	-
SUID-AFRIKA	56	20	14	76	166

*In die kiesafdeling van Fauresmith was die uitslag gelykop tussen die KP en NP. Later is die NP kandidaat verkies.

Bylaag C

Partye en uitgebragte stemme in Volksraad – 1989 (Bron: SA, 1989:1-24) (Tot. uitgebragte stemme: 2 167 929)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
NP	315 967	107 077	88 490	528 170	1 039 704	48,19
KP	106 427	32 803	80 072	460 829	680 131	31,52
DP	164 687	103 043	4 381	159 333	431 444	19,99
HNP	1 262	256	590	3 308	5 416	0,25
Onafhanklike Kandidate	-	241	-	657	898	0,04
TOTAAL	588 343	243 420	173 533	1 152 297	2 157 593	

RAAD VAN VERTEENWOORDIGERS

Stand van partye in Raad van Verteenwoordigers volgens setels – 1989 (Bron: SA, 1989:26-39)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL
AP/ LP	51	4	5	9	69
VDP / UDP	2	-	-	1	3
DHP / DRP	5	-	-	-	5
VP / FP	1	-	-	-	1
Onafhanklik	1	1	-	-	2
SUID-AFRIKA	60	5	5	10	80

Partye en uitgebragte stemme in Raad van Verteenwoordigers – 1989 (Bron: SA, 1989:26-39) (Tot. uitgebragte stemme: 261 047)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
AP / LP	131 629	8 773	3 127	28 401	171 930	66,59
VDP / UDP	10 420	1 321	321	7 799	19 861	7,69
DHP / DRP	36 705	882	-	2 154	39 741	15,39
VP / FP	1 949	-	-	-	1 949	0,75
Onafhanklike Kandidate	10 934	3 618	1 648	8 505	24 705	9,56
TOTAAL	191 637	14 594	5 096	46 859	258 186	

RAAD VAN AFGEVAARDIGDES

Stand van partye in Raad van Afgevaardigdes volgens setels – 1989 (Bron: SA, 1989:42-52)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL
NV / NPP	-	8	-	-	8
S	1	12	-	3	16
NFP	-	-	-	1	1
PPSA	-	-	-	1	1
VP / UP	1	1	-	-	2
MPP	-	-	-	3	3
DP	-	3	-	-	3
Onafhanklike Kandidate	1	5	-	-	6
TOTAAL	3	29	0	8	40

Partye en uitgebragte stemme in Raad van Afgevaardigdes – 1989 (Bron: SA, 1989:42-52) (Tot. uitgebragte stemme: 154 524)

PARTY	KAAPLAND	NATAL	OVS	TRANSVAAL	TOTAAL	%
POP / PIP	-	1 224	-	273	1 497	0,97
NV / NPP	91	36 360	-	2 0272	38 523	25,15
S	2 140	48 224	-	7 852	58 216	38,01
NFP	106	6 917	-	1 035	8 058	5,26
PPSA	-	2 437	-	3 627	6 064	3,95
VP / UP	1 044	1 668	-	-	2 712	1,77
V / F	114	-	-	589	703	0,45
MPP	-	-	-	2 078	2 078	1,35
RP	-	701	-	-	701	0,45
DP	-	10 427	-	-	10 427	6,80
Onafhanklike Kandidate	1 079	20 042	-	3 036	24 157	15,77
TOTAAL	4 574	128 000	0	20 562	153 136	

BYLAAG D : VERKIESINGSUITSLAE OP NASIONALE VLAK VAN 1994 TOT 2009 IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Verkiesingsuitslae – 1994: Verkiesingsuitslag van die Nasionale Vergadering – 27 April 1994 (Bron: VK, 1994)

PARTY	AFKORTING	AANTAL STEMME	% VAN STEMME	SETELS
Pan Africanist Congress of Azania	PAC	243,478	1.25	5
Sports Organisation for Collective Contributions and Equal Rights	SOCCER	10,575	0.05	
Keep it Straight and Simple	KISS	5,916	0.03	
Vryheidsfront/Freedom Front	VV-FF	424,555	2.17	9
Womens Rights Peace Party	WRPP	6,434	0.03	
Workers List Party	WLP	4,169	0.02	
Ximoko Progress Party	XPP	6,320	0.03	
African Muslim Party	AMP	34,466	0.18	
African Christian Democratic Party	ACDP	88,104	0.45	2
African Democratic Party	ADM	9,886	0.05	
African Moderates Congress Party	AMCP	27,690	0.14	
African National Congress	ANC	12,237,655	62.65	252
Democratic/Demokratiese Party	DP	338,426	1.73	7
Dikwankwetla Party of South Africa	DPSA	19,451	0.10	
Federal Party	FP	17,663	0.09	
Luso-South African Party	LUSAP	3,293	0.02	
Minority Front	MF	13,433	0.07	
Nasionale/National Party	NP	3,983,690	20.39	82
Inkatha Freedom Party	IFP	2,058,294	10.54	43
TOTAAL		19,533,498		400

Verkiesingsuitslae – 1999: Verkiesingsuitslag van die Nasionale Vergadering – 2 Junie 1999 (Bron: VK, 1999:78)

PARTY	AFKORTING	AANTAL STEMME	% VAN STEMME	SETELS
African Christian Democratic Party	ACDP	228 975	1.43%	6
African National Congress	ANC	10 601 330	66 .35%	226
Afrikaner Eenheidsbeweging	AEB	46 292	0.29%	1
Azanian People's Organisation	AZAPO	27 257	0.17%	1
Democratic/Demokratiese Party	DP	1 527 337	9.56%	38
Federal Alliance/Federale Alliansie	FA	86 704	0.54%	2
Inkatha Freedom Party	IFP	1 371 477	8.58%	34
Minority Front	MF	48 277	0.30%	1
New National/Nuwe Nasionale Party	NNP	1 098 215	6.87%	28
Pan Africanist Congress of Azania	PAC	113 125	0.71%	3
The Government by the People Green Party	GPGP	9 193	0.06%	
The Socialist Party of Azania	SOPA	9 062	0.06%	
United Christian Democratic Party	UCDP	125 280	0.78%	3
United Democratic Movement	UDM	546 790	3.42%	14
Vryheidsfront/Freedom Front	VF/FF	127 217	0.80%	3
Abolition of Income Tax and Usury Party	AITUP	10 611	0.07%	
TOTAAL		15 977 142		400

Bylaag D

Verkiesingsuitslae – 2004: Verkiesingsuitslag van die Nasionale Vergadering – 14 April 2004 (Bron: VK, 2004:60)

PARTY	AFKORTING	AANTAL STEMME	% VAN STEMME	SETELS
Employment Movement of South Africa	EMSA	10 446	0.07	
The Organisation Party	T.O.P	7 531	0.05	
Socialist Party of Azania	SOPA	14 853	0.1	
United Christian Democratic Party	UCDP	117 792	0.75	3
United Democratic Movement	UDM	355 717	2.28	9
United Front	U.F	11 889	0.08	
Vryheidsfront Plus	VF PLUS	139 465	0.89	4
African Christian Democratic Party	ACDP	250 272	1.6	7
African National Congress	ANC	10 880 917	69.69	279
Azanian People's Organisation	AZAPO	39 116	0.27	1
Christian Democratic Party	CDP	17 619	0.11	
Democratic Alliance	DA	1 931 201	12.37	50
Independent Democrats	ID	269 765	1.73	7
Inkatha Freedom Party	IFP	1 088 664	6.97	28
Keep it Straight and Simple	KISS	6 514	0.04	
Minority Front	MF	55 267	0.35	2
Nasionale Aksie	NA	15 804	0.1	
New Labour Party	NLP	13 318	0.09	
Nuwe Nasionale Party/New National Party	NNP	257 824	1.65	7
Pan Africanist Congress of Azania	PAC	113 512	0.73	3
Peace and Justice Congress	P.J.C	15 187	0.1	
TOTALE SETELS				400

Bylaag D

Verkiesingsuitslae – 2009: Verskiesingsuitslag van die Nasionale Vergadering – 22 April 2009 (Bron: VK, 2009:100)

PARTY NAME	AFKORTINGS	GELDIGE STEMME NASIONAAL	% VAN STEMME	TOTAAL NASIONALE SETELS
Movement Democratic Party	MDP	29 747	0.17%	
National Democratic Convention	NADECO	10 830	0.06%	
New Vision Party	NVP	9 296	0.05%	
Pan Africanist Congress Of Azania	PAC	48 530	0.27%	1
Pan Africanist Movement	PAM	5 426	0.03%	
South African Democratic Congress	SADECO	6 035	0.03%	
United Christian Democratic Party	UCDP	66 086	0.37%	2
United Democratic Movement	UDM	149 680	0.85%	4
United Independent Front	UIF	8 872	0.05%	
Vryheidsfront Plus	VF PLUS	146 796	0.83%	4
Women Forward	WF	5 087	0.03%	
A Party	A PARTY	2 847	0.02%	
African Christian Democratic Party	ACDP	142 658	0.81%	3
African National Congress	ANC	11 650 748	65.90%	264
African People's Convention	APC	35 867	0.20%	1
Al Jama-Ah	AL JAMA –AH	25 947	0.15%	
Alliance Of Free Democrats	AFD	5 178	0.03%	
Azanian People's Organisation	AZAPO	38 245	0.22%	1
Christian Democratic Alliance	CDA	11 638	0.07%	
Congress Of The People	COPE	1 311 027	7.42%	30
Democratic Alliance/ Demokratiese Alliansie	DA	2 945 829	16.66%	67
Great Kongress Of South Africa	GKSA	8 271	0.05%	
Independent Democrats	ID	162 915	0.92%	4
Inkatha Freedom Party	IFP	804 260	4.55%	18
Keep It Straight And Simple	KISS	5 440	0.03%	
Minority Front	MF	43 747	0.25%	1
TOTAAL		17 680 729	100.00%	400

BYLAAG E



PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONAL ASSEMBLY
PARLIAMENTARY PROGRAMME
THIRD TERM 2012**

AS AGREED TO BY THE NATIONAL ASSEMBLY PROGRAMME COMMITTEE ON 2 AUGUST

Enquiries: A Mbanga
021 403 3218
E-mail: ambanga@parliament.gov.za

Bylaag E

THIRD TERM 2012 (provisional)	FOURTH TERM 2012 (provisional)
23 July – 21 September (10 weeks)	8 October – 7 December (9 weeks)
Committees / Oversight 24 July – 3 August	NA Committees (BRR Reports) 9 – 19 October
<i>Women's Day: Tuesday 9 August</i>	NCOP Oversight Week 1 – 5 October
Plenaries/Committees 7 – 31 August	Plenaries/Committees
NCOP Oversight Week	23 October – 23 November
13 – 17 August (p)	Introduction: 2012 Medium-Term Budget Policy Statement And Adjustments Budget
Women's Parliament 13 – 14 August (p)	October
NCOP Provincial Week	Revised Fiscal Framework, <i>if applicable (Within 9 days)</i>
Committees 3 - 7 September	November
4 – 7 September	Division of Revenue Amendment Bill (<i>If applicable</i>) November
Plenaries/Committees 11 – 19 September	Taking Parliament to the People (NCOP) 5 – 9 November
NCOP Oversight Week 13 – 17 August (p)	Committees / Oversight 27 November – 7 December
People's Assembly 18 – 19 September (p)	Passing of Adjustment Appropriation Bill by Parliament December
Committees 20 – 21 September	Constituency period 10 – 14 December
<i>Heritage Day: Mon 24 September</i>	
Constituency period 25 September – 5 October	Leave period 17 December – January 2013

Bylaag E

WEEK 3-7 SEPTEMBER

NATIONAL ASSEMBLY	NATIONAL COUNCIL OF PROVINCES
MONDAY, 3 SEPTEMBER CONSTITUENCY DAY	MONDAY, 3 SEPTEMBER CONSTITUENCY DAY
TUESDAY, 4 SEPTEMBER COMMITTEES	TUESDAY, 4 SEPTEMBER COMMITTEES
WEDNESDAY, 5 SEPTEMBER 10:00 – 11:00 Chief Whips' Forum (Closed meeting) COMMITTEES	WEDNESDAY, 5 SEPTEMBER COMMITTEES
THURSDAY, 6 SEPTEMBER 08:30 NA Programme Committee (E249) COMMITTEES	THURSDAY, 6 SEPTEMBER COMMITTEES
FRIDAY, 7 SEPTEMBER COMMITTEES	FRIDAY, 7 SEPTEMBER COMMITTEES

58TH CPA CONFERENCE (SRI LANKA): 7 – 15 SEPTEMBER

WEEK 10- 14 SEPTEMBER

NATIONAL ASSEMBLY	NATIONAL COUNCIL OF PROVINCES
MONDAY, 10 SEPTEMBER CONSTITUENCY DAY	MONDAY, 10 SEPTEMBER CONSTITUENCY DAY
TUESDAY, 11 SEPTEMBER 09:00 – 12:45 Committees 14:00 PLENARY 1. Members' statements (40) 2. Legislation 3. Committee reports 4. Debate on IPU topic 17:00 – 20:00 Study Groups	TUESDAY, 11 SEPTEMBER 08:30 – 10:00 Joint Whips Forum (<i>Closed meeting</i>) 14:00 PLENARY (Provisional) 1. Motions 2. Legislation 3. Reports 4. Topical debate
WEDNESDAY, 12 SEPTEMBER 09:00 – 12:45 Committees 10:00 – 11:00 Chief Whips' Forum (Closed meeting) 15:00 – 17:00 JOINT SITTING Debate on Heritage Day 17:00 – 20:00 Study Groups	WEDNESDAY, 12 SEPTEMBER 08:30 – 10:00 Programming Committee Meeting (S12A) 12:30 – 13:30 Provincial Delegation Meetings 15:00 – 17:00 JOINT SITTING (provisional) Debate on Heritage Day
THURSDAY, 13 SEPTEMBER 08:30 NA Programme Committee (E249) 10:00 – 12:30 CAUCUS 14:00 - ±15:30 PLENARY Questions to the President	THURSDAY, 13 SEPTEMBER 14:00 PLENARY (Provisional) Questions: Cluster 3 – Governance
FRIDAY, 14 SEPTEMBER 09:00 Quarterly Consultative Forum (E249) COMMITTEES	FRIDAY, 14 SEPTEMBER 09:00 Quarterly Consultative Forum (E249)

58TH CPA CONFERENCE (SRI LANKA): 7 – 15 SEPTEMBER

Bylaag E

WEEK 17– 21 SEPTEMBER

NATIONAL ASSEMBLY	NATIONAL COUNCIL OF PROVINCES
MONDAY, 17 SEPTEMBER CONSTITUENCY DAY	MONDAY, 17 SEPTEMBER CONSTITUENCY DAY
TUESDAY, 18 SEPTEMBER PEOPLE'S ASSEMBLY (<i>provisional</i>)	TUESDAY, 18 SEPTEMBER PEOPLE'S ASSEMBLY (<i>provisional</i>)
WEDNESDAY, 19 SEPTEMBER PEOPLE'S ASSEMBLY (<i>provisional</i>)	WEDNESDAY, 19 SEPTEMBER PEOPLE'S ASSEMBLY (<i>provisional</i>)
THURSDAY, 20 SEPTEMBER CONSTITUENCY DAY	THURSDAY, 20 SEPTEMBER 08:30 – 09:30 Committee of Chairpersons Meeting 10:00 – 12:30 Party Caucus 14:00 PLENARY (Provisional) 1. Motions 2. Legislation 3. Reports
FRIDAY, 21 SEPTEMBER CONSTITUENCY DAY	FRIDAY, 21 SEPTEMBER

ACP JPA INTERSESSIONAL MEETINGS (BRUSSELS): 17 – 21 SEPTEMBER
26th SESSION OF STEERING COMMITTEE OF PARLIAMENTARY CONFERENCE ON THE WTO (SWITZERLAND): 24 – 25
SEPTEMBER

CONSTITUENCY PERIOD: 25 SEPTEMBER – 5 OCTOBER

BIBLIOGRAFIE

ACDP (African Christian Democratic Party). 2004. African Christian Democratic Party constitution, 20 Nov 2004.

<http://www.acdp.org.za/about/Constitution%2020%20November%202004.pdf> Date of access: 30 Oct. 2005.

ACE (ACE Electoral Knowledge Network). 2008. Context of electoral systems.

<http://aceproject.org/ace-en/topics/es/es30> Date of access: 4 Aug. 2008.

Alberts, P. 2005. Die smarte van oorlog: verontregting van boerevroue en –kinders tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. Brandfort: Kraal-Uitgewers. 271 p.

ANC (African National Congress). 1991. ANC policy documents: constitutional principles for a democratic South Africa, April 1991.

<http://www.anc.org.za/show.php?id=ancdocs/policy/constprn.htm> Date of access: 24 Aug. 2008.

ANC (African National Congress). 1992. Ready to govern: ANC policy guidelines for a democratic South Africa adopted at the National Conference, 28-31 May 1992.

<http://www.anc.org.za/show.php?id=227> Date of access: 1 May 2012.

ANC (African National Congress). 1995. ANC policy proposals for the final constitution.

<http://www.anc.org.za/show.php?id=284#NATGOV> Date of access: 1 May 2012.

ANC (African National Congress). 1998. African National Congress Constitution, as amended by and adopted at the 50th National Conference, December 1997.

<http://www.anc.org.za/ancdocs/history/const/constitution98.html> Date of access: 31 Oct. 2005.

ANC (African National Congress). 2002. ANC submission on a future electoral system to the Electoral Task Team, 17 October 2002.

<http://www.anc.org.za/ancdocs/misc/electsub.html>
Date of access: 23 Aug. 2008.

ANC (African National Congress). 2007. ANC 52nd national conference: resolutions – electoral system. <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/conf/conference52/resolutions-f.html> Date of access: 23 Aug. 2008.

Bibliografie

- APH (Australian Parliament). 2006. Is there a best electoral system?
<http://www.aph.gov.au/library/pubs/RB/2005-6/06rb10.htm#isthere> Date of access: 24 Aug. 2008.
- AZAPO (Azanian People's Organisation). 2002. The Constitution of the Azanian People's Organisation (AZAPO), 1978 as amended and adopted on 17 June 2002 by the 16th Biennial National Congress held at Sinnodale Conference Centre in Pretoria.
<http://www.azapo.org.za/documents/consti.doc> Date of access: 30 Oct. 2005.
- Barry, N. 2000. An introduction to modern political theory. 4th ed. London: Macmillan Press. 336 p.
- Bawn, K. & Thies, M.F. 2003. A comparative theory of electoral incentives: representing the unorganized under PR, plurality and mixed-member electoral systems. *Journal of theoretical politics*, 15(1):5-32, Jan.
- Bayat, M.S. & Meyer, I.H. 1994. Public administration: concepts, theory and practice. Halfway House: Southern. 131 p.
- BBC (British Broadcasting Corporation). 2005. News. http://news.bbc.co.uk/1/uk_politics/a-z_of_parliament/c-d/82032.stm Date of access: 22 Mar. 2005.
- Beetham, D. 2005. Democracy: a beginners guide. Oxford: Oneworld. 194 p.
- Beetham, D. 2006. Parliament and democracy in the twenty-first century – a guide to good practice. Geneva: Inter-Parliamentary Union. 215 p.
- Bekker, T. 1994. Enkele staatkundige konsepte. 2de uitg. Pretoria: AMB Uitgewers. 290 p.
- Bluhm, W.T. 1974. Ideologies and attitudes: modern political culture. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall. 385 p.
- Bogdanor, V. 1986. Representatives of the people? Parliamentarians and constituents in Western democracies. Cambridge: Cambridge University Press. 310 p.
- Bogdanor, V. 1987. The Blackwell encyclopaedia of political institutions. Norwich: Page Brothers. 667 p.

Bibliografie

Bogdanor, V. & Butler, D. 1983. *Democracy and elections: electoral systems and their political consequences*. London: Cambridge University Press. 267 p.

Bramsted, E.K. & Melhuish, K.J. 1978. *Western liberalism: a history in documents from Locke to Croce*. New York: Longman. 810 p.

Burnham, J. 1964. *Suicide of the West: an essay on the meaning and destiny of liberalism*. London: Lowe & Brydone Printers. 312 p.

Caldwell, D. 1992a. *No more martyrs now*. Johannesburg: Conrad. 272 p.

Caldwell, D. 1992b. *South Africa: the new revolution*. 3rd ed. Johannesburg: Conrad Business Books. 255 p.

Calland, R. 2004. *Party-funding: avoiding the slippery slope*.
http://www.idasa.org.za/Output_Details.asp?RID=527&TID=14&OTID=4 Date of access: 7 Nov. 2005.

Carroll, A. 1996. *Democracy*. <http://www.oppapers.com/essays/Democracy/3275> Date of access: 15 Jan. 2010.

CEE (Columbia Electronic Encyclopedia). 2003. *France, French political geography*.
<http://reference.allrefer.com/encyclopedia/F/France-government.html> Date of access: 29 Sep. 2005.

Claasen, C. 2013. *Ek is geen messias nie*. *Die Burger*, 19 Feb.
http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2013/02/19/SK/2/tccramph_1634.html Datum van gebruik: 10 Mrt. 2013.

Coertze, P.J. 1983. *Die Afrikanervolk en die Kleurlinge*. Pretoria: HAUM. 142 p.

Cohen, C. 1971. *Democracy*. Athens: University of Georgia Press. 232 p.

Courtney, J.C. 1999. *Plurality-majority electoral systems: a review*. Presented to the Advisory Committee of registered political parties elections Canada. Apr. 23.
http://www.elections.ca/res/rec/fra/sys/courtney_e.pdf Date of access: 20 Mar. 2012.

Bibliografie

- Curtice, J. & Shively, P. 2000. Who represents us best? One member or many?. (Centre for Research into Elections and Social Trends, working paper 79)
<http://www.crest.ox.ac.uk/papers/p79.pdf> Date of access: 20 Mar. 2013.
- DA (Democratic Alliance). 2012. DA – our policies. http://www.da.org.za/our_policies.htm
Date of access: 15 Aug. 2012.
- DA (Democratic Alliance). 2013. Electoral Reform Bill will give power back to the people.
<http://www.da.org.za/newsroom.htm?action=view-news-item&id=11923> Date of access: 7 Mar. 2013.
- Dalton, R.J., Bürklin, W. & Drummond, A. 2001. Public opinion and direct democracy. *Journal of democracy*, 12(4):141-151, Oct.
- Daniel, J. 2004. The South African elections of 1994, 1999 and 2004: the (non) issues then and now. *Electionsynopsis*, 1(1):12-13.
- Devenish, G.E. 1998. Electoral systems and protection of minorities in order to further social and political stability and integration: the South African experience. *South African public law*, 13(1):111-133, 9 Feb.
- Direct Democracy. 2005. Switzerland's direct democracy. <http://direct-democracy.geschichte-schweiz.ch/index.html> Date of access: 28 Jan. 2013.
- DTCWP (The Dictionary of 20th-Century World Politics.) 1993. New York: Henry Holt Reference Book. 583 p.
- Du Plessis, T. 1999. Pieter Willem Botha. (In Human, J.J. & Cameron, T., eds. *Hulle het ons eeu gevorm*. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 110-115).
- Du Pré, R.H. 1994a. Separate but unequal: the 'Coloured' people of South Africa – a political history. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers. 292 p.
- Du Pré, R.H. 1994b. Strangers in their own country: a political history of the 'Coloured' people of South Africa, 1652-1992 – an introduction. Umtata: Bloomsbury Desktop Publishers. 274 p.

Bibliografie

- Du Toit, P. van der P. 1987. Liberale demokrasie. (*In Esterhuyse, W.P., red. Moderne politieke ideologieë. Johannesburg: Southern Boekuitgewers. p. 37-62).*
- Duverger, M. 1964. Political parties: their organisation and activity in the modern state. London: Methuen. 439 p.
- Easton, D. 1957. An approach to the analysis of political systems. *World politics*, 9(3):383-400, Apr.
- EISA (Electoral Institute of South Africa). 2007. Electoral systems and accountability: options for electoral reforms in South Africa. <http://www.eisa.org.za/events/ersa2007.htm> Date of access: 6 Aug. 2008.
- Eisenstadt, S.N. 1963. The political systems of empires. New Brunswick, NJ: Transaction. 524 p.
- Electoral Reform Society. 2012. Borda count: what is the borda count. <http://www.electoral-reform.org.uk/article.php?id=75> Date of access: 15 Feb. 2012.
- Essop, P. 2012. Mosie teen Zuma ingedien. *Die Burger*, 9 Nov. <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2012/11/09/SK/2/polmosie.html> Datum van gebruik: 21 Jan. 2013.
- Esterhuyse, W. 2012. Eindstryd: geheime gesprekke en die einde van apartheid. Kaapstad: Tafelberg. 365 p.
- Esterhuyse, W.P., Du Toit, P. & Van Niekerk, A.A. 1987. Moderne politieke ideologieë. Johannesburg: Southern Boekuitgewers. 326 p.
- ETT (Electoral Task Team, South Africa). 2003. Report of the Electoral Task Team. Pretoria: Staatsdrukker. 90 p. <http://www.elections.org.za/content/WorkArea/DownloadAsset.aspx?id=918> Date of access: 24 May 2012.
- Farrel, D.M. 1998. Comparing electoral systems. London: Macmillan Press. 191 p.

Bibliografie

- Faull, J. 2005. Floor crossing is bad news for democracy. http://www.idasa.org.za/Output_Details.asp?RID=826&OTID=4&TID=6 Date of access: 21 Oct. 2005.
- Faure, M. 1996. Electoral matters. *Politeia*, 15(2). <http://www.unisa.ac.za/Default.asp?Cmd=ViewContent&ContentID=11608> Date of access: 12 Nov. 2012.
- Faure, A.M. & Kriek, D.J. 1984. Die moderne politieke teorie. Pretoria: Butterworth. 578 p.
- Faure, M & Venter, A. 2001. Electoral systems and accountability: a proposal for electoral reform in South Africa. (In Kotzéé, H.J. & Rasch, B-E., eds. Elections and democracy in Southern Africa. Oslo: Norwegian Institute of Human Rights. p. 1-25).
- Faure, M. & Venter, A. 2001. Electoral systems and accountability: a proposal for electoral reform in South Africa. <http://www.eisa.org.za/PDF/faure.pdf> Date of access: 20 Mar. 2013.
- February, J. & Calland, R. 2004. The funding of political parties, democracy and the right to know. http://www.idasa.org.za/Output_Details.asp?RID=575&TID=14&OTID=4 Date of access: 7 Nov. 2005.
- Fick, G. 1999. The anti-defection clause in the South African Constitution. *South African public law*, 14(1):46-61, Jan.
- Finer, S.E. 1986. The contemporary context of representation. (In Bogdanor, V., ed. Representatives of the people? Parliamentarians and constituents in Western democracies. Aldershot, Hants: Gower. p. 286-292).
- Foley, A. 2009. The imagination of freedom: critical texts and times in contemporary liberalism. Johannesburg: Wits University Press. 315 p.
- Gallagher, M. & Mitchell, P. 2005. The politics of electoral systems. New York: Oxford University Press. 662 p.
- Gastil, J. 2000. Revitalizing representative democracy through deliberative elections. Berkeley: University of California Press. 267 p.

Bibliografie

- Gildenhuys, J.S.H. & Knipe, A. 2000. The organisation of government: an introduction. Pretoria: Van Schaik. 321 p.
- Giliomee, H. 2004. Die Afrikaners – 'n biografie. Paarl: Paarl Print. 656 p.
- Giliomee, H. 2012. Die laaste Afrikanerleiers: 'n opperste toets van mag. Kaapstad: Tafelberg. 460 p.
- Gouws, A. & Mitchell, P. 2005. South Africa: one party dominance despite perfect proportionality. (In Gallagher, M. & Mitchell, P., eds. The politics of electoral systems. New York: Oxford University Press. p. 353-373).
- Grobbelaar, S.W. & Snyman, J. 1982. Skeuring. Pretoria: Errol Marx Uitgewers. 117 p.
- Grobler, J. 2007. Uitdaging en antwoord: 'n vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners. Pretoria: Grourie Entrepreneurs. 232 p.
- Groenewald, P.J. 2005. Die oorloopklousule as faktor in die herskikking van die Suid-Afrikaanse partypolitiek. Potchefstroom: NWU. (Skripsie – M.A.). 96 p.
- Grofman, B. 2001. The impact of electoral systems on party polarization. *National Science Foundation*, 446740-21167(7.1):1-69, Aug. 24.
- Grondwet **kyk** SUID-AFRIKA.
- Grundlingh, A. 1999. Alfred Milner. (In Human, J.J. & Cameron, T., eds. Hulle het ons eeu gevorm. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 298-300).
- Hagopian, M.N. 1978. Regimes, movements, and ideologies: a comparative introduction to political science. New York: Longman. 508 p.
- Hardin, R. 1999. Liberalism, constitutionalism and democracy. New York: Oxford University Press. 379 p.
- Harber, A. & Ludman, B. 1995. A-Z of South African politics. Johannesburg: Penguin Books. 394 p.
- Harris, P. & Reilly, B. 1998. Democracy and deep-rooted conflict: options for negotiators. Slovenia: Korotan Ltd. Ljubljana. 431 p.

Bibliografie

- Hartley, W. 2005. New parties to clog up Parliament's schedule. *Business Day*, 17 Oct. <http://www.businessday.co.za/articles/national.aspx?ID=BD4A102833> Date of access: 6 Nov. 2005.
- HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 1988. Kaapstad: Perskor. 1378 p.
- Hawkesworth, M. & Kogan, M. 1992. Encyclopaedia of government and politics, Volume 1-2. London: Routledge. 1369 p.
- HDR (Human Development Report). 2000. Inclusive democracy secures rights. *Human development report*, 11(150):56-72.
- Heard, K.A. 1961. Political systems in multi-racial societies. Johannesburg: South African Institute for Race Relations. 77 p.
- Held, D. 1993. Democracy. (*In* The Oxford companion to politics of the world. New York: Oxford University Press. 1056 p.)
- Held, D. 2006. Models of democracy. 3rd ed. Cambridge: Polity Press. 338 p.
- Hemson, D. 2004. Will South Africans give freedom a change? *Electionsynopsis*, 1(1):14-16.
- Hendricks, C. 2006. From state security to human security in Southern Africa policy research and capacity building challenges. (Published in Monograph No 122, April 2006). <http://www.iss.co.za/pgcontent.php?UID=5781> Date of access: 28 Mar. 2012.
- Heywood, A. 2000. Key concepts in politics. New York: Palgrave. 281 p.
- Heywood, A. 2007. Politics. 3rd ed. New York: Palgrave Macmillan. 478 p.
- Hicks, J. 2004. Public participation beyond the election. *Electionsynopsis*, 1(1):8-11.
- Hix, S. 2004. Electoral Institutions and legislative behaviour: explaining voting-defection in the European Parliament. <http://www.umich.edu/~iinet/euc/PDFs/2004%20Papers/Hix-Version2.pdf> Date of access: 11 Jan. 2004.

Bibliografie

Hodder-Williams, R. 1987. South Africa: democratic centralism versus elite-based parties? (*In* Ware, A., ed. Political parties: electoral change and structural response. Oxford: Basil Blackwell. p. 13-45).

Hopkinson, N. 2001. Parliamentary democracy: is there a perfect model? Aldershot: Ashgate. 127 p.

Horowitz, D.L. 1991. A democratic South Africa? Constitutional engineering in a divided society. Oxford: University of California Press. 285 p.

Huntington, S.P. 1991. The third wave: democratization in the late twentieth century. Norman: University of Oklahoma Press. 366 p.

Hyperdictionary. 2003. Defection. <http://www.hyperdictionary.com/dictionary/defection> Date of access: 4 Jan. 2004.

IEC (Independent Electoral Commission). 2012. National and provincial election results. http://www.elections.org.za/content/Pages/LGE_NPE_Reports/Reports.aspx?IEETypeID=1&id=1426&name=Elections Date of access: 3 May 2012.

IDASA. 2004. Democracy & party political funding: pursuing the public's right to know. http://www.idasa.org/our_products/resources/output/the_funding_of_political_parties/?pid=private_funding_for_political Date of access: 7 Nov. 2009.

IDEA (Institute for Democracy and Electoral Assistance). 2005. Electoral system design. <http://www.idea.int/esd/index.cfm> Date of access: 6 Aug. 2008.

IPU (Inter-Parliamentary Union). 2001. Electoral systems: a world-wide comparative study. <http://www.ipu.org/parlit-e/reports/27201.htm> Date of access: 17 Nov. 2005.

IPU (Inter-Parliamentary Union). 2012a. Declaration on criteria for free and fair elections. <http://www.ipu.org/cnl-e/154-free.htm> Date of access: 30 Mar. 2012.

IPU (Inter-Parliamentary Union). 2012b. Women in national parliaments. <http://www.ipu.org/wmn-e/classif.htm> Date of access: 16 Aug. 2012.

IVP (Inkatha Vryheidsparty). 2005. Constitution: Inkatha Freedom Party. <http://www.ifp.org.za> Date of access: 10 Nov. 2005.

Bibliografie

- Jain, R.B. 2002. Implementing party reforms in South Asia: challenges and strategies. http://www.accessdemocracy.org/NDI/library/1331_th_partyreform.pdf Date of access: 28 Jan. 2004.
- James, W. & Hadland, A. 2002. Shared aspirations: the imperative of accountability in South Africa's electoral system. (Konrad-Adenauer-Stiftung Seminar report, no. 18). Johannesburg: Stups Printing. 239 p.
- Joyce, P. 2000. Suid-Afrika in die 20ste eeu: een honderd jaar in oënskou. Kaapstad: Struik. 248 p.
- KAS (Konrad-Adenauer-Stiftung). 2007. Electoral models for South Africa: reflections and options. (Konrad-Adenauer-Stiftung Seminar report, no. 18). Johannesburg: Stups Printing. 239 p.
- Kassner, M. 2006. The impact of one-party dominance on democracy in multicultural societies: a comparison between Malaysia and South Africa. (Konrad-Adenauer-Stiftung Seminar report, no. 17). Johannesburg: Stups Printing. 158 p.
- Kendell, F. & Louw, L. 1989. Let the people govern. Bisho: Amagi. 317 p.
- Kienle, E. 2001. A grand delusion: democracy and economic reform in Egypt. London: I.B. Taurus. 274 p.
- Kis, J. 2003. Constitutional democracy. New York: Central European University Press. 324 p.
- Knight, T. 1999. Unconstitutional democracy? A charter challenge to Canada's electoral system. *University of Toronto Faculty of Law review*, 57(1):1-42, Winter.
- Koerner, K.F. 1985. Liberalism and its critics. London: Billing & Sons. 396 p.
- Konstitutionele Hof. 1996. Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly: re certification of the Constitution of the Republic of South Africa 1996. CCT 23/96. <http://196.41.167.18/uhtbin/hyperion-image/J-CCT23-96> Date of access: 31 Oct. 2005.

Bibliografie

Konstitusionele Hof. 2002. United Democratic Movement (the UDM) and others v President of the Republic of South Africa and others. CCT 23/02.

<http://www.constitutionalcourt.org.za/uhtbin/hyperion-image/S-CCT23-02A> Date of access: 21 Aug. 2005.

Kostadinova, T. 2002. Do mixed electoral systems matter? A cross-national analysis of their effects in Eastern Europe. *Electoral studies*, 21(1):23-34.

Kotzé, H.J. & Van Wyk, J.J. 1980. Basiese konsepte in die politiek. Johannesburg: McGraw-Hill. 210 p.

Kotzé, H.J. & Van Wyk, J.J. 1986. Politieke konsepte. Johannesburg: Perskor. 210 p.

Kramnick, I. & Watkins, F.M. 1979. The age of ideology – political thought, 1750 to the present. 2nd ed. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall. 110 p.

Krieger, J., ed. 1993. The Oxford companion to politics of the world. New York: Oxford University Press. 1056 p.

Krüger, D.W. 1958. The age of the generals. A short political history of the Union of South Africa, 1910-1948. Johannesburg: Hayne & Gibson. 229 p.

Lakeman, E. 1974. How democracies vote: a study of electoral systems. 4th ed. London: Faber and Faber. 317 p.

Landman, C. 1999. John Vorster. (*In* Human, J.J. & Cameron, T., eds. Hulle het ons eeu gevorm. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 92-99).

Landsberg, C. 2004. South Africa's decade of democracy, inequality and impoverishment. *Electionsynopsis*, 1(1):3-5.

Lane, J. & Ersson, S. 2003. Democracy: a comparative approach. Routledge: New York. 306 p.

Laski, H.J. 1925. A grammar of politics. London: Yale University Press. 672 p.

Lijphart, A. 1977. Democracy in plural societies: a comparative exploration. London: Yale University Press. 248 p.

Bibliografie

- Lijphart, A. 1990. The political consequences of electoral laws, 1945-85. *American political science review*, 84(2):481-496, Jun.
- Lijphart, A. 1994. Electoral systems and party systems: a study of twenty-seven democracies, 1945-1990. London: Oxford University Press. 232 p.
- Lijphart, A. & Grofman, B. 1984. Choosing an electoral system: issues and alternatives. New York: Praeger. 273 p.
- Lipset, S.M. 1995. The encyclopaedia of democracy (Volumes 1-4). London: Routledge. 1554 p.
- Lipton, M. 2007. Liberals, Marxists and Nationalists. New York: Palgrave Macmillan. 228 p.
- Magubane, B. 2010. The political context. (*In* Houston, G., ed. The road to democracy in South Africa. Volume 1 [1960 -1970]. Pretoria: Unisa Press. p. 1-46).
- Mangu, A.M.B. 2003. Who really governs in South Africa's constitutional democracy: parties or 'we, the people'? *Codicillus*, 44(2):2-23, Oct.
- Manning, D.J. 1976. Modern ideologies: liberalism. London: Dent & Sons. 174 p.
- Martin, E. & Hubli, K.S. 2001. Strengthening the legislature – challenges and techniques. (*In* The National Democratic Institute for International Affairs. Guidebook on strengthening the representative capacity of legislatures. A background paper for UNDP staff training seminar, Brussels, October 22-24, Washington. p. 1-43).
- Massicotte, L. & Blais, A. 1999. Mixed electoral systems: a conceptual and empirical survey. *Electoral studies*, 18(3):341-366.
- Matlosa, K. 2002. Review of electoral systems and democratisation in Southern Africa. (*In* Konrad-Adenauer-Stiftung. Electoral models for South Africa: reflections and options. Voordragte gelewer by die Electoral Task Team review roundtable, gehou in Kaapstad van 9-10 September, Johannesburg. p. 47-66).
- Mattes, R. 2006. Voter behaviour and partydominance in South Africa: another view. (*In* Konrad-Adenauer-Stiftung. Challenges to democracy by one-party dominance. Voordragte gelewer by 'n seminar gehou in Kaapstad op 10 Oktober 2005. Johannesburg. p. 105-115).

Bibliografie

- Maylam, P. 2001. South Africa's racial past: the history and historiography of racism, segregation and apartheid. Aldershot: Ashgate. 264 p.
- McClosky, H. 1949. The fallacy of absolute majority rule. *Journal of politics*, 11(4):637-654.
- McGee, S. 2000. Electoral systems in Europe: an overview.
<https://ecprd.secure.europarl.europa.eu/ecprd/getfile.do?id=5063> Date of access: 19 Mar. 2013.
- Mény, Y. & Knapp, A. 1998. Government and politics in Western Europe: Britain, France, Italy, Germany. 3rd ed. Oxford: Oxford University Press. 490 p.
- Mill, J.S. 1862. Representative government. New York: Harper & Brothers. 365 p.
- Moncrieffe, J.M. Accountability: ideas, constraints. *Democratization*, 8(3):26-50.
- Mulder, C.P. 1985. 'n Staatsregtelike analise van die Suid-Afrikaanse staatspresidentsamp. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – LL.D.). 538 p.
- Mullins, W.A. 1966. On the concept of ideology in political science. *American political science review*, 66(2):503, Jun.
- Multi-Party Forum. 2007. Multi-party forum of South Africa. <http://mpf.org.za> Date of access: 9 Feb. 2013.
- Natrass, G. 1999. Jan Smuts. (In Human, J.J. & Cameron, T., eds. *Hulle het ons eeu gevorm*. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 37-41).
- Newman, G. & Bennett, S. 2006. Electoral systems. Canberra: Dept. of Parliamentary Services.
- Nielsen, A.C. 2003. Floor crossing tests voters' loyalty. *Business day*: 3, 25 Mar.
- Norris, P. 1997. Choosing electoral systems: proportional, majoritarian and mixed systems. *International political science review*, 18(3):297-312, Jul.
- Norris, P. 2004. Electoral engineering: voting rules and political behaviour. New York: Cambridge University Press. 390 p.

Bibliografie

- Nuwerwetse Politieke Woordeboek. 2002. Terme, begrippe en gebruike in die politiek en politieke wetenskappe. Johannesburg: RAU Pers. 526 p.
- OCPW (Oxford Companion To Politics Of The World). 1993. Oxford, NY: Oxford University Press. 1056 p.
- Oosthuizen, G. (Adjunk-Minister van Sport en Ontspanning). 2012. Indeling van ANC-LP's in 'kiesafdelings'. [Mondelinge onderhoud]. 27 Aug., Kaapstad.
- Olaleye, W. 2003. An assessment of the legislative framework for political party coalition in South Africa. (*In* Electoral Institute of Southern Africa (EISA). Political party coalitions – strengthening democracy through party coalition building. Johannesburg: EISA. p. 1-12).
- Olson, D.M. 1994. Democratic legislative institutions: a comparative view. New York: M.E. Sharpe. 184 p.
- O'Neal, B. 1993. Electoral systems.
<http://www.parl.gc.ca/Content/LOP/researchpublications/bp334-e.htm> Date of access: 4 Feb. 2013.
- OVK **kyk** IEC (Independent Electoral Commission).
- Pakendorf, H. 2008. 'n Heel nuwe kies-ervaring. *Die Beeld*: 4, 12 Okt.
<http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2008/10/12/BJ/4/oryA.html> Datum van gebruik: 17 Nov. 2008.
- Parlement **kyk** South Africa. Parliament.
- Pennock, J.R. 1950. Liberal democracy: its merits and prospects. New York: Rinehart and Company. 403 p.
- Pickles, D. 1970. Democracy. London: Willmer Brothers. 321 p.
- Posel, D. 1991. The making of apartheid 1948–1961. New York: Oxford University Press. 297 p.
- Pottie, D. 2001. The electoral system and opposition parties in South Africa. *Democratization*, 8(1):25-52.

Bibliografie

Powell, G.B., Jr. 2001. Democratic representation: two contributions from comparative politics. (*In* American Political Science Association. Prepared for delivery at the 2001 Annual Meeting, San Francisco, California, August 30, September 2, 2001. San Francisco. p. 1-31).

Ranney, A. & Kendall, W. 1956. Democracy and the American party system. S.I.: S.n. 550 p.

Reding, A. 1995. Let's dump single-member electoral districts. Proportional representation would ensure minorities a place in legislatures. *Christian science monitor*, 8 Aug.

<http://www.worldpolicy.org/projects/globalrights/prindex.html> Date of access: 4 Sep. 2008.

Reynolds, A. & Reilly, B. 1997. The international IDEA handbook of electoral system design. 2nd ed. Stockholm: International IDEA. Information Services. 170 p.

Reynolds, A., Reilly, B. & Ellis, A. 2005. Electoral system design: the new international IDEA handbook. Stockholm: Trydells Tryckeri AB. 223 p.

Robertson, D. 1985. A dictionary of modern politics. London: Europa Publications. 341 p.

Robertson, J.M. 1925. The meaning of liberalism. New York: Kennikat Press. 240 p.

Roefs, M. 2004. One-party dominance, racial cleavages and decreasing voter turnout. *Electionsynopsis*, 1(1):17-19.

Rose, R. 1983. Elections and electoral systems: choices and alternatives. (*In* Bogdanor, V. & Butler, D., eds. Democracy and elections: electoral systems and their political consequences. London: Cambridge University Press. p. 20-45).

Roskin, M.G., Cord, R.L., Medeiros, J.A. & Jones, S.W. 2012. Political science: an introduction. New York: Longman. 383 p.

SA **kyk** Suid-Afrika.

SADC (Southern African Development Community). 2012. Southern African Development Community: About SADC. <http://www.sadc.int/english/about-sadc/> Date of access: 1 Apr. 2012.

Bibliografie

- SA.Info (SouthAfrica.Info). 2005. South Africa's political parties.
http://www.safrica.info/ess_info/sa_glance/constitution/polparties.htm Date of access: 21 Nov. 2011.
- Sartori, G. 1972. Democracy. (*In International encyclopedia of the social sciences, Vol. 3.* New York: MacMillan. p. 112-120).
- Sartori, G. 1987. The theory of democracy revisited. Chatham, NJ: Chatham House Publishers.
- Sartori, G. 1997. Comparative constitutional engineering: an inquiry into structures, incentives and outcomes. 2nd ed. New York: New York University Press. 217 p.
- Schapiro, J.S. 1958. Liberalism: its meaning and history. Princeton: Van Nostrand. 192 p.
- Schlemmer, L. 2002. Coalitions and floor-crossing: how will the voters respond? *Focus*, 28:18-20.
- Schoeman, B.M. 1977. Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976. Pretoria: Sigma Press. 513 p.
- Schumpeter, J.A. 1976. Capitalism, socialism and democracy. 5th ed. London: George Allen & Unwin. 464 p.
- Seliger, M. 1968. The liberal politics of John Locke. New York: Frederick A. Praeger Publishers. 387 p.
- Seliger, M. 1976. Ideology and politics. London: Allen & Unwin. 352 p.
- Shafritz, J.M, Williams, P. & Calinger, R.S. 1993. The dictionary of 20th-century world politics. New York: Henry Holt and Company. 756 p.
- Simpson, P.L.P. 1998. A philosophical commentary on the politics of Aristotle. Chapel Hill: University of North Carolina Press. 512 p.
- Singh, R.P. 2004. Law Commission's proposals on electoral reforms. Press Information Bureau: Government of India. <http://pib.nic.in/feature/fe0399/f3103991.html> Date of access: 4 Jan. 2013.

Bibliografie

- Slabbert, F. Van Zyl. 2006. Political culture and the challenge of elections. Johannesburg: Stups Printing. 151 p.
- Slabbert, F. Van Zyl. 2008. Bekyk SA se kiesstelsel, sê Slabbert. *Die Burger*. 8, 10 Okt. <http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2008/10/17LB/8/Agter1710.html> Datum van gebruik: 16 Nov. 2008.
- South Africa. 2003. Report of the Electoral Task Team. Pretoria: Staatsdrukker.
- South Africa. 2011. South Africa yearbook 2010/11. [Cape Town]: Paarl Media. 638 p.
- South Africa. Electoral Commission. 1994. National and provincial elections results. http://www.elections.org.za/content/Pages/LGE_NPE_Reports/Reports.aspx?IEEtypeID=1&id=1426&name=Elections Date of access: 10 Sep. 2012.
- South Africa. Electoral Commission. 1999. Report Electoral Commission of the Republic of South Africa: National and Provincial Elections 2 June 1999. <http://www.elections.org.za/content/DynamicDocs.aspx?id=331&BreadCrumbId=331&LeftMenuId=251&name=home> Date of access: 11 Jul. 2012.
- South Africa. Electoral Commission. 2004. Report on the National and Provincial Elections. <http://www.elections.org.za/content/DynamicDocs.aspx?id=331&BreadCrumbId=331&LeftMenuId=251&name=home> Date of access: 11 Jul. 2012.
- South Africa. Electoral Commission. 2009. 2009 Elections report. <http://www.elections.org.za/content/DynamicDocs.aspx?id=331&BreadCrumbId=331&LeftMenuId=251&name=home> Date of access: 11 Jul. 2012.
- South Africa. Parliament. 2009. Parliament of the Republic of South Africa – 2009 financial year travel entitlement request. (*In* Parliament of the Republic of South Africa – facilities, governance, acts and rules. Members of parliament).
- South Africa. Parliament. 2012. Parliament of the Republic of South Africa home page. <http://parliament.gov.za> Date of access: 17 Aug. 2012.
- Southhall, R. 2004. Containing accountability. *Electionsynopsis*, 1(1):6-8.
- Statistiek Suid-Afrika **kyk** StatsSA.

Bibliografie

StatsSA. 2011. General household survey, July 2011.

http://www.statssa.gov.za/PublicationsHTML/P0318April2012/html/P0318April2012_23.html

Date of access: 26 Aug. 2012.

Steytler, N. 1997. Parliamentary democracy: the anti-defection clause. *Law, democracy & development*, 1:221-231.

Suid-Afrika. 1983. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. (No. 110 van 1983).

Staatskoerant, 15466:185, 28 Jan. <http://www.info.gov.za/documents/constitution/83cons.htm>

Datum van gebruik: 28 Apr. 2012.

Suid-Afrika. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. (No. 200 van 1993).

Staatskoerant, 15466:185, 28 Jan.

Suid-Afrika. 1996. Wet op die Verkiesingskommissie, no. 51 van 1996. Pretoria:

Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (No. 108 van 1996) soos

aanvaar deur die Grondwetskrywende Vergadering op 8 Mei 1996 en gewysig op 11 Oktober 1996. 7de uitg. Kaapstad: Juta.

Suid-Afrika. 1998. Kieswet, no. 73 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Aangeleenthede. 1981. Algemene verkiesing van lede van die volksraad. (Kennisgewing 344 van 1981.). *Staatskoerant*, 7587:1-15, 15 Mei.

Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Aangeleenthede. 1984. Eerste verkiesing van lede van die Raad van Verteenwoordigers. (Kennisgewing 647 van 1984.). *Staatskoerant*, 9417:1-15, 7 Sep.

Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Sake. 1978. Algemene verkiesing van lede van die Volksraad. (Kennisgewing 9 van 1978.). *Staatskoerant*, 5851:11-15, 6 Jan.

Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Sake. 1987. Algemene verkiesing van lede van die Volksraad: verkies verklaar met ingang van 6 Mei 1987. (Kennisgewing 336 van 1987).

Staatskoerant, 10751:1-22, 22 Mei.

Bibliografie

Suid-Afrika. Departement van Binnelandse Sake. 1989. Volksraad. (Kennisgewing 1272 van 1989). *Staatskoerant*, 12137:1-52, 13 Okt.

Suid-Afrika. Volksraad. 1978. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.

Toornstra, D. 2011. Electoral systems: the link between governance, elected members and voters. Brussels: European Parliament.

http://www.europarl.europa.eu/pdf/oppd/Page_8/Electoral-systems-LR-for-WEB.pdf Date of access: 19 Jan. 2013.

UK Parliament. 2013. Referendums held in the UK <http://www.parliament.uk/get-involved/elections/referendums-held-in-the-uk/> Date of access: 28 Jan. 2013.

UNDP (United Nations Development Programmes). 2003. Governing systems and executive-legislative relations. <http://magnet.undp.org/Docs/parliaments/governing%20system.htm> Date of access: 4 Jan. 2004.

Van Jaarsveld, F.A. 1982. Van Van Riebeeck tot PW Botha: 'n inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika. 3de uitg. Johannesburg: Perskor. 617 p.

Van Niekerk, P. & Ludman, B. 1999. A–Z of South African politics 1999: the essential handbook. Johannesburg: Penguin Books. 327 p.

Van Wyk, A. 1999. Genl Louis Botha. (*In* Human, J.J. & Cameron, T., eds. *Hulle het ons eeu gevorm*. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 81-86).

Venter, A. 2001. Government and politics in the new South Africa: an introductory reader to its institutions, processes and policies. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. 378 p.

Venter, A.J. 2007. Elections and electoral systems. Johannesburg: University of Johannesburg. 37 p.

Venter, E.A. 1980. 400 Leiers in Suid-Afrika oor vier eeue. Johannesburg: Perskor. 511 p.

Verkiesingskommissie (VK) **kyk** South Africa. Electoral Commission.

Bibliografie

Watson, W. (Hoofswep van Demokratiese Alliansie). 2012. Constituencies - DA. [Persoonlike onderhoud]. 29 Aug., Kaapstad. (Bevestig met e-pos: (rileyw@da.org.za) 29 Aug., 2012).

Welsh, D. 2001. Government shifts on voting reform. *Focus*, 23:1-4, Sep.

Welsh, F. 2000. A history of South Africa. London: HarperCollins. 623 p.

Wette **kyk** Suid-Afrika.